PASTORALE TERAPIE VANUIT DIE VADERMETAFOOR AAN KLIëNTE MET VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING

ANTON JORDAAN

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE FINALE DEEL VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

PHILOSOPHIAE DOCTOR

IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
(DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE)

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

PROMOTOR: PROF. DR. JOHAN JANSE VAN RENSBURG

BLOEMFONTEIN

2005

DANKBETUIGING

Die inhandiging van hierdie proefskrif stem my tot diepe dankbaarheid teenoor my Hemelse Vader sonder wie niemand kan bestaan nie. Sy gawes sluit ook die voorreg in om die lewe met ander te deel. In hulle geledere is daar diegene sonder wie se hulp en ondersteuning die werk nooit voltooi sou word nie. Daarom betuig ek graag dank aan my geliefdes en ook die persone wat bladsy vir bladsy saam geswoeg het:

- My promotor, professor Johan Janse van Rensburg,
- die woordverwerker spesialis, Elize Grobler, en
- dr. JJC Mostert vir hulp met taalkundige versorging.

Dank is ook verskuldig aan die direkteure van HospiVisie vir studieverlof om die finale afronding van die proefskrif te voltooi en aan Freek, my kliënt en mede-navorser, vir sy toestemming om ons gesprekke as deel van die navorsing te kon aanwend.

Hierdie werk word met dankbare erkentlikheid opgedra aan my wyle ouers, Johannes L. en Freda J. Jordaan.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

POSISIONERING EN HIPOTESESTELLING

1.1 INLEIDING 1

1.2 DIE PRAKTIESE TEOLOGIE AS VAKGEBIED: 'N VERKENNING 2

1.2.1 Teologie 2

1.2.2 Pastorale teologie, praktiese teologie of diakoniologie? 3

1.2.3 Benaderings tot die vakgebied 4

1.2.3.1 Die kerugmatiese benadering 4

1.2.3.2 Die eduktiewe benadering 5

1.2.3.3 Die noutetiese benadering 5

1.2.3.4 Die bipolêre benadering 6

1.2.3.5 Die holistiese benadering 7

1.2.3.6 Verskeie hermeneutiese benaderings 7

1.2.3.7 Die konvergensie-benadering 9

1.2.3.8 Samevattende refleksie oor pastorale benaderings 10

1.2.4 Postmodernisme: Die groot "kopskuif" 11

1.2.4.1 Postmodernisme en die praktiese teologie 15

1.2.4.2 Die narratiewe benadering 17

1.3 STYLE VAN PASTORALE SORG, BERAAD EN TERAPIE 19

1.4 POSISIONERING 22

1.4.1 Paradigmakeuse 23

1.4.2 Epistemologiese keuse 24

1.5 HIPOTESESTELLING, NAVORSINGSVERMOEDENS EN DOELWITSTELLING 25

1.5.1 Hipotesestelling 25

1.5.2 Navorsingshipotese 25

1.5.3 Doelwitstelling 28

1.6 ONTWERP VIR 'N TERAPEUTIESE MODEL 28

1.7 METODOLOGIE EN SAMESTELLING VAN STUDIE 29

1.7.1 Ondersoek vanuit verskeie invalshoeke 29

1.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE 32

HOOFSTUK 2

ANGS AS FENOMEEN EN VERSTEURING

2.1 INLEIDING..... 34
2.2 FILOSOFIESE INTERPRETASIES..... 35
2.3 TEOLOGIESE VERKLARINGSPOGINGS – 'N VOORBEELD..... 37
2.4 POSTMODERNE BENADERINGS..... 38
2.4.1 Die sistemiese benadering 39
2.4.2 Die narratiewe benadering 40
2.4.3 Die sosiaalkonstruktivistiese benadering 41
2.5 PSIGOLOGIESE INTERPRETASIES..... 42
2.5.1 Die psigoanalitiese benadering 43
2.5.2 Die leerteoretiese benadering 44
2.5.3 Die eksistensiële benadering 45
2.5.4 Die kognitiewe benadering 46
2.6 ANGSVERSTEURINGS: KLASSIFIKASIE, DIAGNOSTIESE KRITERIA, ETIOLOGIE EN TERAPIE..... 48
2.6.1 Angsversteuring weens algemene mediese toestand 49
2.6.2 Substansgeïnduseerde angsversteuring 49
2.6.3 Angsversteuring nie anders gespesifiseer 50
2.6.4 Paniekversteurings 51
2.6.5 Fobiese versteurings 52
2.6.6 Obsessief-kompulsiewe versteuring 53
2.7 VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING 54
2.7.1 Etiologie 55
2.7.2 Diagnostiese kriteria 55
2.7.3 Terapie 57
2.7.3.1 Farmakoterapie 57
2.7.3.2 Psigoterapie 58
2.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE..... 59

Hoofstuk 3

VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING VAN NADERBY

3.1 INLEIDING..... 61

3.2 VERDERE DIAGNOSTIESE INSIGTE..... 61

3.2.1 Diagnostiese oorwegings 61

3.3 VOORKOMSSTATISTIEK..... 64

3.3.1 Voorkomssyfers by volwassenes en bejaardes 65

3.3.2 Voorkomssyfers by kinders en adolessente 66

3.4 KOGNISIES BY VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING..... 68

3.5 KO-MORBIDITEIT..... 70

3.6 DIEN VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING 'N DOEL? 72

3.7 VERDERE LIG OP HUIDIGE TERAPEUTIESE BENADERINGS..... 74

3.7.1 Die problematiek van farmakoterapeutiese intervensie 74

3.7.1.1 Middels met 'n primêre angswerende funksie 74

3.7.1.2 Middels met 'n sekondêre angswerende effek 76

3.8 VERDERE PSIGOTERAPEUTIESE OORWEGINGS 78

3.8.1 Kognitiewe terapie 79

3.8.2 Kognitiewe tegnieke van naderby 80

3.9 DIE PROBLEMATIEK VAN PSIGOTERAPIE VIR VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING..... 82

3.10 SAMEVATTING EN KONKLUSIE..... 84

Hoofstuk 4

DIE VADERMETAFOOR IN PERSPEKTIEF

4.1 INLEIDING..... 85

4.2 DIE METAFOOR AS BEGRIP EN TERAPEUTIESE INSTRUMENT 85

4.2.1 Metafore en die vorming van spiritualiteit 88

4.3 'N GEREFORMEERDE OPENBARINGSBESKOUING 91

4.3.1 Die Heilige Skrif 93

4.4 GOD AS VADER 95

4.4.1 Antropomorfismes 95

4.4.2 Die inhoud van die Bybelse Vadermetafoor ……97
4.4.2.1 Soos 'n versplinterde spieël ……103
4.4.3 God as Vader en menslike vaders ……104
4.4.4 Vaderskap en die gesin – hedendaagse verskuiwings ……106
4.4.5 Op weg na 'n verantwoordelike vaderbeskouing …… 110
4.5 SAMEVATTING EN KONKLUSIE …… 112

HOOFSTUK 5

FEMINISTIESE KOMMENTAAR

5.1 INLEIDING …… 114
5.2 DIE FEMINISME: 'N OORSIG ……115
5.3 FEMINISME EN DIE GODSDIENS…….. 118
5.3.1 Feminisme en godsdiensstudies …… 118
5.3.2 Feminisme en die praktiese teologie …….. 120
5.3.3 Die Kerk en seksisme …… 125
5.3.4 *Imagio Dei* en geslagtelikheid …… 127
5.4 DIE DILEMMA VAN WOORDE EN TAAL …… 129
5.4.1 Godsdienstige en teologiese taal…… 132
5.4.2 Die vadermetafoor in sosiale konteks …….. 135
5.4.3 Ekskursus: Tant Alie van die Transvaal …….. 137
5.5 GEMATIGDE EN BEHOUDENDE STANDPUNTE …… 138
5.6 BEOORDELING VAN FEMINISTIESE KOMMENTAAR …….. 141
5.7 SAMEVATTING EN KONKLUSIE …… 145

HOOFSTUK 6

DIE BYBELSE GELOOFSIMPERATIEF

6.1 INLEIDING…….. 148
6.2 TAALFILOSOFIESE INSIGTE …… 150
6.3 BASISTEORETIESE OORWEGINGS VIR SKRIFGEBRUIK IN PASTORALE TERAPIE …… 154
6.3.1 Christelike berading …… 155
6.3.2 Bybelse berading …… 157

6.3.3 Pastorale berading 158
6.3.4 Skriftuurlike kernelemente..... 162
6.4 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR SKRIFGEBRUIK IN PASTORALE TERAPIE..... 164
6.4.1 Produktiewe en kontraproduktiewe Skrifgebruik 165
6.4.2 Tegnieke vir Skrifgebruik 168
6.4.3 Van praktykteorie na spreekkamer 169
6.5 EKSEGETIESE OORSIG 171
6.5.1 Historiese ontwikkeling tot met die Reformasie 171
6.5.2 Eksegetiese benaderings van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu 172
6.5.3 Skrifbeginsels ten opsigte van angs..... 175
6.6 EKSKURSUS: BESPREKING VAN ENKELE TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES..... 177
6.6.1 Ou Testamentiese voorbeelde van die geloofsimperatief ... 177
6.6.1.1 Eksistensiële angs en Psalm 23 180
6.6.1.2 Lewensangs en die verbondsgemeenskap: Jesaja 41:1-20..... 187
6.2.2 'n Nuwe Testamentiese perspektief 190
6.6.2.1 Die sorge van die lewe: Matteus 6:25-34..... 191
6.6.2.2 Die dapper gees: 2 Timoteus 1:7..... 192
6.6.2.3 Vreeslose vergenoegdheid: Hebreërs 13:5 en 6. 193
6.6.2.4 Die nederige se waarborg: 1 Petrus 5:6 en 7..... 194
6.7 SKRIFGEBRUIK IN 'N NARRATIEWE BENADERING TOT TERAPIE...195
6.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE..... 197

HOOFSTUK 7

GODSBEELD, VADERBEELD EN ANGS

7.1 INLEIDING..... 198
7.2 DIE GESLAGSUNIEKE ROL VAN VADERS BY DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS..... 199
7.2.1 Die devaluering van die vaderlike rol 199

7.2.2 Die positief-opbouende rol van die vader 200
7.3 VADERS, HUL KINDERS EN GELOOF..... 207
7.4 DIE EFFEK VAN VADERAFWESIGHEID..... 211
7.5 GESPREKKE MET KUNDIGES..... 216
7.5.1 Tutela Sentrum 217
7.5.2 Jakaranda Kinderhuis 219
7.5.3 Weskoppies Hospitaal 222
7.5.4 Konklusies uit gesprekke met kundiges 224
7.6 VADER- EN GODSBEELD IN KORRELASIE MET GEVOELENS VAN EKSISTENSIëLE INSEKURITEIT EN VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING 225
7.7 KWELVRAE OOR VADERKONSEPTE IN TERAPIE..... 229
7.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE..... 230

HOOFSTUK 8

DIE ONTMOETINGSMODEL IN METODOLOGIESE VERBAND

8.1 INLEIDING..... 232
8.2 DIE ONTMOETINGSMODEL BINNE DIE SPANNING TUSSEN MODERNISME EN POSTMODERNISME 233
8.2.1 Navorsingsmetodiek en modernisme..... 233
8.2.2 Navorsingsmetodiek en postmodernisme..... 234
8.2.3 Kwantitatiewe teenoor kwalitatiewe navorsing..... 238
8.2.4 Die metodologiese posisie van 'n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel..... 240
8.3 DIE GEBRUIKMAKING VAN 'N KWALITATIEWE ENKELGEVALSTUDIE AS NAVORSINGSMETODE EN DIEPTESNIT-ONTWERP..... 245
8.4 DIE NARRATIEWE GEBEURE AS METODIEK..... 249
8.4.1 Die narratiewe proses..... 249
8.4.2 Die dekonstruksie van narratiewe..... 252
8.4.3 Die rol van vraagstelling in die narratiewe proses..... 254
8.4.3.1 Kategorieë van vrae in narratiewe terapie..... 255
8.5 SAMEVATTING EN KONKLUSIE..... 258

HOOFSTUK 9

DIE ONTMOETINGSMODEL IN PRAKTYK

9.1 INLEIDING 259

9.2 DIE PROSES VAN DIE ONTMOETINGSMODEL IN 'N DIAKONIOLOGIES-INTEGRERENDE WERKSWYSE 260

9.2.1 Die voorstellingsmoment 260

9.2.2.1 Die geneagram 262

9.2.1.2 Die nut van die sisteemteorie by die voorstellingsmoment 265

9.2.2 Die leer ken-moment 269

9.2.2.1 Rasioneel emotiewe gedragsterapie (REGT) as hulpmiddel by dekonstruksie..... 273

9.2.3 Die liefkry-moment 279

9.2.3.1 Visualisering as konsep..... 281

9.2.4 Die voortleef-moment 283

9.3 DIE TERAPEUTIESE GESPREK:'N PRAKTIESE TOEPASSING..... 284

9.3.1 Die eerste gesprek 285

9.3.2 Die tweede gesprek 287

9.3.3 Die derde gesprek 290

9.3.4 Die vierde gesprek 294

9.3.5 Die vyfde gesprek 296

9.4 BESKRYWING DEUR DIE KLIëNT 297

9.5 SAMEVATTING EN KONKLUSIE 299

HOOFSTUK 10

BEVINDING

10.1 BEVINDING TEN OPSIGTE VAN KERN-ELEMENTE VAN DIE NAVORSING 301

10.2 DIE EFFEK VAN DIE NAVORSING OP BETROKKE INDIVIDUE..... 303

10.3 GEïDENTIFISEERDE LEEMTES EN GELEENTHEDE VIR VERDERE NAVORSING 305

BYLAE

1. Die *"Hamilton Anxiety Scale"*..... 307
2. Die *"Liebowitz Social Anxiety Scale"*..... 309

BIBLIOGRAFIE 311

OPSOMMING 336

SUMMARY 339

POSISIONERING EN HIPOTESESTELLING

Mischien is niets geheel waar,
en zelfs dat niet.
- Multatuli, Idee 1

Vra tog maar dat die Here jou sal ontmoet
voordat jy die teologie ontmoet.
- Johan Coetzer

1.1 INLEIDING

Wetenskap word bedryf binne die kompleksiteit van ons totale bestaan. Die dryfveer agter wetenskapsbeoefening is om begaanbare weë binne hierdie kompleksiteit te vind. Ons werklikheid is ook nooit staties nie, maar immer veranderend. Daarom bring gister se weg, vandag weer nuwe vrae. Die wetenskappe ondersoek en beredeneer die vele fasette van ons bestaan en ons poog om hulle te orden in, byvoorbeeld natuur- of geesteswetenskappe, terwyl al hierdie dissiplines met mekaar in verband staan.

Die vraag of daar met reg van die teologie as wetenskap gepraat kan word, val nie binne die skopus van hierdie navorsingstuk nie, maar ter vergemakliking van gesprek word hier wel van teologiese wetenskap gepraat. Die teologiese kompendium sluit die verskillende vakgebiede, soos die dogmatiek, Bybelwetenskappe en etiek in. Hierdie dissiplines kan elk in verskeie gespesialiseerde onderafdelings verdeel word, wat net soos by ander wetenskappe, die omvang van die vakgebied ‘n haas onbeperkte reikwydte gee. König (1978:7-9) wys in hierdie verband na die eenheid en die verskeidenheid van die teologie.

Binne die teologiese ensiklopedie lê ook die terrein van die praktiese teologie (of diakoniologie) in die domein waarvan hierdie navorsingstuk tuishoort. Dit is daarom noodsaaklik dat daar ingegaan sal word op die ontwikkeling en huidige stand van die teologie en meer spesifiek, die praktiese teologie, sodat

afbakenende lyne ter posisionering getrek kan word, waarbinne die navorsing, hipotese en aanbieding van hierdie navorsingstuk kan plaasvind.

1.2 DIE PRAKTIESE TEOLOGIE AS VAKGEBIED: 'N VERKENNING

1.2.1 Teologie

Soos met enige filosofie of wetenskap het die begrip *teologie* 'n geskiedenis wat strek vanaf die vestiging van die vroeë kerk tot vandag. Daar hoef egter nie hier op die geskiedenis ingegaan te word nie. Wat wel van belang is, is om te wys op die noodsaaklikheid van die eenheid van die teologie en te beklemtoon dat die onderskeie vakdissiplines nooit los van mekaar mag ontwikkel nie. Verder moet die Skrif immer sentraal in die beoefening van 'n Christelike teologie staan.

Oor die objek van die teologie is dit noodsaaklik om te begryp dat God (en sy handelinge) nooit sodanig hanteer kan word, as dat Hy aan toetsing en ondersoek in 'n soort teologiese "laboratorium" onderwerp kan word nie. König (1978:13-17) voer oor die objek van die teologie die volgende aan: *"As kwantitatiewe objek is die teologie nie tot die Bybel beperk nie, maar met alle inligtingsbronne wat verband hou. Die Bybel behou egter 'n normatiewe funksie. Dit beteken dus dat die teologie in 'n sin op die ganse werklikheid betrek word"* (1978:16). As kwalitatiewe objek is die Christelike teologie met God besig, maar nie met enige en elke god nie - nee, met die God van die Bybel. Waar die teologie egter van ander wetenskappe onderskei word, is dat daar 'n omruiling van objek en subjek plaasvind en *"…moet God die vraer word, die Een wat <u>ons</u> blootlê en uitlê, die Een wat die sin van ons lewe en van sy ganse skepping aan ons meedeel, en ons plek daarin"* (1978:17). En *"hierdie plekomruiling is absoluut noodsaaklik vir suiwer teologie. Die teoloog… wat teoreties oor God gaan nadink, moet daartoe kom om te aanvaar dat God oor <u>hom</u> dink"* (1978:19).

Op die Woord (Skrif) kan die teologie egter net antwoord. Oor die aard van die openbaring en ons antwoord daarop word daar in Hoofstuk 4, waar die Vadermetafoor behandel word, enigsins meer breedvoerig gehandel. Sonder

om dit vooruit te loop kan hier wel gemeld word dat die openbaringsbeskouing, wat in die genoemde hoofstuk aangevoer word, hierdie navorser noop om vir 'n deduktiewe epistemologie, wat op openbaringsteologie berus, te kies. Trouens, teologie in die algemeen of praktiese teologie in besonder word, sonder of buite-om die Skrif, of met devaluering van die Skrif, iets anders - hoogstens teosofie of godsdiensstudie.

Daar word nou met hierdie kort bespreking oor die teologie volstaan by Louw (1997:129) se omskrywing van die vak: *"Teologie is 'n menslike refleksie (sistematiese en eksegetiese besinning) en as gevolg hiervan, 'n interpretasieproses/vertolkingsgebeure met behulp van geloof oor die betekenis/bedoeling/sin van die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens soos geopenbaar in die Skrif en die implikasie van hierdie ontmoeting vir die sin van kerkwees (ekklesiologiese dimensie); vir menswees (eksistensiële dimensie) asook vir die uiteindelik bestemmingsfunksie van die skepping (kosmiese dimensie)."*

1.2.2 Pastorale teologie, praktiese teologie of diakoniologie?

Breedweg word daar onder pastorale teologie die bestudering van die priester of pastor se funksies bedoel en dit sou noue aansluiting by 'n konfessionele benadering tot die vakterrein kon vind. Dieselfde term is nog op 'n beperkte skaal in gebruik, maar dui dieselfde terrein as die praktiese teologie aan. Insgelyks dui die terme *praktiese teologie* en *diakoniologie* ook hierdie terrein binne die teologie aan, maar kan verskillende uitgangspunte verteenwoordig. Met praktiese teologie word egter nie bloot die "praktiese sy" van die opleiding van predikante bedoel nie (Heyns en Pieterse 1990:8 en 9). Die terme praktiese teologie en diakoniologie word ook soms as sinonieme gebruik en by geleentheid ook in hierdie navorsingstuk, maar met dien verstande dat praktiese teologie, die *vakterrein* aandui, terwyl hierdie navorser vir 'n diakoniologiese aanpak kies. Daar is egter epistemologiese benaderingsverskille tussen praktiese teologie en diakoniologie. König (1978:13) omskryf praktiese teologie as *"…die sistematiese bestudering van die handelinge van die kerk se dienste van die koms van God tot die mens in sy wêreld met die oog op die Koninkryk."* Wolfaardt (1978:293) voeg daaraan

toe dat *"in die Praktiese Teologie* (dit) *dan om die menslike handelinge wat ten dienste staan van die deurgee van die spreke van God tot die mens, waarby die mens intermediërend funksioneer"* gaan.

Heyns en Jonker (1977:297) kies vir die term *diakoniologie* omdat die fokus dan rus op die dienswerk van die kerk as geheel. Die debat oor benaming en benoeming kan verder voortgesit word, maar is deur die bostaande opmerkings genoegsaam vermeld om daaruit bewus te word van die *spektrum* van benaderings tot die vakgebied wat dan hieronder verder bespreek kan word.

1.2.3 Benaderings tot die vakgebied

In die prakties-teologiese vakgebied is daar 'n aantal bekende eksponente van die onderskeie benaderings en 'n navorsingstuk binne hierdie veld sou onvolledig wees as daar nie kortliks na hierdie verteenwoordigers en hulle paradigmas verwys sou word nie. In elkeen sal nuttige elemente na vore kom en sodoende kan 'n eie posisionering gevorm word. Dit is interessant dat die ontwikkeling van benaderings dikwels juis as reaksie op mekaar geskied. Die onderstaande groepering mag wel soms ietwat geforseerd blyk te wees, maar dit word ter wille van vereenvoudiging gedoen. (Dit is opvallend dat elk van die ondergenoemde benaderings 'n eiesoortige modus van Skrifhantering sal openbaar waarop daar meer breedvoerig by 6.3 ingegaan word).

1.2.3.1 Die kerugmatiese benadering

Hierdie benadering word algemeen met Thurneysen vereenselwig. Dit moet in gedagte gehou word dat sy benadering tot die vakgebied sterk deur Barth se dogmatologie beïnvloed is. Laasgenoemde het die sentraliteit en oppergesag van die Skrif in alle vorme van die beoefening van teologie sterk beklemtoon. *"Theology is ministerium verbi divini; it serves the Word of God, which is it's object…"* (Hartwell 1964:59). Thurneysen (1957:26) beklemtoon dat pastoraat in wese kerugmatiese sielsorg is. Die mens se nood is sondenood en die pastorale hulp is vergifnis – hulp aan die hand van die Skrif (1957:129). Die

invloed van Barth (1958:403-498) is ook hier duidelik omdat hy die menslike toestand beskryf as the *"sloth and misery of man."*

Ons sou dus kon sê dat Thurneysen se epistemologie uitsluitlik deduktief is, met die Skrif as bron en vandaar sy kerugmatiese model. Die negatiewe kritiek teen Thurneysen is veral dat die pastoraat in sy model 'n eenrigtinggesprek impliseer (Louw 1993:7). As positiewe kritiek wys De Klerk (1978:32) op Thurneysen se streng handhawing van die soewereiniteit van God en dat 'n Bybelse antropologie, met klem op die verdorwenheid van die mens, gehandhaaf word. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n teologiese antropologie grootliks die uiteindelike model vir die pastoraat bepaal.

(Daar word van kennis geneem dat Dreyer, De Klerk en Trimp deur sommige navorsers (Dill 1996:119,120) saam met Thurneysen onder 'n konfessionele model ingedeel word).

1.2.3.2 Die eduktiewe benadering

By hierdie benadering kom die werk van Hiltner te sprake. Hy verwys na die vakgebied as pastorale teologie, en 'n mens sou kon beweer dat sy standpunt as reaksie op dié van Thurneysen gesien kan word. Eersgenoemde word as *eduktief* getipeer omdat daar sterk klem is op die ontwikkeling van die potensiaal van die mens. Dit sluit aan by Rogers se meer kliëntgesentreerde psigoterapie, wat 'n non-direktiewe benadering volg. Anders as Thurneysen se klem op die gevallenheid van die mens, skuif die mens en sy potensiaal na die sentrum van Hiltner se benadering, wat neerslag vind in sy *"Pastoral Counselling Movement."* Teoloë soos Oates sou ook hier tuis kon wees. Inhoudelik lê Hiltner (1958:84-171) die aksies van die pastorale teologie uit onder die begrippe *"healing", "sustaining"* en *"guiding"* en tipeer laasgenoemde veral as 'n eduktiewe werksaamheid.

1.2.3.3 Die noutetiese benadering

Die pendulum-effek in die prakties-teologiese domein word nogeens duidelik as Adams op Hiltner reageer met 'n model wat in 'n sin (sou dit as konfessioneel

bestempel word) by Thurneysen aansluit in sy beklemtoning van die sentraliteit van die Skrif. Adams wil verhoed dat die pastoraat sy eersgeboortereg aan die sielkunde verkoop en staan gevolglik afwysend teenoor laasgenoemde sowel as teenoor psigopatologiese diagnose (Adams 1970:1-17). Hy noem hierdie wetenskappe die mediese benadering wat, eenvoudig gestel, aan die individu 'n verskoning of alibi vir sonde gee, terwyl die morele model wat hy bepleit die mens noop om verantwoordelikheid vir sy/haar gedrag te neem. Sy benadering benoem die sondige gevallenheid van die mens as die hermeneutiese sleutel tot berading. Vandaar die gebruik van die woord *"nouthétein"* (getranskribeer), wat *"admonish", "warn"* of *"teach"* beteken, om sy model te tipeer (Adams 1970:41-62). Hierdie benadering verklaar ook sy klem op die outoriteit van die berader en van 'n direktiewe aanpak. Daarby is ook 'n sterk pneumatologiese beklemtoning: die Gees werk middellik deur die Woord (1970:20).

Dit spreek van self dat Adams se benadering in fundamentalistiese kringe sterk aanhang geniet en hoewel sy siening oor die sielkunde en psigiatrie skerp te kritiseer is, kan hy gelyk gegee word, dat byvoorbeeld 'n algehele non-direktiewe en *"not knowing"*-benadering nie noodwendig aan die pastorale opdrag beantwoord nie.

1.2.3.4 Die bipolêre benadering

In die konfessionele benadering lê die swaartepunt by God en in die eduktiewe model skuif die klem grootliks na die mens. Daar bestaan gevolglik in die praktiese teologie 'n spanning wat Louw (1993:12) beskryf as *"…die spanning tussen openbaring en eksistensie, transendensie en immanensie; vertikaal en horisontaal, heilsgeskiedenis en wêreldgeskiedenis."* Heitink, as eksponent van die bipolêre model, omskryf pastoraat as *hulpverlening*. Hy heg waarde aan ander velde van menslike hulpverlening, naamlik die mediese, maatskaplike en psigoterapeutiese (Heintink 1977:75-76). Die twee pole is dan God en mens, pastoraat en psigologie. Die kritiek hierop is dat daar 'n komplementarisme ontstaan wat die Skrif van sy normatiewe funksie kan beroof en word die empiriese gegewens en die openbaring sodoende gelyke vennote (Rossouw 1980:47). Die waarde van sy benadering lê egter daarin dat dit poog om samewerking tussen pastoraat en die gedragswetenskappe te fasiliteer.

Sodanige samewerking in 'n meer holistiese benadering tot terapie word hedendaags wyd erken en bepleit.

Van der Ven (1988:24) neem bogenoemde gedagterigting verder deur te poog om empiriese en teologiese elemente elk hul regmatige klem te laat ontvang, sodat daar in 'n dialektiese verhouding tussen die elemente uiteindelik 'n dividend vir die praktiese teologie gelewer word. Hy maak gevolglik van deduktiewe en induktiewe epistemologiese metodes gebruik, maar hou by 'n modernistiese wetenskapsbenadering – soos Heitink trouens ook doen.

1.2.3.5 Die holistiese benadering

Die belangrikste eksponent van hierdie model is Clinebell (1988:25), wat sy uitgangspunt tipeer as: *"A holistic liberation growth model of pastoral care and counselling."* Dié model fasiliteer *"wholeness centered in Spirit."* Die klem lê dan op groei, heelheid en rekonstruksie met langtermyn effek waarin beide psigologiese én teologiese insigte oor ons menslike toestande te berde gebring word (Clinebell 1988:26).

Dit is dus duidelik dat Clinebell, Heitink en Hiltner pogings aanwend om die inherente bipolêre spanning in die praktiese teologie te ontlont. Clinebell se poging verdien heelwat instemming vanuit 'n diakoniologiese paradigma.

1.2.3.6 Verskeie hermeneutiese benaderings

Daar moet op gelet word dat verteenwoordigers vanuit verskillende epistemologieë vir 'n hermeneutiese benadering kan kies. Terwyl Louw (sien 1.2.3.7) vanuit 'n diakoniologiese epistemologie werk, het sy benadering 'n sterk hermeneutiese element en word deur 'n navorser soos Dill (1996:125-135) saam met ander teoloë, soos Pieterse, Capps, Firet en Veltkamp as verteenwoordigers van die hermeneutiese benadering gegroepeer. Daar word soms ook na hierdie benadering as die intersubjektiewe model verwys omdat God en mens as gespreksgenote beskou word. Müller (1996:7-19), wat so 'n

breë konteks as moontlik in berekening wil bring, noem sy model 'n eko-hermeneutiese model en poog so om die hermeneuse verder uit te brei.

Firet (1977:125-126) beklemtoon in die pastorale taak van sielsorg die hermeneutiese aspek as *"aan het lig brengen, verhelderen"* wat dan tot gevolg het "*een leiden tot verandering, tot leven in het lig."* Dill (1996:130) som Firet se benadering as volg op: *"Pastoraat is vir Firet geleë in die modus van die paraklese, waarin God tot die mens kom in sy spesifieke situasie van angs, leed, sonde, vertwyfeling, en ontoereikendheid. God kom tot die mens via die intermediêr van die pastor, om die mens in nood te bevry tot 'n lewe met die gemeente in die heil van Christus."*

Pieterse gaan van die standpunt uit dat praktiese teologie 'n vertolkende diens is (iets wat ook in Louw se benadering sigbaar is) en met singewing as doel. Hy maak van 'n nie-Bybelse meta-teorie gebruik in sy aansluiting by Habermas se teorie van kommunikatiewe handelinge (Pieterse 1991:42-43) en verwoord sy eie benadering as volg: *"Volgens my kan 'n praktiese teologie binne die paradigma van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, slegs verstaan word vanuit 'n voorgegewe sin naamlik die werklikheid en die praxis van God. God neem alle inisiatief. In sy genadige en liefdevolle toewending tot die mens het hy Hom as lewende en sprekende God openbaar. Ons moet openbaring en Skrif aan mekaar koppel. In die Skrif openbaar God Hom as sprekende God, en die Heilige Gees as die Vertolker van die Skrif. God is vandag onder ons lewend en sprekend teenwoordig deur sy Woord en Gees. Daartoe neem Hy mense in diens. God kom tot mense in hulle wêreld in sy Woord deur die intermediêre. Die bemiddelende pastorale optrede van mense is 'n vertolkende diens wat intermediêr instaan tussen die sprekende Heer in die gewaad van die Skrif, en die deelnemers aan die gesprek."*

Vereenvoudig gestel gaan dit in die hermeneutiese benadering om die uitleg van die "mens-teks" en die "God-teks" in die proses van die pastorale terapie. (Hermeneuse in die konteks van Skrifhantering word in Hoofstuk 6 bespreek).

1.2.3.7 Die konvergensie-benadering

Daar is reeds verwys na die fenomeen van 'n bipolêre spanning in die praktiese teologie tussen wat ons idiomaties dié "van bowe" en dié "van benede" kan tipeer. (Hierdie spanning is egter nie eksklusief op die praktiese teologie van toepassing nie. Ook in die dogmatiek is daar dieselfde spanning tussen, byvoorbeeld 'n objektiewe verlossingsleer en werkgeregtigheid; heiliging en anti-nomianisme; uitverkiesing en die wilskeuse van die mens). Terwyl Louw (1993:80) dan ook aandui dat die praktiese teologie 'n hermeneutiese wetenskap is, wat gerig is op ontmoetingsgebeure wat die God-mens interaksie konkretiseer, wil hy die bipolêre spanning ontlont deur van 'n konvergensie model te praat: *"Dit is op hierdie punt dat ons die volgende belangrike stelling kan maak. Die uitspraak praktiese teologie as 'n hermeneutiese wetenskap gee die beste uitdrukking aan die taak en funksie van die praktiese teologie. Die taak van die praktiese teologie is om die sin/bedoeling van die verbondsmatige ontmoetingsgebeure tussen God en mens so te vertolk dat hierdie vertolkingswerksaamheid opbouend sal inwerk op die kerk en vernuwend en veranderend sal inwerk op die ganse kosmos. Praktiese teologie is dus as 'n hermeneutiese wetenskap nie die vertolking van die Skrifteks self soos wat die bibliologiese vakke dit doen nie. Dit is veeleer die vertolkingsgebeure van die verbondsmatige ontmoeting in die Skrif: God en mens. Ons kan dit ook anders stel: praktiese teologie as 'n hermeneutiese wetenskap is primêr gerig op die ontsluiting van die sinvelde en betekenisbronne binne die heilskommunikasie wat gerig is op daardie ontmoetingsgestalte waardeur die God-mens interaksie gekonkretiseer word."*

Sleutelterme in sy model is dan *heil*, *eskatologie*, *vervulde beloftes van God*, en *hoop* – God is met ons op pad na die eskatologie via die heil, ons is egter ook *in* die eskatologie en daarom maak die heil sy vervulde beloftes ook *in* die hede waar en daarmee kom hoop. Hierdie hoop beantwoord die sinvraagstuk van die mens en wie hiermee besig is, is inderdaad met teologie besig. Louw (1993:46-48) omskryf sy konvergensie model deur die "God-pool" as die dinamiek van die *eschaton* in die handelinge van God self te benoem. Die "mens-pool", waar die mense die soeker na sin is, is die terrein van die pastorale sorg, en moet daar toegesien word dat daar heilsbemiddelend in die

kommunikasiegebeure opgetree word – met singewing en geloofsvolwassenheid as produk.

Louw behandel bogenoemde begrippe omvattend en bied 'n besondere benadering tot die pastoraat, met 'n deduktiewe epistemologie, maar 'n realistiese waardering van die gedragswetenskappe. Inderdaad dus 'n konvergensie van "lyne" na 'n punt van heilsbemiddeling. Hiermee kan die outeur van hierdie navorsingstuk sterk identifiseer.

1.2.3.8 Samevattende refleksie oor pastorale benaderings

Ná die voorafgaande oorsig van die verskeie benaderings in die ontwikkeling van die praktiese teologie kan daar, sonder om in oorvereenvoudiging te verval, daarop gewys word dat elk van die genoemde benaderings nuttige waarheidselemente bevat. By elk van dié benaderings kan hierdie navorser met sekere elemente identifiseer: Soms bevat pastoraat 'n kerugmatiese element (veral in meer direktiewe oomblikke), soms is noutese nodig en moet die Storie (van God) en die stories (van mense) uitgelê word. Daar moet ook 'n ewewig ten opsigte van teologiese insigte en dié uit die gedragswetenskappe wees. Die weg van wysheid lê dus eerstens by 'n beginselkeuse en daarnaas by die kundige aanwending van tegniek.

Wat die ossillasie tussen die "God-pool" en "mens-pool" betref, wil diakoniologiese benaderings telkens nader aan die "God-pool" beweeg, terwyl prakties-teologiese benaderings groter klem op die "mens-pool" wil lê. Hierdie ossillasie kenmerk elke faset van die vakgebied (soos homiletiek en diakoniek) en nie slegs dié van pastorale terapie nie. So het Phillipi (1963:21-42), byvoorbeeld groot moeite gedoen om die diakonie Bybels-eksegeties te fundeer.

Wanneer daar hierna kortliks met die postmodernisme gehandel word, sal dit by implikasie duidelik word dat 'n postmoderne epistemologie die praktiese teologie tot 'n induktiewe werkswyse bring, wat 'n diakoniologiese benadering byna na fundamentalisme kan laat lyk. Tog, soos by Louw se model, is dit duidelik dat daar wel ekwilibrium in hierdie bipolêre spanning kan kom as 'n

model ontwikkel word wat, sover moontlik, goddelike transendensie en die geskape werklikheid verantwoordelik verreken. 'n Poging hiertoe word in hierdie navorsingstuk verteenwoordig deur die ontwikkeling van 'n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel (vergelyk 1.6).

Die denkarbeid oor die praktiese teologie wat in die vorige paragrawe gerapporteer is, is egter telkens ook deur die tydsgees beïnvloed. Dit is daarom nou nodig om enkele paragrawe aan die postmodernisme te wy. (Dit sal ook in hoofstuk 8 weer aan die orde kom).

1.2.4 Postmodernisme: Die groot "kopskuif"

Die postmodernisme ontbloot én skep gelyktydig 'n epistemologiese dilemma vir alle wetenskappe, insluitende die teologiese vakdissiplines. Verder is dit ook gelyktydig 'n uitvloeisel van, sowel as 'n reaksie op, die modernisme en positivisme. Dit konstateer die siening dat eksakte kennis (en absolute waarheid) nie moontlik is nie en bevraagteken gevolglik die eksakte kennisaansprake van vroeër.

Dill (1996:27-44) doen moeite om aan te toon op welke wyse daar in die beoefening van die toegepaste natuurwetenskappe tot die besef gekom is dat kennis nie eksak kan wees nie. Hy verwys onder andere na die volgende voorbeelde:

- Max Planck se kwantumteorie waarin gestel word dat mikro-fisika en gewone fisika tot verskillende kwanta behoort, wat beteken dat die fisiese wêreld heterogeen en nie homogeen is nie. Wetenskaplikes het gevolglik aanvaar dat die wese van 'n entiteit saamgestel word deur sy verhoudinge tot, en deelname aan, groter groepe.

- Niels Bohr wat daarop gewys het dat 'n atoomsisteem in 'n *verhouding* tot 'n spesifieke eksperiment se samestelling staan en geen atoomsisteem dus op sigself bestaan nie.

- Heisenberg se aanduiding daarvan dat interafhanklikheid 'n objektiewe eienskap van die natuur is.

- Die evolusieleer wat by implikasie 'n letterlike verklaring van die Bybel in gedrang bring en ook implikasies vir die denke oor die waardigheid van die mens meegebring het.

Dill (1996:27-45) maak verder van voorbeelde uit die wiskunde en kosmologiese ontdekkings en die mediese wetenskap gebruik om aan te toon dat "suiwer" wetenskapsbeoefening in die modernistiese sin nie tot sekerheid lei nie, en dat die geheel van ons bestaan groter is as die samestelling van komponente. Dit is duidelik dat die kubernetiek en sisteemdenke - ook vir die praktyk van die praktiese teologie - by hierdie beskouing aanklank vind. Ander postmoderne konsepte vind ook hierby aansluiting, naamlik dat kennis kommunaal en holisties is en nie soos by die modernisme geïsoleer of ge-objektiveer kan word nie. Hiermee saam ontstaan konsepte soos *verruimde rasionaliteit,* waarin daar 'n bewustheid van die groter omgewing is, wat vra na 'n breër siening op die geheel. Gevolglik is daar ook 'n verruimde menswaardering en wêreldbeskouing.

Vir die gedragswetenskappe het hierdie verskuiwings sekere implikasies, soos byvoorbeeld die ontwikkeling van die sisteembenadering. Kerr en Bowen (1978:9-13) pas die sisteemteorie byvoorbeeld op gesinsterapie toe. Oor die algemeen het die postmodernisme 'n meer holistiese benadering tot terapie, sowel as 'n waardering van betekenissisteme, en word daar eerder van sirkulêre as liniêre denke gebruik gemaak. Dit geld ook vir die sosiaalkonstruksie-teorie waar kennis as 'n samestelling van die waarneembare geheel gesien word, wat uit sosiale interaksie na vore kom. Menslike gedrag het dan betekenis binne hierdie interaksie. Kennis oor gedrag, of 'n situasie, is dus nie noodwendig eksak nie, maar kan wel genoegsaam wees vir die terapeutiese situasie. Weens genoemde redes word daar gevolglik ook weggeskram van psigopatologiese etikettering en eerder van die "*identified patient"* gepraat om aan te toon dat die "fout" in die sisteem bloot by hierdie persoon sigbaar geword het.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die reaksionêre karakter van die postmodernisme dit wel moontlik maak om dit as paradigma waar te neem en die implikasies daarvan te oorweeg, maar moeilik is om dit te definieer. (Definisies is dan juis 'n modernistiese instrument!). Die ontstaansgeskiedenis van die postmodernisme lê ook nie slegs by die natuurwetenskappe, soos hierbo bespreek nie, maar juis by die filosofie. Janse van Rensburg (2000:13-14) lewer 'n noukeurige weergawe van hierdie filosofiese ontwikkeling deur te wys op onder andere Nietzsche, Heidegger, Foucault, Derrida en Rorty se bydraes. Die essensie van die filosofiese onderbou van die postmodernisme lê veral in die volgende begrippe:

- Die dekonstruksie van logo-sentrisme (wat ook die bestaan van 'n "*Grand Narrative"* negeer, met 'n gevolglike rebellie teen gesag (Janse van Rensburg 2000:23).

- Waarheid lê immer op 'n vooruitskuiwende horison (verwoord met die term "*differance"*). Die implikasie hiervan vir die Christelike godsdiens is duidelik: *"Grand narratives, like Christianity, depend on assumptions and therefore represent illicit narratives"* (Janse van Rensburg 2000:27).

Dit is daarom begryplik dat Janse van Rensburg (2000:53) ook daarop wys dat 'n postkonfessionele en intergodsdienstige wêreld besig is om te ontplooi. Dit is noodsaaklik dat ook die dogmatiek in hierdie atmosfeer met groot omsigtigheid beoefen moet word en ononderhandelbare grondbeginsels in 'n postmoderne tyd duidelik sal verwoord.

'n Verdere implikasie van die postmodernisme is dat 'n objektiewe lewensbeskouing plek maak vir 'n subjektiewe: 'n Werklikheid daar buite bestaan volgens die postmodernisme nie. Elkeen se weergawe verwys na die een wat dit gekonstrueer het, *"…daar is nie een waarheid nie maar baie konstruksies of weergawes (inventions) van die waarheid"* (Van Niekerk 1998:367).

Daar sou dus in 'n postmoderne "teologie" min plek wees vir 'n evangelie met 'n objektiewe klem op heil en roeping van bo. Dit is daarom geensins vreemd

dat die spiritualiteit van die breë publiek in so 'n atmosfeer van die inhoudelike, na die beleefbare en sensasionele sal verskuif nie.

Dit is duidelik dat postmodernisme 'n deduktiewe epistemologie haas onmoontlik maak, en dus ook 'n diakoniologiese aanpak in die veld van die praktiese teologie. Deduksie vanuit 'n Groot Teks waarby 'n Outeur betrokke is, word dus vervang met 'n hermeneuse van elke individuele menslike teks. Vandaar die uitdrukking, *"the client is the expert."* Daarom is dit nie vreemd dat postmodernisme wegbeweeg van waardes, norme en tradisies nie – met die onafwendbare relativisme wat daaruit voortvloei en kommerwekkende implikasies vir die etiek. Van der Walt (1997:17) se opmerking dat die postmodernisme nie beginselloos is nie, maar dat die "beginsel-vir-my" voorstaan, is dus korrek.

Deurgaans in sy publikasie, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd,* wend Du Toit (2000) 'n poging aan om die implikasies van die postmodernisme vir die Christengelowige te interpreter. Vrae oor Skrifgesag en tradisionele sieninge oor God, Jesus, sonde, die kerk en die duiwel kom ter sprake. Wat die Skrif aanbetref, toon hy (2000:80-92) dat die Bybel 'n bundel van voorwetenskaplike dokumente is, wat deur die kerklike tradisie gekanoniseer en geïnterpreteer is, en wat nou in die huidige konteks van interwetenskaplikheid en postmodernisme geïnterpreteer moet word. Die implikasie van laasgenoemde vir die gesag van die Skrif is volgens Du Toit (2000:81) die volgende*: "Hier kan dus geen sprake wees van gesag sonder geloof in Jesus as Verlosser nie. Met ander woorde, eers moet die geloof daar wees (of die tradisie waarin jy grootgeword het), dan volg die gesag, nie andersom nie."*

Sodanige standpunt verwoord wel iets van die a-prioriese element van geloof, maar sou vanuit 'n gereformeerde paradigma om die volgende redes aanvegbaar wees:

- Dit impliseer dat Skrifgesag slegs relasioneel is en nie intrinsiek nie.

- ‘n Verdere implikasie is dat, indien die Skrif nie vir ‘n ongelowige persoon gesagvol is nie, dit ook nie oor hom/haar gesag het nie.

- Geloof word as voorafgaande tot Skrifgesag gesien en reduseer die gesag van die Skrif tot iets wat van die geloof van die individu afhang.

Die voorafgaande toon aan dat die gereformeerde en die postmoderne epistemologieë nie met mekaar geïntegreer kan word nie.

1.2.4.1 Postmodernisme en die praktiese teologie

Daar is reeds op gewys dat daar in die postmodernisme meer sistemies, holisties en kontekstueel gedink word. Gevolglik sal praktiese-teologiese modelle wat van ‘n konstruktivistiese (soos De Jongh-Van Arkel) en sosiaal-konstruktivistiese benadering gebruik maak (soos dié van Gergen), tuis hoort binne ‘n postmoderne epistemologie. Die konstruktivistiese benadering beskou teologie as ‘n vertolking van die Skrif *in tyd* en nie die herhaling van die Skrif (soos byvoorbeeld by Adams) nie. Die kliënt vorm dan sy eie konstruksie van sy werklikheid en gaan “diagnose” eerder oor perseptuele kenwyses. Daarom praat De Jongh-Van Arkel (1987:183-196) van ‘n konsepsuele paradigma vir pastorale diagnose. Oor sy gebruik van die kubernetiek en gevolglike betekenissisteme (1991:69-70) hoef hier nie verder op uitgebrei te word nie, behalwe om te sê dat dit ‘n breër visie op ‘n pastorale situasie aanmoedig. Na die mening van hierdie navorser vind dit egter ten koste van die Skrif plaas.

Die sosiaal-konstruktivisme lê groot klem daarop dat kennis setel in verhoudinge en kommunale aksies (wat sou impliseer dat daar van algemeen-geldende waarhede of norme nie veel sprake sal wees nie). Volgens Kotzé (1992:51) is kennis *“…die kognitiewe konstruksies van waarnemers in interaksie met die waargenome.”* Hierdie paradigma bring vir die terapeutiese dissiplines dus ‘n nuwe kennisoriëntasie mee, met klem op interpersoonlike onderhandelinge en op menslike individualiteit, asook die interpretasie van menslike interaksie.

Soos weldra aangetoon sal word, kan ons in die prakties-teologiese vakdissipline nie die oë sluit vir insigte wat uit die postmodernisme ontstaan

nie. Al sou dit net een doel dien, naamlik 'n gewilligheid tot 'n breër visie op die terapeutiese proses, was dit die moeite werd om van hierdie ontwikkelinge kennis te neem. Om hierdie rede moet daar ook aandag aan die narratiewe benadering gegee word (vergelyk 1.2.4.2).

Janse van Rensburg (2000:36-37) maak ten opsigte van die reaksie op die postmodernisme vir 'n diakoniologiese pastoraat twee geldige opmerkings:

- Die postmoderne kritiek op die modernisme en positivisme is geldig. (Hieraan kan toegevoeg word dat die positivisme maklik tot 'n soort arrogansie kan lei en 'n *"know-it-all"*-benadering, veral in terapie, nie 'n wyse weg is om te volg nie).

- Sekere postmoderne strategieë, byvoorbeeld die narratiewe benadering, kan 'n belangrike bydrae tot pastorale terapie lewer.

Verder sou 'n mens ook kan sê dat ons beslis nie die feit kan ignoreer dat ons in 'n postmoderne tyd leef nie. Janse van Rensburg (2000:46) lewer egter geldige kritiek op die postmodernisme deur daarop te wys dat dit teenproduktief is en vra: *"What real answers has the postmodernity of a Lyotard, Rorty or Baudrillard delivered, other than to give people the freedom of choice from context to context, moment by moment in a neverending play of différance? What guarantees are there that his approach will deliver better results than an epistemology that is not postmodern?"* Van Rensburg toon ook aan dat die postmodernisme 'n inherente teenstrydigheid bevat, naamlik dat as dekonstruksie tot sy logiese uiteinde gevoer word, dit ook die epistemologie van die postmodernisme dekonstrueer!

Van groot belang vir die teologie in die algemeen en dus ook die praktiese teologie, is om te begryp dat 'n postmoderne en diakoniologiese (wat op openbaringsteologie berus) epistemologie nie met mekaar te versoen is nie en daar dus 'n keuse vir die een of die ander gemaak moet word. Dit hoef nie gedebateer te word dat 'n *tegniek* wel aangewend kan word sonder om die epistemologie waaruit dit kom te aanvaar nie. Die tegniese aanwending van 'n strategie word immers deur die epistemologiese voorveronderstellings bepaal. Om hierdie rede word daar nou kortliks met die narratiewe benadering gehandel.

1.2.4.2 Die narratiewe benadering

Die doel is nie om hier op 'n epistemologiese en teologiese beredenering van 'n narratiewe werkwyse in te gaan nie, maar om die nut daarvan vir pastorale terapie aan te dui. Streng gesproke val die narratiewe aanpak binne 'n postmoderne epistemologie omdat dit primêr oor die stories *van mense* gaan. Hierdie navorser is egter van mening dat die narratief as tegniek wel binne 'n diakoniologiese epistemologie gebruik kan word, met dien verstande dat daar 'n *ontmoeting van stories* sal plaasvind deurdat die Groot Storie (van God, die Heil en die Evangelie) in die terapeutiese proses met die storie van die individu sal ontmoet. Trouens, in hierdie navorsingstuk wil juis gekies word vir 'n *ontmoetingsmodel.* Dit word weldra in Hoofstuk 8 bespreek, waar hierdie terapeutiese model in metodologiese verband behandel word. Insette van eksponente van die narratiewe benadering, soos White en Epston, word ook dan aangedui.

Kenmerkend van die narratiewe benadering, is dat dit poog om inklusief te wees deur nie alleen met die storie van die individu te handel nie, maar ook met die sistemiese en sosiaalkonstruktuele milieu daarvan. Dit beteken dat die "self" nie as 'n "syn-op-sigself" hanteer word nie, maar as 'n verhaal wat as 'n ontwikkelende teks ontvou. Hierdie verhaal handel egter nie net oor die *feite* van wat gebeur nie, maar veral oor die wyse waarop die verhaal aangebied word, en daarom wys Gergen (1994:40-41) op die belangrikheid van taal en retoriek in die narratiewe benadering. Gevolglik word probleme of wanfunksionering beskou as synde "in taal" te bestaan, en word dus ook deur die taal bemiddel. (Verdere taalfilosofiese oorwegings kom in Hoofstuk 6 aan die orde). Mense is die outeurs van hulle eie lewensverhale en elkeen skep en interpreteer 'n eie dominante lewensdiskoers. Elke mens het 'n kernstorie *("core narrative")* rondom die basiese konsepte van die lewe, soos huwelik, geld, seks, dissipline en werk. Vanuit hierdie kernverhaal word daar telkens weer in bepaalde nuwe situasies verhale gekonstrueer. 'n Verhaal van nood of krisis wat iemand aan 'n pastor vertel, is nooit 'n geïsoleerde storie nie. Dit het lyne wat heenwys na die gebeurtenisse ter sprake en na 'n hele verskeidenheid van mense, maar beslis ook na die kernverhaal van die betrokkene en sy/haar persepsie van die toekoms (Müller 1996:23). Dit

impliseer dat 'n storie wat "vasgeloop" het, belemmerend, ontmagtigend en verlammend is, soos 'n storie van depressie of angs. Hierdie vasgeloopte storie is dan die rede vir behoefte aan hulp. Sisteme (soos byvoorbeeld 'n gesin) word dan gesien as die ruimte waarbinne betekenis geskep en probleme hanteer word. Voortspruitend uit die *inklusiewe* beklemtoning in hierdie benadering, is daar dus veel minder klem op die intra-psigiese prosesse, of psigoanalitiese meting, of etikettering.

Wat terapie betref, word die *gesprek* as die instrument van die terapeut beskou en hy/sy is ook nie net 'n blote objektiewe waarnemer of raadgewer nie, maar is ten volle deel van die proses van die konstruksie van die terapeutiese verhaal. Müller (1996:25) wys ook daarop dat "'*n Pastor 'n aanvoeling, 'n passie, 'n bewondering* (moet) *hê vir die stories van die lewe en hy moet veral in vervoering wees oor die storie van God met mense*." Die pastor word dus deel van die storie.

By 1.4 word hierdie navorser se eie posisionering aangedui en dit sal duidelik blyk dat daar vir 'n diakoniologiese epistemologie gekies word. Hierteenoor word die narratiewe benadering oor die algemeen meer met die postmodernisme geassosieer, en kan dit dus blyk dat hier met teenstrydige epistemologieë te werk gegaan word - veral omdat die narratiewe benadering hom soveel met die "mens-teks" besig hou. Hierop word geantwoord deur daarop te wys dat in hierdie navorser se benadering die mens se storie nooit tot die normatiewe verhef mag word nie. Trouens, selfs navorsers wat vir 'n meer postmoderne benadering bekend is, gee uiteensettings van die pastorale gebruik van die narratief waarmee die outeur grootliks kan identifiseer: *"Pastoraal-terapeuties vind daar in die terapieproses 'n versmelting plaas van die verstaanshorisonne van verhale van 'n spesifieke huwelik, die verhaal van die pastor en die verhaal van God. Die verhaal van God word enersyds binne die terapie betrek via die inskrywing daarvan binne die verhaal van die egliede en die pastor, en andersyds word die verhale van die terapie, die egliede en die pastor geskryf binne die konteks van God se verhaal wat Hy met sy skepping skryf. Beide is nie objektief kenbaar nie, en word deur die geloof deur die verskillende menslike outeurs tydens die terapiestorie in hulle storie ingeskryf. Hierdie proses vind op implisiete en eksplisiete wyse plaas"* (Kotzé &

Botha 1994:392). Oor die "objektiewe kenbaarheid" waarna hier verwys word, kan wel oor geredeneer word. Die openbaring word tog as objektief beskou, maar die ontmoeting van stories waarvan hier melding gemaak word sluit aan by hierdie navorser se voorstel vir 'n terapeutiese model (sien 1.6). Die metodologiese begronding vir die genoemde model word ook meer breedvoerig by 8.2.4 behandel.

1.3 STYLE VAN PASTORALE SORG, BERAAD EN TERAPIE

Na die voorafgaande verkenning van die vakgebied van die praktiese teologie word daar vervolgens aandag gegee aan enkele terapeutiese style wat uit die benaderings tot die vakgebied voortspruit.

In terme van die praktiese toepassing van pastorale sorg, beraad en terapie, is dit van belang om te verreken dat daar verskillende style aanwesig is. Daar bestaan dus geen eksklusief "Bybelse" benadering met betrekking tot sorg, berading of terapie nie – slegs verskillende style wat aanpas by die unieke teologiese oortuigings, tradisies en benaderings en wat met die beradingsproses bereik wil word. Die beradingstyl(e) word dus na gelang van behoefte geïntegreer met die eiesoortige teologiese en praktiese behoeftes binne 'n gemeente of gemeenskap (De Jongh-Van Arkel 2000:150).

Gedagtig aan die voorafgaande, sal daar vervolgens kortliks gelet word op die verskillende style wat in die ontwikkelingsgang van die praktiese teologie gemanifesteer het en tans deel vorm van die Kerk se prakties-teologiese erfenis.

Die opkoms en ontwikkeling van sielkundige teorie en psigoterapeutiese tegniek, verbandhoudend met die praktiese teologie, het gedurende die twintigste eeu die grootste beïnvloedingsfaktor met betrekking tot pastorale sorg en beraad/terapie verteenwoordig. Hierdie invloed was tweeledig van aard: Enersyds het dit die belang van pastorale sorg in teologiese opleiding beklemtoon, en andersyds het dit nie slegs die verskralende invloed van die teologiese verstaan van menslike lewe en dood versinnebeeld nie, maar ook alternatiewe vir die hantering van menslike nood en die verligting daarvan aangebied (Mills 1990:843).

Teoloë en/of akademici, soos Hiltner, Wise, Oates en Johnson het as leiers van hierdie tendens na vore getree. Mettertyd sou daar dermate erkenning aan die bydraes van hierdie individue verleen word, dat hulle allerweë as pioniers in die moderne ontwikkeling van pastorale sorg, beraad/terapie beskou word (Patton 1990:851).

Sedert die sewentigerjare van die vorige eeu, het daar egter mettertyd 'n kentering gekom in die prominente rol van die sielkunde vir pastorale sorg en beraad, soos geprojekteer deur die voorstanders daarvan, soos onder andere Hiltner en Oates. Daar is toenemend geglo dat pastorale sorg sy teologiese begronding verloor het, weens die té groot afhanklikheid van sielkundige dissiplines. In reaksie hierop, het individue soos Browning, Gerkin, Capps, Clinebell en Patton met teoretiese inisiatiewe na vore gekom, wat daarop gerig was om die bepalende rol van pastorale sorg rondom die heling van siele, gefundeerd binne die teologiese tradisie, in ere te herstel (Mills 1990:843-844), en om aan te pas by 'n snelveranderende sosiale omgewing (Gerkin 1986:41).

Dit sou egter 'n wanopvatting wees om hierdie nuwe inisiatiewe te tipeer as synde 'n negering te wees van die bydraes wat teoretici, soos Hiltner en Oates, as verteenwoordigers van die klinies-pastorale benadering, gelewer het. In baie opsigte is daar veeleerder sprake van 'n uitbreiding en klemverskuiwing, wat vervolgens duidelik sal blyk.

Browning (1985:6) het na vore gekom met die konsep van pastorale psigoterapie, wat 'n meer gespesialiseerde vorm van pastorale berading verteenwoordig. Anders as in die geval van Hiltner en Oates, is die plek van uitvoering byvoorbeeld nie tot die gemeente-konteks beperk nie, maar dit kan ook by 'n pastorale psigoterapeutiese sentrum bedryf word. Die psigoterapie word steeds as pastoraal beskou, omdat dit binne die morele en religieuse geloofskonteks van die Joods-Christelike tradisie realiseer.

Patton (1993:4-5) is van mening dat pastorale sorg tans elemente van die klassieke, klinies-pastorale en die heersende postmoderne kommunale kontekstuele benaderings moet insluit. In die praktyk sal dit impliseer dat daar met aandag na die boodskap geluister sal word, met inbegrip van die persone

wat die boodskap kommunikeer en ontvang, asook die kontekstuele betekenis wat die boodskap beïnvloed.

Aan die wortel van Clinebell (A holistic libration-growth model of pastoral care and counseling, 1984:48) se sisteem-georiënteerde holistiese groei-model, is die erkenning wat hy verleen aan die Joods-Christelike erfenis, as waardevolle bron vir die huidige kulturele verstaan van heelheid, binne 'n snel-veranderende sosiale konteks. In die woorde van Clinebell (Basic types of pastoral care and counseling,1984:28): *"Pastoral counselors and therapists need to strengthen their conceptual base and methodologies by drawing on the newer systems and growth-orientated psychotherapies."*

Wanneer Gerkin (1986:12-14) sy narratiewe hermeneutiese model vir praktiese teologie voorhou, stel hy dit baie duidelik dat dit 'n poging is om die praktyk van pastorale sorg te verplaas na die teologiese tradisie van waar dit ontspring het. Gerkin het dit beklemtoon dat hy geen intensie het om die bydraes van modernistiese teoretici, soos Hiltner en Oates, te ignoreer of te verskraal nie. Indien pastors gekonfronteer word met kliënte wat probleme ondervind rondom selfverwesenliking, sal die sielkundige verwysingsraamwerk steeds nuttig gebruik kan word om dié probleme aan te spreek. Die huidige omgewing van radikaal nuwe sosiale realiteit en kontekste vereis egter dat daar nuut gedink moet word oor die terrein van pastorale sorg.

Kenmerkend van Gerkin se narratiewe model, is onder andere die verskuiwing van die beradingsverhouding, vanaf die formele pastor/kliënt situasie (vergelyk Hiltner), na informele pastorale sorg in die gemeente en die omringende gemeenskap. Verder vind Gerkin (1986:19) ook aansluiting by Oates se sterk Christelike tradisie wanneer hy verwys na die belangrikheid van histories-Bybelse narratiewes wat vormend en rigtinggewend was vir die ontwikkeling van die Christelike pastorale tradisie.

Capps (1998:8) vind aansluiting by Gerkin wanneer hy in sy beskouing die aktiwiteit van storie-vertelling koppel aan die beginsels van korttermyn-terapie *("brief therapy")*, binne die raamwerk van 'n pastorale beradingsproses, wat gevorm word na gelang van die gemeentelike konteks waarbinne dit plaasvind.

Daar was dus 'n stadium in die ontwikkeling van die praktiese teologie dat langtermyn terapie die basis van pastorale berading gevorm het. Nuwe teorieë, metodes en perspektiewe wat korttermyn benaderings onderskryf, het egter mettertyd na vore getree. Dit impliseer egter nie dat lang(er) termyn berading onbelangrik geword het nie – inteendeel sy plek en rol is steeds onbetwisbaar. Daar is slegs sekere korttermyn perspektiewe wat nouer aansluit by die gemeentelikgerigte vorm van pastorale berading, byvoorbeeld die *"Solution-focused therapy"* van Berg en de Shazer (De Jongh-Van Arkel 2000:160).

Enige effektiewe metode van berading en/of terapie is gebaseer op bepaalde terapeutiese beginsels, wat die konteks konstrueer waarbinne terapie kan plaasvind. Terapie en/of berading kan dus nooit slegs die aanwending van 'n tegniek of model impliseer nie. Die volgende terapeutiese beginsels is saakmakend:

- Die noodsaak van 'n verhouding tussen terapeut en kliënt.
- Die teenwoordigheid van 'n werksalliansie tussen kliënt en terapeut.
- Die strukturering van terapie aan die hand van 'n groter/breër struktuur van aannames, oortuigings, norme en religieuse perspektiewe.
- 'n Grondige verstaan van multikulturisme en diversiteit.

Gerard Egan se "*The Skilled Helper: a problem management approach to helping"*, reflekteer grootliks die terapeutiese beginsels soos bó vermeld (De Jongh-Van Arkel 2000:216).

In die geheel gesien, is dit dus duidelik dat die bydraes wat deur modernistiese teoretici, soos Hiltner en Oates, gelewer is, nie deur eietydse teoloë en teoretici oor die hoof gesien word nie. Inteendeel, dit is stewig ingebed in die Kerk se praktiese teologiese erfenis. Gevolglik sentreer wetenskaplike navorsing in pastorale sorg, beraad en terapie tans rondom 'n teologiese wêreldbeskouing, terwyl daar terselfdertyd gepoog word om sinvol op die eise van 'n snelveranderende sosiale milieu te reageer (Mills 1990:844).

1.4 POSISIONERING

Nadat die landskap van die praktiese teologie verken, epistemologiese alternatiewe in oorweging geneem en enkele style vir die beoefening van

pastorale beraad/terapie in oënskou geneem is, word die keuses van hierdie navorser ten opsigte van posisionering binne die vakgebied kortliks uiteengesit.

1.4.1 Paradigmakeuse

Die gereformeerde teologie, in die meer tradisionele sin, word as die paradigma waarbinne hierdie navorsingstuk aangepak word, gekies. Die gereformeerde siening oor God, die mens, sonde en verlossing (soos ook in gereformeerde belydenisskrifte weergegee) vorm die denkraamwerk waarbinne daar oor die pastorale terapie gedink word. Daarom word ook aandag aan Skriftuurlike fundering vir standpunte gegee. Die afstand tussen hierdie uitgangspunt en dié van postmoderne denkers word sigbaar as navorsers, soos Becvar en Becvar (1996:351) die *"Fall and Redemption theology"* benoem as een van die *"conceptual pathologies!"* Terwyl hier van die gereformeerde teologie as uitgangspunt gepraat word, moet daar gevolglik sterk klem op die verbond gelê word. Die verbond, tesame met die uitverkiesing, kan as die sentrale temas van gereformeerde denke aangedui word, in die lig waarvan ander begrippe soos geloof, verlossing en heiligmaking ge-eksposeer word. Daarom noem Janse van Rensburg (1996:154) dit 'n *"allesinsluitende Skrif- en teologiese beginsel."* Dat God immer die inisieerder en instandhouer van hierdie verbond is, bevestig en versterk dit die appél tot Godsvertroue by die mens en fasiliteer dit uiteindelik heil en heling. Die belangrikheid van die verbond kan dus nie oorbeklemtoon word nie. Natuurlik is daar binne die gekose paradigma epistemologiese ruimte vir insigte uit alle ander wetenskappe want in 'n gereformeerde denkraamwerk word daar erken dat alle waarheid God s'n is.

Die gereformeerde teologie (en die Calvinisme) is hedendaags uit baie oorde onder skoot as synde inhiberend, onderdrukkend, rigied en eng te wees en dat dit fungeer as 'n bakermat vir konserwatisme. So lewer Ferreira (2000:19 en 34) byvoorbeeld krities kommentaar op behoudende predikante se Skrifbeskouing en die verhouding tussen God en mens as die verhouding tussen 'n Vader en 'n (onvolwasse?) kind. Sy vra dat elke "Afrikanergelowige" breër oor al die basiese konsepte van ons geloof sal dink. Natuurlik moet

toegegee word dat die Kerk in die *praktyk* vele foute gemaak het en steeds maak, maar feit bly dat die gereformeerde teologie in sy diepste essensie juis bevrydend is (Jonker 1994:170), groei fasiliteer en liefde, genade en vergifnis anker in 'n Godsbeskouing wat, sover menslik moontlik, die geopenbaarde waarheid oor God weergee. Om hierdie redes kies hierdie navorser dié belydenisbasis as die vertrekpunt vir die beoefening van alle teologie en dus ook vir die praktiese teologie en pastorale terapie.

Benewens bogenoemde is daar vir hierdie navorser ook 'n deurslaggewende gewetensmotief vir die keuse van die genoemde paradigma. Dié motief lê in die aflegging van 'n legitimasie-eed en onderskrywing van belydenisskrifte wat gewigtige implikasies van vereenselwiging en oortuiging meebring. Dit is daarom, gegewe die beginsels van akademiese vryheid, teleurstellend om op te merk dat individue, wat dieselfde oortuigings gedeel het, dikwels baie ligtelik daarmee blyk om te gaan. Terselfdertyd is dit nodig om daarop te wys dat die gekose denkraamwerk nie 'n bekrompe fundamentalisme of biblisisme impliseer en die gereformeerde teoloog dwing om, byvoorbeeld net kerugmaties of nouteties in die terapeutiese arbeid te werk te gaan nie.

1.4.2 Epistemologiese keuse

Die keuse vir die gereformeerde teologie as paradigma noop hierdie navorser om gevolglik vir 'n deduktiewe epistemologie, wat op openbaringsteologie berus, te kies en gevolglik 'n diakoniologiese aanpak tot sy navorsing te hê. Oor die openbaring, die Skrif en Skrifgesag word meer breedvoerig in hoofstuk 4, waar die vadermetafoor bespreek word, gehandel. Dit is onnodig om die genoemde bespreking hier vooruit te loop. Dit is genoegsaam om te sê dat die grondwaarhede, riglyne en beginsels vir die pastoraat uit die Skrif se verkondiging oor die verhouding tussen God en mens afgelei word. Ten opsigte van tegniek, vaardigheid en effektiwiteit kan daar uit 'n veelvoud van bronne geleer word in soverre dit nie die genoemde beginsels negeer nie. *Dit is dus 'n diakoniologies-integrerende aanpak.* Indien hierdie werkswyse as fundamentalisties gekritiseer word, kan bygevoeg word dat daar wel na 'n gebalanseerde en verantwoordbare teorie en praktyk gestreef word. Vandaar die ondersteuning van Louw se konvergensie model wat vroeër genoem is. Dat

daar besonder geldige en nuttige insigte uit haas elke ander denkraamwerk na vore kan kom, word spanningloos aanvaar en weerspieël in die terapeutiese model wat aan die hand gedoen word.

1.5 HIPOTESESTELLING, NAVORSINGVERMOEDENS EN DOELWITSTELLING

1.5.1 Hipotesestelling

Terwyl angsversteurings op die terreine van ander vakdissiplines, soos die psigiatrie, duidelik gekategoriseer is en daar 'n veelvoud van psigoterapeutiese en farmakologiese terapieë bestaan, blyk daar 'n leemte te wees ten opsigte van 'n duidelike omlynde pastoraal-terapeutiese praktykteorie en terapie aan persone met sekere angsversteurings. Dit wil voorkom asof daar 'n wedersydse beïnvloeding tussen hierdie versteurings enersyds, en geloofsbelewing en huweliks- en gesinsfunksionering andersyds, aanwesig is. Belangstelling in die onderwerp onder bespreking het ontstaan uit waarneming tydens pastorale werk in die gemeentelike bediening oor byna twee dekades, asook spreekkamerwerk vir meer as vier jaar, sowel as aannames wat deur outeurs van nie-akademiese Christelike literatuur gemaak is. Hierdie aannames stel 'n direkte verband tussen die vorming van die vaderbeeld en Godsbeeld van 'n persoon (McClung 1985:21-31), en heg groot waarde aan die rol van die vader in gesonde opvoeding (McDowel 1996:17-22). Wat pastorale en spreekkamerwerk betref, is daar bemerk dat 'n vraag soos "*vertel my van jou pa*" dikwels 'n hermeneutiese sleutel tot die ontknoping van 'n angstoestand gegee het. Die bogenoemde vraag na die vader kan ook dikwels deur die gebruik van 'n geneagram vergemaklik word. Belangstelling in die onderwerp is verder gestimuleer deur "diagnostiese" voorstelle vir die bepaling van 'n kliënt se Godsbeeld (Louw 1993:305-310).

1.5.2 Navorsingsvermoedens

Die vermoede bestaan by die navorser dat daar 'n oorsaaklike verband aanwesig is tussen sekere angsversteurings (waarskynlik veral veralgemeende angsversteuring) enersyds, en die versteurde vader- en Godsbeeld van die kliënt, andersyds. Hierdie verband manifesteer by die volwassene in 'n

diepliggende eksistensiële sekuriteitsgebrek wat angsversteurings in die hand werk. Verdere vermoedens wat hierby aansluit, kan as volg opgesom word:

- ‘n Kwaai, wrede of onredelike vader kan daartoe aanleiding gee dat die kliënt se vrees vir straf nie alleen spanning in die hand werk nie, maar ook ‘n immerteenwoordige vrees dat hy/sy verkeerde besluite sal neem wat die gramskap van God tot gevolg sal hê.

- Iemand wat ‘n besonder kritiese vader gehad het, mag soortgelyke onsekerheid as wat hierbo genoem is ervaar, en dit kan veralgemeende angs versterk. Vergifnis mag ook moeilik aanvaar word.

- Die afwesige vader - veral in deurslaggewende momente in die persoon se lewe - kan, net soos met die onbetroubare vader, ‘n onvermoë in die hand werk om God te vertrou. Vertroue mag dan óf na ‘n ander persoon, óf die self verplaas word, of daar mag ‘n wantrouige of gebrekkige selfvertroue ontstaan wat angs in die hand kan werk.

- Indien iemand ‘n oorbeskermende vader gehad het, mag die persoon gevolglik nie genoegsame selfstandigheid ontwikkel nie, en kan dit tot ‘n afhanklikheidsgevoel of gebrekkige waaghouding aanleiding gee, waar ‘n gebrek aan sekuriteit andermaal tot angs mag lei.

- Die vermoede bestaan dat vaderafwesigheid ‘n aanleidende faktor tot die ontwikkeling van gevoelens van eksistensiële insekuriteit mag wees, en dat laasgenoemde gunstige omstandighede vir die ontwikkeling van veralgemeende angsversteuring sal skep.

- Daar word verder vermoed dat die ontdekking van God as vader, wat in ‘n herskryfde verhaal van die individu as ‘n plaasvervangende vaderfiguur geïntegreer word, ‘n helende effek op die verskynsel van veralgemeende angsversteuring sal hê.

Indien die vaders in hierdie gevalle ook streng godsdienstig is en groot klem op straf en oortreding lê, word die Godsbeeld van die individu nog verder gekompliseer en word die evangelie en gevolglike verhouding met God moeiliker om te internaliseer. Die inverse, naamlik 'n permissiewe vader, bring egter ook 'n onrealistiese Godskonsep mee, aangesien berou en die opname van verantwoordelikheid daardeur geïnhibeer word.

Daar bestaan 'n groot aantal variasies op bogenoemde temas, maar die strekking van die navorsingsfokus behoort daaruit sigbaar te word. *Met die bovermelde vermoedens word ook nie daarop aanspraak gemaak dat die voorkoms van veralgemeende angsversteuring (of ander angstoestande) hoofsaaklik aan die vermoedelike sekuriteitsgebrek toe te skryf is nie, maar dat dit as 'n moontlike oorsaaklike of bydraende faktor in ag geneem en terapeuties aangespreek kan word.* Daar word ook toegegee dat die genoemde hipotese by die leerteoretiese verklaringsmodel in die psigologie aansluit. (Vanuit 'n leerteoretiese benadering word veral kognitiewe terapeutiese ingrepe bepleit). Desnieteenstaande wil hierdie navorser 'n breër spektrum van terapeutiese moontlikhede, wat ook die narratiewe en hermeneutiese aanpak insluit, ondersoek maar met 'n kognitiewe element wat sentreer rondom die Skriftuurlike en teologiese inhoud. Terselfdertyd wil die navorser ook 'n multidissiplinêre werkswyse ondersteun, sodat farmakoterapie en psigoterapie (soos byvoorbeeld visualisering), in samewerking met die pastorale terapeut aangepak kan word.

'n Verdere vermoede, wat in 'n implikatiewe verhouding tot die bogenoemde staan, kom ter sprake. Indien 'n individu se vader- en/of Godsbeeld sodanig versteurd is, weens uiters getraumatiseerde kinderdae of ander redes, kan dit blyk dat terapie wat op die vader- en Godskonsepte konsentreer vir so iemand onhanteerbaar word. Sodanige vermoede sou dan impliseer dat die pastorale terapie, met dieselfde paradigma, epistemologie en model, kan fokus op die Christologie, met klem op die *middelaarskap* van Christus, en verder ook fokus op die pneumatologie met die klem op die *parakletiese teenwoordigheid* van die Gees. Dieselfde aanpak en werkswyses as wat by die eerste hipotese in die spel sou kom, bly onveranderd. Só 'n werkswyse sal teologies verantwoordbaar wees, vanweë die *drie-enigheid* van God waarin Jesus en die Gees, net soos

die Vader, persone is met wie daar in 'n verhouding gestaan kan word. Die kliënt kan begelei word om die sekuriteitsgebrek te oorkom deur 'n gunstige en realistiese konsep van die Broer (Hebreërs 2:11 en 17), eerder as die Vader, te vorm.

Die laasgenoemde vermoede vorm nie die objek van die huidige navorsing nie, maar veronderstel dat dieselfde uitgangspunte daarop van toepassing gemaak kan word.

1.5.3 Doelwitstelling

Die doel van die studie is om die geldigheid van die voorafgaande hipotese en vermoedens te ondersoek, en tentatiewe pastoraal-terapeutiese werkswyses voor te stel. Deel van hierdie pastoraal-terapeutiese werk sluit die ontwikkeling van 'n werkbare terapeutiese model vir terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring in. Hiermee sal 'n bydrae tot die praktiese-teologiese vakliteratuur rakende pastorale terapie aan persone met sekere angsversteurings gemaak word, en hopelik tot verdere navorsing, wat tot voordeel van die breë gemeenskap sal strek, aanleiding gee.

1.6 ONTWERP VIR 'N TERAPEUTIESE MODEL

Die toepassing van die bostaande uiteensetting vergestalt nou in die keuse van 'n model vir pastorale terapie aan persone met angsversteurings. Dit is in essensie 'n *ontmoetingsmodel* wat veronderstel dat in die pastoraal-terapeutiese proses daar 'n ontmoeting met die Vader sal geskied. Hierdie ontmoeting kan 'n aantal hoofmomente hê wat hieronder aangetoon word en by die hipotesestelling wat by 1.5.1 aangedui is, inpas**.** (Hierdie momente asook die konstitutiërende elemente daarvan word breedvoerig in hoofstuk 9 by 9.2 bespreek).

- **Voorstelling:** Die individu stel hom/haar in die situasie van nood voor deur sy/haar verhaal en die terapeut reageer hermeneuties op hierdie verhaal.

- **Leer ken:** Hierdie moment vergestalt in die hermeneuse van die Groot Storie oor die Vader soos dit van toepassing word op die kliënt.

- **Liefkry:** Die subjektivisering of toe-eiening van die implikasies van God se vaderskap in elke aspek van die individu se lewe (en dus ook sy/haar angs).

- **Voortleef:** In die lig van 'n nuut-ontdekte verhouding met die Vader, maak die kliënt aanpassings in sy/haar dominante verhaal sodat sinvol voortgeleef kan word.

Ten einde die ontmoetingsgebeure te fasiliteer, word daar op 'n verantwoordelike *eklekties-pragmatiese* werkswyse besluit sodat daar met vrymoedigheid uit 'n veelvoud van tegnieke (soos byvoorbeeld visualisering), vorme van terapie en gesprekstyle geput kan word. *Oorvereenvoudig gestel: Die pastorale terapeut begeer dat die kliënt se storie en God se storie in die terapeutiese gebeure sal ontmoet, sinchroniseer en vervleg, tot heil van die individu en tot die eer van God.*

Met inagneming van die epistemologiese keuse wat by 1.4.2 aangedui is, kan die aard van die betrokke model as 'n *diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel vir pastorale terapie* aangedui word. In hoofstuk 9 word die praktiese toepassing van die model ondersoek.

1.7 METODOLOGIE EN SAMESTELLING VAN STUDIE

1.7.1 Ondersoek vanuit verskeie invalshoeke

Die ondersoek na pastorale terapie vanuit die vadermetafoor aan persone met veralgemeende angsversteuring, word in hierdie navorsingstuk vanuit drie invalshoeke gedoen. Die eerste invalshoek behels insigte uit die gedragswetenskappe. Om hierdie rede word daar in hoofstukke 2 en 3 'n verkenning van die terrein van angsversteurings en veralgemeende angsversteuring gedoen. Die tweede invalshoek behels die terrein van die teologie wat in hoofstukke 4, 5 en 6 aan die orde kom. Vir hierdie hoofstukke

is daar van 'n literatuurstudie gebruikgemaak. Die waarde van sodanige studie is veral daarin geleë dat bestaande teorieë en konsepte, wat as vertrekpunte kan dien om nuwe beginsels te genereer, met vrug benut kan word.

By hoofstuk 7 word gepoog om 'n sintese te vorm tussen insigte wat uit die eerste twee invalshoeke na vore kom en die oorsaaklike verband tussen vader- en Godsbeeld enersyds, en veralgemeende angsversteuring andersyds, te ondersoek. 'n Literatuurstudie is ook by die hierdie hoofstuk aangewend. 'n Derde invalshoek word deur hoofstuk 8 en 9 verteenwoordig aangesien hier, benewens literatuurstudie ook 'n fenomenologiese ondersoek gedoen word, aan die hand van 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie, deur middel van 'n narratiewe proses. Die metodologiese begronding vir die gebruik van sodanige enkelgevalstudie word in hoofstuk 8 aangespreek, en die narratiewe proses kom in hoofstuk 9 aan die orde. Bevindinge word dan in hoofstuk 10 weergegee.

Die bogenoemde hoofstukindeling wat op die volgende bladsy grafies voorgestel word, is as volg:

Hoofstuk 1: Verkenning van die terrein van die praktiese teologie.

- **Invalshoek 1**

  Gedragswetenskaplike ondersoek


  Hoofstuk 2: Verkenning van die terrein van angsversteurings, met verwysing na die nut van sodanige verkenning vir die pastorale terapeut. Hierdie verkenning impliseer egter nie 'n keuse vir 'n modernistiese werkswyse nie. Soos by 8.2.4 genoem word, moet angsverwante gedrag egter op die een of ander wyse *benoem* word. Dit is verder ook van nut aangesien die pastorale terapeut hom-/haarself in 'n multidissiplinêre omgewing mag bevind waar ander kundiges vanuit 'n modernistiese paradigma werk.

  Hoofstuk 3: Veralgemeende angsversteuring word van naderby in oënskou geneem, sodat insigte wat relevant vir hierdie navorsingstuk is, aangedui kan word.

- **Invalshoek 2**

  Teologiese ondersoek

  Hoofstuk 4: Die vadermetafoor, soos dit in die Skrif met betrekking tot verwysing na God aangetref word, word ondersoek en die implikasies daarvan vir hierdie navorsingstuk word aangetoon.



Grafiese voorstelling van die diskoers van hierdie navorsingstuk

Hoofstuk 5: Feministiese kommentaar op die gebruik van die vadermetafoor word ondersoek, en kennis geneem van noodsaaklike korreksies op die gebruik van die metafoor.

Hoofstuk 6: ‘n Kort ontleding van die basisteoretiese en praktykteoretiese oorwegings vir Skrifgebruik by pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring, asook ‘n aanduiding van die Skriftuurlike imperatief tot geloof, te midde van bedreiging of oënskynlike katastrofe.

- **Sintese**

  Hoofstuk 7: ‘n Sintese tussen insigte uit die eerste twee invalshoeke, veral met betrekking tot die oorsaaklike verband tussen vader- en/of Godsbeeld en veralgemeende angsversteuring.

- **Invalshoek 3**

  Fenomenologiese ondersoek

  Hoofstuk 8: Die metodologiese begronding vir die posisie van ‘n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel vir pastorale terapie.

  Hoofstuk 9: ‘n Ondersoek na die aanwending van bogenoemde model in ‘n praktiese situasie aan die hand van ‘n narratiewe proses.

- **Bevindinge**

  Hoofstuk 10: Bevindinge ter ondersteuning van die hipotesestelling en navorsingsvermoedens soos uit die ondersoeke vanuit die drie invalshoeke verkry is.

1.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die speelveld waarop die praktiese teologie opereer, sowel as die spelreëls waarbinne denkarbeid en praktyk bedryf word, is nou vasgestel. Uit die voorafgaande verkenning is dit duidelik dat die vakgebied ‘n lewende en relevante dissipline in die spektrum van teologiese wetenskap is. Net soos die bibliologiese vakke en die dogmatiek, wat inhoudelike gestalte aan die leer en lewe van die Christelike gemeenskap gee, is die taak van die praktiese teologie om aan die koms van daardie inhoud op die alledaagse lewe van die kerk en die samelewing gestalte te gee. ‘n Mens sou selfs van die vakgebied as “toegepaste teologie” kon praat, maar dit sou die dissipline van sy selfstandigheid ontneem.

Uit die weergawe van die verskeie benaderings tot die vakgebied, is dit duidelik dat die beoefenaars daarvan eerlik poog om die omvangrykheid van die syn van die partye wat onder die loep kom, naamlik God en die mens in sy leefwêreld, op 'n verantwoordelike wyse by mekaar te betrek. Dit word ook duidelik dat ons almal, desnieteenstaande ons akademiese arbeid, steeds net ten dele ken. Vandaar die feit dat daar uit haas elke benadering nuttige insigte na vore kom.

Daar mag egter gekonkludeer word dat binne die kompleksiteit van hierdie, en verwante, vakgebiede dit verantwoordbaar is, om vanuit 'n diakoniologiese vertrekpunt te werk. Na die mening van hierdie navorser is hierdie keuse imperatief omdat, met die openbaring as verwysingsbron, daar 'n grondslag gelê word vir die interaksie met die gedrags- en ander wetenskappe. Die keuse vir 'n ontmoetingsmodel is ook met die Skrif te rym, omdat die term *openbaring* juis toon dat God homself aan die mens voorgestel het en as inisieerder van hierdie daad begerig is om met die mens in sy wêreld, nood en omstandighede te ontmoet, en 'n blywende heilbrengende verhouding tot stand te bring. Daar kan nou voortgegaan word om die onderwerp van hierdie navorsingstuk deeglik onder die soeklig te plaas.

ANGS AS FENOMEEN EN VERSTEURING

Anxiety is the poison of human life;
the parent of many sins and of more miseries.
- **Hugh Blair**

2.1 INLEIDING

Wanneer 'n navorser poog om oor die verskynsel van angs te skryf, word hy/sy uit die staanspoor oorweldig deur die feit dat daar uit soveel gesigshoeke na die onderwerp gekyk kan word, en dat daar vanuit elke hoek reeds 'n magdom literatuur bestaan. Daar sou vanuit die letterkunde, die sosiale wetenskappe, sosiologie, die sielkunde, politieke wetenskap, die medisyne, filosofie en teologie 'n groot hoeveelheid inligting versamel kon word. Daar moet egter binne die skopus van die betrokke navorsingsterrein gebly word. Daarom word in hierdie hoofstuk eerstens 'n kort "steekproef" gemaak ten opsigte van filosofiese interpretasies van die fenomeen van angs en daarná word oorsigtelik gehandel oor interpretasies vanuit die sielkunde. Hierdie en die volgende hoofstuk vorm die eerste invalshoek (sien 1.7.1) waaruit die ondersoek vir hierdie navorsingstuk geloods word. Simptomatologie kom ook aan die orde. Die doel hiermee is om angs as fenomeen en versteuring in fokus te plaas binne die konteks van die pastorale terapie. Hoofstuk 3 handel meer breedvoerig oor veralgemeende angsversteuring.

Die feit dat hier op 'n tipies modernistiese wyse na angsversteurings verwys word en van terme vanuit die psigopatologie gebruik gemaak word, impliseer nie dat hier vir 'n modernistiese werkswyse gekies word nie. Soos by 1.7.1 genoem word, geskied hierdie oefening ten einde 'n verkenning van die terrein van angsversteurings te doen. Die landskap van angsbelewenis moet op die een of ander wyse beskryf word. Aangesien daar in postmoderne benaderings wegbeweeg word van empiriese definisies, is daar in hierdie denkkader nie 'n samehangende "katalogisering" van angsversteurings nie. Aangesien die terrein van bekweldheid wat in hierdie navorsingstuk bestryk word wel omskryf moet word, word hier van terme en omskrywings uit die psigopatologie gebruik gemaak. In hoofstuk 8 (sien 8.2.4) word die metodologiese begronding vir die

gelyktydige gebruik van bogenoemde vorm van definiëring in 'n narratiewe werkswyse binne 'n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel gedoen.

2.2 FILOSOFIESE INTERPRETASIES

In die sewentiende eeu het Spinoza (Urmson 1976:271) vanuit 'n matematies-rasionele lewensbeskouing kommentaar op emosionele verskynsels gelewer. Hoewel hy nie oor die probleem van angs ("*anxiety*") as sodanig skryf nie, figureer die verskynsel van vrees wel in sy geskrifte as in jukstaposisie met hoop. Hy betoog dat vrees en hoop gelyktydig aanwesig is - vrees word gedefinieer as die "onsekere pyn" wat spruit uit die gedagte dat iets weersinwekkend mag gebeur en hoop as die "onsekere genot" dat die goeie waarvoor ons wens wel sal gebeur. Sy antwoord op vrees lê daarin dat dit aan die rede onderwerp moet word (May 1977:27-28).

'n Mens sou kon vra of daar in hierdie redenasie nie reeds vae spore van die rasioneel-emotiewe gedragsterapie van Ellis te bespeur is nie!

Pascal, 'n tydgenoot van Spinoza, en eminente Franse wiskundige en teoloog, het hom van die rasionalistiese denke van sy tyd onderskei en die reëls waaraan menslike gedrag toegeskryf word, eerder gewyt aan toeval en waarskynlikhede (May 1977:29). Dit is interessant om daarvan kennis te neem dat hy in 1654 'n diepgaande bekering beleef het en hom by die Janseniste, 'n Augustiniese beweging (Ferguson & Wright 1988:63), aangesluit het. Sy "*Pensées",* wat na sy dood verskyn het, konsentreer op die redelikheid van geloof (Urmson 1976:211). Dit blyk dus dat hy tog ook die rede as sodanig nie verwerp het nie. Hy spreek wel sy twyfel uit oor die vermoë van die rede om sekerheid te verskaf. Juis sy twyfel in die alleen-deugde van die rede, het hom sensitief gemaak vir die verskynsel van angs. Pascal skryf angs toe aan die besef van die mens se onbeduidendheid op die skaal van die ewigheid en die heelal: In hierdie verband vertaal May (1977:29-30), Pascal se siening soos volg: *"On beholding the blindness and misery of man. On seeing all the universe dumb, and man without light, let to himself, as it were, astray in this corner of the universe, knowing not who has sent him there, what he is here for, or what will become of him when he dies, incapable of all knowledge, I begin to be afraid, as a man who has been carried while asleep to a fearful*

desert island, and who will wake not knowing where he is and without any means of quitting the island. And thus I marvel that people are not seized with despair at such a miserable condition."

Die negentiende eeu sien die opkoms van gediversifiseerde wetenskappe en 'n "kompartementalisering" van die samelewing. Wat die sielkundige bestaan van die mens betref, vind daar 'n skeiding tussen die rede en emosie plaas. Die gevolg hiervan word deur May (1977:34) as volg verwoord: *"In view of this disunity, it is not surprising that anxiety should have emerged as an unavoidable problem in the nineteenth century."*

'n Oorsig oor die filosofiese interpretasies van angs sou onvolledig wees sonder 'n verwysing na Kierkegaard, die negentiende eeuse eksistensialistiese filosoof, letterkundige en teoloog. In 1844 publiseer Kierkegaard, "*The Concept of Dread"* (Die Duitse woord "*angs*t" word hier met *"dread"* eerder as *"anxiety"* vertaal), waarin hy postuleer dat angs altyd gerig is op moontlikheid en vryheid – dat die menslike gees onafgebroke na laasgenoemde voortstu. Neurotiese angs is die gevolg van 'n onvermoë om na moontlikheid en vryheid voort te beweeg (May 1977:38). Hierdie gedagte van Kierkegaard impliseer dus ook 'n gekluisterdheid, gevangenskap of benoudheid, waaruit angs gebore word, wat as stukrag vir die strewe na vryheid dien.

Sonder om die bevindinge van hierdie navorsing vooruit te loop, is dit tydig om hier 'n afleiding te maak uit wat in die literatuur oor angs na vore kom: Angs, vanuit watter gesigshoek ook al beskou, of in watter terme verwoord, handel by die laaste analise oor konflik, vrees, onvryheid en 'n worsteling om sekuriteit. Dit sal mettertyd aangetoon word dat angs wesenlik te make het met 'n diepliggende sekuriteitsgebrek. Hierdie navorsingstuk het ten doel om uiteindelik aan te toon dat die genoemde sekuriteitsgebrek pastoraal aangespreek kan word, en dat 'n groot komponent daarvan uiteindelik kousaal gekoppel kan word aan die afwesigheid van 'n konstruktiewe vader- en Godsbeeld. Wat hierdie stelling betref, word daar noue aansluiting gevind by Van Dijk (1971) se werk, "*Angst en moed: een pastorale handreiking*." Hiermee verskuif die gesprek na die teologie en hoewel daar in hoofstukke 4, 5

en 6 van hierdie navorsingstuk dogmatologiese insette gelewer word, word Van Dijk se bydrae hier kortliks weergegee.

2.3 TEOLOGIESE VERKLARINGSPOGINGS – 'N VOORBEELD

Van Dijk (1971:69) lê sterk klem op die begrip "sekuriteitsgebrek" en skryf: *"…zakelijk hoort daar nog bij het verschijnsel dat wij kunnen aanduiden als behoefte aan zekerheid. Ieder mens heeft behoefte aan zekerheid. Deze behoefte zou hij niet hebben als hij niet door een gevoel van onzekerheid werd gekweld, een gevoel dat wij zonder overdrijving als angst kunnen kwalificeren."*

Hy brei enigsins hierop uit deur die sekuriteitsgebrek verder as "vervreemding" te verduidelik. Hy noem ons "*kleine angste*" die produk van ons vervreemding van mekaar en ons "*grote angste*" die produk van ons vervreemding van God, met die duidelike implikasie dat laasgenoemde ook die oorsaak van ons vervreemding van mekaar is (Van Dijk 1971:9). Die vervreemding word dus deur God self oorbrug: *"Angst in betrekking tot God – Hij laat ons in de steek, Hij is dood, Hij is er niet meer, we kunnen Hem niet vasthouden – verandert in moed. Hij is er weer – Jahwé betekent: ' Ik zal er zijn' – en verlaat ons niet. Wij kunnen met deze Vreemdeling omgaan. Hij liep met ons mee onderweg, plotseling zagen we wie Hij was. Hij is een Vriend die we alles kunnen zeggen. Hij wil deelgenoot zijn van de last die we dragen. Hij is in al onze benauwdheden mede benauwd. 'Was ik niet bij u in het schip?' We zijn niet langer alleen. Angst voor Hem die ons alleen maar becritiseert als een op het doek van het oneindige geprojecteerde strenge vader, angst voor zijn alziend oog, maakt plaats voor moed die weet dat Hij alles vergeeft. Waar Zijn oog ons ziet 'wordt de nacht dag, de duistenis wordt licht'. Wij verdringen Sijn beeld niet – dat maakt de angst steeds erger, de duisternis ondoordringbaar, de mist dichter – maar retoucheren."*

Die laaste hoofstuk van sy boek handel oor die Onse Vader en sê Van Dijk (1971:76) oor dié gebed: *"Elk van die beden van de 'Onze Vader' heeft tot agtergrond angst en tot bedoeling dat wij moed zullen vatten."* Hiermee voer hy die leser tot die insig dat die antwoord op ons angs by die Vader lê. By hierdie stelling sal daar in hierdie navorsingstuk sterk aangesluit word en sal

veral die opmerkings van Louw oor vader- en Godskonsepte aandag geniet (Louw 1993:326-235).

Die feit dat denkers uit verskillende dissiplines deur die eeue heen aandag gegee het aan die verskynsel van angs as fenomeen en versteuring, is insigself betekenisvol. Dit onderstreep die noodsaaklikheid daarvan dat dit in die diakoniologie, en spesifiek op die terrein van die pastorale terapie, op die agenda sal wees. Trouens, die voorafgaande toon aan dat filosofiese en teologiese aandag wat aan die verskynsel van angs gegee word daarvan getuig dat dit ten diepste met die eksistensie, en eksistensiële vrae, van die mens te doen het. Die pastorale terapeut moet daarom bedag wees op die feit dat in die begeleiding van persone wat met 'n angsversteuring saamleef, dit uiteindelik om diep eksistensiële kwessies gaan. Hierdie feit kom meer breedvoerig in hoofstuk 7 aan die orde.

2.4 POSTMODERNE BENADERINGS

In die meer onlangse verlede, veral tydens die laaste helfte van die twintigste eeu het daar, vanweë die paradigmaverskuiwing vanaf 'n Newtoniaanse of meganistiese denkwyse na 'n postmoderne en meer holistiese denkwyse, ander benaderings tot psigoterapie na vore getree. Vervolgens word hier van drie sulke benaderings melding gemaak, naamlik die:

- sistemiese,
- narratiewe,
- en die sosiaal-konstruktivistiese benadering.

Terwyl daar verskeie nuanses van bogenoemde benaderings bestaan, word hier oorsigtelik gekyk na die hooftrekke van elk van hierdie benaderings. Die ontwikkeling van elke benadering en bespreking van die eksponente daarvan val nie binne die skopus van hierdie navorsingstuk nie, aangesien dit die grens na die terrein van die wetenskapsfilosofie sou oorsteek. Shawver (2000:8) se opmerking bied egter 'n netjiese samevatting van die postmoderne denkwyse: *"Postmodernism is the new philosophy for the skeptical. Postmoderns are those people who have begun to doubt the authors who seemed to have all the*

answers, the authors who seem to have everything wrapped up with a complete store of how things are and how they should be."

2.4.1 Die sistemiese benadering

Die sisteemteorie berus op die kubernetiek. Laasgenoemde term is meer as 'n honderd jaar gelede deur Ampére gebruik (Wiener 1969:598) en volgens Becvar en Becvar (1996:15) teen die veertigjare van die twintigste eeu deur Wiener in meer algemene gebruik gebring. Dit kan omskryf word as die wetenskap van kontrole van sisteme deur middel van inligting. Daar is interaksie tussen sisteme en die terugvoer van inligting. Sodoende word 'n selfkontrolerende beheersiklus gevestig. Die sisteem vorm 'n geheel en bestaan uit verskillende subsisteme wat voortdurend met mekaar in interaksie is en mekaar beïnvloed. Die sisteem streef voortdurend na 'n ekwilibrium. Hierdie teorie kan van toepassing gemaak word op die individu, gesinne en groter netwerke (in die volgende paragrawe word van 'n aantal aanhalings gebruik gemaak aangesien dit begrippe bondig formuleer).

Die mees opvallende kenmerk van sistemiese denke is die wegbeweeg vanaf liniêre denke van oorsaak/gevolg asook diagnosering of *"labeling"* van individue. Friedman (1985:16) pas die sisteemteorie as volg op gesinsterapie toe: *"In other words, the 'sick' part does not have to be removed or corrected if other components in the system can be made to function differently or to change their relationships with one another. In such a view, 'sick' becomes a matter of definition rather than essence. The characterization of 'sick' depends less on the nature of the dysfunctional element and more on how the whole of which it is a part is functioning, as well as how that whole responds to its own 'ill' member."*

Gevolglik sal daar in gesinsterapie deur 'n sistemiese terapeut hoogstens van 'n *"identified patient"* gepraat word om daardeur te kenne te gee dat die individu se "probleem" met die sisteem verband hou. Hierdie sisteem kan "patologies" wees, in die sin dat dit byvoorbeeld die individu se selfdifferensiasie belemmer, of dat emosionele driehoeke bestaan wat vir hom/haar nadelig is.

Die sisteemteorie vind wye toepassing op terapeutiese terrein en dus ook in die pastorale terapie. Wat die relevansie daarvan vir die onderwerp van hierdie navorsingstuk betref, kan die volgende opmerkings gemaak word:

- In die psigologiese benaderings tot angs, wat by 2.5 onder bespreking kom, is daar van individualisering en patologisering sprake wat nie die sisteem waarbinne die individu hom-/haarself bevind, genoegsaam in ag geneem nie. Dié benaderings kan dus breedweg as modernisties beskryf word.

- Die angstigheid van 'n individu kan kwalik anders geëvalueer word as binne die sisteme waarbinne hy/sy funksioneer en kousale verbande kan bes moontlik so geïdentifiseer word.

Dit dien gemeld te word dat daar ook van 'n eko-sistemiese benadering gepraat sou kon word. Soms word die sistemiese en eko-sistemiese benaderings as sinoniem gesien, terwyl die eko-sistemiese tog onderskei kan word as 'n benadering wat 'n veel wyer *omgewing* in ag neem as die sistemiese benadering.

2.4.2 Die narratiewe benadering

'n Vereenvoudigde weergawe van die narratiewe benadering is as volg - mense het verhale en seer verhale kan heel verhale word ("*re-storying*"): *"In striving to make sense of life, persons face the task of arranging their experiences of events in sequences across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them. Specific experiences of events of the past and present, and those that are predicted to occur in the future, must be connected in a lineal sequence to develop this account. This account can be referred to as a story of self-narrative"* (White & Epston 1990:10).

Die narratiewe benadering betrek dan die vaardigheid van hermeneuse – die verstaan en interpretasie van die narratief. Vir die pastorale terapie het hierdie benadering groot waarde omdat God by die proses betrek kan word. *"'n Storie is dus 'n beskrywing en verklaring vir waarom dinge is soos dit is. Daarom is*

dit ook heeltemal moontlik dat jy God kan raakloop in die proses van die vertel van jou storie. Juis omdat 'n storie nie net 'n verslag is nie, maar ook 'n verklaring, bring jou storie jou soms voor die onverklaarbare wat verklaar moet word. Dan figureer die woord 'God'" (Müller 1996:21).

Dit word in die vooruitsig gestel dat daar in hierdie navorsingstuk aangetoon sal kan word dat stories van angs, met 'n herstelde vader- en Godsbeeld, stories van vreugde en vryheid kan word!

2.4.3 Die sosiaalkonstruktivistiese benadering

Hoewel sommige teoretici 'n onderskeid tussen konstruktivisme en konstruksionisme maak, voer Held (1995:103) aan dat die twee terme dikwels as sinonieme gebruik word. Dié begrippe word in hierdie navorsingstuk ook as sinonieme benut. Eksponente van die konstruktivisme betoog dat kennis nie meer beskou kan word as ware weergawes van werklikheid buite die waarnemer nie, maar *"kennis is die kognitiewe konstruksies van waarnemers in interaksie met die waargenome. Kennis word dus as komputasie geag"* (Kotzé 1992:51). Die gevolg hiervan is dat die verklaring van menslike gedrag verskuif van 'n fokus op die verstandelike prosesse by die individu (intra-psigies) na die interaksionele en sosiale sfere: *"But social constructionism traces the sources of human action to relationships and the very understanding of 'individual functioning' to communal interchange"* (Gergen 1994:68). Terapie dan, is die vervaardiging van 'n nuwe konstruk, deur interaksie en onderhandeling, wat lei tot sin en betekenis.

Die kritiek wat vanuit 'n gereformeerde diakoniologie op die sosiaal-konstruktivistiese benadering gelewer kan word, is dat waarheid gerelativeer word. Praktiese gestel, wat in my konstruksie "waar" is, is nie noodwendig "waar" in dié van my eggenote of buurman nie. Van deduktiewe kennis uit 'n openbaringsbron, met waarheid wat algemeen geldend sou wees, is daar nie sprake nie. Dié benadering is dus baie tuis in 'n postmoderne paradigma. Desnieteenstaande kan dit nie ontken word dat die angstigheid van 'n persoon juis toe te skryf kan wees aan die konstruk wat hy/sy uit sy/haar sosiale omgewing maak. In die pastorale terapie mag daar dus eklekties van verskeie

werkswyses gebruik gemaak word, sonder dat 'n spesifieke paradigma noodwendig aanvaar word.

2.5 PSIGOLOGIESE INTERPRETASIES

In hierdie hoofstuk word nou vervolgens 'n oorsig gegee van 'n aantal psigologiese benaderings tot angsversteurings, sowel as beskrywings van die genoemde versteurings ten opsigte van etiologie, simptomatologie en bestaande terapieë. By die beskrywing van die versteurings word daar van die mediese (of psigopatologiese) model uitgegaan, bloot ter wille van 'n werkbare *benoeming* van die versteurings en impliseer dit nie dat slegs die mediese benadering tot terapie gevolg moet word nie. Dienooreenkomstig word daar ook nie van biochemiese faktore ten opsigte van angsversteurings melding gemaak nie. Die beskrywing en benoeming van angsversteurings word ook gedoen vanweë die feit dat die pastor bekend moet wees met die voorkoms en simptome van angsversteurings ten einde sinvol in 'n multidissiplinêre milieu te kan werk, en ook ter wille van pastorale begrip vir kliënte wat onder sulke versteurings gebuk gaan. Dit is egter nie die taak van die pastor om diagnoses te maak nie.

Vanweë die gerigtheid van hierdie navorsingstuk sal daar grootliks aan die kognitiewe en die narratiewe benaderings tot terapie aandag gegee word. Aangesien daar veral op terapie aan mense met veralgemeende angsversteuring gekonsentreer word, sal dié versteuring ietwat meer breedvoerig bespreek word – in hierdie en in 'n opvolgende hoofstuk.

Dit dien gemeld te word dat angs nie noodwendig die karakter van 'n versteuring dra nie, aangesien daar ook "normale" angs is. May (1977:38) onderskei tussen normale en neurotiese angs. Eersgenoemde word deur alle mense ondervind en dien as 'n waarskuwingsteken teen moontlike gevaar en stel 'n persoon daartoe in staat om voorsorgmaatreëls te tref. Vrees is 'n soortgelyke waarskuwingsteken, maar word van angs onderskei; vrees is die respons op 'n definitiewe, eksterne en kenbare gevaar, terwyl angs die reaksie op 'n onbekende, interne en vae bedreiging is (Kaplan *et al*. 1994:573-574).

(Ter wille van duidelikheid word die Engelse term "*anxiety"* in hierdie navorsingstuk deurgaans met "angs" vertaal).

Hieronder word die verskeie benaderings kursories weergegee.

2.5.1 Die psigoanalitiese benadering

Ter wille van die duidelike definiëring van begrippe, word in hierdie paragrawe ook van enkele uitgebreide aanhalings gebruik gemaak.

Volgens Fischer (1988:8) het Freud reeds so vroeg as 1926 oor angs geskryf, en onderskei tussen "*primary anxiety"* en "*subsequent anxiety"*. Eersgenoemde voer hy terug na die geboorte trauma en laasgenoemde beskryf hy deur Freud self aan te haal as: *"having a: (1) character of unpleasure, (2) acts of discharge, and (3) perceptions of these acts"* (Fischer 1988:8).

Wat Freud *"subsequent anxiety"* noem, ontwikkel volgens Fischer tesame met die psigiese ontwikkeling en differensiasie van die ego, superego en id. Weens die taak van die ego om die id te "bestuur" manifesteer angs dan as: (a) realiteitsangs wat sinoniem met vrees is, waar daar 'n werklike gevaar teenwoordig is; en (b) morele angs wat as skuld of skaamte manifesteer en; (c) neurotiese angs waar gevaar deur die id-instink aangevoel word. Neurotiese angs manifesteer dan in drie vorme: "*free-floating anxiety, phobic anxiety* en *panic or near panic anxiety",* en verder: *"The common element that characterizes all phobic anxiety is an intense fear of some object or state of affairs. Further, the intensity of this reaction seems all out of proportion to the danger inherent in the situation as viewed by an 'outside observer': Many phobias are demonstrably acquired later in life while some, such as fears of darkness, thunder, and animals, seem to have existed from earliest infancy"* (Fischer 1988:14).

Dit is opvallend dat Freud reeds so vroeg van "*free floating anxiety"* gepraat het en dus toe reeds die verskynsel geïdentifiseer het wat tans as veralgemeende angsversteuring aangedui kan word.

In die psigoanalitiese kader word ook die Neo-Freudiane, waarvan Harry Stack Sullivan (1892-1949) 'n bekende eksponent is, aangetref. Sullivan het klem gelê op die feit dat 'n persoon ontwikkel na menslikheid *("humanness")* en, anders as by Freud, staan die konflik tussen die id en die eksterne wêreld nie meer sentraal nie. Dié konflik is by Freud die rede vir angs. Daarteenoor is Sullivan van mening dat disekwilibrium eerder twee ander oorsake het, naamlik:

- spanninge oor liggaamlike behoeftes; en
- spanninge wat met angs geassosieer word.


Angs spruit veral uit die *"forbidding gesture"* wat die individu op sy tog na "*humanness"* beleef. Fischer (1988:28) rapporteer Sullivan se beskrywing van angs dan as volg: *"Understood as a particular form of tension and hence as a source of disequilibrium, anxiety is always unpalatable according to Sullivan. In fact, he claims that anxiety, as a tension, works in direct opposition to the satisfaction of other tensions, i.e. the tensions pertaining to bodily needs and the tension associated with the need for sleep. Because of the unpleasant, obstacle character of anxiety, people are empelled to develop elaborate systems and processes that enable them to avoid this experience."*

Sy gevolgtrekkings is dan dat angs uiteindelik of deur sublimasie, of deur substitusie hanteer word. Laasgenoemde is veelseggend aangesien dit in die ontplooiing van hierdie navorsingstuk duidelik sal word dat 'n plaasvervangende vaderbeeld, naamlik God as Vader, 'n groot bydrae tot die behandeling van angsversteurings kan maak.

2.5.2 Die leerteoretiese benadering

In hierdie benadering word angs aan 'n stimulus-respons proses toegeskryf. Fischer (1988:63) dui aan dat hierdie beskouing in die dertiger en veertiger jare van die twintigste eeu deur onder andere Hill en Mourmer gepostuleer is, en in die vyftiger jare deur Dollard en Miller. Laasgenoemde het angs omskryf as 'n vrees met 'n ongedefinieerde oorsaak, of 'n onderdrukte vrees en gesê dat angs aangeleer word as 'n reaksie op 'n stimulus.

Dit kan grafies as volg voorgestel word:



(Fischer 1988:68)

Emmelkamp en Scholing (1994:33-34) stel dit as volg: *"The classical conditioning paradigm states that neutral stimuli, when associated with fear or pain, elicit fear reactions, and that the strength of the fear is determined by:*

(a) the number of repetitions of the association between the stimuli and the emotional reactions, and
(b) the intensity of the emotion experienced. Central to the model are one or more traumatic experiences in which the association between stimulus and fear reaction is learned."

2.5.3 Die eksistensiële benadering

Eksistensialistiese denke word geassosieer met filosowe soos Sartre, Kierkegaard en Heidegger, terwyl die denkrigting ook deur teoloë soos Buber en Tillich opgeneem is. Kierkegaard se opmerkings oor angs is reeds onder 2.1 bespreek, maar die volgende aanhaling van Fischer (1988:89) is van nut*: "With this in mind, we may now ask about Kierkegaard's formulations regarding the phenomenon of anxiety. From the exposition, we can see that he grasps anxiety as an experiential state, constituted by the individual's awareness of his own possibilities, by his realization that he has no objective justification for choosing among them, and by his limited capacity to foresee all the consequences of a possible choice."*

Eksponente van eksistensiële psigoterapie is volgens Leeds (1994:65-67) onder andere Boss, May en Yalom. Oor Yalom se benadering skryf Leeds: *"He*

classifies existential psychotherapy as a dynamic therapy, like psychoanalysis. However, it has a different kind of basic conflict at its centre: a conflict that flows from the individual's confrontation with the givens of existence."

Leeds (1994:69) toon aan dat die eksistensiële sake waarmee die mens worstel die dood, vryheid, isolasie en betekenisloosheid is en hy beskryf die meganisme van angs dan as volg: *"Awareness of ultimate concern → Anxiety → Defense mechanism*."

Dit is baie waarskynlik dat eksistensiële kwessies tydens berading ter sprake sal kom en veral in 'n narratiewe benadering in berekening gebring moet word, aangesien dié vraagstukke heel moontlik deel van 'n kliënt se verhaal sal uitmaak. Om dié rede sal daar later, in hoofstuk 7 (7.6), weer na die eksistensiële komponent van angsversteurings verwys word, veral omdat dit met geloofskwessies verband hou en aangesien 'n eksistensiële krisis, of vakuum, ten grondslag van 'n sekuriteitsgebrek kan lê, wat op sy beurt vir die voorkoms van 'n veralgemeende angsversteuring verantwoordelik kan wees.

2.5.4 Die kognitiewe benadering

Hierdie benadering gaan van die standpunt uit dat angs 'n algemene menslike emosie is, wat die individu mobiliseer om 'n werklike bedreiging die hoof te bied. Die angstige pasiënt egter, dit wil sê iemand by wie angs as 'n versteuring voorkom, toon die simptome van angs sonder dat daar 'n werklike, objektiewe bedreiging aanwesig is.

Die basiese veronderstellings van die kognitiewe benadering kan as volg uiteengesit word, soos deur Freeman en Di Tomasso (1994:76-78) omskryf:

- Die voorkoms van angstigheid as reaksie op 'n persepsie dat daar bedreiging of gevaar is, sonder dat dit wel aanwesig is, is patologies.

- Mense met angsversteurings is geneig tot die skepping van vals alarms, wat 'n konstante toestand van emosionele spanning *("distress"*) tot gevolg het.

- Tydens sulke episodes van angs word die persoon op die terreine van die kognitiewe, affektiewe en fisiologiese nadelig beïnvloed, wat tot gevolg het dat gedragspatrone deur angs beïnvloed word.

- Die kognitiewe sisteem speel 'n belangrike rol in die beoordeling van die persepsies van gevaar of bedreiging.

- Die kognitiewe sisteem beïnvloed die individu deur onwillekeurige herhalende gedagtes wat nie deur die individu bevraagteken word nie.

- Hierdie gedagtes is die produk van diepliggende "skemas" of onderliggende aannames ("*beliefs or assumptions"*).

- Die onwillekeurige gedagtes en onderliggende skemas reflekteer by die angstige persoon temas van bedreiging en gevaar.

- Die angstigheid kan beter deur die individu begryp word wanneer die outomatiese gedagtepatrone, kognitiewe distorsies en onderliggende skemas blootgelê word.

- Mense met angsversteurings het 'n gebrek aan objektiwiteit en 'n onvermoë tot evaluering van hulle persepsies van gevaar of bedreiging, en neig telkens om kognisies van bedreiging te vorm.

Die kognitiewe benadering gaan verder van die standpunt uit dat sekere faktore by 'n individu 'n predisposisie tot angstigheid kan meebring. Faktore soos die volgende is ter sprake:

- Vanweë die feit dat bevind is dat paniekversteuring, fobiese versteuring en obsessief-kompulsiewe versteuring meer algemeen by die eerste nasate van pasiënte met dié versteurings voorkom, word 'n sterk saak uitgemaak vir 'n genetiese predisposisie tot angstigheid.

- Sekere siektetoestande kan 'n angstoestand mimiek. Toestande soos hipoglikemie, skildklierprobleme en selfs kafeïen-intoksikasie kan 'n rol speel. Medikasie vir die onderliggende mediese toestand kan dan

genoegsaam wees, maar die koëksistensie van so 'n siektetoestand met 'n angsversteuring is ook moontlik.

- Oor sielkundige trauma skryf Freeman en Di Tomasso (1994:77): *"The cognitive model assumed that developmental traumas occurring in the context of high emotional arousal can result in an individual developing a threat schema. Such schemas would presumably relate to themes of danger in anxious patients and would be expected to become activated in situations that are similar to the circumstances in which the schema was learned."*

Ander faktore wat ook in spel kom is sterk eksterne stressors, soos werkloosheid en die dood van 'n geliefde, asook chroniese eksterne stressors, soos langdurige siekte, moeilike werksomstandighede en kwesbaarheid op 'n spesifieke emosionele terrein.

Dit is duidelik dat die pastorale terapeut oplettend sal moet wees om 'n geheelbeeld van 'n toestand te vorm. 'n Narratiewe werkswyse (vergelyk 8.4) skep juis die ruimte om 'n persoon se hele werklikheid in spel te kry. Soos later (vergelyk 9.2.2.1) duidelik sal word, kan 'n kognitiewe werkwyse hiermee geïntegreer word. Die feit dat mediese faktore so 'n groot aandeel in die voorkoms van angstigheid kan hê, onderstreep egter ook dat dit ideaal sou wees om pastorale terapie in 'n multidissiplinêre spanverband te bedryf. 'n Mediese ondersoek kan ook 'n waardevolle eerste stap van die terapeutiese intervensie wees.

2.6 ANGSVERSTEURINGS: KLASSIFIKASIE, DIAGNOSTIESE KRITERIA, ETIOLOGIE EN TERAPIE

Aangesien angsversteurings reeds volledig gedokumenteer en ingesluit is by gesaghebbende standaardwerke, soos die DSM-IV en Kaplan *et al*. (1994) se "*Synopsis of Psychiatry"*, is dit nie nodig om bestaande inligting hier te dupliseer nie. Daar moet ook opgelet word dat die bestaande klassifikasie te maklik daartoe kan lei dat individue onnodig "gepatologiseer" word, en dit is juis ten opsigte hiervan dat daar vanuit die konstruktivisme, sisteemdenke en die narratiewe model beswaar gemaak word. Die pastor moet egter begrip hê

vir die ongerief wat die lydende individu as gevolg van 'n angstoestand verduur en daarom word die kenmerkende simptome van dié versteurings hier gemeld. Die pastor moet hom/haar egter nie teen 'n psigopatologiese beskrywing blind staar nie, en moet die individu in die konteks van die sisteem waarin hy/sy leef, en met inagneming van sy/haar hele verhaal benader.

2.6.1 Angsversteuring weens algemene mediese toestand

'n Wye reeks mediese toestande kan simptome veroorsaak wat soortgelyk is aan dié van 'n angsversteuring. (Voorbeelde van sodanige mediese toestande is afwykings in die skildklierfunksie en 'n vitamiene B12 tekort). Gewoonlik is simptome dan soortgelyk aan dié van paniekversteuring, maar veralgemeende angs, fobies en obsessief-kompulsiewe gedrag kan ook voorkom. Die behandeling van hierdie angstoestand geskied deur eerstens die onderliggende mediese probleem aan te spreek. Indien mediese behandeling nie die angstigheid onder beheer bring nie, moet behandeling van die spesifieke angstoestand plaasvind (Kaplan *et al.* 1994:579).

Uit bogenoemde word dit weereens duidelik dat pastorale terapie verkieslik in 'n multidissiplinêre verband moet plaasvind. Veral vanweë die feit dat die pastor nie diagnostiese uitsprake maak nie, is dit wys dat 'n medikus vroeg reeds deur die kliënt geraadpleeg moet word, ten einde vas te stel of daar onderliggende mediese oorsake vir die angstoestand mag wees alvorens daar met pastorale- of psigoterapie voortgegaan word.

2.6.2 Substansgeïnduseerde angsversteuring

Hierdie angsversteuring kom algemeen voor as gevolg van die inname van óf voorgeskrewe, óf nie-voorgeskrewe middels *("recreational drugs")*. 'n Groot verskeidenheid middels kan simptome veroorsaak wat haas enige angsversteuring kan mimiek. Diagnose van dié versteuring vereis dat dit moes ontstaan het ten tye van die gebruik van die betrokke middels, of binne een maand na die staking daarvan (Kaplan *et al*. 1994:580). Middels soos kokaïen, kafeïen en LSD is daarvoor bekend dat dit akute sowel as chroniese angstoestande te weeg kan bring. Die simptome is dieselfde as by 2.6.1, naamlik prominente angstigheid, paniekaanvalle, of obsessies en kompulsies.

Die behandeling van hierdie angstoestand is primêr die verwydering van die substans wat vir die simptome verantwoordelik is: *"If anxiety disorder symptoms continue even though the substance use has stopped, treatment of the anxiety disorder symptoms with appropriate psychotherapeutic or pharmaeotherapeutic modalities may be appropriate"* (Kaplan *et al*. 1994:580).

2.6.3 Angsversteuring nie anders gespesifiseer

Soms kan simptome van angstoestande voorkom wat nie voldoen aan kriteria vir enige spesifieke angsversteurings nie. Dit word in die DSM-IV as volg aangedui:

Diagnostic Criteria for Anxiety Disorder Not Otherwise Specified

This category includes disorders with prominent anxiety or Phobic avoidance that do not meet criteria for any specific Anxiety disorder, adjustment disorder with anxiety, or adjustment disorder with mixed anxiety and depressed mood. Examples include:

1. *Mixed anxiety-depressive disorder: clinically significant systems of anxiety and depression but the criteria are not met for either a specific mood disorder or a specific anxiety disorder.*
2. *Clinically significant social phobic symptons that are related to the social impact of having a general medical condition or mental disorder (e.g. Parkinsons disease, dermatological conditions, stuttering, anorexia nervosa body dysmorphic disorder).*
3. *Situations in which the clinician has concluded that an anxiety disorder is present but is unable to determine whether it is primary, due to a general medical condition, or substance included* (Kaplan *et al.* 1994:581).

'n Algemene voorbeeld van die angsversteuring hier ter sprake, is die gemengde angs-depressie versteuring ("*mixed anxiety-depressive disorder*"). Persone wat die simptome van angstigheid sowel as depressie toon, sou op hierdie wyse beskryf kan word. Hulle beantwoord egter nie aan die diagnostiese kriteria vir 'n angsversteuring of 'n gemoedsversteuring nie. Die kliniese beeld is as volg: *"The clinical features of mixed anxiety-depressive disorder are a combination of some of the symptoms of anxiety disorders and*

*some of the symptoms of depressive disorders. In addition, symptoms of autonomic nervous system hyperactivity, such as gastrointestinal complaints, are common and contribute to the high frequency with which the patients are seen in outpatient medical clinics" (*Kaplan *et al.* 1994:581*).*

2.6.4 Paniekversteurings

Die DSM-IV onderskei tussen paniekversteuring met agorafobie en paniekversteuring daarsonder. Die paniekversteurings manifesteer in paniekaanvalle wat as volg omskryf kan word: *"Periodes van intense vrees of ongemak, wat met minstens vier van die volgende simptome gepaard gaan:*

- *kortasem of 'n gevoel van versmoring;*
- *duiseligheid;*
- *gevoelens van onvastheid of dofheid;*
- *versnelde hartklop;*
- *bewerigheid;*
- *sweterigheid;*
- *verstikking;*
- *naarheid of maagongesteldheid;*
- *depersonalisasie of derealisasie;*
- *warm of koue gloede;*
- *borspyn of ongemak;*
- *'n vrees om te sterf; en*
- *'n vrees om psigies versteurd te raak of iets onbeheersd aan te vang"* (Louw 1989:133).

Die verskil tussen paniekversteuring en veralgemeende angsversteuring lê daarin dat die paniektoestand nie chronies is nie, maar 'n skielike en onverwagte aanvang het en 'n paar minute lank (in sommige gevalle enkele ure) duur.

Behandeling van paniekversteurings volg gewoonlik een van die volgende roetes, of 'n kombinasie daarvan: Medikasie met beta-blokkeerders, bensodiasepiene, of antidepressante; kognitiewe en ontspanningsterapie. *"Veral kognitiewe herstrukturering – waar die pasiënt gehelp word om sy angswekkende gedagtes te identifiseer en die basis daarvan te ondersoek ten einde dit meer realisties te maak – blyk in hierdie verband van spesiale waarde te wees"* (Louw 1989:134).

2.6.5 Fobiese versteurings

Hier word onderskei tussen spesifieke fobie en sosiale fobie. Fobies word as volg omskryf: *"A phobia is an irrational fear resulting in a conscious avoidance of the feared object, activity, or situation. Either the presence or the anticipation of the phobic entity elicits severe distress in the affected person, who recognizes that the reaction is excessive. Nevertheless, the phobic reaction results in a disruption of the person's ability to function in life"* (Kaplan *et al.* 1994:592).

Die diagnostiese kriteria vir spesifieke fobie en sosiale fobie is as volg:

Diagnostic Criteria for Specific Phobia

A. Marked and persistent fear that is excessive or unreasonable, cued by the presence or anticipation of a specific object or situation (e.g., flying, heights, animals, receiving an injection, seeing blood).

B. Exposure to the phobic stimulus almost invariably provokes an immediate anxiety response, which may take the form of a situationally bound or situationally predisposed panic attack. **Note:** in children, the anxiety may be expressed by crying, tantrums, freezing, or clinging.

C. The person recognizes that the fear is excessive or unreasonable. **Note:** in children, this feature may be absent.

D. The phobic situation(s) is avoided, or else endured with intense anxiety or distress.

E. The avoidance, anxious anticipation, or distress in the feared situation(s) interferes significantly with the person's normal routine, occupational (or academic) functioning, or social activities or relationships with others, or there is marked distress about having the phobia.

F. In individuals under age 18 years, the duration is at least 6 months.

G. The anxiety, panic attacks, or phobic avoidance associated with the specific object or situation are not better accounted for by another mental disorder, such as obsessive-compulsive disorder (e.g., fear of dirt in someone with an obsession about contamination), posttraumatic stress disorder (e.g., avoidance of stimuli associated with a severe stressor), separation anxiety disorder (e.g., avoidance of school), social phobia (e.g., avoidance of social situations because of fear of embarrassment), panic disorder with agoraphobia, or agoraphobia without history of panic disorder.

Specify type:
Animal type
Natural environment type (e.g., heights, storms, and water)
Blood, injection, injury type
Situational type (e.g., planes, elevators, enclosed places)
Other type (e.g., phobic avoidance of situations that may lead to choking, vomiting, or contracting an illness; in children, avoidance of loud sounds or costumed characters)

Diagnostic Criteria for Social Phobia

A. A marked and persistent fear of one or more social or performance situations in which the person is exposed to unfamiliar people or to possible scrutiny by others. The individual fears that he or she will act in a way (or show anxiety symptoms) that will be humiliating or embarrassing. **Note:** in children, there must be evidence of capacity for age-appropriate social relationships with familiar people and the anxiety must occur in peer settings, not just in interactions with adults.

B. Exposure to the feared social situation almost invariably provokes anxiety, which may take the form of a situationally bound or situationally predisposed panic attack. **Note:** In children, the anxiety may be expressed by crying, tantrums, freezing, or shrinking from social situations with unfamiliar people.

C. The person recognizes that the fear is excessive or unreasonable. **Note:** in children, this feature may be absent.

D. The feared social or performance situations are avoided, or else endured with intense anxiety or distress.

E. The avoidance, anxious anticipation, or distress in the feared social or performance situation(s) interferes significantly with the person's normal routine, occupational (academic) functioning, or social activities or relationships with others, or there is marked distress about having the phobia.

F. In individuals under age 18 years, the duration is at least 6 months.

G. The fear or avoidance is not due to the direct physiological effects of a substance (e.g., a drug of abuse, a medication) or a general medical condition, and is not better accounted for by another mental disorder (e.g., panic disorder with or without agoraphobia, separation anxiety disorder, body dysmorphic disorder, a pervasive developmental disorder, or schizoid personality disorder).

H. If a general medical condition or other mental disorder is present, the fear in criterion A is unrelated to it, e.g., the fear is not of stuttering, trembling in Parkinson's disease, or exhibiting abnormal eating behavior in anorexia nervosa or bulimia nervosa.

Specify if:
Generalized: if the fears include most social situations (also consider the additional diagnosis of avoidant personality disorder).

(Kaplan *et al*. 1994:595).

2.6.6 Obsessief-kompulsiewe versteuring

Die term "obsessie" word deur Kaplan *et al*. (1994:598) omskryf as: *"…a recurrent and intrusive thought, feeling, idea or sensation",* terwyl 'n kompulsie getipeer word as: *"…a concious, standardized thought or behaviour such as counting, checking or avoiding."*

Obsessies verhoog 'n persoon se angstigheid en die uitvoer van kompulsies het die effek dat dit die angstigheid verlig. Obsessief-kompulsiewe versteuring kom voor wanneer hierdie kompulsies en obsessies intens genoeg word om merkbare angs mee te bring, tydrowend van aard te word en inmeng met die persoon se beroepsfunksionering, verhoudinge en normale roetine en sosiale aktiwiteite. Die volgende obsessies en kompulsies kom gewoonlik voor:

- obsessiewe idees, woorde of frases wat vir die persoon skokkend of onaangenaam is;
- obsessiewe gedagtebeelde oor angswekkende en afstootlike tonele;
- obsessiewe geloof dat 'n gedagte of wens waar sal word;
- obsessiewe oorpeinsing in die vorm van volgehoue en onproduktiewe debatte met hom/haar self;
- obsessiewe impulse in die vorm van 'n sterk begeerte om sekere dade uit te voer;
- obsessiewe vrese dat hy/sy iets gevaarliks of blootstellend sal doen;
- obsessiewe twyfel deur byvoorbeeld herhaaldelik na te gaan om seker te maak of 'n sekere taak uitgevoer is;
- kompulsiewe rituele soos oordrewe handewassery;
- kompulsiewe netheid en presiesheid;
- kompulsiewe kontrolering (Louw 1989:140).

'n Obsessief-kompulsiewe versteuring word vanuit die psigoanalitiese teorie teruggevoer na die anale fase van ontwikkeling waar te streng toiletopvoeding deur die ouers lei tot 'n fiksasie op hierdie fase. *"So kan 'n persoon wat in die anale fase gefikseerd is en die behoefte het om morsig te wees, van reaksievorming gebruik maak, en kompulsief netjies, skoon en ordelik word"* (Louw 1989:142).

Die leerteoretiese verklaring vir hierdie versteuring kan as volg weergegee word*: "As kind word die persoon aan die oorbesorgdheid en hiperkontrole van die ouers blootgestel. Veral die oorkritiese ouer blyk 'n belangrike rol te speel, aangesien hy nooit met die kind se gedrag tevrede is nie, en die kind dus nooit prys of aanmoedig nie. Só 'n kind kan dan maklik glo dat hy foutvatbaar ("error prone") is en omdat foute in straf (byvoorbeeld kritiek) resulteer, word*

hy bang om foute te maak. Dit kan daartoe lei dat hy op 'n kompulsiewe wyse kontroleer en skoonmaak. Hierdie vrees om foute te maak, kan ook uitkring sodat hy later bang is dat hy byvoorbeeld in die kerk sal vloek of 'n afstootlike seksuele daad sal uitvoer" (Louw 1989:142).

2.7 VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING

Hierdie angsversteuring word om twee redes afsonderlik bespreek. Eerstens, hoewel hier van al die angsversteurings melding gemaak word, is die fokus van hierdie navorsingstuk veral gerig op die verband tussen 'n defektiewe vader- en Godsbeeld en die voorkoms van veralgemeende angs. Tweedens, omdat die voorkoms van oormatige bekommernis en kommerwekkende verwagtings by dié versteuring sterk figureer: *"GAD is defined as unrealistic or excessive anxiety and worry (apprehensive expectation) about two or more life circumstances, such as worry about possible misfortune of one's child (who is in no danger) or worry about finances (for no good reason) for a person of six months or more. There should be more days when the person is bothered by these concerns than worry-free days"* (Edelman 1992:141-142). Die voorkoms van kommer, soos by veralgemeende angsversteuring, hou ook sterk verband met die begrip "sekuriteitsgebrek" wat weer in die spel kom as oorsaaklike element van kommer (vergelyk 7.6).

Veralgemeende angsversteuring het met die verskyning van die DSM-III-R en DSM-IV 'n onderskeibare diagnostiese entiteit geword, en is dus nie meer beskou as 'n residuele kategorie vir pasiënte wat nie aan die diagnostiese vereistes vir ander angsversteurings voldoen nie. Volgens Kaplan *et al.* (1994:611) kom veralgemeende angsversteuring dikwels saam met ander gemoedsversteurings voor. Die meeste pasiënte meld ook dat hulle solank as hulle kan onthou angstig was en is dit gevolglik moeilik om die gemiddelde ouderdom waarop die versteuring begin het, vas te stel. Slegs een derde van pasiënte met veralgemeende angsversteuring klop om psigiatriese hulp aan. Die meerderheid pasiënte wend hulle tot ander artse (byvoorbeeld 'n hartspesialis of internis) vir die behandeling van die somatiese komponent van die versteuring.

2.7.1 Etiologie

Waarskynlik is biologiese en psigososiale faktore mede-verantwoordelik vir die voorkoms van veralgemeende angsversteuring. Voortgaande navorsing oor biochemiese en neurofisiologiese faktore wat by angsversteurings betrokke is, dui daarop dat 'n wye verskeidenheid fisiologiese faktore (soos neurotransmittersisteme) by die versteuring ter sprake is. Die tegniese besonderhede daarvan val egter buite die skopus van hierdie navorsingstuk. Desnieteenstaande is dit belangrik om te begryp dat die feit dat farmakoterapie so effektief vir veralgemeende angsversteuring aangewend word, 'n sterk aanduiding is dat nie net psigososiale faktore alleen in berekening gebring moet word nie.

Op die psigososiale front is daar vanuit beide die psigoanalitiese en kognitief-behavioristiese skole insette ten opsigte van die faktore wat tot angsversteurings lei. Uit die psigoanalitiese oogpunt word veralgemeende angsversteuring toegeskryf aan konflik tussen die ego en id-impulse. Laasgenoemde, wat gewoonlik seksueel of aggressief van aard is en poog om tot uiting te kom, word deur die ego bestry. Die persoon ervaar dan angssimptome sonder om te weet waarom, aangesien die bron van angs op die vlak van die onbewuste lê. Psigoanalitici kategoriseer angs in vier groepe naamlik: id- of impuls angs; skeidingsangs; super-ego angs; en kastrasie-angs. Elkeen van hierdie groepe word aan 'n ontwikkelingsfase van die ego gekoppel (Louw 1989:131).

Daar is reeds by 2.5.2 en 2.5.4 oor die leerteoretiese en kognitiewe benaderings tot die verskynsel van die angs gehandel. Vanuit die leerteorie is angs 'n aangeleerde respons op die eksterne stimuli. Vanuit die kognitiewe perspektief word daar gemeen dat daar wel duidelike aanleidende faktore is wat op 'n kognitiewe wyse tot angsversteurings lei (vergelyk 2.5.4).

2.7.2 Diagnostiese kriteria

Die DSM-IV dui die volgende diagnostiese kriteria vir veralgemeende angsversteuring aan:

Diagnostic Criteria for Generalized Anxiety Disorder

A. *Excessive anxiety and worry (apprehensive expectation), occuring more days than not for at least 6 months, about a number of events or activities (such as work or school performance).*

B. *The person finds it difficult to control the worry.*

C. *The anxiety and worry are associated with three (or more) on the following six symptoms (with at least some symptoms present for more days than not for the past six months)* ***Note:*** *Only one item is required in children.*

(1) restlessness or feeling keyed up or on edge
(2) being easily fatigued
(3) difficulty concentrating or mind going blank
(4) irritability
(5) muscle tension
(6) sleep disturbance (difficulty falling or staying asleep, or restless unsatisfying sleep).

D. *The focus of the anxiety and worry is not confined to features of an Axis 1 disorder, e.g. the anxiety or worry is not about having a panic attack (as panic disorder), being embarrassed in public (as in social phobia), being contaminated (as in obsessive-compulsive disorder), being away from home or close relatives (as in separation anxiety disorder), gaining weight (as in anorexia nervosa), having multiple physical complaints (as in somatization disorder), or having a serious illness (as in hypochondriasis), and the anxiety and worry do not occur exclusively during posttraumatic stress disorder.*

E. *The anxiety, worry, or physical symptoms cause clinically significant distress or impairment in social, occupational, or other important areas of functioning.*

F. *The disturbance is not due to the direct physiological effects of a substance (e.g. a drug of abuse, a medication) or a general medical condition (e.g. hyperthyroidism), and does not occur exclusively during a mood disorder, psychotic disorder, or a pervasive developmental disorder* (Kaplan *et al.* 1994:613)

Terwyl dit nie die taak van die pastorale terapeut is om diagnoses te maak nie, en dit dus verkieslik is dat pastorale terapie in spanverband bedryf moet word, is dit belangrik dat die pastorale terapeut met die simptome bekend moet wees. *"Distinguishing generalized anxiety disorder from major depressive disorder and dysthymic disorder can be difficult; in fact, the disorders frequently coexist. Other diagnostic possibilities are adjustment disorder with anxiety, hypochondriasis, adult attention-deficit/hyperactivity disorder, somatization disorder, and personality disorder"* (Kaplan *et al.* 1994:614).

2.7.3 Terapie

Soos by etlike ander angsversteurings is gekombineerde terapie wat beide farmakoterapie en kognitiewe terapie insluit die verkieslike behandelingsmetode: *"The most effective treatment of patients with generalized anxiety disorder is probably one that combines psychotherapeutic, pharmacotherapeutic, and supportive approaches. The treatment may take a significant amount of time for the involved clinician, regardless of whether the clinician is a psychiatrist, a family practitioner, or another specialist"* (Kaplan *et al.* 1994:614).

2.7.3.1 Farmakoterapie

Medikasie vir veralgemeende angsversteuring word gewoonlik as 'n langtermyn behandeling gesien en aangesien pasiënte dikwels binne een maand ná die staking van medikasie terugval, kan lewenslange behandeling 'n verkieslike opsie word. Die mees algemeen voorgeskrewe medikasie vir veralgemeende angsversteuring is dié van die benzodiasipien-familie, soos byvoorbeeld Xanor, Pax, Valium, Serepax (MIMS 2003:7-12). Hoewel hierdie groep van medikasie algemeen voorgeskryf word, het dit by vyf-en-twintig tot dertig persent van pasiënte nie die gewenste uitwerking nie, en kom gewoontevorming ook voor. Newe-effekte soos lomerigheid hou ook ongeluksrisiko en ander nadele in (Kaplan *et al.* 1994:615).

Buspiroon, wat nie 'n benzodiasipien is nie, is effektief by sestig tot tagtig persent van pasiënte en dit blyk dat dit meer effektief is ten opsigte van die vermindering van kognitiewe simptome van veralgemeende angsversteuring

eerder as somatiese simptome. Buspiroon (soos in die middel Buspar) neem ongeveer twee tot drie weke om tot volle effektiwiteit te kom. Pasiënte wat voorheen met benzodiasipiene behandel is, mag gevolglik nie gunstig op buspiroon reageer nie, aangesien eersgenoemde 'n byna onmiddellike effek het en 'n gepaardgaande gevoel van welsyn produseer.

In sommige gevalle, waar buspiroon of benzodiasipiene nie effektief is nie, word van beta-adrenergiese antagoniste (sogenaamde "beta-blokkeerders") gebruik gemaak. Aangesien die teiken van die middels nie primêr op angstoestande gerig is nie, is dit minder effektief, en eerder van hulp in die behandeling van periferale simptome van angstigheid. 'n Verdere alternatief by farmakoterapeutiese behandeling van veralgemeende angsversteuring is om 'n benzodiasipien of buspiroon in kombinasie met 'n tri-sikliese antidepressant te gebruik (Kaplan *et al*. 1994:615). Een van die redes hiervoor is dat angs en depressie dikwels gelyktydig by dieselfde pasiënt voorkom.

'n Oorsigtelike kennis van die middels wat gewoonlik vir angsversteurings voorgeskryf word, is vir die terapeut van belang, aangesien kliënte dikwels vrae of vrese oor die gebruik van medikasie kan hê. Dit moet egter altyd in gedagte gehou word dat die pastorale terapeut hom-/haarself nie as 'n kenner van medikasie mag voorhou, medikasie mag voorskryf, of met die gebruik van voorgeskrewe medikasie mag inmeng nie. Die inwin van inligting hieroor by 'n medikus, wat 'n gerusstellende effek op die kliënt kan hê, kan tot die terapeutiese proses bydra. Dit is ook verkieslik om, waar nodig, kognitiewe of pastorale terapie in samewerking met mediese ingrepe toe te pas, aangesien die verligting van akute simptome die kliënt daartoe in staat stel om veel gemakliker met die kognitiewe, spirituele of ander faktore wat tot sy/haar toestand bydra, te handel.

2.7.3.2 Psigoterapie

Hoewel daar in die volgende hoofstuk in groter detail daarop ingegaan sal word, is dit van belang om hier daarvan melding te maak dat kognitiewe terapie die mees algemene vorm van psigoterapie by angsversteurings is. Gevolglik word Michelson en Ascher (1987:340) se samevatting van kognitiewe ingrepe by veralgemeende angsversteuring hieronder aangedui:

1. *Stimuli eliciting GAD could be reduced or removed (stimulus control). Stimulus control should lower the frequency and magnitude of GAD by reducing its prompting.*
2. *Fear or fear complexes could be targeted. The full range of cognitive and behavioral interventions theoretically might be brought to bear. Reduction of fear should lower the affective, autonomic, and cognitive aspects, as well as cognitive avoidance processes.*
3. *Heightened autonomic and affective arousal could be targeted. Control of arousal would significantly alter an important component of GAD directly. Indirectly, control of arousal would break up feedback loops into the fear complex and worry and ruminative processes. Thus control of arousal could reduce a significant element of GAD, directly, and indirect perhaps much of the rest.*
4. *Negative cognitions and cognitive avoidance could be targeted. Changing cognitive processes would alter directly much of the GAD syndrome. Indirectly, it might alter the basic fear complex and interpretations of affective/physiological arousal.*
5. *A final strategy would be to target a number of these components simultaneously in a combined intervention approach*.

2.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die literatuur oor angsversteurings is so omvattend dat dit moeilik is om selfs net ‘n verteenwoordigende seleksie aan te bied. Desnieteenstaande is daar in hierdie hoofstuk gepoog om die basiese inligting oor die verskeie versteurings weer te gee. Daar is nie volledig op etiologie en terapieë ingegaan nie, omdat veral laasgenoemde in latere hoofstukke ter sprake kom. Veralgemeende angs word in die volgende hoofstuk meer breedvoerig bespreek, omdat dit in die fokus van hierdie navorsingstuk lê en dus meer aandag verdien.

Veral twee sake is opvallend wanneer daar tot ‘n konklusie uit die gegewens gekom moet word:

- Alle angsversteurings bevat ‘n element van “absurditeit”, of is “onlogies” - juis daarom word dit versteurings genoem. Daar bestaan dus nie noodwendig ‘n “geldige” rede vir die angs nie en moet die oorsaak dus op ander terreine gesoek word. Aangesien angs in die laaste instansie met ‘n

gevoel van insekuriteit verband hou, is die hipotese van hierdie navorsingstuk nie vergesog nie - veral as daar aangetoon kan word dat die oorbrugging van die sekuriteitsgebrek tot oorwinning oor angs kan lei.

- By die meeste angsversteurings word kognitiewe terapie as die verkieslike weg aangedui. Aangesien kognisie met feitelikheid en inhoudelikheid verband hou, sou aangetoon kon word dat indien 'n kliënt begelei kan word na 'n werklike belewenis van wat met die inhoudelike feite oor die vaderskap van God bedoel word, daar ook oorwinning oor angs kan kom.

VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING VAN NADERBY

Anxiety is like the rust of life, destroying its brightness and weakening its power.
- Anoniem

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die verskynsel van veralgemeende angsversteuring, in die konteks van die spektrum van angsversteurings, oorsigtelik bespreek (vergelyk 2.7). In hierdie hoofstuk word, vanweë die skopus van die navorsingstuk, ietwat meer breedvoerig op enkele aspekte van die versteuring ingegaan. Diagnostiese en terapeutiese aspekte kom weereens onder die loep, maar daar word gepoog om die kompleksiteit van veralgemeende angsversteuring duideliker weer te gee. In die vorige hoofstuk is melding gemaak van die algemene opvattings oor die versteuring, terwyl die problematiek van die toestand in hierdie hoofstuk sterker na vore kom. Aspekte, soos die voorkoms daarvan by kinders, adolessente, volwassenes en bejaardes, asook die verskynsel van ko-morbiditeit, kom ter sprake.

3.2 VERDERE DIAGNOSTIESE INSIGTE

3.2.1 Diagnostiese oorwegings

In die tydperk tussen die publikasie van die DSM-III-R en die DSM-IV is baie navorsing gedoen om aan te toon dat veralgemeende angsversteuring as 'n onderskeibare diagnostiese kategorie aangedui behoort te word (Brown 1999:114). Vroeër, met die publikasie van die DSM-III, is die verskynsel as *anxiety neurosis* aangedui en die terme "*free floating anxiety"* of "*pervasive anxiety"* is gebruik (Suinn 1994:279). Die verskil daarvan met die DSM-IV is hoofsaaklik in dié opsig dat uitermate bekommernis by die DSM-III vir *een*

maand aanwesig moes wees, en nie vir *ses* maande soos in die DSM-IV aangedui nie. Brown *et al.* (1994:1276) verteenwoordig die meerderheid van navorsers wat die betroubaarheid van die huidige diagnostiese kriteria ondersteun: *"Despite the fact that the diagnostic reliability of generalized anxiety disorder is lower than that of other anxiety disorders, the features constituting the diagnostic criteria for generalized anxiety disorder have been found to be reliable."* Barlow (1988:571) huldig ook hierdie siening: *"GAD could be conceptualized as a separate anxiety disorder diagnosable in addition to other anxiety disorders."* Brown (1999:118) toon egter ook aan dat, juis vanweë die moeilike definieerbaarheid van bekommernis, dit ook moontlik sou wees om die kenmerke van veralgemeende angsversteuring by die simptome van ander versteurings in te sluit. Hierdie insluiting sou kon berus op die feit dat angstigheid, byvoorbeeld as 'n ko-morbiede toestand by depressie aangetref kan word (sien 3.5). Om hierdie rede is dit soms moeilik om veralgemeende angsversteuring van sommige gemoedsversteurings te onderskei.

Benewens die voorkoms van oordrewe kommer, word veralgemeende angsversteuring verder gekenmerk deur wat voorheen in die DSM-III-R as die "*hyperactivity cluster"* bekend gestaan het. Dié publikasie het die bykomstige agtien simptome in drie groepe ingedeel, naamlik outonomiese hiperaktiwiteit, motoriese spanning en waaksame waarneming. Veralgemeende angsversteuring, soos dit tans in die DSM-IV beskryf word, word gekenmerk deur veral die aanwesigheid van irriteerbaarheid, rusteloosheid, slaapversteuring en moeilike konsentrasie (Brown 1999:120). Hierdie simptome onderskei veralgemeende angsversteuring gedeeltelik van ander angsversteurings, soos byvoorbeeld die spesifieke fobies waar motoriese spanning 'n opvallende kenmerk is. Dit is dus van belang om daarop te let dat vir die diagnose van veralgemeende angsversteuring daar ten minste drie van die ses tweede-vlak simptome (vergelyk 2.7.2) aanwesig moet wees (Starcevic *et al.* 1999:5).

Suinn (1994:283) wys op die belang van die ernstigheidsgraad van simptome vir die uitvoering van diagnose. Sy opmerkings word hier direk weergegee.

SYMPTOM SEVERITY

We can evaluate the severity of anxiety experiences by examining time and magnitude information. In looking at time, we would conclude that the experiences are of higher-level severity if

1. *the anxiety reactions appear more often per unit time, that is, are of high frequency;*
2. *the anxiety reactions last for longer periods once initiated, that is, recovery time is slower; and*
3. *the period elapsing before the next anxiety reaction appears is shorter, that is, periods free of anxiety are less frequent.*

Since generalized anxiety disorder involves the chronic occurrence of anxiety reactions, time is also important in the original diagnosis.

The assessment of magnitude can be accomplished through examining each of the symptom-response channels mentioned previously (affective somatic, cognitive). The disorder is considered more severe if

1. *the symptoms within any response channel are of severe magnitude, for example,*
   extremely high heart rate (affective channel), severe speech disruption (somatic channel), or extreme distractibility (cognitive channel);
2. *there are numerous severe symptoms within or across several response channels, for*
   example, severe diarrhea, nausea plus extremely elevated blood pressure and heart rate (high-magnitude symptoms involving cognitive and affective channels); and
3. *the symptoms are assessed as having a severe overall effect on life adjustment. This recognizes the unique client who may be experiencing severe symptoms (such as a feeling that a catastrophe is imminent, or the heart pounding) but who seems to function somehow in spite of the symptoms.*

Vir die pastorale terapeut, wat verkies om in spanverband te werk, is dit belangrik om te let op die feit dat veralgemeende angsversteuring moeiliker diagnoseerbaar is as ander angsversteurings. Die terapeut mag dus verkies om die probleem van angs en bekommernis aan te spreek nieteenstaande 'n afdoende diagnose. Dan is dit van groot nut om in gedagte te hou dat die versteuring veral gekenmerk word deur die onbeheerbaarheid van kommer of angs ("*excessive and uncontrollable worry*"), wat dit duidelik onderskei van normale kommer wat van tyd tot tyd deur die meeste individue beleef word. In laasgenoemde omstandighede sou daar eerder 'n behoefte aan pastorale sorg as aan pastorale terapie wees. Dit moet egter beklemtoon word dat diagnose die taak van die klinikus en nie die pastorale terapeut is nie.

3.3 VOORKOMSSTATISTIEK

Daar is breedweg ooreenstemming tussen navorsers oor die voorkomssyfers van veralgemeende angsversteuring. Brown (1999:115) stel dit tussen 1,6% en 5,1% van die bevolking. Hy tref egter die interessante onderskeid ten opsigte van geslag deur daarop te wys dat uit die bogenoemde groep 17% mans en 21% vroue angstoestande beleef wat intens genoeg is om terapie te regverdig. Verder meld hy ook dat 82% van geaffekteerdes beleef dat hulle toestand ernstige benadeling ("*impairment*") meebring (1999:116). Suinn (1994:284) stel die voorkomssyfer op tussen 2% en 5% van die bevolking. Volgens Sue *et al.* (1994:167) het 8,4% van geaffekteerdes 'n lewenslange prevalensie van die versteuring, en dui dit volgens hom daarop dat veralgemeende angsversteuring meer hardnekkig en chronies as ander angsversteurings is.

Daar moet op gelet word dat hierdie syfers op die Amerikaanse en Britse bevolking van toepassing is. *Statistiek Suid-Afrika* kon nie plaaslike voorkomssyfers verskaf nie. Hoewel dit aanvegbaar is om 'n aanname op grond van bogenoemde syfers vir die plaaslike bevolking van Suid-Afrika te maak, sou dit 'n syfer van tussen agt honderd duisend en twee miljoen individue aantoon. Weens die onbeskikbaarheid van statistiek, is dit ook nie duidelik watter etniese onderskeidings daar ten opsigte van die plaaslike voorkoms van die versteuring is nie.

3.3.1 Voorkomssyfers by volwassenes en bejaardes

Weens bovermelde gebrek aan plaaslike statistiek, word hier weereens na Amerikaanse en Britse syfers verwys. Veralgemeende angsversteuring het gewoonlik 'n geleidelike aanvang, maar dit kan op 'n vroeë ouderdom begin (vergelyk 3.3.2). Dikwels volg dit by volwassenes op die een of ander lewenskrisis. Só byvoorbeeld meld Ben-Noun (1998:119) dat mans 8,5 keer meer waarskynlik veralgemeende angsversteuring sal ontwikkel na vier traumatiese gebeure ("*life events"*). Geen soortgelyke verband is by vroue bevind nie. Dit impliseer dus dat volwasse mans 'n groter kwesbaarheid ten opsigte van die gevolge van trauma het. Dit is betekenisvol veral in die lig van die feit dat, soos by 3.3 vermeld is, vroue 'n 4% hoër voorkomssyfer vir die versteuring as mans toon. In hoofstuk 7 sal daar gepoog word om die verband tussen hierdie feit en die rol van vader- en Godsbeelde te verreken.

Volgens Brown (1999:16) blyk dit voorts dat ouer persone in 'n geringe mate 'n groter risiko vir angsversteurings het en meld verder dat die gebruik van ligte kalmeermiddels by 17-50% van die Amerikaanse bevolking bo vyf-en-sestig jaar voorkom. Beck *et al.* (1996:225) sluit hierby aan deur te toon dat angstigheid 'n vier tot sewe keer hoër voorkomssyfer as depressie by dieselfde ouderdomsgroep het. Dieselfde navorsers toon ook aan dat die voorkoms van veralgemeende angsversteuring by ouer pasiënte

- nie aan normale veroudering toe te skryf is nie; en
- dieselfde simptome openbaar as by jonger lyers en dat, ongeag op watter ouderdom die versteuring 'n aanvang geneem het, psigologiese meting van angsfaktore dieselfde resultate as by jonger lyers toon (1996:231-232).

Dit dien gemeld te word dat die meetinstrumente vir angs by psigologiese navorsing hoofsaaklik die "*Penn State Worry Questionnaire"*, die "*Beck Anxiety Scale*", die "*Hamilton Anxiety Scale"* en die "*Liebowitz Social Anxiety Scale"* is. (Laasgenoemde twee word in die Bylae vervat).

Die pastorale terapeut moet dus kennis neem van die hoër kwesbaarheid van mans wat vier of meer traumatiese lewensgebeure beleef het, en van ouer kliënte wat 'n soortgelyke hoër kwesbaarheid het, sowel as van die feit dat vroue in 'n geringe mate meer tot angsversteuring geneig is, as mans. Barlow en Durand (1995:161) meld ook dat 55% tot 65% van individue wat in hulle kliniek vir veralgemeende angsversteuring behandel word, vroue is. Hierdie feite moet by aanvanklike verkennende gesprekke in die terapeutiese proses in ag geneem word.

3.3.2 Voorkomssyfers by kinders en adolessente

Brown *et al.* (1994:1274) toon aan dat, hoewel veralgemeende angsversteuring 'n geleidelike aanvang het *"…the majority of patients with Generalized Anxiety Disorder report an early onset (i.e., before the age of twenty), a substantial minority of patients report an onset in adulthood."* Dit bring die kwessie van karakteriologiese aspekte van die etiologie van die versteuring na die voorgrond en sluit by 'n leerteoretiese etiologiese beskouing aan (vergelyk 2.2). Hulle wys ook daarop dat daar 'n oorerflikheidsfaktor van so hoog as 30% is (1994:1274). Desnieteenstaande is die laagste voorkomssyfer van die versteuring by persone tussen vyftien en vier-en-twintig jaar oud te vinde, en word die ontwikkeling daarvan gewoonlik met die voorkoms van 'n lewensstressor geassosieer.

Volgens Tracey *et al.* (1997:410) is die aanwesigheid van rusteloosheid die mees algemene kenmerk van veralgemeende angsversteuring by kinders. Verdere simptome word in die waardevolle navorsing van Masi *et al.* (1999:212-213) aangedui en deur die onderstaande tabelle weergegee. Die syfers het betrekking op 'n eksperiment waarby agt-en-vyftig persone betrokke was. Daarvan was negentien kinders en nege-en-dertig adolessente. Drie-en-twintig was manlik en vyf-en-dertig vroulik. Deur die genoemde tabelle (soos hier onder) bymekaar te plaas, word tendense makliker geïdentifiseer, byvoorbeeld dat in die kinderjare angsverwante simptome by seuns ietwat hoër as by dogters is, maar dat die teendeel waar is sodra die adolessente fase betree word. (Ten einde vergelykings soos die pas vermelde te vergemaklik, word die tabelle anders as gebruiklik hier ingesluit en nie as Bylae aangeheg nie).

Table 1. Reports of Anxiety Symptomatology in the Total Sample and by Gender

Symptom	Total Sample (n = 58)		Males (n = 23)		Females (n = 35)	
	No.	%	No.	%	No.	%
Feelings of tension	57	98	22	96	35	100
Apprehensive expectation	55	95	22	96	33	94
Brooding	37	64	16	69	21	36
Need for reassurance	48	83	20	87	27	77
Physical complaints	42	72	18	78	24	68
Irritability	47	81	18	78	29	83
Sleep disturbances	31	53	11	48	18	51
Fatigue	39	67	17	74	22	63
Negative self-image	43	74	18	78	25	71
Difficulty concentrating	33	57	16	69	17	48
Psychomotor agitation	18	31	9	39	9	26
Fearful thoughts about parents	30	52	13	56	17	48
Fearful thoughts about self	31	53	14	61	17	48
Fear of sleeping	20	34	9	39	11	31
Fear of being alone	21	36	12	52	9	26

Table 2. Children's Reports of Anxiety Symptomatology

Symptoms	All Children (n = 19)		Males (n = 8)		Females (n = 11)	
	No.	%	No.	%	No.	%
Feelings of tension	18	95	7	87	11	100
Apprehensive expectation	18	95	8	100	10	91
Brooding	8	42	5	62	3	27
Need for reassurance	19	100	8	100	11	100
Physical complaints	15	79	7	87	8	73
Irritability	15	79	7	87	8	73
Sleep disturbances	12	63	7	87	5	45
Fatigue	14	74	7	87	7	64
Negative self-image	13	68	6	75	7	64
Difficulty concentrating	10	53	4	50	6	54
Psychomotor agitation	6	31	5	62	1	9
Fearful thoughts about parents	12	63	7	87	5	45
Fearful thoughts about self	13	68	6	75	7	64
Fear of sleeping	10	53	4	50	6	54
Fear of being alone	9	47	5	62	4	36

Table 3. Adolescents' Reports of Anxiety Symptomatology

Symptom	All Adolescents (n = 39)		Males (n = 15)		Females (n = 24)	
	No.	%	No.	%	No.	%
Feelings of tension	39	100	15	100	24	100
Apprehensive expectation	37	95	14	93	23	96
Brooding	29	74	11	73	18	75
Need for reassurance	29	74	12	80	16	67
Physical complaints	27	69	11	73	16	67
Irritability	32	82	11	73	21	87
Sleep disturbances	19	49	6	40	13	54
Fatigue	25	64	10	67	15	62
Negative self-image	30	77	12	80	18	75
Difficulty concentrating	23	59	12	80	11	46
Psychomotor agitation	12	31	4	27	8	33
Fearful thoughts about parents	18	46	6	40	12	50
Fearful thoughts about self	18	46	8	53	10	42
Fear of sleeping	10	26	5	33	5	21
Fear of being alone	12	31	7	47	5	21

Ben-Noun (1998:119) wys ook op die algemeen bekende feit dat die gesinsomgewing 'n uiters belangrike rol in die gesonde ontwikkeling van kinders speel en meld dat *"…the rate of dysfunctional families from GAD families was significantly higher than from non-GAD families."* Brown (1999:117) onderskryf hierdie opmerking deur daarop te wys dat diegene wat veralgemeende angsversteuring op 'n vroeër ouderdom ontwikkel, 'n hoër voorkoms van ouerlike en huislike onstabiliteit gerapporteer het. Die belangrike rol van ouers en van die vaderfiguur word ook in hoofstuk 7 van hierdie navorsingstuk bespreek.

3.4 KOGNISIES BY VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING

Dit is voor die hand liggend dat veralgemeende angsversteuring 'n beduidende invloed op die kognisies van die individu het. Hierdie kognisies word baie raak deur Breitholtz *et al*. (1999:536) beskryf en word hieronder weergegee. Die versteuring behels vrese op die volgende terreine:

- **Interpersoonlike konflik**

  Gedagtes en beelde oor werklike en/of potensiële konflik of konfrontasie met een of meer persone.

- **Bekwaamheid**

  Twyfel oor die eie vermoë om te presteer en die vrees vir mislukking in die oë van ander, of in terme van eie taksering.

- **Aanvaarding**

  Bekommernis oor aanvaarding deur vriende, geliefdes of kollegas.

- **Besorgdheid oor ander**

  Bekommernis oor die lewens en gesondheid van ander persone wat vir die betrokke individu belangrik is, asook 'n gevoel van verantwoordelikheid vir diesulkes.

- **Fisiese katastrofes**

  Gedagtes van die individu oor sy eie moontlike siekte, ongelukke of dood.

- **Sosiale katastrofes**

  Gedagtes oor en vrese daarvoor om belaglik gemaak te word, in die verleentheid te wees, of 'n gek van hom- of haarself voor ander te maak.

- **Sielkundige katastrofes**

  Gedagtes oor 'n senu-ineenstorting, om beheer te verloor of "mal" te word.

- **Betekenis- en hooploosheid**

  Hier handel dit oor eksistensiële sake, soos die betekenis van die lewe.

- **Onbenullige sake**

  Uitgebreide kommer oor dinge wat mense nie normaalweg tot kommer stem nie.

- **Bekommernis**

  Gedagtes oor hoe om die kommer te beheer.

Dugas *et al.* (1998:215) voeg hieraan toe dat hulle konsepsuele model van veralgemeende angsversteuring op die *"intolerance of uncertainty"* berus en is in wese 'n samevatting van die terreine van kommer wat hierbo genoem is. Vir die konteks van die pastorale terapie, en veral van Skrifgebruik in terapie, is dit opvallend hoeveel van hierdie kognisies deur die Skrif aangespreek word. Dit bevestig die relevansie van die Bybelse geloofsimperatief wat in Hoofstuk 6 van hierdie navorsingstuk bespreek word.

Die kognisies wat hierbo genoem word, onderskei ook veralgemeende angsversteuring van ander angsversteurings, veral die fobies (maar nie soseer sosiale fobie nie). Daar is 'n element van rasionaliteit in hierdie kognisies wat, anders as by die fobies, nie noodwendig met 'n spesifieke assosiasie verband hou nie (soos byvoorbeeld 'n prentjie van 'n spinnekop by aragnofobie). Dit word bevestig deur Becker *et al.* (1999:160) wat bevind het dat lyers aan veralgemeende angsversteuring en sosiale fobie in eksperimentele toestande nie angsspesifieke woorde beter as die kontrolegroep onthou het nie. Veralgemeende angsversteuring wentel dus meer om kognitiewe inhoud as om assosiasie. Ter ondersteuning hiervan verklaar Townsend (1999:697): *"In GAD, worry, defined*

as apprehensive expectation must be prominent. In addition, these worries tend to concern the 'real life' problems of the effected individual."

Die kommer by veralgemeende angsversteuring kan egter nie as kompulsief beskou word nie. Dit moet dus nie met obsessief-kompulsiewe versteuring verwar word nie. *"In spite of the similarities between GAD and OCD and the difficulty distinguishing a worry from an obsession, the disorders appear to co-occur infrequently and there appears to be little diagnostic overlap between them"* (Townsend 1999:697). Die kwessie oor die ko-morbiede voorkoms van veralgemeende angsversteuring saam met ander versteurings kom vervolgens ter sprake.


3.5 KO-MORBIDITEIT

Die term ko-morbiditeit word gebruik om die gelyktydige aanwesigheid van twee definieerbare versteurings by 'n individu aan te dui. Dit is belangrik om daarop te let dat, soos reeds vermeld, angstigheid as verskynsel by verskeie ander angs- en gemoedsversteurings voorkom. Die diagnose van veralgemeende angsversteuring word juis hierdeur bemoeilik en ook deur die feit dat ongeveer 90% van lyers aan veralgemeende angsversteuring 'n geskiedenis van die een of ander psigiese versteuring het. Veralgemeende angsversteuring kom ook tesame met paniekversteuring en gemoedsversteurings, soos major depressie, distimie en sosiale fobie en ander spesifieke fobies, voor. Dit is ook die mees algemene versteuring wat gediagnoseer word by persone wat aanmeld vir die behandeling van die fisiese simptome van stres (soos chroniese hoofpyn en irriteerbare maagsindroom). Die versteuring is dikwels ook die voorloper van ander versteurings. Die versteuring toon ook op drie terreine 'n oorvleueling met depressie, naamlik negatiewe affek, lae positiewe affek en fisiologiese hiper-opwekking (Brown 1999:119-124).

Die kwessie van ko-morbiditeit bemoeilik dus die diagnosering van veralgemeende angsversteuring en verklaar gedeeltelik die relatief lae voorkomssyfer soos by 3.2 genoem. Brown *et al.* (1994:1275) stel dit duidelik: *"This high rate of comorbidity is another factor which lowers the diagnostic reliability of general anxiety disorder; pure general anxiety disorder seems to be*

relatively rare." Desnieteenstaande het veralgemeende angsversteuring gewoonlik 'n vroeër aanvang as ander angs- en gemoedsversteurings en mag dit die kwesbaarheid van 'n individu vir die latere ontwikkeling van ko-morbiede toestande verhoog. Brown *et al.* (1994:1275) bepleit gevolglik die benoeming van "*mixed anxiety-depression."*

Die kompleksiteit van ko-morbiditeit word paslik deur die grafiese voorstelling hieronder geïllustreer:



(Tyrer 1999:178)

Hierdie kompleksiteit word verder toegelig deur Maser en Cloninger (1984) wat as redakteurs van 'n omvattende psigiatriese werk aantoon dat ko-morbiditeit vanuit die volgende perspektiewe toegelig kan word:

- Bevolkingsgebaseerde navorsing (1984:123-188);
- Gesins- en genetiese navorsing (1984 331-380);
- Biologiese studies (1984:381-438);
- Longitudinale studies en studies van behandelde pasiënte (1984:189-330).

Die navorsing wat deur bogenoemde werk verteenwoordig word, is tegnies-vakkundig van aard en val buite die skopus van hierdie studie. Dit het egter grootliks bygedra tot die verandering van die diagnostiese kriteria, soos dit van die DSM-III en DSM-III-R na dié van die DSM-IV aangepas is.


Uit hierdie kort bespreking van ko-morbiditeit van veralgemeende angsversteuring met ander angs- en gemoedsversteurings blyk dit duidelik dat die pastorale terapeut by die aanvang van terapie voor die keuse tussen twee opsies staan, naamlik om óf langs 'n interdissiplinêre weg duidelikheid oor die diagnose te verkry, óf om op 'n narratiewe wyse bloot met die verskynsels van angs en kommer te handel.

Indien laasgenoemde verkies word en etikettering vermy wil word, is die kompleksiteit van diagnose irrelevant. Indien die terapeut op diakoniologies-integrerende wyse te werk wil gaan (soos deur hierdie navorser in 1.4.2 bepleit word), sou dit belangrik wees om groter duidelikheid te verkry oor watter rol die aspek van angs en kommer in die lewe van die kliënt en in die diagnose van sy/haar psigopatologie speel. Vervolgens sal daar dan bepaal kan word welke aanpak daar tot die fenomeen van angs sal wees. Indien die terapeut sterk aansluiting by 'n modernistiese aanpak vind, is dit van belang om die kwessie van diagnose in die hande van 'n klinikus te laat.

3.6 DIEN VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING 'N "DOEL"?

Wells en Carter (1999:587) konstateer dat: *"…individuals with GAD are prone to execute worrying as a coping strategy in response to particular threat related triggers."* Hierdie siening word deur Brown (1999:120-124) ondersteun en hy voeg by dat die kommer ook 'n poging is om nie alleen te "*cope"* nie, maar ook die gewaande negatiewe gebeure te voorkom, dus 'n kognitiewe vermyding van

bedreiging. Die dinamika van veralgemeende angsversteuring word deur die volgende skema van Barlow en Durand (1995:164) geïllustreer:



3.7 VERDERE LIG OP HUIDIGE TERAPEUTIESE BENADERINGS

By 2.7.3 is daar kortliks na huidige terapeutiese benaderings verwys. In hierdie afdeling word gepoog om in groter besonderhede daarop in te gaan en in die lig van moontlike tekortkomings daarvan, op die behoefte aan pastoraal-terapeutiese intervensie te wys. Hier word ook weereens van farmako- en psigoterapeutiese benaderings gewag gemaak.

3.7.1 Die problematiek van farmakoterapeutiese intervensie

Daar is by 3.3 gewys op die feit dat veralgemeende angsversteuring neig om 'n chroniese en hardnekkige versteuring te wees. Die probleem met farmakoterapie is dat dit hoofsaaklik simptomatiese behandeling is en nie 'n langtermyn oplossing nie. Tyrer (1999:109) wys daarop dat*: "A treatment can only be regarded as a cure if it produces a fundamental and permanent change in the course of a disease which iradicates it from the body. The same can apply to a symptom or behaviour as much as a disease."* Hieronder volg 'n kort bespreking van die verskeidenheid middels wat by angsversteurings gebruik word.

3.7.1.1 Middels met 'n primêre angswerende funksie

- **Die Benzodiasepienes**

  Bekende handelsname van Benzodiasepienes is by 2.7.3.1 bespreek. Dit is steeds die mees algemene groep farmaseutiese middels wat vir angsversteurings voorgeskryf word. Dit is sedert 1930 bekend en vanaf 1950 vir psigopatologiese versteurings voorgeskryf. In leketaal kan die werking van hierdie middels beskryf word as dat dit senusel aktiwiteit verminder. Die middels werk ook vinnig en het 'n sterk kalmerende effek met 'n gepaardgaande gevoel van welsyn. Die middels is ook betreklik veilig en word positief deur pasiënte aanvaar (Tyrer 1999:119). Die nadeel van die Benzodiasepienes is egter die moontlikheid van die ontwikkeling van afhanklikheid. Hierdie risiko word verhoog as die middels vir persoonlike probleme, eerder as vir 'n siekte toestand voorgeskryf word.

Dit blyk ook dat die risiko groter is by die middels in hierdie groep wat in 'n lae dosis oor 'n langer tydperk voorgeskryf word. Faktore wat die risiko verder beïnvloed is die predisposisie van die pasiënt tot afhanklikheid, dosis en duur van medikasie asook persoonlikheidsfaktore by die pasiënt. Die saak word verder gekompliseer as die betrokke middels saam met alkohol of ander depresserende middels gebruik word (Tyrer 1999:122-123).

- **Ander kalmeermiddels en hipnotika**

Die kenmerk van hierdie groep middels is die kalmerende effek wat dit het en dat dit slaap vergemaklik. Bekende middels in hierdie groep is:

- Chloormetiasool (handelsnaam: Hemenevrin);
- Glutetimied (handelsnaam: Doriden) wat 'n hoë potensiaal vir die vorming van afhanklikheid het; en
- Meprobamaal (handelsnaam: Equanil).

Hierdie middels se werking is breedweg soos dié van die Benzodiasepienes maar is nie so potent en effektief nie. Daar is egter steeds 'n gevaar van afhanklikheid wat kan ontwikkel. (Die ouer geslag barbiturate word nie meer vir angstoestande voorgeskryf nie) (Tyrer 1999:124).

- **Buspiroon**

Die voordeel van hierdie middel, wat nie tot een van die twee bogenoemde groepe behoort nie, is dat dit nie die potensiaal vir die ontwikkeling van afhanklikheid het nie. Dit kan dus vir etlike maande aaneenlopend gebruik word. Die middel is egter nie populêr nie aangesien dit, anders as ander genoemde middels, disfories is. Dit bly egter effektief in die behandeling van angstoestande (Tyrer 1999:126).

3.7.1.2 Middels met 'n sekondêre angswerende effek

Die volgende middels word ook soms vir angstoestande voorgeskryf:

- **Beta-blokkeerders**

  Hierdie middels word hoofsaaklik vir hipertensie voorgeskryf, maar het voordele by die behandeling van angstoestande, soos dat dit nie 'n sederende effek en ook nie die potensiaal vir die ontwikkeling van afhanklikheid het nie. Die middels word veral voorgeskryf vir die voorkoms van *"performance anxiety"* (soos by openbare optrede) (Tyrer 1999:127).

- **Antihistamienika**

  Die mees algemene gebruik van hierdie middels is vir die teenwerking van allergie. Dit het egter ook nut vir die behandeling van angstigheid, aangesien dit 'n sederende effek het en 'n baie lae potensiaal vir die ontwikkeling van afhanklikheid het (Tyrer 1999:127).

- **Antipsigotiese middels**

  Weens moontlike risiko van nadelige newe-effek by langtermyn gebruik, word hierdie middels gewoonlik vir korter periodes in 'n lae dosis voorgeskryf wanneer dit vir die behandeling van angstoestande aangewend word. Daar is ook geen potensiaal vir die ontwikkeling van afhanklikheid nie (Tyrer 1999:128).

- **Antidepressante**

  Weens die opspraak wat oor die afhanklikheidsvormende potensiaal van die Benzodiasepienes ontstaan het, het dit toenemend populêr geword om antidepressante ook vir angstoestande voor te skryf. Die ouer geslag trisikliese antidepressante is hiervoor egter minder in gebruik as die SSRI's (*"selective serotonin re-uptake inhibitors"*). Die voorskrif hiervan is ook

gunstig in situasies waar angs as 'n ko-morbiede toestand met depressie gepaardgaan. Die SSRI's word egter meer dikwels vir obsessiewe angstoestande voorgeskryf en eerder die trisikliese middels vir veralgemeende angsversteuring. Hoewel antidepressante as "veilige" middels beskou word, is daar tog 'n geringe potensiaal vir die vorming van afhanklikheid (Tyrer 1999: 129-130).

Uit die voorafgaande oorsig oor farmakoterapeutiese intervensie ten opsigte van angsversteurings, is die problematiek daarvan duidelik te sien:

- Daar is die gevaar van die ontwikkeling van afhanklikheid.

- Ander nadelige newe-effekte, veral by gebruik op 'n langer termyn, is aanwesig.

- Farmakoterapie bring slegs 'n korttermyn oplossing mee.

Laasgenoemde opmerking verteenwoordig die belangrikste tekortkoming van farmakoterapie. Aangesien veralgemeende angsversteuring 'n chroniese en hardnekkige toestand is, bied medikasie nie 'n blywende oplossing nie. Behandeling is dus hoogstens simptomaties. Hierdie problematiek verdiep as die pasiënt beter voel onder medikasie en in gebreke bly om die dieperliggende faktore wat tot sy/haar toestand bydra, aan te spreek. Daarom, soos by 2.7.3.1 vermeld is, is dit van belang dat die pasiënt ook by gespreksterapie betrokke sal raak. Die voordeel van medikasie is egter dat dit gunstiger omstandighede vir gespreksterapie skep, aangesien die kliënt dan meer ontspanne is. Hierdie gunstige interaksie tussen farmakoterapie en psigoterapie word ook deur navorsers soos Coryell en Winokur (1991:81-82) onderskryf.

Hier volg 'n skematiese uiteensetting van die effekte van middels wat vir angsversteurings voorgeskryf word (Tyrer 1999: 132). Dit word volledig weergegee en nie as 'n bylaag aangeheg nie, aangesien die inhoud daarvan direk van toepassing is op die voorafgaande:

Table 6.5 Comparison of the Issues Determining the Choice of an Anti-anxiety Drug

Drug group	Speed of action	Sedation and sensori-motor impairment	Risk of dependence	Efficacy	Main indications
Sedative/ hypnotics	Fast (< 2 hours)	Significant but dose-related	Relatively great in long-term treatment	Excellent	Time-limited - treatment (e.g. alcohol withdrawal)
Azospiro-decanediones	Fairly slow (2–5 days)	Very little	Very low	Good	Anxiety in abuse-prone situations (e.g. chronic alcohol abuse)
Antipsychotic drugs	Fairly slow	Little in low dosage	Very low	Fair	Anxiety in presence of psychotic symptoms
Antihistamines	Fast	Present to some degree	Slight	Fair	Mild anxiety and insomnia
Antidepressants - tricyclic	Slow (2–5 wks)	Variable, depending on dose and drug	Very low	Good	Persistent anxiety/panic associated with chronic insomnia
Antidepressants - SSRIs and reversible MAOIs	Slow (2–5 wks)	Very little	Low	Very good	Yet to be determined
Beta-blocking drugs	Fast	None	None	Good in some instances	Performance anxiety

3.8 VERDERE PSIGOTERAPEUTIESE OORWEGINGS

By 2.7.3.2 is daar aangetoon dat kognitiewe terapie voorkeur by die behandeling van angstoestande geniet. Die psigososiale intervensies wat gebruik word, is kognitiewe terapie (waarby rasioneel-emotiewe gedragsterapie ingesluit word),

ander vorme van gedragsterapie, dinamiese psigoterapie en ontspannings- (of meditasie) terapie (Gorsman *et al.* 1999:1819). Volgens Warren en Zgourides (1991:173) is die tendens egter om 'n kombinasie van tegnieke uit die bogenoemde kategorieë te gebruik.

3.8.1 Kognitiewe terapie

Hierdie benadering tot terapie berus op die aanname dat 'n individu kognitiewe foute maak, soos byvoorbeeld die koestering van irrasionele gedagtes, onbuigsame aannames rakende hom- of haarself en die verhouding van die self met andere. Hierdie gedagtekonstrukte berus op drie negatiewes, naamlik 'n negatiewe selfbeoordeling, negatiewe interpretasie oor heersende gevoelens en 'n negatiewe toekomsverwagting. By angsversteurings neem hierdie negatiewe triade die vorm van katastrofering, insekuriteit en alarmisme aan (Tyrer 1999:144). Die terapie sal dus op die verbetering van hierdie negatiewe gedagtepatrone konsentreer.

Andrews *et al.* (1994:316) beskryf die taak van die psigoterapeut, wat iemand met veralgemeende angsversteuring behandel, as volg: *"The wide range of worries, beliefs, and expectations found in patiens with GAD will require flexibility on the part of the therapist who may need to address dysfunctional thinking over a number of domains. More often than not, the thinking of individuals with GAD will be colored by a general perception of threat and they will react with alarm to a multitude of cues in their day-to-day lives."*

Volgens Warren en Zgourides (1991:177-178) word die volgende kognitiewe intervensies by veralgemeende angsversteuring aangewend:

- Daar word gepoog om die kliënt te leer om te handel met die sekondêre problematiek voortspruitend uit die primêre probleem.

- Die waarskynlikheidsbeoordeling van gewaande bedreigings word hersien.

- Optredes wat die kliënt beskou as dinge wat gedoen *behoort* te word, se geldigheid word uitgedaag.

- Daar word gepoog om die element van katastrofe uit gewaande scenarios te verwyder.

- Die verhoging van selfaanvaarding word bevorder.

Hierdie intervensies word op die volgende gedragsmatige wyses aangepak:

- Vaardighede vir probleemoplossing word aangeleer.
- Die vermyding van gewaande bedreigings word teengewerk.
- Selfgeldendheidsopleiding word aangebied.
- Ontspanningsprosedures word toegepas.

3.8.2 Kognitiewe tegnieke van naderby

In die breër spektrum van angsversteurings, maar ook ten opsigte van veralgemeende angsversteuring, word afwisselend van verskeie tegnieke gebruik gemaak. Wat hier volg is 'n samevatting van die uiteensetting van Tyrer (1999:146-150).

- **Interpersoonlike psigoterapie**
  Hierdie vorm van psigoterapie betrek meer as een individu tegelykertyd by die terapeutiese proses. Dit het veral sukses met die behandeling van depressiewe pasiënte, maar is in 'n mindere mate ook vir angstoestande aangewend. Die kruks van hierdie vorm van terapie is daarin geleë dat dit poog om die essensiële elemente van beproefde psigoterapeutiese intervensies aan te wend, en dié elemente wat nie empiries as suksesvol bewys is nie, weg te laat.

- **Ontspanningsopleiding en angsbestuur**
  Dit is ontwikkel spesifiek met die oog op veralgemeende angsversteuring en is in dié verband suksesvol aangewend. Hierdie vorm van terapie kan as 'n

kombinasie van ontspannings- en gedragsopleiding beskou word. Dit strek gewoonlik oor ongeveer ses sessies van progressiewe ontspanningsopleiding.

- **Hipnoterapie**
  Angstoestande wat gunstig op 'n *placebo*-effek reageer, reageer gewoonlik ook gunstig op hipnoterapie - 'n verband wat weens die gemenedeler van suggestie bestaan. Hierdie vorm van terapie het goeie resultate met pasiënte wat 'n passiewe benadering tot terapie het en goed op "outoritêre" intervensie reageer, en dus moeilik in 'n samewerkende verhouding tot die terapeut staan. Janse Van Rensburg (1987:336-342) toon egter duidelik aan dat hipnose in 'n pastoraal-terapeutiese benadering met goeie vrug aangewend kan word. Elemente soos gebed, positiewe geloofsuggesties en positiewe suggesties van vertroue, is in hierdie verband relevant.

- **Meditasie**
  Hierdie tegniek het 'n lewensverrykingsfokus en het net, by implikasie, waarde vir die behandeling van angstoestande. Positiewe visualisering kan egter van nut wees.

- **Selfhelp**
  Verskeie selfhelp programme vir angstoestande is reeds ontwerp en is met die ontwikkeling van beter kommunikasie tegnologie (soos rekenaarprogramme). Illman (2004) bied byvoorbeeld 'n volledige handleiding, met relevante vraelyste en rekenaarmatige oefeninge, wat deur die individu benut kan word.

Enkele tegnieke wat ook by veralgemeende angsversteuring gebruik is, maar teleurstellende resultate getoon het, is:

- **Bio-terugvoer**
  Pasiënte word onder beheerde toestande voorsien van terugvoer oor die effekte van die funksies van hulle senuweestelsel (byvoorbeeld sweet of spierspanning). Daar word dan gepoog om deur hierdie terugvoer 'n kondisionerende effek te bereik.

- **Desensitasie van oogbeweging**
  Die pasiënt konsentreer op 'n toneel uit 'n traumatiese ervaring, terwyl sekere oogbewegings tegelykertyd uitgevoer word. Daar bestaan egter nog geen empiriese basis om die sukses, al dan nie, van hierdie metode aan te toon nie. Aangesien kognitiewe terapie met die verandering van gedagtepatrone handel, word die Skriftuurlike opdrag tot die verandering van die gemoed deur hierdie navorser daarmee in verband gebring en word daar by 6.5.3 weer hierop teruggekom.

3.9 DIE PROBLEMATIEK VAN PSIGOTERAPIE VIR VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING

Hierdie problematiek kan in die volgende punte onder woorde gebring word:

- Dit blyk dat psigoterapie dikwels nie 'n langtermyn verbetering in die toestand van pasiënte teweegbring nie. Hierdie bevinding word deur etlike navorsers ondeskryf. Woodman *et al.* (1999:3) verwys in 'n vyf-jaar opvolgstudie daarna dat *"…significantly fewer GAD subjects achieved full remission at follow-up."* Brown *et al.* (1994:1276) voeg hieraan toe dat lyers aan veralgemeende angsversteuring minder gunstig op konvensionele kognitiewe en gedragsterapie reageer as lyers aan ander angsversteurings. Elders beklemtoon Brown (1999:124) dat: *"Furthermore, of the various anxiety disorders, GAD has been the most resistant to psychosocial and pharmacological interventions."*


- Verder blyk dit, dat vanweë die feit dat lyers aan veralgemeende angsversteuring nie goed op psigoterapie reageer nie, die voorskrif daarvan ten gunste van farmakoterapie afneem. Gorsman *et al.* (1999:1820) bevestig hierdie problematiek deur die boekstawing van die genoemde afname in 'n longitudinale studie wat van 1991 tot 1996 gestrek het.

Die problematiek van psigoterapie vir veralgemeende angsversteuring verdiep wanneer daarop gelet word dat daar 'n opvallende stilte oor enige religieuse element is (behalwe, by implikasie, by meditasie-terapie). Die leemte moet

dringend deur die pastorale terapie aangespreek word, en hierdie navorsingstuk is 'n poging daartoe. Die sekuriteitsgebrek, waarna reeds verwys is, speel 'n belangrike rol in veralgemeende angsversteuring. Indien hierdie gebrek effektief aangespreek kon word, sou dit 'n merkbare verbetering by lyers aan die betrokke versteuring kon bring. Die Bybelse geloofsimperatief wat in hoofstuk 6 ter sprake kom, is dus relevant. As daar gelet word op watter vorme van kommer eie aan veralgemeende angsversteuring is (vergelyk 3.4), is dit duidelik dat wat die Skrif oor hierdie geloofsimperatief en oor 'n sekuriteitwekkende vader- en Godsbeeld sê, op hierdie terreine van angs van toepassing gemaak behoort te word. Die toepassing moet egter op sodanige terapeutiese beginsels berus, dat dit sinvol in die bestaanswêreld van die kliënt geïntegreer kan word.

Dit is die opinie van hierdie navorser dat die spirituele en religieuse elemente wat op veralgemeende angsversteuring inspeel, nie onderskat moet word nie. Dit sou selfs sinvol wees om te vra of hierdie elemente nie die versteuring ten grondslag lê nie. Die gedagte dat 'n enkele psigologiese proses die oorsprong van verskeie versteurings kan verteenwoordig, is nie 'n vreemd nie. So wys Borkovec *et al.* (1995:482) daarop dat: *"Certain psychological processes may be basic to all or most emotional disorders, even if secondary processes specific to different disorders exist. If this is the case, then most anxiety and depression problems share at a fundamental level the same underlying psychological mechanism… Treatments that affect the basic mechanism would impact on any disorder sharing that mechanism. Thus, future therapy development might best be based on growing basic knowledge about fundamental, shared mechanisms."* Hierdie insig is van besondere waarde as die spirituele en religieuse elemente by veralgemeende angs in die spel gebring word, en sluit aan by die hipotese van hierdie navorsingstuk.

Die hipotese kan, op vereenvoudigde wyse, skematies as volg voorgestel word en verteenwoordig 'n basiese meganisme vir die voorkoms van veralgemeende angsversteuring:



In hoofstuk 7 word die verband tussen vaderbeeld, Godsbeeld en angs van naderby in oënskou geneem.

3.10 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

In hierdie hoofstuk word 'n bruikbare oorsig van veralgemeende angsversteuring as 'n identifiseerbare versteuring gegee, sodat die pastorale terapeut met die kenmerkende eienskappe daarvan vertroud kan wees. Kennis van die invloed daarvan op mense in verskillende ouderdomsgroepe, sowel as die effek wat dit op die kognisies van individue het, bied aan die terapeut die geleentheid om 'n vertrekpunt vir die terapeutiese proses te vind. Die feit dat die versteuring "hardnekkig" en langdurig is, word bevestig deur die feit dat beide psigo- en farmakoterapie dikwels nie 'n bevredignede oplossing bied nie. Dit laat die vraag ontstaan of daar nie meer aandag aan die religieuse en spirituele elemente wat betrokke mag wees, gegee moet word nie. Hierdie vraag bevestig die nut daarvan om die hipotese van hierdie navorsingstuk te ondersoek.

DIE VADERMETAFOOR IN PERSPEKTIEF

Al hierdie dinge het Jesus vir die mense
in gelykenisse geleer, en sonder 'n gelykenis
het Hy hulle niks geleer nie.
- **Matteus 13:34**

4.1 INLEIDING

Soos by 1.7.1 aangedui, vorm hierdie en die volgende twee hoofstukke die tweede (naamlik teologiese) invalshoek vanwaar die ondersoek vir hierdie navorsingstuk aangepak word. In hierdie hoofstuk word gepoog om ten eerste kortliks te wys op wat met die term "metafoor" in die konteks van pastorale terapie bedoel word en hoe dit as terapeutiese instrument aangewend kan word. Daarna word ietwat meer breedvoerig ingegaan op die vadermetafoor in teologiese konteks, met sterk beklemtoning op 'n openbaringsteologie waarin God as Vader aangedui word. Sodoende word aangetoon dat die gebruik van die vadermetafoor in pastorale terapie (ook waar daar van 'n narratiewe aanpak gebruik gemaak word), 'n besonder kragtige terapeutiese potensiaal het.

4.2 DIE METAFOOR AS BEGRIP EN TERAPEUTIESE INSTRUMENT

By definisies van metafore kan daar aangedui word dat dit óf taalkundige, of poëtiese inhoud kan verwoord, óf die filosofiese ordening van idees kan fasiliteer. "*Metaphor is a linguistic phenomenon of peculier philosophical interest and importance because its use in various domains raised puzzling questions about the nature and image of language and knowledge. The study of metaphor in its aesthetic aspects belongs to rhetoric and poetics… By common definition, and by etymology, a metaphor is a transfer of meaning… The metaphorical modifier acquires a special sense in its peculiar context… and it is applied to entities different from those it usually applies to, in any of its normal senses*" (Cox & Theilgaard, 1987:93).

Die aanwending van metafore in die psigoterapeutiese domein is veral vanuit die konstruktivisme gebore en het die aandag gevestig op die waarde van die kreatiewe gebruik van die metafoor (Terburgh 1997:15). In die terapeutiese proses reflekteer die metafoor nie alleen die kliënt se vorige ondervindings nie, maar is ook die lens waardeur die kliënt sy/haar visie van die toekoms projekteer (Siegelman 1990:65). Die terapeutiese proses sou dan die inhoud van sulke metafore kon omvorm ("*re-storying*") en sodoende die kliënt na singewing kon begelei. (In die konteks van hierdie navorsingstuk sou dit beteken dat sodanige vordering veral op die terrein van vader- en Godsbeeld sal wees en die gebruik van die vadermetafoor sal lei tot die herstel van die verhouding tot God). Die potensie van 'n metafoor lê juis daarin dat dit 'n "kortpad" na 'n konsep kan wees en met 'n enkele woord of uitdrukking breë en gekompliseerde temas in iemand se lewe in perspektief kan plaas. Die fokus van die metafoor lê dus eerder in denke as in taal. Dit vergemaklik die kliënt se omgang met die figuurlike, innerlike en geestelike wêreld.

Barker (1985:45) noem die verskillende metafore wat gebruik kan word as volg:

- Stories wat bydra tot die begrip van 'n komplekse situasie.
- Anekdotes en kortverhale om spesifieke doelwitte in die terapeutiese situasie te bereik.
- Analogieë, vergelykings en kort metaforiese stellings of frases wat gebruik word om dieperliggende denkpatrone aan te spreek.
- Verhoudingsmetafore.
- Take met metaforiese betekenis.
- Metaforiese objekte.
- Artistieke metafore.

Vanuit 'n narratiewe perspektief wys Müller (1996:137-138) ook op die belangrikheid van die gebruik van metafore tydens berading – dit help met die ontvouing van 'n nuwe storie en beweeg verder as logiese beredenering oor 'n probleem (soos wat die geval by rasioneel-emotiewe gedragsterapie sou wees) en so word nuwe moontlikhede van interpretasie en herinterpretasie geskep. Hy

wys ook op die nut van die metafoor as voertuig waardeur 'n probleem ge-eksternaliseer kan word en mense in staat stel om oor iets te praat waaroor hulle waarskynlik andersins nie sou praat nie. Ook Friedman en Combs (1996:1-10), wat veral met die "sosiale konstruk metafoor" werk, bevestig hierdie waarde van metafore deur aan te toon dat dit die berader in staat stel om in 'n storie-perspektief na mense se lewens te kyk en kliënte te help om hulle eie lewensverhale op so 'n wyse te verwoord dat dit uiteindelik betekenis en vervulling meebring. (Hulle wys in hierdie verband op Erikson se bekende "*teaching tales*").

Dit is verder van belang om te begryp dat metafore nie alleen tot die domein van sekere postmodernistiese terapeutiese tegnieke behoort nie, maar ook met groot vrug in ander benaderings aangewend kan word (Barker 1985:38). Die metafoor is dus, eenvoudig gestel, 'n bevorderaar van gesprek en ontmoeting. In die pastorale terapie, waar daar noodwendig oor geestelike en teologiese konsepte en inhoud gepraat word, is die metafoor dus ook van groot nut. 'n Mens sou kon sê dat Jesus se gebruik van gelykenisse hier 'n goeie voorbeeld is, en is die metafoor in terapie byna 'n klein gelykenis. Jesus het ruimskoots van metafore gebruik gemaak om sy Messiasskap te verduidelik deur na homself te verwys as die lig, die herder, of die weg.

Van belang vir hierdie navorsingstuk dui Louw (1996:114-138) in bogenoemde verband aan dat 'n mens ook van 'n metaforiese teologie, wat van 'n hermeneutiese model uitgaan, sou kon praat. Die pastor of terapeut is dan 'n interpreteerder van die Storie ("*grand narrative"*) en van stories. Hy het 'n diagnostiese taak "*to make a pastoral assessment of the meaning and significance of these stories in terms of God images*" en lê klem op die ontdekking van God as Vriend in die pastorale ontmoeting. Hy maan egter tot groot sensitiwiteit in die pastorale gesprek oor Godsbeeld deur daarop te wys dat elke pastor self 'n unieke Godsbeeld reflekteer wat deur sy eie teologie en persoonlike agtergrond bepaal word. Insgelyks het die kliënt 'n unieke Godsbeeld wat deur baie faktore beïnvloed is en dat die verandering of aanpassing daarvan vir die kliënt traumaties kan wees.

4.2.1 Metafore en die vorming van spiritualiteit

Die rol van metafore in die proses van begripsvorming kan nie gering geskat word nie. Om hierdie rede is die rol van metafore in die vorming en belewenis van spiritualiteit van groot belang. Lakoff en Johnson (1980:6) wys daarop dat: *"… metaphor is not just a matter of language … on the contrary, human thought processes are largely metaphorical. Metaphors as linguistic expressions are possible precisely because they are metaphors in a person's conceptual system."* Aangesien spiritualiteit oor die algemeen, en die Christelike geloof spesifiek, ryk is aan metaforiese taal en handelinge, is dit belangrik om die rol en impak van metafore te verreken in godsdienswetenskaplike en teologiese studie. Uit hoofde daarvan dat die metafoor 'n minder bekende saak of voorwerp in spanning plaas met 'n meer bekende saak of voorwerp, bevorder dit die vorming van begrip. Terwyl spirituele werklikhede dikwels as die "minder bekende" beleef word, word dit metafories verstaanbaar of soos Ricoeur (1978:7) dit stel: *"Certain fictions have to redescribe reality."*

Hierby moet ook die perspektief in gedagte gehou word dat die gaping tussen verlede (teks/Skrifteks) en die hede (omstandighede van die hoorder/leser) op die een of ander wyse oorbrug moet word en sodoende daar tot nuwe insig binne die beperkinge van historiese en kulturele omstandighede gekom moet word. Hierdie perspektief is veral sigbaar in Gadamer (1995:151-152) se hermeneutiese filosofie waarin die poëtiese, estetiese en subtiel-abstrakte nuanses van taal en die vervlegtheid daarvan met alle lewensaspekte beklemtoon word: *"What language is as language and what we seek as the truth of the word is not graspable by proceeding from the so-called 'natural" forms of linguistic communication. On the contrary, such forms of communication come to be understood in their own possibilities by looking at the poetic mode of speaking*." Die metafoor vind sigself in sodanige taalgebruik tuis.

Fourie (2001:34 en 44) is weens bogenoemde redes ten gunste daarvan om verhale, gelykenisse, beelde, simbole en rituele ook as metafore of metaforiese instrumente te beskou. Hy toon egter aan dat daar wel verskille tussen 'n

metafoor en 'n vergelyking, of tussen 'n metafoor en 'n simbool, ritueel of konsepte is, maar dat daar telkens 'n sterk metaforiese element aanwesig is. Die effek en rol van metafore is inherent kragtig. Dit dra daartoe by om byvoorbeeld ons leefwêreld en konsepte waarvolgens ons leef te vorm en om gemeenskap en intimiteit te skep, terwyl dit ook oor besonder intense geestelike krag beskik (Fourie 2001:67-72).

Die gevolgtrekking waartoe Fourie (2001:190-216) kom, is dat spiritualiteit wesentlik metafories van aard is, asook dat die beoefening daarvan en praktyke daarbinne inherent metafories is. Gevolglik is die metafore wat in 'n spesifieke vorm van spiritualiteit gebruik word, bepalend vir die aard van die beoefening daarvan. 'n Verskeidenheid metafore wat ryk is aan inhoud sou daarom spiritualiteit verruim, terwyl 'n gebrek aan metafore tot arm of eensydige spiritualiteit sal lei.

Hoewel die Vadermetafoor vir gesprek oor God in hierdie navorsingstuk prominent is, is dit steeds belangrik om in gedagte te hou dat beide die Ou en Nuwe Testament van vele ander metafore ten opsigte van God gebruik maak. Fourie (2001:233) noem byvoorbeeld die volgende:

- Beskermer: Psalm 68:6
- Helper: Psalm 48:15
- Hoop: Psalm 71:5
- Rots: Psalm 19:15
- Skuilplek: Psalm 18:3
- Vriend: 2 Kron. 20:7
- Skild: Psalm 18:3

Hy toon ook aan dat dit van groot belang is om te verreken dat daar huidiglik 'n behoefte aan geskikte metafore vir spiritualiteit bestaan. In die lig hiervan word daar in hierdie navorsingstuk gepoog om die relevansie van die vadermetafoor, wat inhoudelik gesond is vir die heilsame beoefening van pastorale terapie, aan te toon.

Dat metafore, waarmee Godskonsepte verwoord word, vir die pastorale terapie van belang is, spreek vanself. Van Jaarsfeld (2001:247-258) wys noukeurig op

die rol van Godskonsepte in terapie en wel aan die hand van die volgende probleemsituasies:

- Angs: By die aanwesigheid hiervan figureer konsepte van God as byvoorbeeld 'n sadis of 'n paaiboelie, eerder as konsepte wat hoop en vertroosting gee.

- Depressie: Die individu toon heel waarskynlik 'n gebrek aan Godskonsepte waar Hy naby en ontfermend is.

- Swak selfbeeld: Hier figureer waarskynlik konsepte van God as 'n despotiese patriargale figuur.

- Verslawing: In hierdie situasie kan daar 'n gebrek wees aan die konsep van God as 'n regverdige regter wat die individu noop om verantwoordelikheid vir eie gedrag te aanvaar.

- Hooputopie: God word as 'n *Towenaar* gesien en daar word geglo dat alles in die toekoms volmaak sal wees.

- Behoefte aan katarsis: Die individu het 'n begeerte om sy/haar hart uit te praat, maar God as 'n *Geweldige Krag* is te verhewe om te luister. ('n Soortgelyke Godskonsep kan ook aanwesig wees waar antisosiale gedrag geopenbaar word).

- Onbevredigende geloofslewe: God word as *Towenaar* gesien, maar wat nie die gewenste uitkomste voorsien nie.

Van Jaarsveld (2001:255-257) wys verder daarop dat herstrukturering van Godskonsepte moet plaasvind waarby verantwoordelike Skrifgebruik en groei na geloofsvolwassenheid belangrik is.

Wat nou verder in hierdie hoofstuk bespreek word, dra 'n sterk dogmatologiese karakter. Dit word egter weergegee binne die konteks van die gebruik van

metafore – spesifiek die vadermetafoor – in pastorale terapie. Die doel daarvan is om aan te toon dat die gebruik van die vadermetafoor met betrekking tot God nie alleen teologies en skriftuurlik verantwoordbaar is nie, maar ook imperatief is. Die nut daarvan vir terapie aan kliënte met angsversteurings, veral veralgemeende angs, word kursories vermeld en sal weldra weer ter sprake kom. *Wat egter wel deeglik van kennis geneem moet word is dat in die spreke oor God in die pastorale gesprek dit duidelik moet word dat "vaderskap" met betrekking tot God meer as 'n metaforiese betekenis het en dat Hy nie alleen as vader* voorgestel *word nie maar dat Hy dit inderdaad ook* is*.*

4.3 'N GEREFORMEERDE OPENBARINGSBESKOUING

In die lig van die implikasies van die postmodernisme vir die teologie, is die opmerking van die negentiende-eeuse dogmatikus, Heinrich Heppe, van groot belang: *"The one source and norm in all Christian knowledge is Holy Scripture"* (Heppe 1950:12). Hierdie status word vanweë 'n spesifieke openbaringsbeskouing aan die Heilige Skrif gegee. Dié beskouing val tradisioneel in twee dele uiteen, naamlik algemene en besondere openbaring of "*revelatio naturalis*" en "*revelatio supernaturalis"* (Bavinck 1928:273). In die algemene openbaring kan die mens egter, vanweë die sondeval, nie tot genoegsame kennis van God kom nie. Die Here het dus dit wat uit die natuur oor Hom kenbaar is, in die besondere openbaring opgeneem en sy kenbaarheid uit die natuur word uiteindelik vir die mens ook eers sinvol nadat hy deur die Gees via die besondere openbaring verlig is (Bavinck 1928:275). Sommige dogmatici, soos Barth, het die besondere openbaring so hoog aangeslaan dat die algemene as onbeduidend beskou is! (Berkhof 1939:39).

Die besondere openbaring handel egter oor God se konkrete selfbekendstelling deur sy ingrepe in die geskiedenis en sy handelinge met mense. Oor hierdie ingrepe het die betrokke mense getuig, die getuienis is uiteindelik geboekstaaf en die Heilige Skrif het sy beslag gekry. Daarom kan onomwonde gesê word dat die Skrif die betroubare getuienis oor die selfopenbaring van God is. Hierdie selfopenbaring van God konstitueer die "*grand narrative"* waaruit die Kerk lewe, en die teologie haar kennis put. (Dit spreek van self dat die Skrif nie alle

inligting oor God bevat nie.) Soos reeds in die eerste hoofstuk aangetoon is, is dit uit die voorafgaande duidelik dat 'n postmoderne paradigma nie met 'n openbaringsteologie versoenbaar is nie. Die implikasies vir die praktiese teologie vandag is dat daar uiteindelik 'n keuse vir óf die een, óf die ander gemaak moet word. Die keuse vir 'n openbaringsteologie sluit nie eenogig alle ander wetenskap uit nie. "*In such a theology there is therefore no danger that its teaching will be at variance with the results of scientific discoveries; it has nothing to fear from them. For in Jesus Christ, who according to Barth's teaching on creation is the centre and meaning of the cosmos, of history and of man's existense, God and man, God the Creator and His creature, and thereby God and the world, have met once for all and are for ever united in one and the same person. The divine and the human, the supernatural and the natural, are thus shown to exist not in a permanent separation and aloofness from each other but in the unity of both of them. Hence there is no unbridgeable gulf between the two but rather a close association between God's divinity and man's humanity, between the kingdom of God and the world of man"* (Hartwell 1964:57).

Dit is dus vanselfsprekend dat induktiewe kennis, uit byvoorbeeld die gedragswetenskappe, van onskatbare waarde vir die praktiese teologie en die pastorale terapie in die besonder kan wees, maar dit mag nooit die normatiewe posisie van die Skrif in gedrang bring nie. "Die dogmatiek, soos trouens die ganse teologie, rus op en veronderstel die werklikheid van die openbaring" (Heyns 1988:3).

In die gereformeerde dogmatiek word daarop klem gelê dat God self die subjek van die openbaring is, en dat sy doel daarmee was om gemeenskap tussen homself en die mens tot stand te bring (Heyns 1988:6). Berkof (1979:72) beklemtoon ook dat daar nie van openbaringe van 'n aantal waarhede gepraat word nie, maar van die openbaring van die Waarheid as persoon. Die implikasie hiervan is dat waarhede te vinde is in 'n verhouding met (Hom), die Waarheid, maar dat hierdie Waarheid in die openbaring ontmoet moet word.

4.3.1 Die heilige Skrif

Daar is reeds na die Skrif as die produk van die selfbekendstelling van God verwys. Maar in die gereformeerde dogmatiek word die karakter van die Skrif ook verder onderskei deur dit as deur God geïnspireerd (*"God-breathed; theogneustos")* te tipeer. Teksverwysings wat gewoonlik in dié verband aangehaal word, is 2 Timoteus 2 vers 16, en Petrus 1 vers 21. Die onderskeie redenasies oor inspirasieteorieë, hetsy die meganiese, organiese of verbale inspirasie, kan nie hier weergegee word nie, maar 'n redelike mate van eenstemmigheid bestaan oor die beskouing van die Bybel as "God se woord in mensetaal" – deur laasgenoemde word die "menslike" karakter van die Skrif erken en deur die term "God se woord", die goddelike karakter. Die geïnspireerdheid van die Skrif verwys dan spesifiek na die werk van die Heilige Gees waardeur die goddelike aard van die Skrif tot stand gekom het. Die Gees getuig in die Skrif en uiteindelik ook in die hart van die gelowige. Die werk van die Gees verleen dus 'n sekere status aan die Skrif, naamlik dié van gesaghebbende kennisbron (Berkouwer 1975:50). Hierdie siening oor die Skrif berus egter op 'n geloofs-*a-priori* en kan nie anders as deur die geloof verantwoord word nie. *"The consideration of the mystery of the knowledge of God, of faith, and of complete limitless trust, is not a general epistemological problem concerning the various ways in which man arrives at a certain knowledge, but a confrontation with the marvel of the gift of being taught and led"* (Berkouwer 1975:49).

Wat vir hierdie navorsingstuk van belang is, is egter nie om die houdbaarheid van 'n Skrifgesentreerde (deduktiewe) epistemologie in 'n postmoderne milieu te verdedig nie – so 'n oefening sou op die terreine van die godsdiensfilosofie en die apologetiek lê. Wat van belang is, is om daarop te wys dat 'n gereformeerde diakoniologie nie anders bedryf kan word as vanuit die Skrif nie, en dat teologie sonder die Skrif as gesaghebbende bron nie gereformeerd (of Christelik!) genoem kan word nie. Daar is van Barth gesê: *"Having bound his theology exclusively to the Word of God …. he not only discarded philosophy as a basis … of theology, but in his entire theological work endeavoured to ensure that his own thinking as a theologion is constantly determined by the Word of God and*

not the word of man…" (Hartwell 1964:53). Hierdie benadering strek nie alleen die dogmatologie tot voordeel nie, maar inderdaad die hele spektrum van teologiese vakgebiede.

Die gesag van die Skrif was deur die eeue heen onder skoot. Die relativering van Skrifgesag is nie alleen eie aan die postmoderne tydsgees nie, maar was reeds 'n kenmerk van die rasionalisme (Berkhof 1939:38). Die taak van die teologie is egter nie om haar telkens volgens die tydsgees te skik nie, maar om Skrifgetrou te bly ten spyte van teenkanting. Sonder die Skrif en 'n kruisteologie van plaasvervangende verlossing word dit 'n teologie sonder sekerheid en sonder 'n teologie van die Vader word dit 'n teologie van angs. Dan word teoloë eerder filosowe en praktiese teoloë word gedragswetenskaplikes. God is vanuit Sy openbaring kenbaar en sonder die openbaring kom die mens noodwendig voor 'n wanvoorstelling van God te staan.

In die lig van die bostaande sal daar in die praktiese teologie/diakoniologie voortgegaan moet word om aan te toon dat God in sy selfopenbaring gekies het om homself as Vader te openbaar - laasgenoemde is van kardinale belang vir hierdie navorsingstuk. Nogtans is dit ewe belangrik om daarop te wys dat die Vaderskap van God nie 'n eksklusief manlike beeld van God wil skep nie - veral nie op so 'n wyse dat die vroulike gedevalueer word en die Christelike teologie 'n inherente manlike-chauvinistiese karakter ontwikkel nie. Dit is daarom raadsaam om ook te let op ander beklemtoninge, soos dat God in die Bybel ook met vroulike eienskappe beskryf word. *"The theological deficiencies arising from one-sided male interpretation and preaching are enormous"* (Gerstenberger 1997:374). Die Here word byvoorbeeld in Hosea beskryf as die een wat Efraim leer loop het, hom op die arms gedra en gevoed het – die vroulike rolfunksies by uitnemendheid. Daar is ook geen dichotomie tussen die manlike en vroulike eienskappe van God nie. Verder toon Mowery ook aan dat ná die Evangelies, die Skrif ook minder van die term "Vader" gebruik maak en dat dié verskuiwing reeds by Lukas en Handelinge te bespeur is (dit bevat 122 verwysings na "God", en slegs 17 na "Vader") (Mowery 1994:357). In sommige kerklike tradisies is daar dan ook minder klem op God as Vader. *"God is known and worshiped in*

the Orthodox Church as wholly without gender" (Hopko 1993:144). Sodanige praktyk is dogmatologies aanvaarbaar aangesien God nie geslagtelik is nie. Die bostaande vlugtige verwysings toon aan dat daar teen 'n eensydige Godsbeskouing gewaak moet word en die Vaderskap van God op so 'n wyse gekommunikeer moet word dat dit nie negatiwiteit en vervreemding jeens 'n vaderfiguur verder versterk nie.

4.4 GOD AS VADER

Oor die wyse waarop God homself geopenbaar het, is in die vorige paragraaf gehandel. Die aandag moet nou gevestig word op die vraag: In watter terme het God homself geopenbaar? Hieroor is in die dogmatiek baie geskryf en is daar tradisioneel na die attribute of volmaakthede van God verwys - Sy genade, heiligheid, barmhartigheid, geregtigheid, geduld, wysheid, alwetendheid, alomteenwoordigheid, bestendigheid, ewigheid en heerlikheid. Berkhof (1939:52-76), soos andere, skep 'n "skema" waarvolgens die attribute ingedeel word in wat hy die *"incommunicable"* attribute, soos God se selfeksistensie en eenheid, onderskei van die *"communicable"* attribute soos die morele en intellektuele eienskappe van God. Wanneer iets, soos die bostaande gesê word, word dit egter nooit bedoel as die bevindinge van die een of ander objektiewe ondersoek met God as objek nie. Hy kan nie in 'n aantal menslike terme volledig omskryf of "afgebaken" word nie. (Trouens, daar sou juis betoog kon word dat so 'n gesistematiseerde beskrywing gans te modernisties is!). God bly dinamies en daarom, as daar van sy attribute gepraat word, word dit altyd gedoen in die konteks van sy handelinge as die Een wat liefhet en veral in die konteks van sy selfbekendmaking in Jesus Christus. Anders as die afgode is die God van die Bybel die God wat praat en handel (König 1975:32-39). Daarom spreek die Skrif op antropomorfe wyse oor God.

4.4.1 Antropomorfismes

In beide die Ou en Nuwe Testament is dit opvallend dar daar op antropomorfe wyse oor God gepraat word. König (1975:74-75) deel die antropomorfismes in drie kategorieë, naamlik oor God se gestalte – Sy aangesig, oë, hande en-

someer; Sy gevoelens – liefde, berou, behae, en Sy dade –hoor, praat, wandel ensomeer. Uit die Ou Testament handel dieselfde skrywer (1975:88-93) enigsins breedvoerig oor die antropomorfismes in Hosea, waarin die verhouding tussen die Here en Sy volk, asook die dwaling agter vreemde gode aan, uitgebeeld word as 'n liefdesverhouding waarin die een party (Israel) ontrou word. Dié gebeure word in die lewe van die profeet weerspieël. Die emosies van God speel ook in Hosea 'n groot rol – sy ontsteltenis en teleurstelling. (Dieselfde emosies word byvoorbeeld ook in Jeremia 2-6 genoem). Die mees prominente emosie is egter Sy liefde (Hosea 11:9) – vaderliefde. *"Efraim is nie vir my 'n troetelkind nie, 'n kind in wie ek my verlustig nie, en tog elke keer as ek hom bestraf, dink ek met hartseer aan hom en ek is ontstel oor hom, want ek het hom baie lief, sê die Here"* (Jeremia 31:20).

'n Antropomorfe spreekwyse oor God is in die pastorale terapie van groot waarde. Dit bied metafore waarmee 'n persoon se Godsbeeld en Godservaring uitgebrei, reggestel of verander kan word. Só 'n beweging, soos later sal blyk, kan grootliks bydrae tot geslaagde terapie aan diegene wat aan veralgemeende angs onderworpe is. Die vadermetafoor word in die antropomorfismis verder uitgebrei en verryk. Schoen (1990:139) maak in dié verband 'n insiggewende opmerking: *"Furthermore, a personal God may be invoked to account for certain religious experiences. People sometimes feel comforted in a fatherly or motherly way during times of bereavement, though no human parent is present. Forgiveness or love are sometimes felt in the absence of any human forgiver or lover. Anthropomorphism provides an unusual opportunity for straightforwardly explaining such experiences in terms of a God who may be said, quite literally, to be loving, comforting or forgiving. Such bold affirmations are perfectly compatible with the humble admission that the divine essence, constitution, consciousness and modes of operation remain beyond the scope of human comprehension."*

Met die antropomorfismes word nie geïmpliseer dat God met die *sondige* mens vergelykbaar is nie. Daar word ook nie geïmpliseer dat die mensvormige spreekwyses oor God bloot gebruik is, omdat dit al wyse is daarop God vir die mens verstaanbaar is nie. (Godsbeskouings buite-om die openbaring is juis

dikwels onpersoonlik soos in die animisme of die Griekse filosofie). Antropomorfismes getuig dus teen die Grieks-filosofiese gedagte dat God wesentlik onsigbaar en onkenbaar is (König 1975:98).

Die antropomorfe spreekwyses oor God het duidelike implikasies vir 'n Bybelse antropologie wat beklemtoon dat die mens beelddraer van God is. Tereg sou 'n mens kon sê: *"Omdat God hande het, het ons ook hande. Omdat God ore het, het ons ook ore…"* (König 1975:99). Vir hierdie navorsingstuk is dit dus belangrik om te kan sê: Omdat God 'n vader is, is daar aardse vaders en het beide dié vaders 'n bepalende invloed op ons lewens. Ons aardse, menslike vaderskap is van die vaderskap van God afgelei en is 'n afskynsel daarvan. Hierdie tema word op 'n relevante wyse deur Stoop (2004:79-90) ontgin en uiteindelik op die terapeutiese proses van toepassing gemaak.

4.4.2 Die inhoud van die Bybelse vadermetafoor

Aangesien Luther die Bybel op so 'n wyse in Duits vertaal het dat almal dit kon verstaan en daarnaas groot klem op prediking en onderrig gelê het, sou 'n mens kon dink dat sy teologie hoogs intellektualisties, met min plek vir emosie sou wees. Die teendeel is egter weer. Luther self was diep emosioneel en uit sy huwelik en gesinslewe waarin hierdie 'n groot rol gespeel het, het 'n bepalende invloed op sy teologie gehad. Die vaderskap en liefde van God is dus in die lig van sy gesinslewe geïnterpreteer. *"Given the emotional intensity that is a distinguishing feature in his character, given his intimate involvement with family life and the strong emotional undercurrent of his theology, it would in fact have been strange if Luther's conception of God as a father had not undergone a change and development during his later years"* (Stolt 1996:393).

Die antropomorfismes brei die vadermetafoor uit en dié metafoor is een van die mees prominente spreekwyses oor God in die Bybel. Soos Luther raakgesien het, het God homself aan die mens geopenbaar en *gekies* om hom in terme van 'n Vader voor te stel en daarom is dit goed om nou aandag te gee aan die inhoud van die Bybelse metafoor. Verwysings na God as Vader is so talryk in die

Bybel dat dit byna onnodig is om dit hier weer te gee, maar ter wille van die illustratiewe waarde daarvan, word hier met 'n aantal voorbeelde volstaan.

Ou Testament

- Die Here tipeer homself as die Vader van Israel: *"Is die Here nie jou Vader, jou skepper nie?"* Deuteronomium 32:6, asook Jeremia 31:9, Jesaja 63:16 en 64:8.
- Dawid noem Hom "*die Vader van weeskinders."* Psalm 68:6.
- God onderneem om vir mense as Vader op te tree. *"Ek sal vir hom 'n Vader wees."* 2 Samuel 7:14. (In hierdie voorbeeld is Salomo ter sprake).

Die Evangelies

Dit is opvallend dat die meeste verwysings na God as Vader in die Johannes-evangelie voorkom, ook dikwels in die briewe van Johannes, en in die ander Evangelies.

- Jesus verwys telkens na *"julle Vader wat in die hemel is."* Byvoorbeeld in Matteus 5:16; 6:1, en 7:11.
- Hy is die Vader wat weet wat sy kinders nodig het. Matteus 6:8.
- Die Hemelse Vader weet wat met elkeen op aarde gebeur. Matteus 29:31.
- God as Vader is ook die gewer van verlossing: *"My Vader gee vir julle die ware brood."* Johannes 6:32.

Nuwe Testamentiese briewe

Die gebruik van die benaming "Vader" word in die briewe dikwels as sinoniem vir "God" gebruik.

- *"…tot wie ons roep Abba, Vader."* Romeine 8:15.
- *"…tog is daar maar een God, die Vader."* 1 Korintiërs 8:6.
- God word beskryf as die hoof oor alle geestelike magte. Hebreërs 12:9.
- Hy is die gewer van alles wat goed is. Jacobus 1:17.
- Die mens staan in 'n verhouding tot Hom (het gemeenskap met Hom). 1 Johannes 1:3.

- Sonder Jesus sou ons nie kennis van God se Vaderskap gehad het nie. 1 Johannes 2:23.

Die bostaande voorbeelde bevestig die vroeëre betoog (by 4.2.1) dat God gekies het om homself as Vader, en nie 'n geslaglose ouer, te openbaar nie. Dit is dus nie seksisties as Christene onwillig is om te aanvaar dat die drie-enigheid nie uit God die Ouer, God die Kind, en God die Heilige Gees bestaan nie! Dit sou interessant wees om na te vors of die verset teen die voorstelling van God as 'n Vader nie dalk spruit uit 'n kollektiewe negatiewe vaderbeeld nie, en of die aandrang op 'n moederlike uitbeelding van God nie die gevolg daarvan is dat soveel mense beleef het dat vaderlike funksies deur hulle moeders vervul is nie. Dit sou beteken dat die oorsprong van heelwat feministiese kritiek teen manlike taal oor God juis voor die deur van mans en vaders gelê kan word!

Daar sou byvoorbeeld ook aangevoer kan word dat die Bybel in 'n patriargale milieu ontstaan het, en dus die sosiale toestande van die tyd weergegee en ondersteun het. Dit is om hierdie redes dat die klem op die *vaderskap* van God val. Vandaar die bewerings dat die Bybel – en die teologie wat ons daaruit aflei – seksisties is. Op hierdie kritiek sal in die volgende hoofstuk teruggekom word.

Natuurlik weerkaats moeders ook die Godsbeeld en kan kinders uit hul ouers saam 'n Godsbeeld vorm. Die Skrifgetuienis leun egter swaar na 'n bepaalde prominensie van die amp van die Vader. Hiermee word egter nie bedoel dat die ander metafore vir God in die Skrif op die agtergrond skuif nie. Ander metafore soos dié van regter, herder, en koning is van ewe groot belang vir die vorming van 'n gesonde (Skrifgetroue) Godsbeeld.

Uit wat tot dusver gesê is, is dit egter duidelik dat die vadermetafoor, asook die verdere inhoud daarvan, vir die pastorale terapie van groot waarde is wanneer die vaderbeeld en Godsbeeld van 'n persoon tydens berading relevant word. Die hervorming van die vaderbeeld en Godsbeeld kan gunstige effek op verskeie verskynsels hê – veral, soos hier aangedui wil word, op veralgemeende angs. Die vaderbeeld en Godsbeeld beïnvloed verder noodwendig 'n persoon se

geloofsbelewenis en die wyse waarop gebeure (ook traumas) verwerk en deurleef word. As eenvoudige voorbeeld kan die volgende genoem word: Iemand wat God as 'n straffende tiran sien, kan 'n geloofskrisis en komplikasies met rousmart na die dood van 'n geliefde beleef. Hierdie Godsbegrippe kan in óf narratiewe, óf kognitiewe terapie aangespreek word. Die effek van negatiewe belewenisse met 'n vader kan dit vir sommige kliënte moeilik maak om die vadermetafoor positief te beleef. Hierna word kortliks by 4.4.2.1 verwys en in die volgende hoofstuk kom die noodsaaklikheid van inhoudelike korrektheid ten opsigte van die gebruik van die vadermetafoor ter sprake.

Ons kan nou volstaan by die bevinding dat die vaderskap van God een van die mees prominente metafore in die Bybel is. Vervolgens word kortliks uitgebrei op die inhoud van die metafoor en wel in terme van watter eienskappe aan die vaderskap van God toegedig word.

- **Die Liefdevolle**

Hierdie tema is dwarsdeur die Bybel sigbaar, beide in die Ou en die Nuwe Testament. Veral in die briewe van Johannes word die liefde van God sterk beklemtoon en selfs as 'n personifikasie van God beskryf: " *… want God is liefde"* (1 Johannes 4:8 en 16). Die liefde word ook as die motivering vir die verlossingswerk uitgesonder, want terwyl die geregtigheid van God die veroordeling van die sondaar eis, begeer sy liefde die verlossing en daarom het Hy die eis van sy geregtigheid op Christus aan die kruis laat neerkom sodat daar op 'n regsgeldige wyse aan die begeerte van sy liefde voldoen kon word. So 'n juridiese/forensiese benadering tot die verlossingsleer word breedvoerig deur Aulén (1931:101-120) bespreek. God is dus ook die vergewende, omdat daar geldige regsgronde vir vergifnis is.

- **Die Versorgende**

Die Hemelse Vader word in die Skrif aangedui as die een wat weet wat ons nodig het, wat weens sy vaderskap *wil* voorsien, en dit weens sy almag *kan* doen (Matteus 6:25-34). Hy is ook die een wat nie sy skepping alleen laat nie,

en sy eiendom versorg. Hy laat vaar nie die werk van sy hande nie. (Psalm 138:8). Die leer oor die voorsienigheid van God is ook 'n integrale deel van 'n gereformeerde godsleer en word duidelik verwoord in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 9, Vraag 26): "*Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?*
Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer, ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie. Hy sal ook al die kwaad wat hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander, omdat Hy dit as 'n almagtige God kan en ook as 'n getroue Vader wil doen."

- **Die Konstante**

Daar kan op God gereken word – Sy konstantheid impliseer betroubaarheid. Christus is ook gister en vandag en môre dieselfde (Hebreërs 13:8), Hy verander nie soos sy skepping verander nie: *"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar nie soos hulle verander of verduister nie"* (Jakobus 1:17). Twyfel en ongeloof (hoewel menslik begryplik) rym nie met diens aan die ware God nie. Die konstantheid en betroubaarheid van God is vir hierdie navorsingstuk van belang omdat 'n sekuriteitsgebrek juis kan spruit uit onbegrip oor die betroubaarheid van die Here.

- **Die Betrokke Vader**

Daar is etlike beloftes van God wat sy betrokkenheid waarborg: *"En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die Wêreld"* (Matteus 28:206). Ook in die Ou Testament het God aan gelowiges soortgelyke beloftes gemaak, soos aan Josua: *"Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie"* (Josua 1:56). Vertroue en sekuriteit, die teenoorgesteldes van angs, spruit uit die beloftes van God en hierdie beloftes is deur eeue heen vervul. Hiermee saam is hy die God wat in nood aangeroep kan word: *"Roep my aan in die dag van benoudheid: Ek*

sal jou uithelp en jy sal my eer" (Psalm 50:15). Die Here wat as 'n redder in tye van benoudheid getipeer word, is veral in die Ou Testament opvallend. (Vergelyk Jeremia 14:8, Jesaja 33:2, Psalm 4:2). Stafford (1989:24-25) lê klem op die gebruik van die woord "*Abba*" en dui aan dat ons petisies na God dikwels óf 'n onderhandeling met God, óf 'n versoek aan 'n hoë potentaat is eerder as 'n vertrouende versoek tot 'n vader. Volgens Barr (Abba isn't "daddy", 1988:28-47) dui hierdie vader-kind verhouding egter nie op 'n disrespekvolle familiariteit nie, maar op 'n innig dog vererende gesindheid van die gelowige jeens God. Barr (Abba, Father and the familiarity of Jesus' speech, 1988:175) wys voorts daarop dat Jesus se gebruik van die term *"Abba" "…was not at all the nuance of childish prattle, but the nuance of solemn and responsible adult speech."* Carey (1977:113) verwoord die gedagte van God as 'n betrokke vader as volg: *"Not for Jesus, then, nor for his followers was God an impersonal deity, removed from human concerns and distress. On the contrary, at the heart of Jesus teaching is the conviction that his 'Abba-God' cares for all men to the point of being intensely concerned with the well-being of each individual."*

- **Die Opvoeder**

Die Skrif toon God as die opvoeder wat riglyne vir die lewe neerlê (soos in die pentateug en dekaloog) wat wysheid aanbied (soos in die wysheidsliteratuur) en wat tug. Die Bybelse beklemtoning is dat God diegene wat verbondsmatig aan Hom verbind is, liefdevol tug en dat sodanige tug nie as straf (vergelding) dien nie maar as opvoeding – soos duidelik in Hebreërs 12:4-11 aangedui word. Die tug is dus deel van sy vaderlike optrede en word gemotiveer deur sy liefde. Die implikasies hiervan vir menslike vaderskap en vir die vorming van 'n gesonde Godsbeeld kan nie gering geag word nie, omdat mense dikwels God óf as 'n straffende tiran, óf 'n goedige Kersvader beskou. Beide hierdie Godskonsepte wek probleme in die hantering van lewenskrisisse en ook in berading.

Daar sou sekerlik nog kenmerke van God se vaderskap opgenoem kan word, maar die terme waarin die vadermetafoor geklee word, is met die bogenoemde reeds geïllustreer. Dit toon aan watter kenmerke in ons menslike vaderskap,

wat van God s'n af te lei is, aanwesig moet wees. Enkele vrae oor die implikasies van die afwesigheid daarvan is nou van pas.

4.4.2.1 Soos 'n versplinterde spieël

In die lig van die voorafgaande paragrawe sou gevra kon word:

- Indien 'n kind grootword met 'n vader wat selde of nooit liefdevol voorkom en 'n ongenaakbare en onvergewensgesinde houding het, sou dit dan makliker kon gebeur dat so 'n kind later moeilik sal glo dat God liefdevol en genadig is en veilig voel by God? Sou so 'n toedrag van sake nie juis tot 'n sekuriteitsgebrek kon bydra nie?

- Indien 'n kind sou grootword met 'n vader wat nie versorg nie, maar afwesig, onbetrokke en onbetroubaar is, sou 'n onvermoë om te glo en te vertrou en met sekerheid te leef dan nie met so 'n vaderbeeld verband hou nie?

- Indien 'n kind min of geen vaderlike dissipline ontvang nie, of onbillik gestraf of selfs mishandel word, sou dit vreemd wees as hy/sy 'n negatiewe of ongesonde Godsbeeld ontwikkel en, óf teenspoed as God se "straf" sien, óf nie wil aanvaar dat God ook tug nie?
  (In laasgenoemde opsig veral as godsdiensbeoefening deur 'n simpatieke, nie-straffende, moeder geïnisieer is).

Vrae soos hierdie sal in hoofstuk 7 ter sprake kom. Die praktyk toon egter dat die vrae hierbo heel dikwels as feite gesien kan word. (So is dit opmerklik dat mense met 'n negatiewe Godsbeeld dikwels net bid tot Jesus omdat hy as 'n vriendeliker ouboet tussen die individu en die vreesaanjaende Vader staan). Natuurlik word 'n godsbeeld nie deur 'n vader alleen bepaal nie, en sou ander faktore, soos die optrede van 'n moeder of ander beduidende persoon in 'n kind se lewe vir baie tekortkominge in die vaderbeeld kon kompenseer. Diesnieteenstaande is dit duidelik dat een van die menige faktore wat tot iets soos 'n veralgemeende angsversteuring lei, die sekuriteitsgebrek is wat uit 'n ongesonde vader- en Godsbeeld spruit.

In die lig van die bogenoemde word 'n mens opnuut daarvan bewus dat elke omstandigheid wat 'n kind van 'n gesonde vaderbeeld beroof, diep te betreur is, of dit onkunde, oorlog, trekarbeid, skofwerk of egskeiding is.

4.4.3 God as Vader en menslike vaders

Dit is nou nodig om aan te sluit by 'n Bybelse antropologie oor die mens as beelddraer van God. Die terme waarin beskryf word hoe die mens beelddraer van God is, is reeds aangedui. Die uitgangspunt bly God se selfopenbaring. Hy het hierdie bekendmaking in sekere terme geklee en daarom volg dit dat dié terme die analogie sal wees waarna daar van die mens as sy beelddraer gepraat word. Gevolglik is ons uniekhede as mense af te lei van, en te verbind aan, die "karaktertrekke" van God soos hy homself kenbaar gemaak het, soos Heyns (1978:126) sê, *"…in die menslike bestaanswyse word iets van die goddelike bestaanswyse weerspieël en in die menslike handelswyse word iets van die goddelike handelswyse weerspieël."*

Die Bybelse antropologie verhef dus die mens na 'n hoër status as 'n blote produk van evolusie. Die mens is, soos Heyns (1978:125) dit stel, *"…('n) stuk kreatuurlike werklikheid – heenwyser na, verteenwoordiger van, ambassadeur en saakgelastigde vir God en bondgenoot van God op aarde."* Dit insigself impliseer dat die mens wesentlik in verhouding tot God staan en dat hy/sy sodanig as verhoudingswese getipeer word. Die mens staan in verhouding tot God, die naaste en die geskape werklikheid en vanweë sy en haar beelddraer-karakter word van die mens verantwoordelikheid in al hierdie verhoudinge gevra. Ons is dus verantwoordelike verteenwoordigers van God op aarde en dié verteenwoordiging moet op alle lewensterreine sigbaar word.

Dit is in orde om hier tot 'n gevolgtrekking te kom: *God is kenbaar omdat Hy homself geopenbaar het — hiervan is die Skrif die betroubare getuienis — en in hierdie selfopenbaring word op mensvormige wyse oor God gepraat. Een van die sterkste idiome wat in hierdie verband gebruik word, is dié van God as Vader. Die mens as sy beelddraer weerspieël Hom op aarde, en dit beteken dan dat ons menslike vaderskap van sy vaderskap af te lei is. Daaruit spruit voort*

dat menslike vaderskap enersyds al die kenmerke van die vaderskap van God weerspieël na diegene wie se vaders ons is en andersyds beteken dit dat ons vaderskap diesulkes na die vaderskap van God terugverwys.

Dit is dus nie ongegrond om te beweer dat die heel eerste indrukke wat 'n kindjie oor God kry, hy of sy by 'n vader sien nie en sou 'n mens kon byvoeg dat deel van God se bedoeling met menslike vaders was dat ons kinders kan sê: *"As God soos my pa is moet Hy 'n wonderlike God wees!"* Hiermee gepaardgaande ontstaan dan die hipotese dat 'n persoon se vaderbeeld en godsbeeld sterk verband hou. Louw (1993:229) sluit hierby aan: *"Dit word algemeen vandag aanvaar dat die vaderbeeld uit die kinderjare die materiaal voorsien vir die kind se latere interpretasie van God."* McClung (1985:60) voeg daaraan toe: *"Ander kan nog steeds nie vir God "Vader" noem nie as gevolg van emosionele wonde wat hulle met hulle saamdra weens pyn in hulle verhoudings met hulle aardse vader."* Daar kan terloops daarop gewys word dat bogenoemde uitgangspunt baie goed kan aansluit by die narratiewe terapeutiese benadering en die gebruik van geneagramme. Die *"re-storying"* sal dan kan uitloop op die integrasie van die konsep van 'n Hemelse vader in die verhaal van die individu.

Dit is egter van belang om daarop te let dat 'n metafoor 'n karakter van similariteit sowel as dissimilariteit het. Ricoeur (1976:51) noem dit 'n "*hitherto unnoticed relation of meaning*", wat ons, eenvoudig gestel, as die "soos" en "nie soos" karakter van 'n metafoor kan noem (vergelyk 5.4.1). Die vaderfiguur en –metafoor *is* dus 'n refleksie van wie God vir ons is, maar *is nie* 'n volledige weergawe van God nie. Insgelyks is God ook *nie* soos aardse vaders wat byvoorbeeld hulle kinders onredelik straf of misbruik nie.

Verder, soos in die volgende hoofstuk genoem word, kan God dogmaties gesproke, nie as manlik of vroulik geïdentifiseer word nie. Metafore is daarom antropomorfiese instrumente om ons begrip van God te vergemaklik en te versterk.

4.4.4 Vaderskap en die gesin - hedendaagse verskuiwings

Terwyl hierdie nie 'n sosiologiese navorsingstuk is nie, en daar nie uitgebreid op teorieë oor die gesin en faktore soos sosiale verskuiwings en ontwikkelings ingegaan kan word nie, is dit nuttig om van enkele beskouings en verwikkelings rakende die gesin, kennis te neem. Wanneer daar oor die gesin gehandel word, en ook vanuit 'n teologiese perspektief gekyk word, stuit 'n mens gou op die veelvoudige negatiewe effekte wat die sondeval en die stukkendheid van die skepping op die mens in al sy/haar verhoudinge het. Die verhouding tussen vaders en hulle gesinne is dikwels hoogs ontoereikend of versteurd. Tog speel vaderskap 'n haas onmisbare rol in die vorming en opvoeding van kinders. Enkele perspektiewe op bogenoemde word vervolgens aangesny.

Walsh (1993:3-24) toon op insiggewende wyse aan dat die begrip "tradisionele gesin" (in die Westerse konteks) in 'n groot mate mities is en dat daar veel meer gesinstrukture as die "nukluêre" gesin bestaan. Sy is van mening dat daar weens nostalgie kommer heers oor die gewaande verdwyning van die tradisionele gesin. "*Yet every generation has expressed doubts about the stability and continuity of the family and has thought it was witnessing the breakdown of the 'traditional family'" (*1993:10*).* Die nukleêre (of "tradisionele" of "normale") gesin is aangedui as "*the intact nuclear household unit composed of a male breadwinner, his full-time homemaker wife and their dependent children"* (1993:13). Jordaan (1996:3-4) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die tradisionele of patriargale huweliksmodel eie aan 'n modernistiese tydsgees was en aangepas is om ook die deelgenootskaplike en uiteindelik die egalitêre huweliksmodel te huisves. Die postmodernisme, waarin tradisionele en modernistiese aannames verval of uitgedaag word, lei daartoe dat daar *"nie een postmoderne huweliksmodel kan wees nie; dat so-iets 'n kontradiksie in postmodernistiese terme is!"* (1996:8).

Verder is dit ook waar dat die rol van vaders in verskeie kulture van mekaar verskil. In die patriargale gesinstruktuur, wat histories meer algemeen is, is daar sterk klem op die verskil tussen die geslagte en speel die man 'n meer dominante rol. Die gesag van die vrou word beperk tot sake rakende

huishouding en kinderopvoeding. Dit blyk dat die patriargale gesin tans eerder in sommige streng Moslemlande, sowel as in baie gemeenskappe in Afrika aangetref word. Dit is egter nog in die Weste aanwesig en word, soos in verdere paragrawe aangedui word, deur konserwatiewe Christene gepropageer.

Die matriargale gesinstruktuur in die Westerse wêreld en in Afrika ontwikkel gewoonlik weens óf die afwesigheid, óf die een of ander ontoereikendheid van die man. Die rol van die moeder word dan dié van die draer van gesag en verantwoordelikheid. In só 'n situasie vervul die man 'n ander rol as by 'n patriargale struktuur en is hy dikwels bloot broodwinner of besoeker.

'n Mens sou Walsh dus gelyk moet gee dat die gedagte aan 'n stabiele nukleêre gesin geïdealiseer kan word en 'n terughunkering na 'n "normale" verlede waar dié soort gesin die norm was. Die heimwee oor 'n "normale" gesinstruktuur wat in die verlede sou bestaan berus volgens haar op ongegronde aannames. Daar was byvoorbeeld hoë mortaliteit en 'n lewensverwagting (voor die industriële revolusie) van ongeveer veertig jaar wat die voortbestaan van 'n intakte gesin kortgeknip het. Die verlede was dus nie so ordelik en stabiel as wat dikwels veronderstel word nie. Verder het verstedeliking en industrialisasie dikwels meegebring dat tradisionele rolle van die vader en moeder verander het en gesinstrukture daarmee saam. Walsh voer dan verder aan dat in die postmoderne era daar nie meer ruimte vir nostalgie oor 'n mitiese verlede kan wees nie, en ook nie vir 'n nuwe ideale gesinsmodel nie (Walsh 1993:10-14). Die evolusie van die samelewing bring eerder mee dat ons die saambestaan van verskeie gesinstrukture moet aanvaar. Sy wys dan op die volgende:

- Teen die negentigerjare van die twintigste eeu was die meeste Amerikaanse gesinne *"duel-earner"* gesinne en het dit die broodwinner/tuisteskepper gesin as die statistiese norm vervang.

- Teen die jaar 2000 sou tweede-huwelik (hersaamgestelde gesinne) die oorwegende gesinsvorm wees.

- Die sosiale aanvaarding van homoseksualiteit bring mee dat homoseksuele pare met hulle eie (uit vorige huwelike) of deur surrogaatouers of aangenome kinders, gesinne vorm.

- Verder is daar ook ander stief- en hersaamgestelde gesinne en in die VSA vorm broodwinner/tuisteskepper gesinne slegs 8% van die totaal (Walsh 1993:15). Tesame met wat Walsh (1993:20) die mite van die ideale gesin noem, noem sy die *"myth of the proper gender order",* met die man as die broodwinner en hoof en die vrou as tuisteskepper. Sy voer aan dat dit ook baie nadelig kan wees vir die welsyn van die vrou: *"Typical patterns in traditional families – the subordination of wives to their husbands and the peripheral position of fathers demanded by the workplace – was, in retrospect, not healthy for the functioning of the family or the well-being of its members. More recently, we have come to realize that keeping the family 'functional' proved dysfunctional for women in families, and the role expectation for wives and mothers to maintain the idealized traditional family came at great personal cost. The disproportionate responsibility for maintaining the household and the well-being of husband, children, and elder, while sacrificing their own needs and identities, proved detrimental to their physical and mental health."*

Dit is opvallend dat die opmerkings van Walsh, soos in die bostaande paragrawe vervat is, grotendeels op veral die verstedelikte bevolking van Suid-Afrika van toepassing is.

In die lig van die voorafgaande kan hier ook kortliks gewys word op die werk van navorsers soos Johnson (1993:301) wat van mening is: *"… that a paternal presence in the life of a child is essential to the child emotionally and physically."* Alhoewel die effekte van vaderafwesigheid meer volledig by 7.4 bespreek word, is enkele verdere opmerkings van Johnson, wat omvattende navorsing oor sodanige afwesigheid aanhaal, hier van pas.

- Navorsing toon dat kontak met die vader kinders se kognitiewe ontwikkeling versterk, terwyl die afwesigheid daarvan dit strem.

- Seuns met afwesige vaders vind dit moeiliker om 'n manlike seksuele identiteit te ontwikkel (veral as dié afwesigheid voor die ouderdom van vyf jaar reeds intree), en is daar 'n groter risiko vir die vestiging van 'n homoseksuele oriëntasie.

- Afwykende gedrag kom meer dikwels voor by seuns met afwesige vaders: *"By age 12 frequency to conduct disorder behaviour clearly discriminates father absent and father present males"* (1993:302).

- Intense woede en eensaamheid word aangetoon as meer waarskynlik by kinders van beide geslagte met afwesige vaders (veral as die afwesigheid voor die ouderdom van ses jaar intree).

Hy toon verder aan dat die afwesigheid (hetsy emosioneel of fisies) benewens dood en oorlog, toe te skryf is aan:

- Onvoldoende rolmodellering ten opsigte van 'n vader se verhouding tot sy eie vader.

- Vrees vir mislukking en 'n gevoel van onbekwaamheid.

- Verwarrende kulturele verwagtinge oor hoe en wat 'n vader moet wees (1993:302-311).

Dit is daarom verblydend dat daar, byvoorbeeld op die gebied van opvoedkundige sorg (*"educare"),* groter klem op die betrokkenheid van die vader gelê word. Dit word onder andere deur Stears (1990:12) bepleit dat dié betrokkenheid sal bestaan uit "*engagement, accessibility and responsibility."* In aansluiting hierby skryf Blankenhorn (1995:70-185) dat laasgenoemde se standpunt opgesom kan word as *"… what is good for the children? It turns out that one of the things that is very good indeed is for children to have a father."* Blankenhorn se kritiek op die vorme van vaderskap in die hedendaagse samelewing, is dat vaders as volg getipeer kan word (dieselfde kategorieë word meer volledig by 7.2 bespreek):

- "*Unneccecary Father*": 'n Gesinsvorm funksioneer selfstandig sonder 'n vader.

- "*Old Father*": Die vader as teenwoordige, maar ontoeganklike-verhewe wetstoepasser.

- "*New Father*": Die vader as ekstra paar hande om te help met kinders, maar sonder 'n gedefinieerde rol.

- "*Deadbeat Dad*": Die gewelddadige vader.

- "*Visiting Father*": Na egskeiding (ook genoem "Nearby Guy").

- "*Sperm Father*": Waar die vader slegs 'n biologiese funksie vervul.

- "*Stepfathe*r" en "*Nearby guy*": By hersaamgestelde gesinne.

In al hierdie gevalle is daar die afwesigheid van 'n duidelike gedefinieerde en unieke rol as toegewyde vader met verantwoordelikhede. Die implikasies hiervan vir pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring word in hoofstuk 7 meer breedvoerig bespreek.

Hierdie opmerkings is onrusbarend in die lig van die navorsing van Jansen *et al.* (1994:115), wat toon dat so onlangs as minder as 'n dekade gelede tagtig persent van adolessente God as manlik (vader) beskou het!

4.4.5 Op weg na 'n verantwoordelike vaderbeskouing

Hoewel daar nie 'n tydperk was wat geïdealiseer kan word nie, kan daar ook nie aangevoer word dat die scenario, soos in die voorafgaande paragrawe bespreek is, aanvaarbaar is nie. Terwyl ons ons tans in 'n postmoderne era bevind word sekerhede en so ook gedefinieerde rolverwagtings as onderhandelbaar beskou. Dit word noodsaaklik om te herbesin oor 'n verantwoordbare gesins- en

vaderbeskouing. Daar bestaan nie 'n uitgebreide teologie van die gesin (of vaderskap) in die gereformeerde leer nie. Daar is wel 'n soort algemene aanname dat die "normale" gesin bestaan uit 'n heteroseksuele egpaar met 'n min of meer patriargale sisteem. Behoudende literatuur oor huwelik en gesin gaan dan hoofsaaklik van dié aanname uit. Daar word aansluiting gevind by byvoorbeeld Paulus se "huistafels" dat elke man sy eie vrou en elke vrou haar eie man moet hê (1 Korintiërs 7); mans liefdevol en vroue onderdanig moet wees (Efesiërs 5); en dat kinders hulle ouers moet gehoorsaam (Efesiërs 6).

Daar is noodwendig diegene uit postmoderne en feministiese denkkaders wat sou betoog dat so 'n "gereformeerde" of Calvinistiese gesinsbeskouing oorwegend modernisties, biblisisties, seksisties en fundamentalisties is en dat 'n outoritêre patriargale huweliks- en gesinsverhouding só met godsdienstige sanksie aan die lewe gehou word. (Feministiese kritiek kom in die volgende hoofstuk meer volledig onder die loep). Hierdie mening word gegrond op die feit dat gereformeerdes (sowel as "*Evangelicals"*) sterk klem lê op die manlike en vroulike rolle soos in die Ou en Nuwe Testament, en die kultuur wat dit weerspieël, te vinde is.

Daar is egter pogings om 'n verantwoordelike gesinsmodel voor te hou en te wys op die verbondskarakter van die huwelik, die noodsaaklikheid van geloofsvolwassenheid en die gelykwaardigheid van man en vrou. 'n Voorbeeld hiervan is die siening van Louw (1983:29-42) en Adams (1972:9-15). Laasgenoemde neem die Christus-gesentreerde gesin as uitgangspunt en word soms as fundamentalisties beskou. Nogtans is temas, soos hierbo genoem, noodsaaklike boustene op weg na 'n verantwoordbare gereformeerde gesinsmodel.

Uit Evangeliese geledere is soortgelyke pogings as hierbo, wat ook gepaard gaan met klem wat op onderskeibare en unieke rolle van man en vrou gelê word, byvoorbeeld:

- Christenson (Ongedateerd:15-28), wat uitgaan van God se rangorde vir die huwelikspaar en gesin.

- Die "*Focus on the Family"*-beweging van James Dobson. (Waarvan die Suid-Afrikaanse kantoor in Hillcrest, Natal gesetel is).

- Die "*Promise Keepers"*-beweging.

In nog meer fundamentalistiese kringe is daar byvoorbeeld die "*Independent Baptists"* in die VSA uit die skool van John R Rice. Die meeste seminariums van dié beweging bied graadkursusse in moederskap aan.

Hoewel bogenoemde voorbeelde sekerlik aanvegbare elemente mag bevat, verteenwoordig dit 'n uitgangspunt wat deur hierdie navorser onderskryf word, naamlik dat hoewel ons in 'n postmoderne tyd leef, waar enige vooropgestelde rolverwagting bevraagteken word, daar nie bloot met die gety saamgedryf kan word nie.

Vir 'n gereformeerde diakoniologie en pastorale terapie is dit noodsaaklik dat:

- *'n Basisteorie ontwikkel word waar die vadermetafoor bevry is van die bagasie van seksisme en outoritêre gesag.*

- *Die rol en funksie van die vader duidelik geherdefinieer word in die lig van hedendaagse sosio-kulturele verskuiwings.*

- *Riglyne vir onderrig aan mans oor 'n verantwoordbare gesinsteologie ontwerp word.*

4.5 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Dit word hedendaags in die domein van berading algemeen aanvaar dat metafore van groot nut is in die ontvouing van die gesprek tussen berader en kliënt. Enkele voorbeelde en voordele van die gebruik daarvan is in die voorafgaande paragrawe vlugtig vermeld. In die pastorale terapie sal metafore noodwendig ook godsdienstige of geestelike temas aanspreek en sal daartoe

bydra dat die kliënt se belewenis of begrip van teologiese of godsdienstige aangeleenthede verken kan word. Hierdie metafore sal waarskynlik ook lig werp op die kliënt se siening en belewenis van God en die verband daarvan met sy/haar vaderbeeld. Onder 4.4.4 is aangetoon dat die hedendaagse maatskaplike situasie aanleiding kan gee tot 'n vaderbeeld wat dit uiters moeilik maak om 'n Godsbeeld te vorm wat naastenby "Bybels" genoem sou kon word. (Feministiese kritiek op die beklemtoning van manlike taalgebruik oor God kom in die hieropvolgende hoofstuk ter sprake).

Uit hierdie hoofstuk wil ons nou konkludeer dat God gekies het om homself veral in terme van 'n Vader te openbaar en dat dit teologies verantwoordbaar is om die vadermetafoor op God toe te pas. Die vadermetafoor, in die konteks van die kliënt se eie vader- en godsbeeld, moet dan aangewend word om die kliënt se verhaal sodanig in ontmoeting met die Groot Verhaal te bring dat daar 'n herstelde vader- en godsbeeld as resultaat van die terapeutiese proses sigbaar sal word. In terme van die hipotese van hierdie navorsingstuk bestaan die moontlikheid dan dat 'n onderliggende sekuriteitsgebrek, wat kan bydra tot angsversteurings (veral veralgemeende angsversteuring) so opgeklaar sal kan word.

FEMINISTIESE KOMMENTAAR

Jesus is my Verlosser en Saligmaker maar God die Vader….
sjoe, vir Hom moet ek katvoet loop!
- Uitlating van 'n kliënt tydens berading

5.1 INLEIDING

In Hoofstukke 1 en 4 is aangetoon dat die verweefdheid van vader- en Godsbeelde, sowel as die feit dat God homself as Vader geopenbaar het, sentrale temas in hierdie navorsingstuk is. Die gebruik van die vadermetafoor vir God, is 'n basiese premis in die hipotese wat ondersoek word. Veral vanuit 'n feministiese perspektief, word ernstige besware teen hierdie uitgangspunt ingebring. Gedagtes van geslagsuperioriteit, die versterking van patriargale sisteme, die identifisering van God met manlikheid, en al die negatiewe gevolge wat daarmee gepaardgaan, kom onmiddellik in die spel.

Hierdie navorser het dit nie ten doel om geslagsuperioriteit te propageer nie, maar te wys op geslagsuniekheid en die nuttige rol van die vadermetafoor in pastorale terapie. Desnieteenstaande is dit onbetwisbaar waar dat taal oor God in die manlike vorm deur die eeue heen gevolge gehad het wat nie heilsaam was nie. Gevolglik moet daar met erns na feministiese kommentaar oor taalgebruik, teologie en kerklike gebruike geluister word.

In hierdie hoofstuk word gepoog om aan te toon in watter opsig die gebruik van die vadermetafoor vir God, sowel as konsepte oor die verband tussen vader- en Godsbeeld in die pastorale terapie, aangewend kan word sonder om 'n seksistiese inhoud daaraan te gee. Daar word ook gepoog om op enkele aspekte van die feministiese teologie te antwoord. Dit sou egter kortsigtig wees om nie

die geldige punte van kritiek wat deur die feminisme geopper word, in hierdie navorsingstuk te verdiskonteer nie.

5.2 DIE FEMINISME: 'N OORSIG

Die feminisme kan nie getipeer word as 'n beweging met 'n uniforme of universele agenda nie, maar eerder as 'n denkrigting waarin daar in breë trekke ooreenstemming oor bepaalde temas is. Vanweë die uitgebreide spektrum van feministiese denkarbeid en beskikbare literatuur, sou dit aanmatigend wees om hier 'n volledige oorsig oor die feminisme te probeer aanbied. Hier kan hoogstens van enkele strominge melding gemaak word, en op bepaalde beduidende momente gewys word. In die lig daarvan dat feministiese perspektiewe op haas elke vakdissipline beskikbaar is, sal daar in hierdie hoofstuk uiteraard op die teologie gekonsentreer word. By die hantering van die feministiese literatuur word dit gou duidelik dat dit moeilik is om dit te kategoriseer, en wys Russel en Carey (2003:24-26) daarop dat 'n mens in die ontwikkeling van die feminisme verskeie benaderings vind, soos:

- Liberale feminisme, gebaseer op die behoefte aan gelyke regte vir vroue.

- Radikale feminisme wat die klem laat val op die viering van vroulikheid en nie op die assimilering van die vrou in 'n *"man's world"* nie.

- Sosialistiese of Marxistiese feminisme. Hierin gee die konsep van egaliteit as bousteen van die Sosialisme aanleiding tot aksie teen onderdrukking of diskriminasie op grond van geslag.

- Die feminisme van swart of inheemse vroue (in die VSA) laat die klem val op die eiesoortige probleme van vroue van kleur en die voorkoms van dubbele diskriminasie.

- In die postmoderne feminisme word die klem verskuif na die pluraliteit van die belewenis van vroue, eerder as op die kollektiewe belewenis.

- Die Franse feminisme wat konsentreer op die feit (of fout!) dat manlike belewenis as normatief in die psigoanalise aangebied is.

- *"Queer"* feminisme wat geïnteresseerd is in die destabilisering van bestaande kategorieë van identiteit, insluitende begrippe soos *manlik*, *vroulik*, *homoseksueel* of *heteroseksueel*.

Oor die geskiedkundige ontwikkeling van die feminisme kan daar op enkele historiese bakens as illustrasie van die progressie van die beweging gewys word:

- Die publikasie, in 1792, van Mary Wollstonecraft se, *"Vindication of the Rights of Women",* wat as die eerste feministiese dokument beskou kan word.

- Die vinnige toename van die invloed van die beweging, veral sedert 1848, onder leiding van Elizabeth C. Stanton en Lucretia C. Mott.

- Die verkryging van stemreg vir vroue in die VSA, in 1920.

- Die publikasie in die VSA van die "*Equal Rights Amendment",* wat hoofsaaklik te danke was aan leiersfigure, soos Bella Absug, Betty Friedan en Gloria Steinem (The Columbia Electronic Encyclopedia 2000: Internet date of access: 2 April 2004).

Verder identifiseer Olesen (1994:158-168) die volgende fases in die historiese ontwikkeling van die feminisme in die twingtigste eeu:

- In die vyftigerjare val die klem op vroueregte, soos byvoorbeeld stemreg.

- Tydens die sestigerjare vind kategorisering van feministiese standpunte plaas in terme van politieke beskouinge, hetsy liberaal, radikaal of Marxisties.

- Van die sewentiger- tot die negentigerjare kom die kontekstuele omstandighede van vroue, soos byvoorbeeld die afwesigheid of "onsigbaarheid" van vroue op sekere lewensterreine, onder die loep. Kwalitatiewe navorsing deur vroue in hierdie tydperk word dan veral deur twee uitgangspunte gekenmerk, te wete: Feministiese empirisisme en "*Feminist Standpoint Research."* Hierdie tydperk sien ook die ontwaking van die postmoderne en dekonstruktiewe navorsing, wat deur Olesen (1994:168) as volg beskryf word: *"Concerned with the difficulties of ever producing more than a partial story of women's lives in oppressive context, postmodernist feminist researchers regard 'truth' as a destructive illusion. The endless play of signs, the shifting sands of interpretation, language that obscures – all prompt these feminists to view the world as endless stories or texts, many of which sustain the integration of power and oppression."*

Wat die geskiedkundige ontwikkeling van die feminisme ten opsigte van die teologie aanbetref, identifiseer Ruether (2003: Internet date of access: 3 April 2004) die volgende ontwikkelingsfases:

- Die eerste fase is die identifisering van manlik-gesentreerde vooroordele in die tradisies van die kerk. Die aannames wat hierdie vooroordele ondersteun, word blootgestel en in gepaardgaande praktyke veroordeel.

- Die tweede fase word gekenmerk deur 'n soeke na alternatiewe tradisies, wat positiewe simbole van vroulikheid in die kerklike tradisie en praktyk inkorporeer.

- Die voorafgaande lei dan tot 'n derde fase, wat die konstruksie van 'n nuwe teologiese sisteem bevorder.

Die ontwikkeling wat hierbo uiteengesit is, stem in 'n groot mate ooreen met die waarneming van hierdie navorser by die lees van feministiese teologiese werke. Die waarneming is dat daar hoofsaaklik drie uitgangspunte geïdentifiseer kan word:

- Prinsipiële feminisme, waar die vertrekpunt is dat die mens as man en vrou in alle opsigte gelykwaardig is en die degradering van die vrou, in welke vorm ook al, prinsipieel die mens geweld aandoen. 'n Groot aantal feministiese teoloë handhaaf hierdie standpunt. (Enkele voorbeelde kom onder 5.3.4 ter sprake).

- Reaksionêre feminisme, wat diskriminerende sisteme blootlê en op verantwoordelike wyse wil korrigeer.

- Militante feminisme, waar die superioriteit van die vrou gevier word.

Verteenwoordigende verwysings na elk van hierdie uitgangspunte sal verder in hierdie hoofstuk herken kan word.

Na hierdie historiese oorsig kan daar nou voortgegaan word om die fokus van die feminisme op die godsdiens en teologie verder onder oë te neem.

5.3 FEMINISME EN DIE GODSDIENS

5.3.1 Feminisme en godsdiensstudies

Die godsdiens is een van die terreine by uitstek waar die feminisme 'n taak het, aangesien godsdienste, soos die Judaïsme, Islam en die Christelike godsdiens, as synde versterkend vir patriargale sisteme beskou kan word. Die noodsaaklikheid van feministiese perspektiewe in 'n studie van die godsdiens, word beklemtoon deur die feit dat dit vir baie eeue 'n domein van manlike

akademici en navorsers was. Hoewel daar in feministiese kringe baie wetenskapsfilosofiese debat oor navorsingsbenaderings, subjektiwiteit en vrae rondom die metodiek van vroue wat navors of nagevors word, aan die gang is, is dit duidelik dat 'n feministiese perspektief sonder verskoning in navorsing as vertrekpunt geneem mag word.

Dit is belangrik om te begryp dat sodanige feministiese perspektief sigself nie beperk tot onderwerpe wat uitsluitlik met of oor vroue handel nie, maar eerder 'n bepaalde perspektief op die hele spektrum van wetenskaplike navorsing insluit. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die werk van McFague (1997:26-66), wat onder andere teologiese aspekte van ekologiese verantwoordelikheid te berde bring. Sy vergelyk byvoorbeeld die manlik-gesentreerde beskouing van die natuur wat "getem" moet word, met patriargale dominansie en toon aan dat sodanige arrogante blik op die natuur deur 'n liefhebbende (vroulike?) blik vervang moet word, ten einde respek daarvoor te bewerkstellig. "*The natural world with its lifeforms has not been seen as having its health and integrity in itself, for itself, but rather in and for us"*, aldus McFague (1997:37).

Feministiese navorsing betreffende godsdiens en spiritualiteit word deur verskeie inisiatiewe aangemoedig. ('n Voorbeeld hiervan in Suid-Afrika is die "*Agenda Feminist Media Company"*). Spesifieke kontekstuele aspekte soos die belewenis van swart vroue se sosio-godsdienstige belewenis kom byvoorbeeld ter sprake. Dit is ook opvallend dat feministe in verskeie wêreldgodsdienste beleef dat die godsdienstige lewe (insluitend rituele en gebruike) deur mans oorheers word. In 'n gesprek met vroulike godsdiensleiers toon Verity (2004:42-52) aan dat hulle, hoewel hulle aktief (selfs voltyds) in diens van 'n geloofsgemeenskap staan, daar steeds 'n onderliggende androsentrisme is. Die gesprek het verteenwoordigers van die Boeddhisme, Islam, Afrika tradisionele godsdienste en Christene ingesluit.

Wat die Christelike godsdiens aanbetref word feministiese godsdiensstudies hier te lande aangemoedig deur die "*Circle of concerned African women*

theologians." Phiri (2004:19) beskryf die aktiwiteit van hierdie kring as volg: "*It depicts a spirit of solidarity and resistance to injustice in the church and society and it documents acts of transformation*." Vir teoloë van hierdie kring val die fokus ook sterk op die bevrydende potensiaal van die Bybel. Kontekstuele aspekte wat aandag geniet, is onder andere vorme van seksisme in godsdiensbeoefening, die konteks van tradisionele godsdienste, erflatings van kolonialisme, geweld teen vroue en rassisme. As voorbeeld van sodanige kontekstuele studie ondersoek Rakoczy (2004:29-35) die verband tussen 'n religieus-gesanksioneerde patriargale gesinstruktuur en die voorkoms van gesinsgeweld in Suid-Afrika.

Die betekenisvolle bydrae van Landman tot feministies-teologiese denkarbeid, kan nie oor die hoof gesien word nie. In 'n studie van Christenvroue se dagboeke, wys Landman (1996:3-26) op die herhalende temas van ondergeskiktheid en lankmoedige lyding by beide wit en swart vroue. In 'n soortgelyke studie van Afrikanervroue (1994:1-119) wys sy op die invloed van die Piëtisme en gevolglike teologie van skuld wat manifesteer in 'n bewustheid van persoonlike sonde. Daarby is lojaliteit hoog op prys gestel en word as volg gedefinieer: "*However, whatever the case may be, an Afrikaner woman should accept the religion of her fathers without question: submission to the men of her nation without any aspiration to public office and power"* (1994:119).

Die bestudering van godsdiens, godsdiensbelewenis en –beoefening vanuit 'n feministiese perspektief is te verwelkom. Dieselfde geld vir die beoefening van Christelike teologie en die posisie van die kerk.

5.3.2 Feminisme en die praktiese teologie

In die lig van die voorafgaande paragraaf is dit logies dat daar feministiese perspektiewe op die vakgebied van die praktiese teologie sou ontwikkel. Bons-Storm (1998:7) wys daarop dat hierdie vakdissipline, soos ander teologiese dissiplines, tradisioneel 'n androsentriese karakter (en vooroordeel) het. As

illustrasie hiervan wys sy daarop dat die lidmaatskap van die Internasionale Akademie vir Praktiese Teologie (IAPT) in 1997 op 84 gestaan het, waarvan slegs 14 vroue was. By die tweejaarlikse konferensies van die Akademie is gewoonlik slegs 10% van die deelnemers vroue! Sy skryf hierdie situasie binne die praktiese teologie aan die volgende faktore toe (1998:8-11):

- Die praktiese teologie as wetenskap is 'n produk van moderniteit. Met die invoering van praktiese teologie in die leerplan van teologiese studente deur Schleiermacher aan die einde van die agtiende eeu, was die klem op die ontwikkeling van praxis (oor *hoe* gepreek, onderrig of besoekwerk gedoen moes word) en nie op die grondvrae oor *waarom* sekere funksies deur 'n leraar verrig moes word nie. Gevolglik is die sosiale *status quo* van manlike dominansie in die amp van die evangeliebediening na die vakdissipline oorgedra.

- Die praktiese teologie het in 'n pastorale paradigma gefunksioneer. Bons-Storm (1998:9) beskryf dit as volg: *"The clerical paradigm is largely identical with the pastoral paradigm and provides directives concerning the ways the clergy has to act. The leading imagery is that of the shepherd leading his flock of sheep towards the stable. Primarely a pastor embodies Jesus, the Good Shepherd. The pastor's close association with Jesus brings him in the realm of the sacred, close to God. He embodies God's chosen substitute or advocate on earth. The Divine being imaged as of the male persuasion, this assumption about the pastor enforces the idea that a pastor is imagined as a male person."*

- Die praktiese teologie funksioneer tradisioneel in 'n kerklike paradigma. Hiermee word bedoel dat die vakgebied wel aandag gee aan die breër geloofsgemeenskap en ruimte vir die betekenisvolle betrokkenheid van leke laat. Desnieteenstaande word die tradisionele siening, naamlik dat die rasionele soeke na waarheid die domein van die man bly, steeds gehandhaaf. Leke en vroue word dan in die kerk: *"…important sheep, but*

still sheep, lacking the ability of the shepherd to reach the stable …" (Bons-Storm 1998:10).

Meyer-Wilmes (1998:20-23) wys daarop dat die reaksie vanuit die praktiese teologie op die opkoms van die feminisme deur veral twee modelle getipeer word:

- Die komplementêre model: In hierdie model gee die praktiese teologie aandag aan die rol van die vrou in die sosiaal-kerklike lewe, maar steeds as synde in die skadu van die man as dominante figuur.

- Die surpluswaarde model: Hier word praktiese teologie gesien as fasiliterend in die bestudering van die belewenis en aktiwiteit van vroue en vrouegroepe en die breër impak daarvan in die gemeenskap; kortom "*theological women's studies*." Dit impliseer dat hierdie vroue nie self teorievormers is nie, maar voorwerpe van studie.

Teenoor die bogenoemde modelle postuleer Meyer-Wilmes (1998:25-28) dan die volgende twee beginsels vir die rol van feminisme binne die praktiese teologie, soos toegepas op pastorale terapie:

- Feministiese teologie bevestig die selfdefinisie van pastorale terapie as 'n wetenskap van aksie. Die grondhouding van die feminisme opponeer die starre identifikasie van modernisme met religie en religie met tradisie, maar negeer nie religie of tradisie nie. Hierdeur word kritiek uitgeoefen en aanpassings gemaak in religie en in tradisie. Hierdie kritiek en aanpassing is die aksie waartoe daar vanuit die pastorale terapie gewerk word.

- Die beoefening van pastorale terapie is *de facto* "*women's business*". Aangesien pastorale teologie handel met teoretiese refleksie aangaande prosesse binne die kerk en religie, kan dit nie uit die oog verloor word dat vroue die binnekring (huishouding) van die kerk administreer nie. As

illustrasie hiervan sê sy: *"… the Catholic Church is a women's church led by men, whereas women are the subjects of parish practice"* (1998:27). 'n Realistiese praktiese teologie sal dus daarmee rekening hou dat vroue in die middelpunt van kerklike en godsdienstige praktyk staan.

Om bogenoemde redes is dit duidelik waarom androsentrisme in praktiese teologie onrealisties is. Die feit dat die begrip "bevryding" 'n prominente term in 'n feministiese aanpak tot die vakgebied is, is dus begryplik. Ackerman (Liberation and practical theology, 1985:30-36) se benadering tot die teorie en praktyk van bediening onderskryf die prominensie van hierdie tema. Sy omskryf die aktiwiteit van die praktiese teologie dan ook as kritiese teorievorming, kommunikatiewe aksies en bevrydende praxis (Ackerman 1993:21-36).

Ackerman (Women and ministries, 1985:85-128) baseer 'n feministiese benadering tot die pastorale terapie, onder andere op die beklemtoning van die feit dat vroue gelyke ontvangers van die Bybelse gawes en bedieninge is. (Bedieninge synde 'n veelvoud van funksies en handelinge binne die kerk). Vanuit die begrip van die kerk as liggaam van Christus, word sosiale en tradisionalistiese definisies van mense en hulle rol/funksie oorstyg, en word dit beklemtoon dat die kerk 'n gemeenskap van begaafdes is. 'n Patriargale kerklike sisteem wat vroue uit die bedieninge uitsluit is daarom onaanvaarbaar. Die praktiese teologie moet daarom hierop reageer met kritiese teorievorming en die ontwikkeling van bevrydende praxis.

As voorbeeld van bevrydende praktyk, ontwikkel Wootten (2000:34-36) 'n praktiese feministiese teologie vir aanbidding. Sy toon dat akademiese teologiese werk uiteindelik neerslag vind in die praktiese gestalte van aanbidding en verklaar: *"New liturgies, new hymns, new dramas for worship, new symbols and images, new use of worship space - all make up an experience of worship which has a chance of healing, challenging and changing the world. Liturgical material is accompanying feminist theology in*

rediscovering and reinterpreting our heritage. New hyms are being written about women in scripture, from scripture also come previously hidden female images of God as images and symbols of worship; the annals of history provide women whose lives we can celebrate in word and song; and women's esperience as well as men's shapes our workship and challenges injustices" (2000:35).

Om dieselfde redes as wat reeds genoem is, is dit ook verstaanbaar dat feministiese perspektiewe op die vakgebied van die praktiese teologie 'n kontekstuele benadering sal toon. Die onmiddellike konteks van vroue in relasie tot die kerk is daarom van belang vir die aanpak tot navorsing. Nel (2003:29-30) beklemtoon dat feminisme 'n gegewe *perspektief* is en nie bloot 'n navorsingsmetode nie. By sodanige perspektief word die navorser self by die navorsing ingesluit (spesifiek as vrou) sodat 'n eiesoortige verhouding tussen navorser en medenavorsers ontstaan. Sy bevestig ook die kontekstuele aspek van feministiese navorsing, aangesien sy die verhoudinge van vroue tot mans, mekaar en God as 'n bron beskou waarvandaan teologie bedryf kan word en voeg by: *"I strive to be as contextual as possible in my study in that I try to understand the social forces and conventions (patriarchy) that shape the lives of women in South Africa from a feminist perspective"* (Nel 2003:40).

Die volgende waarnemings kan uit die voorafgaande bespreking van die betrokkenheid van feministiese navorsers op die terrein van die praktiese teologie gemaak word:

- 'n Unieke feministiese inset tot die beoefening van die vakdissipline is onmisbaar. Die afwesigheid daarvan sou die gevaar van eensydigheid of die verwaarlosing van vele aspekte van ons bestaanswêreld in navorsing tot gevolg kan hê.

- Feministiese perspektiewe op die beoefening van die praktiese teologie beïnvloed die lewe en praktyk van die kerk as geloofsgemeenskap en

spesifiek die wyse waarop pastorale sorg aan en deur vroue beoefen word. Die feministiese perspektiewe verryk dus die vakgebied.

- Daar sal egter op gelet moet word dat feminisme nie normatief vir die beoefening van die praktiese teologie (of enige ander vakdissipline) word nie. Die gevolg sal omstandighede teweeg bring wat net so onaanvaarbaar as 'n androsentriese, partriargale oorwig sal wees.

5.3.3 Die kerk en seksisme

In die voorafgaande paragrawe is gewys op die ongelyke verteenwoordiging van vroue teenoor mans op die terrein van godsdiensstudies. Hierdie toedrag van sake spruit uit die patriargaal-gesentreerde aard van die meeste groot wêreldgodsdienste. Dit spreek vanself dat die feminisme hierop sal reageer en word die godsdienste, en veral die Christelike kerk, deur feminisme aangespreek. In die hieropvolgende paragrawe word kortliks op hierdie reaksie ingegaan. Dit is begryplik dat feministiese uitsprake, in verband met diskriminerende tradisies en praktyke in die kerk, reaksionêr of militant mag voorkom. Sake soos die ordening van vroue tot die Evangeliebediening of priesterskap, sowel as teologiese aspekte rondom 'n manlik-gesentreerde Godsbeskouing, is enkele voorbeelde hiervan.

Morton (1974:37-45) het meer as 'n kwarteeu gelede reeds gesê dat die eksklusief-manlike priesterdom daartoe bydra om vroue van die kerk te vervreem en mans te ontmenslik. Gevolglik is die gebruik om die persoon wat die kansel bestyg geslagtelik te benoem, immoreel. Indien die Evangeliedienaar geslagloos benoem word en meer vroue die predikants- of priestersamp betree, sal vroue nie alleen meer gehoor word nie, maar ook meer hoor en by implikasie sal die impak van Evangelisasie hierdeur verbreed word. Halkes (1977:18) sluit hierby aan deur die vraag te vra: "…*of is de Schrift zo 'n wonder van openbaring dat een nieuwe benadering een persoonlijker lezing en studie door bewust geworden vrouwen, de boodschap tot verdere, rijkere ontvouing brengt."* Dit is duidelik dat hierdie aandrang vanuit feministiese geledere in die

afgelope dekades groot impak op kerke gehad het, en is daar in baie kerke daadwerklike pogings aangewend om ten minste te begin om diskriminerende praktyke teenoor vroue teen te werk. Dit dien as 'n voorbeeld van die kerk se reaksie op prinsipiële feminisme.

Die reaksionêre of militante benadering vanuit die feminisme op die genoemde diskriminasie, word as volg deur Daly (1974:131) verwoord: "*The method of liberation, then, involves a castrating of language and images that reflect and perpetuate the structures of a sexist world. It castrates precisely in the sense of cutting away the phallus-centered value system imposed by patriarchy, in it's subtle as well as in its more manifest expressions*." Hierdie siening het verrykende implikasies vir die teologie, veral vir die Godsleer, maar ook vir kerklike praktyk. Die sleutel tot hierdie teologiese oefening sou dan wees om die antieke kanonieke teks en die veranderde sosio-politieke omstandighede van ons dag met mekaar te versoen deur legitieme hermeneutiek. So 'n hermeneutiek word deur Russel (1976:29) beskryf as vertaling, interpretasie en uitdrukking. Sy wys verder daarop (1976:82-98) dat dit dus tot die verandering van kerklike en teologiese taal sal lei en bepleit sy dan ook die gebruik van geslagsneutrale terme vir God, wat die veranderde konteks van die hedendaagse samelewing in ag neem. Hierdie teologiese verandering word deur Sawyer (2002:18-44) as 'n verruiming en deurbreking van grense beskryf en vind sy in die Skrif aanduidings hiervan. Die grense vir die interaksie tussen man en vrou word volgens haar in die Ou Testament deur die skepping en die wet gestel, maar toon aan dat vroulike figure soos Rut en die rigter Debora hierdie grense oorgesteek het (2002:65-68). Verder toon sy aan dat die Evangelies ook voorbeelde van die verruiming en oorsteking van grense bevat (2002:114-140), maar dat die bevryding van die vrou wesentlik 'n stuk eskatologiese volkomenheid verteenwoordig (2002:141-159).

Dit is duidelik dat feministiese teoloë erns maak met die Skrif en ook die veranderde sosiale kontekste wil verreken. Hierdie oefening sluit 'n "evolusionêre" proses van die emansipasie van die vrou in, wat nie meer deur

diskriminerende praktyke of tradisie gestuit kan word nie en hiermee sal die Kerk en die teologie rekening moet hou. Natuurlik sou die evolusionêre proses ook na 'n uiterste gevoer kon word. Dit sou dan 'n omkeer van rolle teweeg bring, soos López-Corvo (1997:101) dit stel: *"If a 'man' God was, up to now, the product of a religious tradition, a 'woman' God will be the product of biology's unavoidable determinism in the future."*

Diskriminasie kan dus aanleiding gee tot ekstremes wat die kerk duur te staan kan kom en daar sal gevolglik weë gevind moet word om dit te beëindig. Na die oordeel van hierdie navorser hang die oplossing nou saam met die *inhoud* wat aan die gebruiklike terme en gebruike gegee word. Die onbewustelike aannames wat byvoorbeeld gemaak is, naamlik dat manlike taal oor God op die superioriteit van die man dui, sal in 'n hedendaagse samelewing nie standhou nie. Om dié rede is die uitgangspunt van hierdie navorsingstuk nie dié van geslagsuperioriteit nie, maar van geslagsuniekheid. Hierdie uniekheid moet met nuwe definisies omskryf word, ten einde die bevrydende krag van die ontdekking van God as Vader te behou, sonder om diskriminerende praktyke te versterk en in stand te hou.

Die aandrang op die konsep van geslagsuniekheid word versterk deur die feit dat die mens *primêr* na die beeld van God geskape is, en *sekondêr* as man en vrou. Vervolgens word die ingewikkeldheid daarvan om ons geslagtelikheid enersyds, en ons status as beelddraers van God andersyds, onder woorde te bring.

5.3.4 *"Imagio Dei"* en geslagtelikheid

Uit die skeppingsverhaal is dit duidelik dat man *en* vrou na die beeld van God geskape is. Bird (1991: 22-23) noem hierdie feit die *"lead and controlling statement of the account"* en wys daarop dat dit balans en gelykheid tussen die geslagte as sentrale tema stel. Geslagtelikheid is dus sekondêr aan die beginsel van die mens as "*imagio Dei".* Manlik-gesentreerde taal oor God, wat oor die

eeue heen geykte doktrine geword het, is dus strydig met hierdie beginsel, aldus Børresen (Imagio Dei as inculturated doctrine, 1991:9-10), wat verder betoog dat: *"When both women and men are understood as theomorphic, God is correspondingly to be described by both male and female metaphors."*

Met 'n dogma-historiese oorsig, soos hieronder volg, is dit duidelik dat die kwessie oor geslagtelikheid en spreke oor God byna deurgaans deur teologiese en intellektuele worsteling gekenmerk word. Voorbeelde uit die dogma-geskiedenis illustreer dit:

- **Die Pauliniese geskrifte:** Fatum (1991:58-80) neem Paulus se uitlatings in Galasiërs 3:28 en 1 Korintiërs 11:12-16 as 'n voorbeeld van 'n teologiese "teenstrydigheid" deur op konflikterende elemente in die twee Skrifgedeeltes te wys. In Galasiërs 3:28 redeneer Paulus *Christologies* deur daarop te wys dat daar in Christus geen verskille meer tussen mans en vroue, of mense van verskillende sosiale stande, is nie. By 1 Korintiërs 11: 12-16, waar dit oor die praktiese reëling van die goeie orde in die gemeente handel, gryp hy egter na die verhaal van die sondeval terug om sodoende vroue se ondergeskiktheid te bevestig! Sy is van mening dat die poging om hierdie konflik te verklaar deur dit as 'n verskil tussen teorie en praktyk aan te dui, nie aanvaarbaar is nie.

- **Die Patristiek:** Børresen (God's image, man's image? Patristic interpretation of Genesis 1:27 and 1 Corinthians 11:7, 1991:188-205) ondersoek die kerkvaders se hantering van Genesis 1:27 en 1 Korintiërs 11:7 en toon dan aan dat:
  - Tertulianus die fokus veral op Eva se straf na die sondeval vestig.
  - Ambrosiaster klem lê op 'n *"male god-likeness"* en God se sanksionering van die vrou se minderwaardige stand in die kerk en die samelewing uit 1 Korintiërs 11:7 regverdig.
  - Clemens van Alexandrië 'n *"a-sexual god-likeness"* bepleit, waarby geïmpliseer word dat die gelowige vrou se seksualiteit in haar vroomheid

irrelevant word. Dit sluit aan by Gregorius van Nissea se gedagte van 'n *"symbolic god-likeness",* wat vroue aanbetref.

Deur hierdie voorbeelde poog sy om aan te toon dat die volle betekenis van die *"imagio Dei"* ten opsigte van vroue nie in die patristiek tot volle ontplooiing kom nie.

- **Die Reformasie:** In 'n uitgebreide ondersoek van die werke van Luther en Calvyn kom Douglas (1991:243 en 252) tot die konklusie dat Luther wel teologies die volle gelykheid van man en vrou as die intensie van die skepping beklemtoon, maar steeds die vrou se onderworpenheid aan die man as 'n kontinieuse gevolg van die sondeval handhaaf. By Calvyn bemerk sy soortgelyke sentimente, maar vind in sy eksegetiese werk tog vordering in die rigting van volle gelykheid tussen man en vrou.

In hierdie bespreking word 'n mens daarvan bewus dat die ingewikkeldheid met die beskrywing van die mens as beeld van God, maar terselfdertyd ook geslagtelike wese, op veral twee terreine lê. Enersyds op filosofiese terrein omdat moeilike konsepte deurdink en geformuleer moet word, en andersyds op taalkundige terrein omdat konsepte verwoord moet word. Dit bring die ondersoeker dan voor die dilemma dat woorde en taal dikwels onvoldoende blyk te wees, maar dat daarsonder ook geen konsepte oorgedra of bespreek kan word nie.

5.4 DIE DILEMMA VAN WOORDE EN TAAL

Dit val nie binne die skopus van hierdie navorsingstuk om intensief op die uitgebreide terrein van die linguistiek en taalfilosofie in te gaan nie. Nogtans kan die terrein ook nie vermy word nie, omdat die gebruik van metafore in die terapeutiese arbeid belangrik is, en daar in die teologie ook dikwels gestuit word op die dilemmas rondom die gebruik van woorde en taal. Verder is taal

volgens Cameron (1990:1) ook ‘n saak wat ‘n belangrike plek op die feministiese agenda beklee.

In ‘n premoderne beskouing sou aanvaar word dat woorde idees verteenwoordig – direk en enkelvoudig. ‘n Moderne beskouing van taal is gebaseer op ‘n epistemologie wat aanvaar dat kennis op onbetwisbare fundamentele sekerhede rus, en taal dus stellings en sinne is wat die werklikheid realisties weergee. By die postmodernisme word taal egter verstaan in die *konteks* van die *diskoers* waarin dit gebruik word (Houts 1993:168-171). Om hierdie rede is die gebruik van metafore so belangrik en ryk. So wys Soskice (1985:140) daarop dat die gebruik van ‘n metafoor *verwysend* en nie *beskrywend* is nie. Dit gee dus die werklikheid weer sonder om dit te definieer. Dit is ook nie ‘n dekoratiewe herfrasering van wat letterlik gesê kon word nie en daarom is die metafoor ‘n unieke wyse om oor God te praat, aangesien hy nie met letterlike definisies omvat kan word nie. Vir die feminisme het hierdie feit die implikasie dat manlike of vaderlike metafore vir God deur ‘n gemeenskap geherfraseer kan word, na gelang van die veranderende belewenis van die mens.

Taalfilosofiese en linguistiese kwessies kom in die feminisme ter sprake, omdat taal maklik seksisties kan word en diskriminerende gebruike en sisteme kan voed. Juis aangesien taal die verskil tussen geslagte aandui, versterk dit kulturele stereotipering. ‘n Dilemma ontstaan dan omdat, soos in Hoofstuk 4 aangetoon is, die Bybel oorwegend manlike taal vir God gebruik. Hierdie taalgebruik is te dikwels geïnterpreteer as dat vroue op die een of ander wyse minderwaardig is en die manlike geslag in ‘n meer volkome sin die beeld van God dra. Hierdie toedrag van sake het in die breë samelewing tot die verkleinering van die vrou gelei en is deur taalgebruik verder bevestig. Lakoff (1975:43) is van mening dat hierdie linguistieke “wanbalanse”, die wanbalanse en ongelykhede in die werklikheid weerspieël. Etlike voorbeelde van sodanige ongelykheid kan volgens Miller en Swift (1976:38-117) genoem word:

- Die gebruiklike verlies van die vrou se van wanneer sy in die huwelik tree, bevestig 'n patriargale sisteem. Die eerste bekende geval van 'n vrou wat nie hiertoe ingewillig het nie, is dié van Lucy Stone in 1855.

- Die Engelse term *"man",* wat veronderstel is om 'n generiese term te wees wat die mens as man of vrou beskryf, is tog wel ambivalent omdat dit impliseer dat die man die mensdom verteenwoordig.

- Polarisasie tussen die geslagte word verskerp deurdat vroue met negatiewe eienskappe beskryf word, byvoorbeeld as 'n man *"womanish"* is, is hy 'n swakkeling.

- Daar word dikwels sterk assosiasies tussen vroulikheid en sondigheid gemaak, veral in terme van die verleidelikheid van vroulike seksualiteit.

- Die woorde vir vroulike liggaamsdele word soms as vloek- of skeldtaal gebruik.

Dit is nie vergesog om uit die voorafgaande af te lei dat seksistiese taalgebruik kan bydra tot woede of negatiwiteit teenoor vroue nie, en dat mans daardeur geïnhibeer word om self 'n positiewe bewussyn van hulle "vroulike" kant te hê. Verder is dit ook begryplik dat hierdie soort taalgebruik en die aannames wat ten grondslag daarvan lê, 'n effek op godsdienstige taalgebruik sou hê. Feministe betoog dan dat, vanweë die feit dat die monoteïstiese godsdienste in oorwegend patriargale samelewings ontstaan het, waarin taal predominansie aan die manlike verleen, daartoe gelei het dat 'n manlike godsbeeld voorrang geniet. Hierdie toedrag van sake word dan beskou as 'n kulturele en linguistiese ongeluk en word die vraag gestel of manlike terme werklik genoegsaam is om God te "beskryf". Om hierdie redes is dit nodig om aandag te gee aan die kwessie van die gebruik van taal in godsdiens en die teologie onder oë te neem.

5.4.1 Godsdienstige en teologiese taal

Die feministiese standpunte ten opsigte van spreekwyses oor God staan breedweg teenoor dié van die tradisionaliste. As voorbeelde van die laasgenoemde groep kan daar na die volgende eksponente verwys word:

- Rice (1941:68): *"The masculine pronoun is used for God everywhere in the Bible… God is not feminine, but masculine. And a man is made in the image of God. On the other hand, a women is not made so much in the image of God, but in the image and as a mate to man."*

- Lewis (1948:235-237), wat sy misnoeë met die feminisering van taal oor God en die ordening van vroue uitgespreek het.

- Bloesch (1985:1-4), wat meen dat die herformulering van taal oor God die Godsleer negatief raak.

Hierteenoor som Houts (1993:16) die feministiese posisie bondig op: *"A few (feminists) wish to dispense with all anthropomorphic language for God. The majority are, however, content to retain anthropomorphic language just as long as there is inclusivity and symmetry to guard against idolatry of the male symbol*." Sy bepleit dan (1993:247-273) die inagneming van belangrike faktore wat by die keuse van spreekwyses oor God verreken moet word:

- Die belangrikheid van taal in die vorming van belewenis en geloof. Daar word op gewys dat hoe meer uitdrukkings ons het om oor God te praat, soos byvoorbeeld moederlike uitbeelding ("*imagery"*), hoe breër word ons bewus van God. Hoe ryker ons woordeskat word, soveel meer word ons moontlikhede om God te beleef. Daar hoef dus nie met manlike spreekwyses weggedoen te word nie, maar dit moet met ander spreekwyses aangevul word.

- Doktrine is regulerend van aard. Die omvangrykheid van die Godsleer en die Christologie moet dus in taal verteenwoordig word.

- Daar kan geen eksterne, objektiewe, waarde-vrye teologie wees nie. Hierdeur identifiseer sy met 'n postmoderne epistemologie (en weerspreek in 'n sin dit wat sy in die vorige punt noem), en betoog dus dat die tradisionaliste 'n fout maak deur 'n androsentriese voorkeur in taal oor God as normatief te beskou.

- Veranderende kontekste vereis die ontwikkeling van nuwe konsepte. Ontwikkelings in sosio-kulturele omstandighede regverdig dan die gebruik van vroulike spreke oor God.

In die feminisme is daar breedweg eenstemmigheid dat daar verder as net in patriargale terme oor God gedink en gepraat moet word, ook in die aanbidding en liturgie. Uit hoofde daarvan dat ons omgang met God vanuit 'n verhouding spruit, sê Duck (1991:11): "*Words matter, for they build or break relationships*." Tog is liturgiese taal metafories en word woorde, soos *rots*, *vader*, *moeder* of *liefde* metafore wanneer hulle oor God gebruik word, en transendeer dit die letterlike betekenis (Duck 1991:13).

Metafore word egter gekenmerk deur die feit dat dit bestaan in die spanning tussen similariteit en dissimilariteit, ("*identity and difference"*) (Handelman 1982:23). In hierdie spanning ontstaan 'n "*new, hitherto unnoticed, relation of meaning … between the terms that previous systems of classification had ignored or not allowed*" (Ricoeur 1976:51). Tog word hierdie metafore beïnvloed deur die assosiasies wat mense in hulle totale konteks met gebruikte woorde het. Hierdie feit is ook van toepassing op die verwysing na God as Vader. Wanneer dit in die liturgie gebruik word, kom die belewenis van alledaagse vaderskap in die spel, al sou dit nie met die dogmatiese inhoud van die term strook nie.

Verder betoog Duck (1991:17) ook dat met die eeuelange gebruik van 'n spesifieke metafoor, die evokatiewe krag daarvan verlore gaan omdat die spanning tussen similariteit en dissimilariteit, waarna hierbo verwys is, verdwyn. Om hierdie rede moet daar steeds na 'n diversiteit van lewende metafore gesoek word. Wat die vadermetafoor vir God aanbetref, redeneer sy (1991: 19-40) dan verder as volg:

- Om na God as "Vader" te verwys is metafories en nie 'n ontologiese stelling nie.

- Weens die verlies aan die spanning tussen "is" en "nie is", word God dan slegs verstaan as dat hy soos aardse vaders *is,* en nie dat hy ook *nie* soos aardse vaders is nie.

- Wanneer die element van "nie soos" verdwyn, word die gebruik van die woord "vader" om oor God te praat 'n analogie en is dit nie meer 'n metafoor nie.

- Die sosiale konteks het 'n sterk invloed op hoe 'n metafoor verstaan word, en wys sy daarop dat "*children make sense of religious language by drawing on their life associations, and even, adults bring associations from human experience to a metaphor such as 'father'. 'Father' as a way of speaking to or about God, is a metaphor, and it makes meaning through association with the human experience of fatherhood*" (Duck 1991:19).

- Daarbenewens is "vader" nie die enigste metafoor vir God wat in die Skrif voorkom nie en bepleit sy 'n ruimer aanwending van ander metafore.

- Met inagneming van die sosiale konteks moet daar by die gebruik van metafore, verwysende na God, gesorg word dat sulke metafore kontekstueel, kommunaal, verstaanbaar en outentiek is. Daarom moet liturgiese taal voortdurend ontwikkel en gekontekstualiseer word.

- Wanneer 'n geykte metafoor sy betekenis verloor, is dit kontraproduktief: "…*the constant use of 'father' in naming God, creates a mask that conceals, rather than reveals, the loving God of Jesus Christ*." Hierdeur word die dominansie van die samelewing deur die manlike geslag herbevestig (Duck 1991:31-32).

- Vanweë die noodsaaklikheid van kontekstualisering moet individue dus vry wees om 'n Godsbeeld te skep waarmee hulle kan identifiseer en mag metafore nie tot letterlike betekenis gereduseer word nie.

Uit die beredenering in die voorafgaande paragrawe, is dit duidelik dat daar in die praktyk van die pastorale terapie aandag gegee sal moet word aan watter betekenisse die besondere kliënt met die vadermetafoor assosieer. Hierdie feit vereis 'n bewussyn van die invloed van die metafoor in sosiale konteks, wat vervolgens kortliks bespreek word.

5.4.2 Die vadermetafoor in sosiale konteks

Van die negatiewe assosiasies met die vaderbeeld is reeds in 4.4.2.1 melding gemaak. Duck (1991:43) wys dan ook vanuit 'n feministiese perspektief daarop dat die problematiek met die gebruik van die vadermetafoor in Westerse kulture, vir die skepping van betekenis of inhoud daarvan, van algemene assosiasies afhanklik is. Dit hou dus verband met werklike ervarings in ouer-kind verhoudings. Hoewel baie mense 'n positiewe assosiasie met hulle vaders het, hou dit vir baie met uiters skadelike inhoud verband. Die hoë voorkomssyfers van seksuele en ander vorme van mishandeling bevestig hierdie feit. Duck (1991:47) toon ook aan dat die meerderheid van slagoffers van bogenoemde wangedrag in die VSA vroulik en die meerderheid van oortreders manlik is. Vir die individu kan die gebruik van die vadermetafoor vir God dan betekenis-inhoude van dominansie (met God aan die bopunt van 'n patriargale piramide) inhou.

Benewens die kwessie van mishandeling, vestig Duck (1991:51-52) ook die aandag daarop dat die afwesigheid van 'n vaderfiguur die gebruik van die vadermetafoor vir heelwat individue inhoudloos maak. Hierdie inhoudloosheid is voorheen deur Tennis (1985:35-49) aangedui, wat daarop wys dat hedendaagse vaders deur baie beleef word as die een wat afwesig is, deur hom verlaat is, gevaarlik is, of emosioneel afwesig is. In hierdie navorsingstuk word juis gepoog om aan te toon dat 'n positiewe Godsbeeld helend kan wees vir 'n negatiewe of gebrekkige vaderbeeld. Die waarskuwing van Duck (1991:52) word egter in gedagte gehou wanneer sy meen dat só 'n oefening 'n "*longing for an unreal past that may inhibit honest naming of our experience and growth towards intimicy and respect*", kan word.

Weens die negatiewe konnotasies aan die vadermetafoor, bepleit feministe soos Stucky-Abbott (1993:241-251) die gebruik van moederlike metafore vir God. Sy wys daarop dat die intra-psigiese beeldvorming van God op die ouderdom van twee-en-'n-half jaar reeds plaasgevind het en dat, indien hierdie beeld uitsluitlik manlik is, dit die vroulike identiteit van 'n dogter kan benadeel as sy God as "anders as ek" beleef. Positiewe eienskappe van die moederbeeld word dan aan God oorgedra en word Hy "*Super-mom who is Father*" (1993:243). Walker (1989:6) neem 'n meer radikale standpunt in, ten gunste van die gebruik van vroulike terme vir God, omdat godsdienstige taal wat volgens haar die volle menswees van vroue geweld aandoen, nie aanvaarbaar is nie.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat manlike terme vir God, sowel as die vadermetafoor, nie goedsmoeds gebruik mag word sonder dat dit inhoudelik deeglik verantwoord is nie. Dié insig vanuit feministiese oorde is vir die bevindinge van hierdie navorsingstuk van groot belang. Die vraag wat egter opdoem is, of die beklemtoning dat metafore na aanleiding van sosiale kontekste gevorm moet word (dus ook metafore vir God), nie in wese 'n "teologie van benede" is nie. In die keuse vir 'n deduktiewe epistemologie (vergelyk 1.4.2), word 'n "teologie van bo" beskryf wat impliseer dat die

vadermetafoor nie laat vaar moet word nie, maar inhoudelik verruim en gedefinieer moet word. In 5.6 word kortliks weer hierop ingegaan.

5.4.3 Ekskursus: Tant Alie van die Transvaal

As illustrasie van die effek van die sosiale konteks op die Godsbeeld van die individu, word hier op 'n kort ekskursus rakende die Godsbelewenis van 'n Afrikanervrou tydens en ná die Anglo Boereoorlog gegaan. Die Afrikaanssprekende bevolking van die Boere Republieke was geanker in die reformatoriese tradisie en die piëteit van Andrew Murray. Landman (1993:45-54) bespreek die Godsbeeld waarvan die dagboek van Alie Badenhorst getuig.

Vanuit die genoemde godsdienstige milieu het mevrou Badenhorst se dagboek getoon dat sy God as persoonlik betrokke en goed beleef het, maar dat Hy ook onteenseglik as manlik en streng gesien is. Voor die aanvang van die oorlog het sy hom verder as 'n God van vrede en geregtigheid beskou, en met die uitbreek van die Anglo Boereoorlog as 'n troostende en ondersteunende God. Met die toenemende negatiewe effekte van die oorlog beleef sy Hom steeds as die beantwoorder van gebed, maar ook as die streng God wat haar die afleiding laat maak dat haar swaarkry ook haar persoonlike sonde as rede het.

Met haar verskuiwing na 'n konsentrasiekamp vind daar egter 'n groot verandering in haar godsbelewenis plaas en ervaar sy die afwesigheid van God, veral omdat sy nie meer gerusstellende drome, wat sy as boodskappe van God beskou het, gedroom het nie. Sy beleef God as dat hy gevlug het. Tydens hierdie belewenis van die afwesigheid van God, word sy ook ernstig siek en verwys sy vir die enigste keer in haar dagboek na Jesus – die sterk vaderlike en ondersteunende God is vir haar afwesig en sy hou ook op bid. Landman (1993:52) wys daarop dat Badenhorst in hierdie tyd ook vertroue in die mans van haar wêreld verloor het. Eers met die aanstelling van 'n nuwe, meer menslike kamp superintendent, het haar belewenis van die teenwoordigheid van 'n goeie God teruggekeer.

Dit is opvallend dat Badenhorst se Godsbeeld in ooreenstemming met haar persoonlike en maatskaplike omstandighede ontwikkel het. Dit is dus uiters noodsaaklik dat daar in die pastorale terapie met die individu se eie omstandighede rekening gehou moet word, en dat die broosheid van die mens deurentyd in gedagte gehou sal word. Dit beklemtoon die feit dat dogmatiese waarhede nie op 'n persoon afgeforseer kan word nie, en dat die belewenis van die Vaderskap van God deur die individu ontdek (ontmoet) moet word. Die terapeutiese proses kan as heilsaam beskou word as dit hiertoe bydra.

5.5 GEMATIGDE EN BEHOUDENDE STANDPUNTE

Dit spreek vanself dat feministiese teologiese standpunte op hulle beurt reaksie ontlok van diegene wat enersyds meer gematigde, en andersyds behoudende standpunte handhaaf. Hierdie reaksie toon breedweg een van die volgende benaderings wat hieronder met enkele voorbeelde toegelig sal word:

- Eerstens, om met begrip vir feministiese kritiek die tradisionele standpunte te versag, of te herdefinieer. In die praktyk lei dit tot 'n meer akkomoderende houding of beleid oor, byvoorbeeld die toelating van vroue tot die kerklike ampte. Verskeie hoofstroom protestantse kerke, soos die Presbiteriane, verskeie gereformeerde kerke, soos die Methodiste en Anglikane, het oor die afgelope dekades beleidsveranderinge hieroor gemaak.

- Tweedens, om tradisionele standpunte te behou en met beter eksegetiese arbeid te verdedig. Die ortodokse kerke handhaaf tans so 'n benadering. Hierby kan enkele groeperinge, wat as meer fundamentalisties beskou kan word, gereken word. Huidiglik sluit dit hier te lande die ouer pinksterkerke, soos die Apostoliese Geloofsending, in. Die Rooms Katolieke Kerk handhaaf steeds 'n beleid van die uitsluiting van vroue uit die kerklike ampte. Bogenoemde groepering toon wel toenemende sensitiwiteit vir die rol en

posisie van die vrou en poog om op ander lewensterreine onbillike behandeling van vroue teen te werk.

- Derdens, om sterk teenargumente teen feministiese standpunte te formuleer en daarop te wys dat die logiese uiteinde van die feministiese teologie onaanvaarbaar en self skadelik is.

As voorbeeld van 'n poging tot teologiese verantwoording van die eerste bogenoemde kategorie van reaksie, kan die werk van Gerstenberger (1997:365-375) genoem word. Hy begrond sy redenasie hoofsaaklik daarop om aan te toon dat God geslagloos is en bespreek verskeie Ou Testamentiese gedeeltes in hierdie lig. Hy wys ook daarop dat die posisie van die Ou Testamentiese vrou nie so ondergeskik was as wat algemeen aanvaar word nie, en konkludeer dan: "*The evidence from the Hebrew Scriptures… does not permit us to speak of a direct transfer of human sexuality and gender roles into theological discourse. Language of sex and gender, although clearly taken from human experience, was used metaphorically, allowing for deviating patterns on the divine side. Yahweh was portrayed in various gender roles, frequently as the male partner of Israel,… but there are also traditions depicting him as mother*" (1997: 369). Hierdie standpunt open die deur vir 'n meer akkomoderende benadering tot die rol van die vrou in die kerklike praktyk, ten einde veranderende sosiale werklikhede te verreken.

Die tweede benadering tot kritiek op die feministiese teologie het eksponente in beide die meer fundamentalistiese, sowel as die ortodokse tradisies. As voorbeeld van laasgenoemde kan gewys word op die werk van Hopko (1993:141-183), wat ook die siening van die geslaglooshеid van God handhaaf. Hy bly by 'n tradisionalistiese benadering, maar lê sterk klem op die noodsaaklikheid van die korrekte verstaan van die *inhoud* wat aan die woorde, terme en name waarmee God benoem word, gegee word. Gevolglik lê hy klem op die onmisbaarheid van selflose liefde, wat die hoofskap van die man en die rol van die pastor moet onderskryf: "*In relation to women, men exercise their Godlike humanity as 'heads'. They love as those who give life to women by*

giving themselves in sacrificial submission and self-emptying service … the pastor's ministry, therefore, is a ministry of 'headship' in love … The Church is rather a monarchial, patriarchal and hierarchical community in imitation of the Trinity" (1993: 172). Sy uiteensetting word gekenmerk deur 'n beskrywing van die liefdesdeurdrenkte verhouding tussen God en mens, sowel as tussen man en vrou, maar dit sal deur feministe beskou word as 'n standpunt wat dit binne die konteks van versterkte patriargale sisteme slegs meer leefbaar vir vroue wil maak. Dit verteenwoordig dus 'n versagte en meer menslike benadering binne 'n milieu wat ortodokse tradisies behou.

Die werk van Achtemeier (1993:17-23) dien as voorbeeld van die derde genoemde kategorie van kritiek op die feministiese teologie. Dit verteenwoordig 'n teenreaksie op die meer ekstreme aspekte van laasgenoemde. Haar redenasie word as volg opgesom:

- Daar is 'n verskil tussen feminisme as regverdigheid ("*fairness"*) en feminisme as ideologie.

- Ideologiese feminisme dring aan op die afskaffing van 'n hiërargiese wêreldbeskouing.

- Deur Bybelse taal en woorde oor God te verander, in 'n poging om tot die bogemelde mee te werk, verruil die feministiese teologie die ware God vir afgode, juis omdat hulle daarmee die geslaglose God van die Bybel "vergeslagtelik".

- Daarteenoor het God homself tog primêr in manlike terme geopenbaar (Koning, Vader, Heer, Bruidegom) en waar vroulike terme in die Skrif vir hom gebruik word, is dit in die vorm van similie, nie metafoor nie. 'n Similie vergelyk *een aspek* van iets of iemand met dié van iets of iemand anders. 'n Metafoor, daarteenoor, vergelyk die *geheel* van iets of iemand met dié van iets of iemand anders.

- God is nie maar enige God nie, wat ooreenkomstig menslike voorkeur benoem kan word nie, "*No, God is the one whom Jesus reveals as his Father*" (1993:19).

- Vroulike taal vir God open die deur vir panteïsme. Indien God as *die Vroulike* die wêreld voortgebring het, impliseer dit dat die wêreld haar goddelikheid deel. Dit sou dan veronderstel dat die mens ook goddelik is, en hierdie vergoddeliking van die mens is per slot van rekening die oersonde. God het die wêreld *geskape* en, "*The Bible will use no language that undermines that confession. It therefore eschews all feminine language for God that might open the door to such error, and it is rigorous in its opposition to every other religion and cultic pratice that identifies creation with the creator*" (1993:20).

Achtemeier se kritiek is dus gerig teen die meer radikale feministiese teologie en hierdie navorser kan daarmee akkoord gaan. Hiermee word egter nie geïmpliseer dat die geldige kritiek van feministiese teoloë op diskriminerende maatskaplike toestande en kerklike praktyke daarmee geïgnoreer word nie.

5.6 BEOORDELING VAN FEMINISTIESE KOMMENTAAR

Dit moet duidelik gestel word dat die benadering van hierdie navorser tot die beoordeling van feministiese standpunte uitgaan van begrip vir die lot van vroue en hulle belewenis van diskriminasie oor baie eeue heen. Laasgenoemde getuig luidkeels van die feit dat mans en vaders in vele opsigte tragies gefaal en onberekenbare skade berokken het. Ten opsigte hiervan kan die skuld van die Kerk ook nie weggeredeneer word nie. Die positiewe effek van die feministiese teologie is onder andere daarin geleë dat dit ons maan om ernstiger te wees ten opsigte van die aannames wat oor Skrifuitsprake rakende geslagtelikheid en die leerstellige sisteme wat daarop gebou word. Daar moet veel noukeuriger met woorde, name en terme waarmee die geslagtelike rolle gedefinieer word, omgegaan word. Desnieteenstaande moet enkele sake by die beoordeling van

die feministiese teologie te berde gebring word, ten einde tot 'n gebalanseerde slotsom te kom.

Aangesien daar in hierdie navorsingstuk vanuit 'n gereformeerde (dus deduktiewe) paradigma geredeneer word, stuit die feminisme in die eerste plek op God se selfopenbaring. Hoewel daar in die voorafgaande paragrawe aangetoon is dat daar hermeneuties verantwoordelik met die Skrif omgegaan moet word, veral in die lig van veranderde omstandighede, bly dit so dat God homself veral (maar nie eksklusief nie) as Vader geopenbaar het. Hieroor is breedvoerig in Hoofstuk 4 gereflekteer. Vanuit 'n gereformeerde perspektief moet daarmee rekening gehou word dat God dit goedgedink het om homself as sodanig te openbaar wetende dat hy daarmee nie uit pas met veranderde omstandighede sal raak nie. Die party wat uit pas is, is eerder die mensdom wat nie daarin slaag om God se bedoeling met hierdie selfopenbaring te begryp nie, verkeerde inhoude daaraan gee en op 'n skadelike wyse verwerklik. Ons mistasting dui nie op 'n fout aan God se kant nie. Om vanweë die sondige vergestaltings van wat ons onder sy vaderskap verstaan die foute na Hom terug te verwys, en sy selfopenbaring te wil herverwoord, of Hom 'n soort "geslagsverandering" te laat ondergaan, is om die foute aan die verkeerde end van die ketting te wil herstel. Om hierdie rede moet gevra word of die feministiese teologie nie essensieel 'n "teologie van benede" is, wat poog om vanuit afleidings oor ons veranderde omstandighede die problematiek van benede na bo te projekteer nie. Dit is eerder mans en vaders wat onder 'n "teologie van bo" moet verander, as vroue wat 'n nuwe Godsbeeld "van onder" moet skep.

Pannenberg (1993:27-29) wys verder op die teologiese implikasies vir veranderde spreekwyses oor God wanneer hy sê: *"Therefore, in the Christian Church the name father, and its use as Jesus used it, belongs to the identity of the Christian faith. It cannot be changed without abandoning that identity, because it is by entering into Jesus' relationship to God as father that we share*

in his sonship and – because of our communion with him – obtain the hope of eternal life."

In die feministiese teologie word dikwels gewag gemaak van die feit dat die Christelike godsdiens, asook die Judaïsme, vanuit 'n patriargale samelewing ontwikkel het en dat dit grotendeels die rede vir 'n manlik-gesentreerde godsdiens en Godsbeeld is. Dit is tog alombekend dat veral die Ou Testament ontstaan het in 'n omgewing van politeïsme waar die aanbidding van vroulike gode (soos Asjera en verskeie ander fertiliteitsgodinne) aan die orde van die dag was. Dit was juis *hierteenoor* dat God hom as Vader geopenbaar het. Tydens die ontstaan van die Nuwe Testament was daar 'n soortgelyke situasie met die bekende Griekse panteon waarin figure, soos Diana, prominent was. Juis in hierdie milieu het die Nuwe Testamentiese skrywers die vaderskap van God beklemtoon. Die selfopenbaring van God het in hierdie kontekste dus *teenoor* die heersende kulturele situasie gestaan.

Wat die skopus van hierdie navorsingstuk betref – wat klem op die sekuriteitgewende effek van 'n gesonde vader- en Godsbeeld lê – mag sommige feministiese teoloë meen dat dit seksisties is om soveel klem op die manlike geslag as gewer van sekuriteit te lê. Daar is reeds melding gemaak van die feit dat 'n "manlike" God vir baie mense nie as vertroetelend (vroulik?) voorgestel kan word nie. Weer eens lê die probleem hier nie by manlike spreekwyses oor God nie, maar by die sondige vervorming wat deur swak mans en vaders geskep is. Die *inhoud* van wat met "manlike" taal oor God bedoel word, moet dus tot herdefinisie kom. Die vrees dat manlikheid en manlike taal oor God, moeilik met sagtheid of vertroeteling geassosieer word, stuit op die feit dat die Skrif duidelik aantoon dat God ook volkome in harmonie met sy "vroulikheid" is. 'n Teologie van bo sou dus impliseer dat mans, onder die herstellende invloed van die Evangelie, tot 'n soortgelyke harmonie kan kom en beter weerkaatsers van die volkomenheid van God kan word. Dit gaan uiteindelik nie op 'n simplistiese oordrag van God se "geslagtelikheid" nie, maar van sy karakter.

Hiermee stem feministiese teoloë saam. Daar is egter nie nuwe taal nodig nie, maar Bybelse, genesende en harmonieuse *inhoud* van bestaande taal.

Gevolglik is dit nie die doel van hierdie navorser om tradisionele (en dikwels verwronge) idees oor Godsbeeld en Vaderbeeld te versterk nie, maar om daarop te wys dat God se karakter van selfloosheid en opofferende liefde, soos by uitstek in Jesus gesien is, determinerend vir die rol van mans en vaders moet word. Op hierdie wyse kom die selfopenbaring van God enersyds, en die werklikheid van ons leefwêreld andersyds, in groter harmonie. Die geslagsuniekheid waarvan vroeër melding gemaak is, kom dus tot vergestalting in die feit dat mans en vaders die geleentheid en roeping het om God op 'n unieke wyse te vergestalt en verg dit dus 'n verruimde konsep van manlikheid en vaderskap. Hierdie verruiming sal vir vroue en mans bevrydend wees, omdat dit sal wegdoen met stereotipes wat hulle ontstaan en voortsetting aan misverstande oor manlikheid te danke het. Wat algemeen onder manlikheid en vaderskap verstaan word, moet dus in die lig van God se *karakter*, Jesus se optrede en die eise van die Evangelie aangepas word.

Binne die konteks van hierdie navorsingstuk word daar slegs maar op 'n enkele aspek, naamlik dié van sekuriteitsgewing (wat met betroubaarheid saamhang), as 'n geslagsunieke geleentheid vir mans en vaders gekonsentreer. Die kontensie ten opsigte van geslagsuniekheid is dat elkeen van die geslagte die geleentheid het om die karakter van God op 'n unieke wyse te weerspieël en so saam as God se verteenwoordigers (beeld) te funksioneer. Die skoonheid hiervan lê daarin dat elkeen van die geslagte vermoëns het om op bepaalde terreine die volheid van sy Goddelike karakter te weerspieël. Dit beteken nie skeiding van rolle nie, maar 'n onderskeiding daartussen – dit beteken dus nie dat vroue en moeders nie ook 'n sekuriteitgewende rol kan vervul, of dat mans en vaders nie ook koesterend kan wees nie. God se selfopenbaring as Vader skep egter vir mans en vaders die geleentheid om op 'n geslagsunieke wyse sekuriteitversterkend te kan wees. Om hierin te faal, is dus in 'n sin om iets van die skeppingsdoel te laat misluk.

In ‘n sekere opsig bevestig die feministiese teologie een van die vermoedens van hierdie navorsingstuk. Die vermoede is dat ‘n negatiewe of ontoereikende vaderbeeld tot ‘n soortgelyke Godsbeeld aanleiding kan gee. Onderliggend aan die feministiese teologie lê ‘n (geregverdigde!) teleurstelling en gekrenktheid ten opsigte van vaders, mans en patriargale kerklike hiërargieë en sosiale sisteme. Die feminisme toon gevolglik ‘n diepgesetelde ongemak met manlike taal, beeld en metafore vir God – ‘n negatiewe belewenis van ‘n “manlike” God. Dit toon dus aan hoeveel skade ons sondige hantering en interpretasie van die “manlikheid” van God teweeggebring het en bevestig die noodsaaklikheid van die herstel van ‘n gesonde vaderbeeld, wat ‘n heilsame effek op individue, die samelewing en die kerk sal hê.

Die stryd tussen die geslagte bly immers ‘n tragedie en hoewel die feminisme sterk reaksionêre en militante elemente bevat, is dit baie duidelik dat daar onderliggend aan die feministiese teologie ‘n begeerte lê om groter harmonie tussen die geslagte teweeg te bring. Hiermee moet die kerk identifiseer en daartoe meewerk.

5.7 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Uit die feministiese literatuur is dit duidelik dat die ontstaan en voortsetting van die feminisme spruit uit die feit dat daar oor eeue heen diepgewortelde sisteme, praktyke en sosiale konstrukte was (en is), wat as diskriminerend teen vroue getipeer kan word. Hierdie diskriminasie en vooroordeel is versterk deur maatskaplike en godsdienstige sanksie daaraan te verleen. Noodwendigerwys het die feminisme ook op die terreine van die godsdiens en teologie gefokus en blyk dit dat daar, wat die Christelike kerk aanbetref, hoofsaaklik vier kwessies is waarop die feminisme betekenisvolle kommentaar het (veral vir die doel van hierdie navorsingstuk):

- Die kerklike praktyk was vir ‘n baie lang tyd diskriminerend teenoor vroue.

- Ons geslagtelikheid is sekondêr aan die feit dat beide geslagte na die beeld van God geskape is.

- Godsdienstige, teologiese en veral liturgiese taal kan nie gebruik word, sonder om te besin oor wat die beleefde inhoud daarvan vir die gelowiges binne hulle konteks is nie.

- In terme van die laasgenoemde, kan daar dus ook nie goedsmoeds en op 'n geykte wyse van die vadermetafoor gebruik gemaak word, sonder om die sosiale konteks van die hoorders in ag te neem nie.


In hierdie navorsingstuk sal veral die laasgenoemde opmerking hierbo, verreken moet word. Waar daar van pastorale terapie sprake is, sal daar dus in narratiewe terme, deeglik ingegaan moet word op hoe die individu se eie dokument oor vaderbeeld en Godsbeeld daaruitsien, alvorens daar met gesprek oor 'n Bybelse vadermetafoor voortgegaan kan word.

Dit is van belang dat daarop gelet word dat die feministiese teologie tot dusver nie daarin geslaag het om bevredigend aan te toon dat gewysigde (hetsy vroulike of geslagsneutrale) terme vir God enigsins bydra tot die heling van 'n ongesonde of ontwrigte vader- en Godsbeeld nie. Voorskrifte vir die gebruik van sulke gewysigde metafore vir God sou hoogstens bydra tot die *sublimasie* van die vader- of Godsbeeld, terwyl die werkswyse wat in hierdie navorsingstuk aan die hand gedoen word (sien Hoofstuk 8) groter terapeutiese effek kan hê, aangesien dit die vaderbeeld en Godsbeeld restoureer, *retor* en *referate*. Hierdeur word die individue bemagtig om met die Skrif en die God van die Bybel om te gaan, sonder negatiewe konnotasies aan manlike taal oor God, of die prominente vadermetafoor in die Skrif.

Verder is dit die kontensie van hierdie navorser dat daar in die terapeutiese proses 'n ontmoeting sal plaasvind waarin God se verhaal en die verhaal van die individu mekaar raak, en God se verhaal konstruktief en helend word vir dié van

die individu (vergelyk Hoofstuk 9). In ‘n gereformeerde epistemologie is God se verhaal in sy selfopenbaring te vinde en die aandrang van die feminisme om spreekwyses oor God te verander, vervorm God se verhaal. Die mesmerisering van spreke oor God sal dan, anders as wat die feministiese teologie wil beweer, eerder ‘n struikelblok as ‘n hulp word vir die individu om tot ‘n ontmoeting met die God van die Skrif te kom – dit maak die God wat vir die individu reeds vaag en onherkenbaar is, steeds meer obskuur. Dit is per slot van rekening die *inhoud* van die woorde en metaforiese uitdrukkings wat opgeklaar en helend ontdek moet word en nie ‘n vervorming van God se verhaal nie, wat in die terapeutiese arbeid ‘n ontmoeting met die Vader sal vergemaklik.

DIE BYBELSE GELOOFSIMPERATIEF



-**Johannes 6:20**

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan Skrifgebruik in die pastorale terapie en op enkele Skrifgedeeltes wat op die onderwerp van hierdie navorsingstuk van toepassing gemaak kan word. Die hoofstuk het dus 'n Skriftuurlike beklemtoning en hoewel daar, ten opsigte van die Skrifgedeeltes, met algemeen-geldende eksegetiese beginsels te werk gegaan word, word hier nie in die besonderhede van byvoorbeeld historiese-, vormkritiese of struktuuranalitiese vraagstukke ingegaan nie – trouens hierdie navorsingstuk lê nie op die terrein van die Ou of Nuwe Testamentiese wetenskap nie. Daar word egter wel, in breë trekke, van die ontwikkeling van genoemde beginsels melding gemaak. In die pastorale terapie mag die aanwending van Skrifgedeeltes nie met eksegetiese beginsels bots nie.

Die volgende opmerkings is hier van belang:

- Skrifgedeeltes wat genoem, aangehaal of bespreek word, bevat nie noodwendig 'n verwysing na God as Vader nie. Die uitgangspunt is eerder dat Skrifgegewens die kliënt help om die God van die Bybel as Vader te leer ken en sou Skrifgedeeltes waar byvoorbeeld van die beloftes of getrouheid van God melding gemaak word eweneens op die Vadermetafoor betrek kon word. Skrifgedeeltes wat by 6.3.4 en 6.6 ter sprake kom, kan as sodanig aangewend word.

- Met die gebruik van die term *geloofsimperatief* word bedoel dat daar in die Skrif aan gelowiges die opdrag gegee word om te glo. Terselfdertyd is die pastorale terapeut terdeë daarvan bewus dat 'n persoon wat met 'n angsversteuring saamleef, dit baie moeilik of selfs onmoontlik mag vind om gelowig te vertrou. Die gebruikmaking van 'n verwysing na die imperatiewe element van geloofsvertroue impliseer hoegenaamd nie dat die pastorale terapeut bloot aan die kliënt mag sê: "*Jy moet vertrou*" of "*angs is loutere ongeloof*" nie. Die werkswyse wat in hierdie navorsingstuk ter tafel gelê word, keur sodanige simplistiese optrede af. Die kliënt word begelei om God as Vader te leer ken en lief te kry en uiteindelik die opdrag om te glo as 'n liefdevolle uitnodiging eerder as 'n onsimpatieke opdrag te beleef. Om hierdie rede word tegnieke vir gesonde Skrifgebruik hier by 6.4 bespreek en kom tegnieke vir die emotiewe internalisering van Skrifwaarhede later in hoofstuk 9 ter sprake.

Die redes vir 'n hoofstuk met 'n bibliologiese klem kan as volg opgesom word:

- Die betrokke navorsing lê op die terrein van 'n teologiese vakgebied en die Skrif moet daarom op die een of ander wyse te berde gebring word.

- Daar is vir 'n diakoniologiese en deduktiewe benadering, met die gereformeerde teologie as uitgangspunt, gekies. Die Skrif moet dus meer aandag as terloopse verwysing geniet.

- Skrifgebruik in die pastoraat moet met verantwoordelikheid en omsigtigheid toegepas word en daar moet dus enkele riglyne aangedui word.

Soos in hoofstuk 1 vermeld, kan daar in die gereformeerde teologie nie op 'n diakoniologiese aanpak aanspraak gemaak word as die konsep van die verbond nie in berekening gebring word nie. Die Skrif is in wese die dokument (testament) van die verbond: *"Nie alleen is die verbond in samehang met die uitverkiesing, twee van die belangrikste grondstrukture van die Bybel en die gereformeerde leer nie, maar daar is ook dogmatiese aanduidings dat die verbond (in samehang met*

die uitverkiesing) die mees omvattende teologiese beginsels is wat al die ander Bybelse grondbeginsels veronderstel" (Janse Van Rensburg 1996:153*)*. Al die beloftes van God, wat ook in die terapeutiese gesprek ter sprake sal kom, berus op hierdie ooreenkoms wat God met die gelowige gemaak het. Daarom word later by 6.3.4 hierop teruggekom. Dit spreek vanself dat die bovermelde begrippe in die terapeutiese proses omskryf sal moet word en dat veral by kliënte wat nog nie tot geloof gekom het nie, en 'n sekulêre lewensbeskouing het, nie lukraak toegepas sal word nie. Laasgenoemde beklemtoon dus die imperatief tot verantwoordelike Skrifgebruik.

Verder word daar in hierdie hoofstuk gepoog om aan te toon dat daar vanuit 'n lewende geloof 'n spesifieke Skriftuurlike imperatief vir die gelowige hantering van angs en vrees bestaan. Hiermee word nie bedoel dat 'n kliënt se angs op grond van 'n teks of twee as sonde of 'n gebrek aan geloof veroordeel moet word nie! Tog is die wese van die Skrifverkondiging en van die verbond ook dat dit die gelowige tot Godsvertroue oproep. Dié vertroue is sekuriteitversterkend en vorm deel van die teenpool van angs.

6.2 TAALFILOSOFIESE INSIGTE

Alhoewel daar in hoofstukke 4 en 5 aandag aan enkele taalfilosofiese aspekte gegee is, is dit van pas om hier, waar daar oor Skrifgebruik by terapie gehandel word, 'n aantal bykomende oorwegings in ag te neem. Ten opsigte van die gebruik van die Skrif in terapeutiese arbeid, moet daar veral gelet word op die insigte wat uit die konstruktivisme en ko-konstruktivisme na vore kom. Ten spyte van die keuse ten gunste van 'n gereformeerde epistemologie, is dit hier van belang om aan te toon dat die gebruik van die Skrif in 'n postmoderne era en in 'n narratiewe werkswyse, rekening hou met taalfilosofiese insigte ten opsigte van die bekoming van kennis. Gedagtig aan die paradigmaskuif vanaf modernisme na postmodernisme word bemerk dat die ontwikkeling van postmoderne benaderings tot terapie primêr voortgespruit het uit die oënskynlike tekortkominge van 'n modernistiese oriëntasie.

Die ontwikkeling van postmodernistiese benaderings tot terapie het primêr voortgespruit uit die oënskynlike tekortkominge van die modernistiese oriëntasie. In hierdie verband is postmoderniste van mening dat modernistiese benaderings 'n geneigdheid toon om patologie te identifiseer deur middel van diagnose, terwyl sosiale faktore en historiese werklikhede verbandhoudend tot die probleem, geïgnoreer word. So byvoorbeeld wys feministiese outeurs daarop dat kulturele aannames gemaak word rondom "tipies vroulike disfunksies" wat, so glo hulle, teruggevoer kan word na die toestande van onderdrukking wat deur vroue in die gemeenskap ervaar word, eerder as abnormaliteite in die vroulike psige (Mclean 1997:15).

Die filosofie van die konstruktivisme val egter nóg binne die kader van die modernisme, nóg binne die postmodernisme. Met sy wortels in die pre-Sokratiese era, was dit eers in die laat 1980's dat die konstruktivisme stewig in die psigoterapeutiese filosofieë gevestig is. Soos in die geval van ander filosofiese terminologieë, vind konstruktivisme neerslag in 'n verskeidenheid van geskrifte met verskillende konstruksies van konstruktivisme (Van der Watt 1993:1).

Vir die doel van hierdie studie is die standpunt van die konstruktivisme daarin geleë dat alle kennis menslike konstruksies is en nie as 'n weerspieëling van 'n eksterne objektiewe werklikheid beskou kan word nie (Kotzé 1992:62). Konstruktivistiese uitgangspunte beklemtoon die gedagte van selfverwysing of nie-objektiwiteit. Volgens hierdie beginsels is alle pogings wat gebruik word om ander te beïnvloed selfverwysend, met ander woorde dit verklaar meer oor die verwysingsraamwerk van die beïnvloeder, as oor die persoon wat beïnvloed word (Grobler 1991:39).

Sekere konstrukte van die konstruktivisme is egter van meer waarde vir die terapeutiese proses as ander konstrukte van hierdie filosofie. In hierdie verband is daar 'n duidelike progressiebaan merkbaar vanaf die realisme (realiteit bepaal die mense se kenniskonstruksies); na konstruktivisme ('n persoon se idees bepaal wat hy/sy weet); na sosiale konstruktivisme (ander mense se idees bepaal wat 'n

persoon weet); na ko-konstruktivisme (dit wat bekend is spruit voort uit 'n verhouding tussen die een wat weet *("knower"*) en dit wat bekend is), wat 'n verdere ontwikkeling van die konsep verteenwoordig.

Volgens die eie-aard van ko-konstruktivisme, wat 'n alternatief vir realisme, konstruktivisme en sosiale konstruktivisme bied, word die bestaan van 'n gestruktureerde realiteit as 'n gegewe aanvaar. Binne dié konteks word erkenning verleen aan die beginsel dat realiteit gekonstrueer of onderhandel word, in dié sin dat verskillende aspekte beklemtoon word volgens die idees wat mense (individue en groepe) daaroor handhaaf (Van der Watt 1993:102).

Volgens die filosofie van die konstruktivisme bestaan daar dus 'n wêreld van veelvuldige realiteite wat konteksgebonde is, net in taal bestaan en in taal gekommunikeer word. Die beklemtoning van die konstruktivistiese diskoers het gelei tot die gebruik van diskoers-gebaseerde metafore vir die verstaan van die konteks (Kogan & Gale 1997:102). Dit impliseer dus dat probleme net in taal bestaan, sou dit sodanig self op hierdie wyse deur die individu geformuleer en gedefinieer word (Grobler 1991:51).

Wright *et al.* (1968:49) sluit hierby aan en wys daarop dat probleme slegs in taal onderskei kan word en dat dit nie in die individu self aanwesig is nie. Volgens Anderson en Goolishian (1988:381) is terapie dus 'n taalgerigte aktiwiteit waardeur gesprekvoering oor 'n probleem lei tot 'n proses waardeur nuwe betekenisse en verstaan geskep kan word.

Met inagneming van die voorafgaande, kan die taalfilosofiese uitgangspunte wat vir hierdie studie van belang is, soos volg omskryf word:

- Taal is 'n medium waardeur individue struktureel met mekaar gekoppel word om saam 'n omgewing te skep waarbinne geleef word.

- Taal stel die individu in staat om homself/haarself te beskryf en om homself/haarself in sy/haar omstandighede te kan beskryf.

- Taal is die wyse waarop mense hulle interaksies koördineer. So ontstaan betekenis as 'n verhouding van linguistiese onderskeidings.

- Taal is die manier waarop die individu sy leefwêreld skep – dit is nie slegs 'n beskrywing van 'n wêreld buite die mens nie.

- Die mens bestaan in taal.

- Die werklikheid waarbinne die mens leef, is 'n werklikheid in taal.

- Deur taal binne die sosiale domein te plaas en deur die beklemtoning van die sosiale aspek van menswees, word die weg gebaan vir 'n keuse vir die etiese (Kotzé 1992:57-59).

Gedagtig aan hierdie taalfilosofiese uitgangspunte, kan die stelling gemaak word dat die leefwêreld van die individu slegs uit interpretasies bestaan waardeur kennis gekonstrueer word deur taal, diskoers, stem en verhaal (Larner 1996:425). Hierdie standpunt word ook deur White en Denborough (1998:226) onderskryf wanneer daar opgemerk word dat om te leef impliseer dat die individu betrokke sal wees in gesprekvoering rondom die dominante verhaal/sub-verhale van sy/haar lewe, om sodoende betekenis te genereer.

Die implikasies vir Skrifgebruik wat uit die voorafgaande taalfilosofiese opmerkings afgelei kan word, is veelseggend. Die ko-konstruktivisme bevestig dat daar 'n gestruktureerde realiteit bestaan en dat sekere aspekte daarvan deur individue of groepe beklemtoon word. Die "Skrif-verhaal" of "God-verhaal" is ook so 'n gestruktureerde werklikheid.

Indien kennis deur taal, diskoers en verhaal gekonstrueer word, impliseer dit dat ‘n individu se werklikheid (as sub-verhaal) “oningelig” kan wees as die verhaal van die Skrif nie in berekening gebring is by die konstruksie van so ‘n persoon se dominante verhaal nie. Gevolglik sou korrekte Skrifgebruik by terapeutiese arbeid dan inhou dat die individu aan die Skrifverhaal blootgestel word, ten einde die persoon in staat te stel om sy/haar verhaal met ‘n groter mate van geïnformeerdheid te kan rekonstrueer.

Juis in die lig van die ko-konstruktivisme kan daar dus ruimte wees vir ‘n Groot Verhaal wat op die verhaal van die individu betrekking het en dus relevant is vir die terapeutiese proses. Gevolglik sou Skrifgebruik ook in narratiewe werkswyse verantwoordbaar wees. Die feit dat sodanige Skrifgebruik verantwoordelik moet geskied is voor die hand liggend, maar impliseer ook dat dit ruimte vir ‘n vryer en meer subjektiewe benadering tot Skrifinterpretasie laat. Ten opsigte hiervan moet daar enersyds op teologiese suiwerheid gelet word, maar andersyds ook ruimte gelaat word vir terapeutiese voordele wat dit mag inhou.

Hiermee in gedagte, is dit van pas om vervolgens met basis- en praktykteoretiese oorwegings vir Skrifgebruik voort te gaan en later (by 6.5) aan enkele eksegetiese insigte aandag te gee.

6.3 BASISTEORETIESE OORWEGINGS VIR SKRIFGEBRUIK IN PASTORALE TERAPIE

Die vraag na hoe die boodskap van die Skrif in terapeutiese arbeid aangewend moet word, is ‘n onderwerp wat in die praktiese teologie ekstensief beredeneer word. Die verskeie benaderings tot die vakgebied asook die onderskeie style van pastorale hulpverlening wat in hoofstuk 1 vermeld is, bepaal telkens wat die rol van die Skrif in die betrokke benadering, styl of model sal wees. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat hier aan basisteoretiese oorwegings ten opsigte van Skrifgebruik aandag gegee word en wel tot die mate dat dit binne die uitgangspunte van hierdie navorsingstuk verantwoordbaar sal wees. Met

betrekking tot terapeutiese pastorale werk, is daar hoofsaaklik drie uitgangspunte ten opsigte van die rol van die Skrif. Elkeen verteenwoordig 'n spesifieke basisteorie en word hieronder aangedui:

6.3.1 Christelike berading

Hierdie uitgangspunt word tans in die VSA verteenwoordig deur die "*Association for Christian Counselling"* en die "*Christian Association for Psychological Studies*". 'n Suid-Afrikaanse voorbeeld van hierdie uitgangspunt is dié van Cloete en Cloete (2005:63-68) wat as sielkundiges 'n benadering volg wat hulle as *Christusgesentreerd* beskryf en waarin terme soos *gebedsterapie* ter sprake kom. Daar word van die standpunt uitgegaan dat Christelike berading nie die eksklusiewe terrein van die teologies geskoolde persoon is nie. 'n Kundige, hetsy die psigoloog of maatskaplike werker, kan berading vanuit 'n Christelike perspektief doen en hierby speel die terapeut se geloofsoortuigings en Skrifkennis 'n belangrike rol. Collins (1988:17) meld dan ten opsigte van die Skrif dat Christelike berading uitgaan van die "unieke aanname" dat die Skrif die hoogste gesag in die lewe van die mens is. Christelike berading het dan die "unieke doel" om die individu tot geestelike groei te begelei en speel die belydenis en vergifnis van sondige lewenspatrone 'n groot rol.

McMinn (1996:97-100) neem die bogenoemde redenasie na 'n meer gevorderde vlak deur daarop te wys dat wie Christelike berading wil praktiseer op die volgende moet let:

- Verantwoordbare sielkundige perspektiewe op die Skrif moet ontwikkel word.
- Skriftuurlike ondersteuning vir beradingsmodelle moet gevind word.
- Die Skrif moet verantwoordelik gebruik word.

Wat die posisie van die Skrif aanbetref, bepleit hy dan die volgende:

- Respek vir die Skrif as die hoogste openbaring van God se wil vir die mens en voeg by: *"We must not hesitate to revere the God revealed in Scripture as the ultimate standard of truth. Postmodernism has pushed mental health disciplines toward accepting personal 'truth' as equally valid to God's transcendent truth. Christian counselors should resist this trend"* (1996:103).

- Nederigheid in pogings om die Skrif toe te pas aangesien ons, te midde van vrymoedigheid om Skrifwaarheid te verkondig, feilbaar is: *"With careful hermeneutic strategies, we can minimize the intrusions of our faulty human reasoning and boldly advocate spiritual truth in a post-modern society that often overlooks transcendent truth. However, when we interpret controversial passages, we are wise to remember the hermeneutic circle and humbly recognize that our human biases and sin will influence and limit our understanding of God and the Bible"* (1996:106).

McMinn (1996:111-117) dui ook verder aan watter eise die toepassing van Christelike berading aan die professionele hulpverlener stel:

- Teologiese kennis moet aan sielkundige- en beradingskennis toegevoeg word, wat impliseer dat die omskrywing van opleiding vir so 'n persoon uitgebrei moet word.

- 'n Wetenskaplike basis vir Christelike beradingspraktyke moet gevestig word.

- Relevante etiese standaarde moet gestel word.

Dit is duidelik dat daar in hierdie benadering gepoog word om verantwoordelike Skrifgebruik in samehang met gedragswetenskaplike kennis aan te wend. In hierdie mate toon dit 'n ooreenkoms met die bipolêre benadering tot die praktiese teologie soos by 1.2.3.4 bespreek is. Dit is verblydend dat daar sterk klem op *verantwoordelike* Skrifgebruik gelê word.

6.3.2 Bybelse berading

Terwyl die Christelike beradingsmodel by 'n bipolêre benadering tot praktiese teologie aansluiting vind, vind dit wat tans as *Bybelse berading* bekend staan, aansluiting by die noutetiese benadering tot die vakgebied soos by 1.2.3.3 bespreek is.

Volgens Powlison (1994:44-53) is hierdie beradingsmodel juis die uitvloeisel van 'n herontdekking van die werk van JE Adams en die stigting van die *"National Association of Nouthetic Counsellors"* in 1976. Hierdie model word gekenmerk deur 'n negatiewe beoordeling van die gedragswetenskappe en neig na biblisisme en 'n vorm van teologiese fundamentalisme. Die Skrif word as die gekose bron van raad vir problematiek beskou. Eksponente van hierdie model verwys byvoorbeeld terug na die Puriteine met kommentaar soos: *"As far as the English Puritans were concerned, every conceivable psychological need could be met and every imaginable psychological problem could be solved through a direct application of biblical truth"* (Sarles 1994:21-43).

Dienooreenkomstig doen MacArthur *et al.* (1994:98-115) moeite om aan te toon dat psigologiese- en verhoudingsproblematiek vanuit die sondige natuur van die mens spruit en dat die Skrif antwoorde hierop het. Gevolglik staan hy negatief teenoor wat hy die *"self esteem cult"* noem, aangesien dit die mens daarvan weerhou om sy sondige aard en gevalle toestand te erken en na verlossing te vra. Hiermee word egter nie geïmpliseer dat daar op onsensitiewe of onverantwoordelike wyse teenoor kliënte opgetree word nie. Daar is eerlike pogings om Bybelse berading verantwoordelik te bedryf. Om hierdie rede wys Watson (2000:51) daarop dat *"… biblical counselors follow two God-given principals for intervention: truth and love… After all, truth without love would be brutality, while love without truth would be mere sentimentality."* Hy wys ook daarop dat 'n hoë standaard van professionalisme imperatief is (2000:183-193).

In die Bybelse beradingsmodel staan die Skrif dus sentraal en vorm Skrifgebruik 'n fundamentele rol in die beradingsproses. Verantwoordelike Skrifgebruik met goeie eksegese en hermeneuse van die Skrif is dan fasiliterend vir mense om hulle doelwitte te identifiseer en verandering toe te pas.

6.3.3 Pastorale berading

Pastorale berading word van Christelike berading onderskei in dié opsig dat dit beoefen word deur 'n persoon wat formele teologiese opleiding het en nie primêr deur ander professionele hulpverleners wat vanuit 'n Christelike lewensbeskouing werk nie. Dit word deur De Jongh-Van Arkel (2000:107) van Bybelse berading deur die volgende omskrywing onderskei: *"Pastoral counselling is a form of contextual caring and helping which integrates theology/religion/faith with insights from the behavioural sciences. This type of care is usually given by professional pastors qualified in both theology and counselling models relevant to a congragational setting … Since pastoral counsellors are theologians/pastors, they must also have a specialised knowledge of theology… This means that there are similarities with other forms of counselling (in technique for example), although they are not identical."*

Hierdie definisie word deur Clinebell (1984:46) verbreed deur daarop te wys dat pastorale berading ook vir persone buite 'n gemeentelike konteks beskikbaar is. Oates (1974:11-20) sê op sy beurt dat wat berading as *pastoraal* onderskei, die volgende is:

- Die bewustheid, tydens berading, van God-in-verhouding-tot-mens. (Die derde persoon in die terapeutiese gesprek).

- Die erkening van God as werklikheid.

- Sinvolle gesprek oor geloof in God, maar nie "*God chatter"* nie.

Skrifgebruik is dus 'n onderskeidende kenmerk van pastorale beraad, maar soos Hiltner (1949:202) in die vroeë stadium van die ontwikkeling van hierdie model gesê het: *"There is no question that the pastor will use the Bible in counselling … But this is not the same thing as saying the words of the Bible or quoting Scripture."*

Die aard van Skrifgebruik in pastorale beraad word dan deur Clinebell (1984:49-50) as volg beskryf: *"The relationship between the practice of pastoral care and counselling and our biblical heritage is like a two-way street. The insights from our heritage illuminate, inform and guide the practice of these pastoral arts, and this practice brings to life basic biblical truths by allowing them to become incarnate and experienced in human relationships."* Hy lê dan klem op groot Bybelse temas, soos genesing, bevryding, heelheid en die merkwaardige potensiaal van die mens, as boublokke in die terapeutiese proses (1984:51-64).

Pastorale beraad word verder ook deur 'n spesifieke grondhouding gekenmerk en druk Aden en Ellens (1988:37) dit as volg uit: "…*the term pastoral should designate a perspective, not an officeholder or a function."* Wise (1989:6) brei hierop uit deur daarop te wys dat dit nie alleen 'n perspektief tot 'n aksie is nie maar 'n *bediening*, meer nog, die voortsetting van Jesus se bediening. Doelmatige en verantwoordelike Skrifgebruik sou dus nie net van pas wees nie, maar haas onontbeerlik. De Klerk (1978: 62-66) fokus die grondhouding in die pastoraat op die gesag en teenwoordigheid van die Skrif, die belangrikheid van die kommunikatiewe gebeure en die pastor se persoonlike bewustheid van sy ampsopdrag, met 'n gepaardgaande vrymoedigheid en innerlike kalmte, wat tot verantwoordelikheid en volhardende dienslewering lei.

Die posisie van Skrifgebruik wat in die bespreking van die drie bogemelde modelle na vore kom, kan nou as volg opgesom word:

Christelike berading	Byelse berading	Pastorale berading
Primêr gedragswetenskaplike kundigheid met Skrifgebruik vanuit 'n lewensbeskoulike grondhouding. Skrifkennis addisioneel tot professionele opleiding.	Berading deur 'n teologies geskoolde persoon met voorrang aan die Skrif en negatiewe beoordeling van gedragswetenskappe.	Berading deur 'n teologies geskoolde persoon met Skrif as integrale deel van terapeutiese werk met benutting van gedragswetenskaplike insigte.


Binne die kader van die pastorale terapie is daar egter diegene wat poog om Skrifgebruik op 'n postmoderne wyse in 'n narratiewe werkswyse te integreer. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Cilliers (2004:92-94) wat aandui dat hy hiermee homself wel in 'n spanningsituasie tussen modernisme (Skrifgesag) en postmodernisme bevind en gee toe dat daar 'n heen-en-weer beweging tussen paradigmas is. Hy wil ook daarteen waak dat 'n meer "konfessionele" benadering tot terapie nie tot skuldgevoelens by die kliënt en magsmisbruik by die terapeut lei nie (2004:89). Tog beskou hy die Skrif met wat hy *"die metanarratief waarvan die Christus-verhaal dominant is"* (2004:96) as 'n gegewe en deel van sy "*rule of faith*" in terapie tipeer. Terselfdertyd sê hy (2004:11) dat waarheid nie soeke na feite is nie, maar die skep van betekenis en waardes.

Vanweë hierdie gegewenheid van die Bybel poog Cilliers (2004:95-102) dan om die Skrif in terapie te gebruik as die vertelling en opvoering ("*re-enactment*") van 'n storie wat op so 'n wyse deel van sy eie en die kliënt se storie word. Die Bybel word dan 'n gespreksgenoot in die terapeutiese proses.

Cilliers se standpunt illustreer die spanning tussen 'n moderne en postmoderne beskouing en die dilemma van die gelowige terapeut om die Skrif binne 'n postmoderne paradigma sinvol aan te wend. Die integrerende model wat in hierdie navorsingstuk voorgehou word, vind aansluiting by sy eindresultaat vir Skrifaanwending, maar hang steeds tussen twee paradigmas wat in wese onversoenbaar is. Dit dui egter wel suksesvol aan dat die Skrif op baie skeppende maniere in 'n narratiewe werkswyse geïntegreer kan word.

In aansluiting by die bespreking van benaderings tot die praktiese teologie in hoofstuk 1, is dit ook uit die voorafgaande uiteensetting duidelik dat wat hier onder *pastorale berading* beskryf is, 'n meer gebalanseerde ingesteldheid reflekteer. Dit vind aansluiting by 'n konvergensie model vir die vakgebied, sowel as by 'n integrerende werkswyse soos in hierdie navorsingstuk voorgestel word.

Gesien vanuit die behoefte aan 'n keuse vir 'n basisteorie vir Skrifgebruik in terapeutiese arbeid, word gekonkludeer dat daar nie by 'n simplistiese teorie volstaan kan word nie. Insgelyks kan daar ook nie bloot vir die integrasie van Skrifgebruik by 'n fundamenteel-gedragswetenskaplike model volstaan word nie. 'n Deduktiewe epistemologie noop hierdie navorser tot Skrifgebruik vanuit die prinsipes van die verbond en openbaring en dus tot diakoniologies-integrerende Skrifgebruik. Dit impliseer dat daar 'n voortdurende wederkerigheid tussen Skrif, die menslike situasie en die insigte uit ander wetenskappe sal wees en dat die Skrif nooit in enige van die interaktiewe prosesse afwesig sal wees nie. Dit kan op vereenvoudigde wyse uitgebeeld word, soos hieronder:



Die wisselwerking soos hierbo aangetoon, word deur Louw (1997:48) as volg teologies verantwoord: *"Maar teologie kan nie so eng op God gefokus en aan die Persoon van Christus gekoppel wees dat die teologie die totaliteit van die geskape werklikheid uit die oog verloor nie. Die 'Woord van God' besit implikasies breër as net die Skrifwoord. Dit gaan dus ook om die verband: God en die werklikheid. Tog kan die teologie aan die ander kant nie so universeel en algemeen raak dat*

dit weer eindig met 'n algemene Christelike filosofie oor die stand van die werklikheid nie. Teologie, as 'n Christelike wetenskap, is nie bloot 'n leer in die sin van 'n sisteem van rasionele bewysbare kennis nie. Vir 'n verstaan van die Christelike teologie as 'n wetenskap moet veeleer in die rigting van die hermeneutiek gedink word, naamlik as 'n interpretasie van die betekenis van die verband God en werklikheid vanuit die perspektief van die Christelike geloof."

6.3.4 Skriftuurlike kernelemente

Voordat enkele Skriftuurlike kernelemente ten opsigte van angs aan die orde kom, is dit paslik om daarop te let dat in 'n diakoniologiese benadering daar van die volgende grondmotiewe vir Skrifgebruik gepraat sou kon word:

- Die verbond word as die hermeneutiese sleutel beskou; dit bly die kernmotief vir die gebruik en toepassing van die Skrif, aangesien God met die mens in 'n verhouding staan wat verbondsmatig bepaal word.

- Pneumatologie word as die "verstaansprinsipe" vir Skrifaanwending gebruik, aangesien die Heilige Gees lig en helderheid vir die begrip geloofsmatige werklikhede in die terapeutiese proses bring.

- Hierdie proses vind binne die ruimte van die Koninkryk plaas, aangesien daar van die hoofskap van Christus oor alle aspekte van die menslike bestaan uitgegaan word.

- Die eskatologie word as die bestaanshoop, wat die menslike bestaan ten grondslag lê, beskou omdat daar met die betroubaarheid van God se beloftes as 'n gegewene gehandel word.

Indien daar vanuit 'n diakoniologiese benadering tot pastorale terapie te werk gegaan word, is dit nodig om enkele Skriftuurlike elemente te identifiseer wat ten grondslag van 'n basisteorie vir Skrifgebruik sou lê. Die begrippe *verbond* en

openbaring is reeds by 1.4.1 genoem, maar daaruit spruit 'n aantal ander kernelemente wat vermeld moet word.

In 'n Skriffundering vir pastorale hipnoterapie meld Janse van Rensburg (1987:207-248) die volgende vier momente: Skepping, sondeval, verlossing en eskatologie. Hierdie momente sou ook in 'n wyer konteks op die pastorale terapie van toepassing gemaak kon word. As basisteoretiese uitgangspunte vir Skrifgebruik in pastorale terapie, sluit dit sterk by 'n gereformeerde diakoniologie aan en wel in die volgende opsigte:

- **Skepping:** Die mens word beskou as skepping van God ('n dimensie wat dikwels in 'n psigoterapeutiese benadering ontbreek). Vir die konteks van hierdie navorsing is dit betekenisvol om daarop te let dat die mens nie geskape is om met angs te leef nie. Janse van Rensburg (1987:214) wys daarop dat die mens voor die sondeval geen rede tot angsvalligheid gehad het nie. 'n Angsbelaaide bestaan is dus strydig met die skeppingsbedoeling.

- **Sondeval:** Clinebell (1984:56) interpreteer die verhaal van die sondeval as aanduidend van die feit dat die mens van heelheid ontneem en vervreem is. Met die sondeval word die mens in alle verhoudinge vanaf die ander party vervreem. Die impak hiervan op alle aspekte van gesondheid is enorm: *"Hieruit blyk duidelik dat die sondeval in 'n psigoterapeutiese, sowel as 'n pastorale hulpverlening behoorlik verdiskonteer sal moet word. Die persoon se ervaring van sondeskuld word nie weggepraat nie, maar met hom bevrydend deurgewerk"* (Janse van Rensburg 1987:217). Vir Skrifgebruik by pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring, sal daar dus met die feit rekening gehou moet word dat angstigheid ook uit die mens se gevalle toestand spruit en dat voortdurende kleingeloof, ongeloof en gebrek aan Godsvertroue 'n element van ongehoorsaamheid aan God bevat.

- **Verlossing:** Janse van Rensburg (1987:218) stel dit onomwonde dat: *"God se handelinge met die mens in en deur Sy Seun bepaal die aard en skopus van die pastorale hulpverlening."* Die verlossing deur Jesus Christus raak

elke dimensie van die menslike bestaan en die taak van pastorale terapie is juis om die verlossing na hierdie dimensies deur te dra. Verlossing impliseer ook herstelde verhouding met God, en meer spesifiek met God die Vader. In hierdie navorsingstuk word juis gewys op die helende effek van die teenwoordigheid van God as vaderfiguur vir persone met veralgemeende angs. Terapeutiese handelinge wat die individu vergesel tot 'n (her-)ontmoeting met die Vader en die vestiging van Godsvertroue, wat as teenvoeter vir eksistensiële angs dien, is dus in der waarheid uitvloeisels van die verlossing in Christus.

- **Eskatologie:** Die Christelike eskatologie funksioneer op die beginsels van *reeds* en *nog nie*. Al die eskatologiese beloftes en verwagtings is reeds vervul, maar is nog nie ten volle sigbaar nie. Die pastorale terapie se wesensaard word juis bepaal deur hierdie eskatologiese werklikheid: dit berus op die betroubare en waargeworde beloftes van God. Hierdie beloftes maak waarheidsontsluiting en geloofsrealisering moontlik. Louw (1993:43) wys daarop dat hierdie proses deursuur is met die eskatologiese momente van lewe, oorwinning, hoop en opstanding. Daar kan nouliks 'n beter basis vir terapeutiese werk gevind word, aangesien dit impliseer dat te midde van die mens se nood, hierdie elemente van hoop en oorwinning reeds werklikhede is! Die eskatologiese element maak dit moontlik om die vorm van pastorale terapie wat hieruit voortvloei te tipeer as *promisioterapie* of *hoop-terapie* wat besondere betekenis vir die belewenis van angs het.

Hierdie kerntemas vorm 'n fondasie vir 'n basisteorie vir Skrifgebruik in pastorale terapie en moet met teologiese regsinnigheid, pastorale bewoënheid en terapeutiese vaardigheid by die terapeutiese proses betrek word.

6.4 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR SKRIFGEBRUIK IN PASTORALE TERAPIE

Net soos met al die ander aspekte van die pastorale terapie, moet die terapeut te alle tye in gedagte hou dat dié terapeutiese proses as 'n sensitiewe "spel" of

"dans" beskryf kan word en is heilsame Skrifgebruik ook 'n kuns. Trouens, behendige inkorporering van God se Storie in dié proses onderskei die pastorale terapie van die werkswyse van die ander vorme van hulpverlening (soos die psigologie of mediese wetenskap). Dit is dus belangrik dat die terapeut bedag sal wees op watter foute dikwels met Skrifgebruik gemaak word en welke vorme van Skrifaanwending terapeuties voordelig is.

6.4.1 Produktiewe en kontraproduktiewe Skrifgebruik

Louw (1993:375-444) bied nuttige riglyne vir Skrifgebruik en in die onderstaande paragrawe word dit in gewysigde vorm saamgevat en met enkele opmerkings aangevul. Die kontraproduktiewe en produktiewe vorme van Skrifgebruik word hier telkens teenoor mekaar gestel:

- By **moraliserende** Skrifgebruik word die Skrif beskou as 'n handboek vir korrekte gedrag wat, as dit voorskriftelik toegepas word, 'n vinnige oplossing vir probleme sal meebring. Daarteenoor staan *informatief-lerende* Skrifgebruik, waar die oordrag van korrekte informasie gebruik word om opvattings of misverstande oor 'n saak op te klaar. Vir hierdie navorsingstuk is die inligting oor die Vaderskap van God 'n goeie voorbeeld hiervan. Verteenwoordigende voorbeelde hiervan sou die volgende wees:

  - Moraliserend: Die kliënt word vermaan: "Vrees is niks anders as loutere ongeloof nie."
  - Informatief-lerend: Die kliënt word begelei om die inhoudelike waarhede oor God as Vader te ontdek en te internaliseer.

- **Illustratiewe of tipologiese** Skrifgebruik hou sekere persone of gebeure as voorbeelde voor. As ekstreme voorbeeld sou dan gesê word: *"Kyk, Dawid was nie bang vir Goliat nie, neem hom as voorbeeld en oorwin só jou angs."* Só 'n Skriftoepassing doen beslis nie aan die kliënt of die Skrif reg nie. Hierteenoor staan *assosiasie-versterkende* Skrifgebruik, waar die kliënt hom met die Skrifinhoud begin assosieer en die boodskap daarvan vir hom-/haarself toe-

eien. Hiermee saam kan *narratiewe* Skrifgebruik benut word, waar 'n Bybelse gedeelte sodanig vertel word dat die relevansie vir 'n akute situasie duidelik word. Parafrasering sou ook hier in orde wees.

- Die **abstrakte** hantering van die Skrif poog om "algemene waarhede" te formuleer en in die pastorale gesprek aan te haal, terwyl dié waarhede nooit by die persoon se leefwêreld geïntegreer word nie. Om byvoorbeeld te sê dat God al ons sonde vergewe beteken nie dat 'n persoon se patologiese skuldkompleks daarmee opgelos is nie! Hierdie modus van Skriflesing kan ook lei tot 'n *biblisistiese* Skrifgebruik waar 'n Skrifgedeelte, dikwels buite konteks, aangehaal word as 'n antwoord op 'n bepaalde probleem. Ook die *homiliserende* vorm van Skrifgebruik hang hiermee saam en laat die pastorale gesprek in 'n klein prekie ontaard. Teenoor die pasvermelde vorme van Skrifgebruik kan die *proklamerende* en *vertroostende* modi van Skrifgebruik gestel word, waar die heil van God sinvol in die omstandighede van die individu ingespreek word.

- Die mees skadelike vorm van Skrifgebruik (eerder misbruik) is die **krities-afbrekende** modus. Dit verklap 'n liefdelose en onbegrypende gesindheid by die pastor. Hierteenoor staan die *transformerende* modus wat die herstrukturering van gedrag versterk en veranderings in 'n persoon se waardesisteem en etiese gedragskodes bevorder. Natuurlik is daar ook momente van *vermanende* Skrifgebruik, maar dit kan eers ter sprake kom nadat 'n vertrouensverhouding tussen terapeut en kliënt gevestig is.

- Daar is ook die **dogmatiserende** aanpak tot Skrifgebruik wat die leerstellige posisie van die Kerk outoritêr op die pastorale gesprek betrek. Daarteenoor staan die dogmatologiese vaardigheid van die terapeut wat daartoe in staat is om dogmatiese waarhede in die hermeneutiese proses van die gesprek in te bou, op so 'n wyse dat dit deel van 'n heilsame geheel in die terapie bydra. Dit is daarom van groot belang dat die pastorale terapeut 'n grondige kennis van die dogmatiek sal hê.

Vir die korrekte gebruik van die Skrif moet die terapeut dus self 'n hoë mate van geloofs- en persoonlikheidsvolwassenheid hê waarby Godskennis, kennis van die Skrif, lewens- en mensekennis en gespreksvaardigheid vervleg is, sodat hy/sy met vaardigheid die sensitiewe terrein van die binneste van 'n ander sal betree. As gelowige mag hy/sy ook nie toelaat dat die tydsgees die status van die Skrif as openbaringsbron relativeer nie en die besef behou dat ook die pastorale terapie binne die ruimte van die Koninkryk afspeel.

In aansluiting hiermee kan melding gemaak word van Clinebell (1984:124-127) se riglyne vir "*using the Bible growthfully":*

- Die pastor/terapeut moet op so 'n wyse in voeling met die Bybel en Bybelse beelde bly dat die wysheid wat daaruit geput word die terapeutiese proses kan toelig (*"inform")*. Dit bepaal ook die gees en doelstellings van die versorgende verhouding.

- Toepassing van die Skrif help om geestelike patologie te verander deur ongewone geloofsbegrippe op te klaar. 'n Voorbeeld hiervan is die onderdrukking van emosies vanweë die gedagte dat 'n mens nie vrae oor God se optrede mag vra nie. (Hierdie element van Skrifgebruik sluit aan by die informatief-lerende modus wat reeds genoem is).

- Die Skrif is 'n sleutelbron vir die onderrigtende, groei-stimulerende dimensie van pastorale arbeid.

- Die Bybel kan ook diagnosties gebruik word, deurdat die innerlike dinamiek van die probleme van 'n kliënt verhelder kan word deur hom/haar te vra om sy/haar gunsteling Bybelverhaal te vertel.

6.4.2 Tegnieke vir Skrifgebruik

'n Mens sou ten opsigte van Skrifgebruik kon onderskei tussen *direkte* Skrifgebruik, waar daar tyd aan die planmatige lees en bespreking van Skrifgedeeltes gewy word, en *indirekte* Skrifgebruik wat beteken dat die pastorale terapeut deurentyd na Skrifbeginsels verwys sonder dat die Bybel woordeliks gelees word. Hierdie navorser is van mening dat indirekte Skrifgebruik meer van pas is in die vroeë stadiums van die terapeutiese proses en mettertyd na 'n meer direkte gebruik ontwikkel. Die rede hiervoor is daarin geleë dat dit juis 'n vorm van groei, spesifiek met betrekking tot Skrifaanwending, by die kliënt tot gevolg kan hê. Dit sou dus 'n *"growthful"* wyse van Skrifhantering wees, soos deur Clinebell aangedui in die voorafgaande gedeelte.

Müller (1981:30) tipeer hierdie vorm van Skrifgebruik as dat die teks indirek gepraktiseer word deur die pastorale presensie: *"Die pastorale grondhouding word dus 'n stuk geïnterpreteerde en gepraktiseerde evangelie."* Hierdie opmerkings maak hy na aanleiding van Josuttis (1980:164-187) se siening oor die kommunikatiewe aspekte van die godsdiens en die rol van leerprosesse daarin. Josuttis (1980:183) wys daarop dat verskeie tradisionele wyses van kommunikasie nie slaag nie en dat dit om veranderde kommunikasie vra: "*Das alles bedeutet: Die theologischen Kommunikationsziele, die für den Gottesdienst angegeben werden, können unter den gegenwärtigen Kommunikationsbedingungen des Gottesdienstes nicht realisiert werden. Wer diese theologischen Ziele erreichen will, muß die kommunikative Struktur des Gottesdienstes verändern*."

Louw (1993:381-383) wys ook op 'n aantal probleme met betrekking tot Skrifgebruik en meld faktore, soos die natuurlike weerstand van die (sondige) mens teen die Woord van God en 'n skeptiese gesindheid daarteenoor weens 'n oorwaardering van die wetenskap. Aan die een kant kan daar by die terapeut faktore, soos 'n gebrekkige Skrifkennis of 'n verwarring oor Skrifgesag wees, of hy/sy mag bang wees om met Skrifgebruik die kliënt te vervreem. In die hedendaagse denkklimaat, met die opkoms van die post-Christelike samelewing

en die invloed van die postmodernisme op die Kerk, is hierdie probleme inderdaad begryplik. Desnieteenstaande pleit die outeur vir die gebruik van die Skrif in die terapeutiese proses en noem, ter wille van die nuttigheid daarvan, Louw (1993:405-406) se voorstelle oor tegnieke van Skrifgebruik:

- Voorlesing deur die terapeut.
- Selflees deur die kliënt.
- Memorisering van toepaslike Skrifgedeeltes deur die kliënt.
- Personalisering, waar die kliënt sy/haar eie naam in 'n teksgedeelte voeg.
- Teksanalise, waar die terapeut 'n Skrifgedeelte saam met die kliënt analiseer.
- Parafrasering.

Hierby sou tuiswerk-opdragte wat Bybelstudie insluit, gevoeg kon word.

6.4.3 Van praktykteorie na spreekkamer

Daar is verder twee kwessies ten opsigte van die aanwending van die Skrif in pastoraal-terapeutiese werk wat meer spesifieke aandag verdien. Eerstens, ontstaan die vraag na hoe spesifieke Skrifgedeeltes op 'n narratiewe wyse deur 'n kliënt geïnternaliseer kan word. Hieroor word in meer besonderhede by hoofstuk 9 gehandel waar tegnieke soos visualisering onder bespreking kom. Tweedens, is daar die vraag oor hoe Skrifgebruik hanteer moet word in situasies waar daar van psigopatologie sprake is. Bestaande literatuur maak van laasgenoemde haas geen direkte melding nie, behalwe in literatuur deur eksponente van die Bybelse beradingsmodel wat by 6.4.2 bespreek is. Soos aangedui, word psigopatologie dan gereduseer tot die een of ander vorm van ongehoorsaamheid aan, of verontagsaming van bepaalde Skrifbeginsels.

Hierdie omstandighede noop die pastorale terapeut tot besondere sensitiwiteit ten opsigte van Skrifgebruik in situasies waar (meer ernstige) psigopatologie aanwesig is. In die praktyk het hierdie navorser tot die slotsom gekom dat geen Skriftuurlike "dwangvoeding" toegepas mag word nie. Dit blyk dat die terapeutiese proses in dergelike situasies aanvanklik eerder op die opklaring van

die onderliggende patologie moet val. Hiervolgens moet daar dus van 'n multi-dissiplinêre benadering (met insluiting van farmakoterapie) gebruik gemaak word, alvorens godsdienstige, Skriftuurlike en teologiese kwessies te berde gebring word. Verdere oorwegings ten opsigte van Skrifgebruik deur die pastorale terapeut in situasies waar ernstige psigopatologie aanwesig is, is die volgende:

- Die intellektuele vermoë van die kliënt.

- Die kliënt se belewenis van godsdienstige elemente in sy/haar lewe.

- Kognitiewe vatbaarheid van die kliënt vir die bespreking van godsdienstige of geloofsake.

- Moontlike aanwesigheid van 'n "psigotiese episode" met gepaardgaande waangedagtes met godsdienstige inhoud.

- Word die Skrif/geloof/godsdiens deur die kliënt self met alternatiewe motiewe, soos manipulasie of die rasionalisering van ongesonde gedrag gebruik?

Vir die konteks van hierdie navorsingstuk dien dit gemeld te word dat veralgemeende angsversteuring as 'n selfstandige, beskryfbare psigopatologiese beeld, selde met meer ernstige psigotiese elemente voorkom. Die terapeutiese proses, sowel as die gebruik van die Skrif, word gevolglik grootliks vergemaklik.

In die voorafgaande paragrawe is aangetoon dat Skrifgebruik in die pastorale terapie nie alleen van pas is nie, maar ook noodsaaklik. Die aandag word vervolgens na eksegetiese oorwegings en enkele Ou en Nuwe Testamentiese gedeeltes, wat op die onderwerp van hierdie navorsingstuk van toepassing gemaak kan word, verskuif.

6.5 EKSEGETIESE OORSIG

Aangesien die pastorale terapeut juis deur sy/haar teologiese kundigheid van ander hulpverleners onderskei word, is dit belangrik dat sodanige terapeut oor 'n werkbare kennis van die basiese beginsels van Skrifinterpretasie sal beskik en dit verantwoordelik sal toepas. Om hierdie rede word die hooftrekke van die historiese ontwikkeling van, en verskeie benaderings tot eksegese kortliks hieronder bespreek.

6.5.1 Historiese ontwikkeling tot met die Reformasie

Die ontwikkelingsgang van die eksegetiese en hermeneutiese dissiplines toon nie noodwendig 'n duidelike progressie nie, maar uit die staanspoor eerder 'n verskeidenheid van benaderings. Sonder om hoegenaamd op volledigheid aanspraak te maak, kan met Van Aarde (2005:1-21) se opsomming van die hoofmomente volstaan word:

- In die vroeë Christelike kerk was daar veral klem op die beginsel van *Skrifbewys* waar die Christusgebeure verklaar en die Evangelie begrond word deur die gebruik van die Ou Testament. (Die latere begrip *progressiewe openbaring* sou hiermee in verband gebring kon word).

- By die Kerkvaders was daar reeds tekens van verskeidenheid van benaderings. As voorbeelde hiervan kan Origenes (195-254 n.C.) wat die Skrifbetekenis as drieledig, naamlik letterlik, moreel en geestelik beskou het, genoem word. Sy tydgenoot Tertulianus (160-220 n.C.) het egter klem gelê op woordbetekenis in die teks, tekshistoriese oorwegings en gedagtesamehang van die teks. (Spore van die latere histories-kritiese benaderings is dus hier te bespeur.)

- Tydens die Middeleeue het kerklikes soos Hilarius, Ambrosius en Hieronimus in die vierde en vyfde eeue na Christus die klem op die allegoriese en

tipologiese verklarings van die Bybel laat val. (Dit is opvallend dat hierdie benaderings in sommige latere piëtistiese strominge weer byval gevind het.) Die Middeleeue het ook 'n verdere vermenigvuldiging van Skrifbetekenis meegebring met die sogenaamde viervoudige Skrifsin, naamlik: Letterlik, allegories, moreel en enagogies (rakende die geheimenisse van God en die eindverwagting).

- Hierdie vermenigvuldiging van Skrifbetekenis is egter tydens die Reformasie uit die weg geruim deurdat die fokus op Jesus Christus as middelpunt van die Skrif se betekenis beskou is en daar verder van die standpunt uitgegaan is dat die Skrif selfverklarend is. Skrifverklaring moes verder tot diens van die ontwikkeling van die suiwer leer aangewend word. Hierdie benadering het die basis vir die gereformeerde beskouing oor Skrifuitleg gelê.

6.5.2 Eksegetiese benaderings van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu

Die histories-kritiese benadering tot eksegese wat sedert die middel van die negentiende eeu vir nagenoeg een honderd jaar die akademiese studie van die Bybel sterk beïnvloed het, is volgens Barton (1998:16) nie soseer 'n uitvloeisel van die Verligting as van die Reformasie nie. Vanuit die Hervorming is die dissipline aangeleer om krities te vra of die Bybel werklik sê wat die Kerk beweer dat dit sê. Gevolglik het die histories-kritiese benadering daarop gefokus om te poog om vas te stel wat die "oorspronklike betekenis" van die Bybelteks is. Daarby is gepoog om 'n historiese rekonstruksie van die ontwikkeling van die teks vas te stel en dit alles te doen deur 'n "neutrale" ondersoekende houding te handhaaf. Laasgenoemde impliseer dat die ondersoeker dan tot 'n "objektiewe waarheid" sal kan kom en hierdie implikasie plaas die histories-kritiese benadering binne die kader van die modernisme.

Tydens die twintigste eeu het 'n verdere ontwikkeling op die dissiplines van Skrifuitleg, naamlik die sosiologiese benadering of "*social scientific critisism"*

ontstaan. Whitelam (1998:37) wys daarop dat die klem daarmee verskuif is na die omgewing en situasie *rondom* die ontstaan van die teks.

Elemente soos die geskiedenis, samelewings- en sosiale faktore, sowel as die heersende ideologie van die ontstaanstyd, geniet dan aandag. Hieruit spruit die gedagte voort dat die sosiale omgewing waarin die teks *ontvang* word ook van belang is en impliseer dit dat die Bybelwetenskappe vir eietydse Skrifinterpretasie ook met die sosiale wetenskappe in gesprek moet bly. Dit is begryplik dat daar dan uitvloeisels na 'n politieke interpretasie van die Bybel sal ontstaan, waarvan die bevrydingsteologie en feministiese teologie goeie voorbeelde is.

Diegene wat die voorafgaande benaderings as klinies en "dissekterend" beleef, vind aanklank by literêre benaderings tot Skrifuitleg waar die klem op die Bybel as letterkunde val. Jasper (1998:27) definieer die essensie van die literêre benaderings as volg: *"It would seem, therefore, that as literary readings of the Bible have drawn us away from an emphasis on context to focus on the text itself, so gradually that text is in turn dissolved in the new and ever-contemporary context of the reader and the interpretative community."* Dit is duidelik dat sodanige benadering tot Skrifuitleg knus in 'n narratiewe benadering tot pastorale terapie sou val, aangesien dit die vervlegting van Bybelteks en "mens-teks" sal vergemaklik.

Uiteindelik het die twintigste eeu ook postmoderne en poststrukturele benaderings tot Skrifinterpretasie meegebring. Carrol (1998:61-62) som die effek hiervan pittig en kernagtig op: *"Some forms of postmodern approach to biblical readings would insist on an egalitarian relationship between competing interpretations whereby everybody's point of view must be respected and acknowledged as equal to everybody else's point of view – every woman will do right in her own eyes (a good biblical trope). Thus even a reconstituted South African apartheid-driven reading of the Bible would stand on all fours with post-Bakhtinian dialogical, post-Lacanian psychonalytical and post-Derridean deconstructive readings. The future will be a paradise of different readings with none privileged and all equally valid:*

the modernistic lion will lie down with the postmodernist lamb, the Marxist bear will eat straw with the capatalist goat, the pre/postmodernist fundamentalist sheep will safely trade biblical prooftexts with the modernist wolf and the ecclesiastical dove will dwell in peace with the academic serpent. It will be a veritable paradise of (non)aggressive differing-but-equal biblical readings in which every man and every woman will sit under their own vine and fig tree undisturbed by any point of view alian to themselves. The Enlightenment rupture between medievalism and postmodernity will be healed by a return to a future of uncompetitive diverse readings. Readers of the Bible will also be able to move from community to community as and when they please, choosing the reading communities which suit their current needs best. A veritable reading utopia will have dawned and the old hierarchies and hegemonies of historical-critical biblical studies will have gone for ever."

So 'n toedrag van sake herinner sterk aan die woorde van Pous Benedictus XVI op die dag voor sy verkiesing, wat deur Reuters (20 April 2005) soos volg aangehaal is: *"Ons beweeg na 'n diktatuur van relativisme wat niks erken as definitief nie."*

Postmoderne benaderings tot Skrifinterpretasie is nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling, maar dit is duidelik dat dit tot 'n vryer, meer subjektiewe toepassing van die Skrif lei.

Die vraag na wat die nut van kennis oor eksegetiese en hermeneutiese beginsels vir die pastorale terapeut is, kom noodwendig nou na vore. Uit die voorafgaande oorsig is dit duidelik dat die kernmotief van alle benaderings tot Skrifverklaring die begeerte is om die boodskap van die Skrif so verstaanbaar en relevant as moontlik vir die leser/hoorder te maak. In die pastorale terapie word hierdie oefening herhaal. Die terapeut is dus daarop ingestel om die relevansie van die Skrif vir die omstandighede van die kliënt na vore te laat kom. Te midde van die veelheid van benaderings tot Skrifinterpretasie moet die pastorale terapeut na die beste van sy/haar vermoë poog om binne die skopus van die boodskap van die Skrif en die gesonde leer van die Christelike geloof te bly. Eksegetiese en

hermeneutiese kennis verminder die moontlikheid vir die verwringing van die Skrifboodskap of die toepassing van Skrifgedeeltes op lukrake, onverantwoordelike of ontoepaslike wyse. In 'n gereformeerde diakoniologiese aanpak tot die praktiese teologie is die noodsaaklikheid vir gesonde Skrifhantering ononderhandelbaar.

Op 'n minder pittige wyse as deur Carrol hierbo vermeld, maar waarskynlik meer kernagtig, kan die verskuiwings in die eksegetiese wetenskappe rofweg opgesom word deur dit in terme van die paradigmaverskuiwing van modernisme na postmodernisme uit te druk:

- Die deduktiewe (feitelike) benaderings maak plek vir hermeneutiese benaderings tot Skrifverklaring.

- Dogmatiese taal word vervang met die dekonstruksie van taal. As gevolg hiervan word konteks, eerder as dogma, bepalend vir Skriftoepassing. Die status van die Skrif as openbaringsbron word dus gerelativeer en die rol van die Skrif word, as gevolg van die kulturele afstand tussen die Skrif en die huidige konteks, verder ingeperk.

Dit spreek vanself dat 'n benadering tot die Skrif soos hierbo genoem, nie in 'n diakoniologiese werkswyse, waar daar in 'n gereformeerde paradigma gedink word, aanvaarbaar sou wees nie.

6.5.3 Skrifbeginsels ten opsigte van angs

Met inagneming van die voorafgaande is dit paslik om te vra watter Skrifbeginsels die basis vir 'n angsvrye lewe lê? Vir die individu sweef hierdie beginsels egter nie in 'n vakuum nie, maar veronderstel 'n geloofsgesteldheid wat spruit uit 'n lewende verhouding met die Here wat die wedergeboorte as voorveronderstelling het. Hieruit spruit die vestiging van 'n lewenstyl wat deur Godsvertroue gekenmerk word. Enkele Skrifbeginsels ten opsigte van eksistensiële sekuriteit

word hieronder genoem en 'n klein seleksie van paslike Skrifgedeeltes word by elkeen geplaas:

- **Die koningskap van God**

  Om gelowig te wees sluit in om jouself tot die koningskap van God te bekeer. Sy heerskappy oor die lewe van die individu word dan onvoorwaardelik. Aan elkeen wat aan sy koningskap onderwerp is, bied God as koning veiligheid en beskerming (Psalm 71:1-3). Hulle het die versekering van gebedsverhoring (Matteus 6:6) en kan met vrymoedigheid by die Koning aanklop (Efesiërs 3:12 en Hebreërs 4:16). Geen gebeure, hoe vreesaanjaend ook al, kan die gelowige van die liefde van God skei nie (Romeine 8:13). Teenspoed lei ook nie tot die gelowige se ondergang nie (Psalm 34:20 en 37:17).

- **Die almag van God**

  Vanweë God se almag is niks wat gebeur buite Sy beheer nie. Die rampspoed van ons aardse bestaan betrap Hom nooit onkant nie en dit waarborg dat alles ten goede meewerk vir diegene wat Hy liefhet (Romeine 8:28). Die bose het dus nie bepalende seggenskap oor die gelowige nie (Job 1:1-12).

- **Die voorsienigheid van God**

  As hemelse Vader weet God wat sy kinders nodig het. Hy bied daarom aan hulle beskerming (Psalm 121:8), en voorsien in hulle behoeftes en lewensmiddele (Matteus 6:25-30). Hy nooi hulle om oor niks besorg te wees nie (Filippense 4:6) en hulle bekommernisse na Hom te verwys (1 Petrus 5:7). Daarby verseker Hy hulle dat Hy ver bo hulle verwagting sal voorsien (Efesiërs 3:20).

- **Die vernuwing van die gemoed**

  Dit is opvallend dat die beginsels wat hierbo genoem word direkte betrekking op die belewenis van eksistensiële insekuriteit het. Die vrese waarmee 'n persoon met veralgemeende angsversteuring worstel lê juis op die terreine van veiligheid, voorsiening en vertroue. Gevolglik is dit denkpatrone wat

verander moet word en aan geloofsvertroue onderhorig gemaak moet word. Die Skrifbeginsel wat dan ten grondslag van pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring lê, is die opdrag dat die mens deur die vernuwing van die gemoed verander moet word (Romeine 12:2/Efesiërs 4:23).

Gedagtepatrone wat inherent ongelowig, selfgesentreerd, vreesbelaaid en beperkend is, moet dus opgeruim word sodat geloofsvertroue kan posvat. Dit is in der waarheid 'n Bybelse geloofsimperatief! Die ontwikkeling wat plaasvind kan skematies as volg uitgebeeld word.



Hiermee in gedagte kan daar nou aan enkele Skrifgedeeltes van nader aandag gegee word.

6.6 EKSKURSUS: BESPREKING VAN ENKELE TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES

6.6.1 Ou Testamentiese voorbeelde van die geloofsimperatief

Dit sou onmoontlik wees om in hierdie onderafdeling 'n volledige oorsig oor die teologie van die Ou Testament, en die geloofsimplikasies wat dit vir die fenomeen van angs het, te gee. 'n Mens sou egter die reedsvermelde *Godsvertroue* as opdrag aan die gelowige as lid van die verbondsgemeenskap as een van die vele temas van die Ou Testament kon aandui. Dit kom trouens herhaaldelik voor in byvoorbeeld die verhale van die aartsvaders (soos met die roeping van Abraham in Genesis 12:1-3), die uittog uit Egipte en verowering van die beloofde land,

asook die verhale van die Rigters en Konings, sowel as tydens die ballingskap en terugkeer uit Babilonië. Dié Godsvertroue word telkens aangemoedig in tye van onsekerheid, aanvegting of oorlog. So wys Fohrer *(*1968:36*)* (vanuit 'n literêrhistoriese oogpunt) byvoorbeeld daarop dat die uniekheid van die Ou Testament juis daarin lê dat dit verskil van soortgelyke literatuur uit die antieke nabye Ooste. Die verskil lê in die sterk Jahwistiese klem van die Ou Testament en dat die ontstaansgeskiedenis daarvan juis in die Jahwisme lê: "…*it grows constantly clearer that the driving force of Yahwism is the idea of God's dominion and of a personal relationship with God."*

God se heerskappy bied vir die mens wat met Hom in verhouding staan die sekerheid van die betroubaarheid van Sy beloftes en dus ook van sy karakter. By die verhale van die aartsvaders figureer Godsvertroue deurentyd en wys van Zyl (1975:133-136) daarop dat die belofte van 'n nageslag vir Abraham, en die krisis rondom die opdrag om Isak te offer (vgl. Genesis 22) dien om *"….net soos in die vorige gevalle deur God gebruik te word as 'n geleentheid om Abraham te verseker dat God se beloftes dwarsdeur sulke krisistye steeds standhou."* Zimmerli (1978:70) voeg aan die bostaande die beklemtoning van God se teenwoordigheid by: *"The Old Testament … speaks also under various circumstances of Yahweh's gift of his personal presence to his people or their representatives."*

Terwyl die bovermelde tema verder met talle ander voorbeelde uit haas elke boek in die Ou Testament geïlustreer sou kon word, word die aandag vervolgens na die Psalms verskuif. Die rede hiervoor is die unieke aard van die Psalms wat daarin geleë is dat dit 'n ongeforseerde pastorale aansluiting vind. Hierdie aansluiting is vanweë die feit dat die afwesigheid van praktiese besonderhede in die Psalms die individu daartoe in staat stel om daarmee te identifiseer. Eybers (1978:57) wys daarop dat die klem in die Psalms veral op die *aardse* bestaan val en dat daar dikwels om genesing van die liggaam en hulp tydens aanvegting gebid word, en die begeerte uitgespreek word om steeds in die teenwoordigheid van God te mag bly. Ook hierby vind die gelowige kliënt aansluiting tydens terapie.

Dieselfde temas wat vroeër vermeld is, naamlik die heerskappy van God en sy verhouding tot mense, word in die Psalms helder verwoord: Hy is die Here van die leërskare *("hosts; armies"*) en almagtig; Hy is die God wat homself deur sy Naam geopenbaar het (Psalm 76:1), sowel as deur sy Woord (die Torah), soos vermeld in Psalms 19 en 119 maar ook deur sy werke (Psalm 106).

In sy openbaring toon God sy "eienskappe" of "volmaakthede" soos heiligheid (Psalm 99), heerlikheid (Psalm 29) en regverdigheid (Psalm 33). Wat egter veral tot die mens in nood spreek is God se getroue liefde wat volgens Kraus (1992:43) 127 keer in die Psalms en 245 keer in die Ou Testament vermeld word. Ook hiervan het Israel die bewyse gesien en word dit daarom in die Psalms besing. Al die volmaakthede van God word dan ook van toepassing gemaak op die groot onderwerpe van die lewe sowel as op die probleme daarvan. Terwyl God as die bron van lewe beskou word en "*Sheol"* as die put van Godverlatenheid, word oor die lewe en dood geglo: *"Like statements about life, the concepts of death are also distinctive. It is important to remember that language and metaphor in the Psalms of the Old Testament are not to be divorced from their connection with the surrounding cultures. But it must also be emphasized that Israel was unable to see either life or death in any other way than in relationship to God"* (Kraus 1992: 165).

God is dus immer die sekuriteitgewende God. Dit is die kontensie van die outeur dat juis ook die angstige individu by hierdie God uitkoms vind. Juis Psalm 73, waar die vraag oor die sin van die lyding van 'n gelowige gevra word, word met 'n belydenis van vertroue in God afgesluit : *"Tog bly ek altyd by U"* (v23) en: *"The prayers of Israel do not confront the great problems of life with formulas or general truths. All suffering and all experiences are a story lived out with Yahweh, which is to be recounted and to which testimony is to be given. This aspect must be recognized as determinative for our understanding of all the individual prayer songs and individual songs of thanksgiving"* (Kraus 1992:175).

6.6.1.1 Eksistensiële angs en Psalm 23

Met die voorafgaande in gedagte, kan daar nou op 'n spesifieke Psalm gelet word om vas te stel of dit as voorbeeld van die Bybelse geloofsimperatief by pastorale terapie aan angsversteurdes kan dien.

In hoofstuk 3 is daarop gewys dat veralgemeende angsversteuring veral handel oor eksistensiële angs – angs oor wat vandag of in die toekoms met die self of geliefdes mag gebeur. Dit word patologies as daar nie grondige rede vir die kommer bestaan nie, of redes oordryf word, en dit die funksionering van die persoon belemmer (vergelyk diagnostiese kriteria by hoofstuk 2). *Daar moet ook op gewys word dat 'n individu moontlik nie aan die diagnostiese kriteria voldoen nie, maar steeds tot oordrewe kommer geneig is. Terapie aan diesulkes vorm ook deel van die skopus van hierdie navorsingstuk.* Daar is in die bovermelde hoofstuk ook daarop gewys dat terapie by angsversteurings 'n sterk kognitiewe element bevat en dit is juis in dié opsig dat die geloofsimperatief ter sprake kom. Dit moet egter duidelik gestel word dat:

- Die gebruik van die Psalms nie as "'n versie vir die pyn" beskou mag word nie en dat die Psalms se verwysing na angs of benoudheid, anders as by veralgemeende angsversteuring, met werklike bedreiging verband gehou het.

- Desnieteenstaande is die angs van die angstige kliënt nie minder werklik as dié van die Psalmdigter nie en het die gebruik van die Psalms groot waarde met die kognitiewe modifikasie van denkpatrone.

Verwysings na angs of benoudheid (soos in die klaagpsalms) kan nie almal hier vermeld word nie. Enkele voorbeelde is:

- "*Ek verkeer in die allergrootste nood*" (Psalm 25:17).
- "*….. doodsangs het my aangegryp*" (Psalm 116:3).
- *"As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red hulle uit al hul benoudhede"* (Psalm 34:18).

- *"U het my uit elke benoudheid gered en my oor my vyande laat triomfeer"* (Psalm 54:9).

Wat Psalm 23 egter uniek maak is die *afwesigheid* van angs, maar nie die afwesigheid van bedreiging ("teenstanders") nie. Dit impliseer dus dat die digter se uitlatings uit diepgesetelde Godsvertroue spruit. Al die groot terreine van eksistensiële angs kom juis in die Psalm voor, soos deur Anderson (1972:195) aangedui: *"This poem could be classified as a Psalm of confidence or trust…"*, terwyl hy ook daarop wys dat drie metafore hier vir God gebruik word, naamlik dié van die versorgende herder, die gids vir die lewensreisiger en die welwillende gasheer (1972:195). Hieraan voeg Mays (1994:12-15) toe dat die feit dat *God regeer* die kernmetafoor van die Psalmbundel is. Hierdie allerheerskappy van God vorm die basis vir die vestiging van Godsvertroue. 'n Nadere ondersoek van Psalm 23 bied insae in die kognitiewe hantering van angs deur 'n belydenis van vertroue. Verwysings na spesifieke verse hieronder is dus van Psalm 23.

Daar sou aangevoer kon word dat die volgende eksistensiële angste juis deur nie-vermelding in die Psalm ter sprake kom:

- **Angs oor moontlike verlatenheid**
  Die angstige kliënt mag voel dat hy/sy niemand het wat omgee, of sorg, of kan help nie. Soms is dit, God uitgereken, werklik die geval. Terwyl die Here telkens as die herder van die *volk* aangedui word (Psalms 74:1/77:20/Josua 40:11/Hosea 4:16), val die klem in Psalm 23 daarop dat Hy die herder van die individu is. Op die eksistensiële angs oor verlatenheid antwoord die Psalm: *"Die Here is my herder*." Natuurlik kan dié woorde in omstandighede van patologiese angs leeg klink en om dit as goedkoop trooswoorde aan te bied het weinig nut. Ook vir die ongelowige sal dit waarskynlik betekenisloos wees. Daarom word daar in die gekose model (wat in Hoofstuk 1 vermeld is), 'n "leer ken" fase voorgestel sodat die Vader se herderlike versorging verstaanbaar word en die imperatief tot Godsvertroue sinvol raak. Een bydraende rede tot

angs is dat die individu nie geleer het om sake vertrouend in die hande van die Here te laat nie.

- **Angs oor gewaande gebrek**

  Bestaansangs wentel dikwels om 'n gewaande toekomstige gebrek aan lewensmiddele. Selfs 'n welgestelde persoon met veralgemeende angs kan hom/haar bekommer oor moontlike verlies van sekuriteit. Vir ander kan dit 'n vrees vir werkloosheid of siekte en gevolglike ongeskiktheid wees. Dieselfde angs kom voor by die vrees dat die broodwinner sal sterf of sal weggaan. Om in tye van ekonomiese en politieke onstabiliteit so te voel is nie onrealisties nie, maar veralgemeende angs veroorsaak drogbeelde oor onwaarskynlike teenspoed.

  Hierteenoor staan die digter se Godsvertroue wat spruit uit geloof in, en begrip van, God se handelinge met Israel (soos die veertig jaar in die woestyn), waarin Hy homself as die versorgende God geopenbaar het (Anderson 1972:197 en Deuteronomium 2:7). *"Thus the faith of the psalmist joins together as in a focal point 'experience and hope', because the eternal God, before whom what men call time fuses into an eternal present, has taught him to see things in this light"* (Weiser 1962:228*).* Angs oor die toekoms word beantwoord met bemoediging uit die verlede en Godsvertroue in die hede. Die kruks van die Psalmvers is dus dat wie in dié vertroue leef nie in knaende angs oor gewaande toekomstige gebrek hoef te leef nie: *"Ek kom niks kort nie."*

  God se versorging hef egter nie die verantwoordelikheid tot maatskaplike geregtigheid, verantwoordelike regering, hardwerkendheid en produktiwiteit op nie. Vir die werklose plakker in 'n kultuur van korrupsie en wanadministrasie het die Psalmwoorde min troos as die liggaam van gelowiges nie as empatiese betrokkenes beleef word nie. Politieke en ekonomiese aktivisme, ten einde 'n ordelike staatsbestel te weeg te bring, lê dus nie buite die skopus van Christelike verantwoordelikheid nie – mits dit met opregtheid geskied

(1 Timoteus 2:2, Ou Vertaling) en daarmee gepaardgaan dat alle mense in "*godsvrug en waarheid*" sal lewe.

- **Angs oor gevreesde ineenstorting**
  Veralgemeende angs is per definisie angs vir die ergste scenario wat van tyd-tot-tyd op 'n spesifieke onderwerp (die veiligheid van kinders, werksekuriteit ensovoorts) betrek word. Dit is in der waarheid 'n uitputtende toestand en die voortdurende bekommernis oor 'n veelvoud van sake kan by die kliënt die gevoel laat ontstaan dat hy/sy in duie sal stort. Met 'n bietjie galgehumor kan 'n mens sê dat die kliënt hom/haar bekommer dat hy op 'n dag nie meer daartoe in staat sal wees om hom/haar namens geliefdes te bekommer nie! Trouens, veralgemeende angs het juis ook daarmee te make dat die kliënt hom/haar verantwoordelik voel vir mense, sake en omstandighede wat eintlik buite sy/haar beheer is.

  Twee woorde in die Psalm is hierop van toepassing: rus en krag. Hier is sprake van 'n plek of toestand van rus te midde van die werklikhede van die lewe en verwoord dit met: *"Hy laat my rus…"* en *"Hy gee my nuwe krag."* Die 1933 en 1954 vertalings van die Afrikaanse Bybel gee laasgenoemde frase weer met die woorde: *"Hy verkwik my siel."* Die Hebreeuse woord "*nepeš"* word inderdaad hier gebruik soos op nog 754 plekke in die Ou Testament. Hierdie woord se betekenisnuanses kan breedweg in drie kategorieë verdeel word (Anderson 1972:266):

  - Die essensiële vitaliteit van lewe.
  - fisiese lewe.
  - emosies.

  Die siel is dus die sentrum van die gemoed en die welstand daarvan. 'n Versteuring van die gemoed is in Bybelse sin dus ook een van die siel. Godsvertroue, wat spruit uit 'n ontmoeting met, sowel as die liefkry van die Vader, het kognitiewe implikasies wat die gemoed beïnvloed en angs as versteuring teenwerk. Die rus en hernuwing van krag word verder

deur Kraus (1978:338) beskryf as dat die Psalmdigter dit aan die seën van God toeskryf: *"Der Sänger bekennt sich also zu der Segensfülle, die er im Volke Gottes als einzelner erlebt hat."*

- **Angs oor moontlike verkeerde besluite**

  Besluitloosheid weens die vrees dat 'n verkeerde besluit nadelige of selfs katastrofale gevolge kan hê, is nie vreemd by veralgemeende angs nie. Besluite oor die toekoms word dan verder gekompliseer deur verhoogde angsvlakke. Natuurlik bring besluitneming 'n mate van angs mee, maar by die patologiese toestand is dit gelaai met angstigheid oor allerlei teenspoed wat sonder spesifieke rede opdoem. Die digter getuig: *"Hy lei my op die regte paaie tot eer van sy Naam."* Die herdermetafoor in die Psalm illustreer die leiding deur die Herder vir die reisiger op die lewensweg wat die gelowige lei in die *"Gefahren der Wanderschaft"* (Kraus 1978:339). Sodoende word die gelowige se lewensreis *"die pad van die regverdige"* (Jesaja 26:7), met ander woorde die weg van iemand wat met God in die regte verhouding staan – soos deur die 1933 vertaling aangedui word met: *"die spore van geregtigheid"* (Psalm 23:3). Die praktiese implikasies hiervan is dat die gelowige met vertroue kan glo dat God hom/haar van drastiese verkeerde besluite sal weerhou, of dit in Sy vindingrykheid weer tot heil sal omvorm – 'n weg wat *"begaanbaar zijn en naar het doel voeren"* (Ridderbos 1962:247). Die doel synde die vervulling van God se wil vir die lewe van die individu: *"He has realized that what is at stake in life is the fulfilment not of the human will but of the divine will, so that God's name, his glory, and his wisdom may be extolled"* (Weiser 1962:229).

- **Angs oor gewaande bedreiging**

  Die mees angswekkende gedagte is dié aan die "donker dieptes" of "dal van doodskaduwee" *("salmāwet")* wat mag voorlê, of in die belewenis van die angstige persoon immer onafwendbaar blyk te wees. Hierdie donker tye kan dui op ekstreme beproewing, uiters moeilike omstandighede, emosionele of psigiese gekweldheid, konfrontasie met die dood of welke ander scenario die

individu hom/haar mag indink. Donker tye is eie aan ons bestaan en angs is in sulke tye 'n menslike reaksie. Die persoon met veralgemeende angs eleveer telkemaal hierdie lewensfeit tot 'n deurlopende tema van immerteenwoordige bedreiging. So 'n individu voel hom/haar dus selde geborge en reflekteer só die diepgesetelde sekuriteitsgebrek as bron van angs.

Die Psalmdigter was inderdaad goed bekend met die donker dieptes van die lewe en bevestig juis in vers 4 dat dit onontwykbaar is. Hy bely egter die wete van die konstante teenwoordigheid van God en doen dit vanuit geloof en Godsvertroue: "*The dark valley, or ravine, is as truly one of His 'right paths' as are the green pastures – a fact that takes much of the sting out of any ordeal"* (Kidner 1973:110). Daar is dus 'n element van kognitiewe begeleiding nodig om die angstige kliënt te help om nuwe denkpatrone aan te leer wat op Godsvertroue fokus. Die sentrale essensie van ons geloof lê in die feit dat dit die implikasie het dat ons vir die verloop van ons lewens in 'n gebroke wêreld geen ander vaste sekuriteit het as dat God *immer* by ons teenwoordig is nie. Die angstige persoon sukkel om hierdie teenwoordigheid te begryp, te internaliseer en te beleef. Die angstige kliënt moet dus tot die wete kom dat: " *….God's comfort and strength are 'with us' in all kinds of darkness, in times of depression*, *serious illness, rejection by one's friends, horror at discovering the disloyalty of one's own heart… As well as the experience of death"* (Knight 1982:16).

- **Angs oor gewaande vernedering**

  In die kompeterende en prestasiebewuste samelewing word die individu telkens met die moontlikheid van mislukking gekonfronteer. Mislukking impliseer dan, in 'n prestasiegedrewe samelewing, verlies aan menswaardigheid en gepaardgaande spot of veragting deur andere. Soos telkens op haas elke lewensterrein te sien is, is naywer en selfs vyandskap inherent aan 'n kompeterende samelewing en word mense so mekaar se teenstanders. Die angstige persoon kan gekwel word deur 'n knaende vrees vir mislukking en gevolglike vernedering. Hoewel Dawid nie met sekerheid as die

digter van die Psalm aangedui kan word nie, is dit waarskynlik aan hom opgedra en kan sy vernedering tydens die rebellie van Absalom (2 Samuel 15-18) dien as 'n voorbeeld daarvan dat die digter met vyandskap en vernedering bekend is. Laasgenoemde, net soos die "donker dieptes", is 'n integrale deel van die lewe. Die gelowige beleef dit en kom dit te bowe; die angstige persoon leef egter dikwels deurentyd in vrees daarvoor. Die sneeubaleffek van bekommernis (wat altyd op die groot *"sê nou maar net"* berus) tree dan in, byvoorbeeld: *"Sê nou hierdie projek van my misluk, sal Piet my uit my betrekking manipuleer. Dan is ek werkloos en staar gebrek my in die gesig en … en …".* Dit alles geskied sonder beduidende feite om die vrees te regverdig.

Die laaste vers van die Psalm is 'n geloofsuitspraak dat God se goedheid en guns (deur Dahood 1965:148 as *"two attendants"* gepersonifiseer) lewenslange gegewenes is en dat ons in Sy teenwoordigheid lewe. Die kognitiewe sowel as affektiewe assimilasie hiervan is geloofsversterkend en werk 'n sekuriteitsgebrek effektief teë. Van Uchelen (1986:161) sê oor hierdie laaste Psalmvers: *"Dit vers drukt het vertrouwen van die gelowige het meest onomwonde uit en vormt daarmee de kern van de psalm."*

Met die voorafgaande kort ekskursus oor Psalm 23 is gepoog om aan te toon dat Skrifgedeeltes ongeforseerd op die fenomeen van veralgemeende angs (asook onder angstige episodes) van toepassing gemaak kan word. Soos by 6.4.1 aangedui is, moet Skrifgebruik op 'n verantwoordelike wyse geskied en word hier nie 'n simplistiese benadering van "'n teksie vir die pyn" bepleit nie. Skrifgebruik vorm *deel* van die terapeutiese proses en, in die konteks van veralgemeende angs, werk dit mee om kognitief en affektief geloofsversterkende inhoud aan die proses te gee.

Vervolgens sal daar aandag gegee word aan nog 'n Ou Testamentiese voorbeeld in hierdie verband.

6.6.1.2 Lewensangs en die verbondsgemeenskap: Jesaja 41:1-20

Wanneer Skrifgebruik in pastorale terapie dwangmatig raak kan, net soos in die algemene pastoraat, die gewoonte ontstaan om, soos in die vorige paragraaf aangedui, telkens na 'n teks te gryp en dit dan buite konteks op die situasie toe te pas of vir die kliënt te personaliseer. Met wat hier volg word gepoog om aan te toon dat 'n Skrifgedeelte ten beste aangewend kan word as daar juis op die breër teologiese en eksegetiese konteks gesteun word. Daar moet dan ook aangetoon word waarom 'n Skrifgedeelte wat, soos in die geval van die Joodse bannelinge aan wie Jesaja 41 gerig is, in 'n terapeutiese situasie aangewend mag word.

In hoofstuk 1 (1.4.1), asook aan die begin van hierdie hoofstuk, is reeds daarvan melding gemaak dat die uitverkiesing en verbond as sentrale temas in die gereformeerde teologie figureer. Hierdie temas is in die tersaaklike Skrifgedeelte eksplisiet en implisiet teenwoordig. So ook die implikasies van hierdie temas vir die verbondsgemeenskap ten tyde van politieke-, ekonomiese- en geloofskrisis. Die gedeelte kan onder die volgende opskrifte bespreek word:

- **Agtergrond**

  Met die val van Jerusalem in 586 v.C. en die gevolglike ballingskap in Babilonië, bevind die verbondsvolk hulleself in 'n dubbele krisis: *"It was theological as well as political. How and in what form Israel would exist as a community of faith was at issue"* (Mays 1978:11). Die beloftes oor die beloofde land onder heerskappy van die gesalfde koning en die tempel as simbool van die teenwoordigheid van God, was oënskynlik aan skerwe. In die plek daarvan staan vernedering en onderhorigheid aan 'n heidense supermoondheid. Ook die agtergeblewenes in Juda ly en hierdie lyding word in die Klaagliedere van Jeremia verwoord.

  Desnieteenstaande bring politieke verandering met die opkoms van Kores teen 550 v.C. mee dat die profeet (aan ons as deutero-Jesaja bekend) verlossing in die vooruitsig stel en die bannelinge aanmoedig om vir 'n terugkeer te begin voorberei.

- **Die profeet en sy boodskap**

  Westerman (1969:6-8) wys daarop dat daar haas geen biografiese inligting oor die profeet bekend is nie, behalwe dat hy tydens die ballingskap in Babilonië was. Hy het waarskynlik sy roeping (40:6-8) as 'n voortsetting van die pre-eksiliese profete amp beleef. Sy taak was egter om komende verlossing aan te kondig: *"Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby…"* (40:2). Hierdie taak was dus soortgelyk aan dié van sy tydgenoot Esegiël wat eers onheil, maar later heil aankondig: *"By his call, then, Second Isaiah, became a prophet whose vocation was to anticipate the advent of Yahweh as king and savior of Israel, and of the whole world"* (Mays 1978*:*63*).* Gegewe die feitelike omstandighede van 'n klein oorblyfselvolk, wat in die skadu van 'n supermoondheid leef, was dié boodskap vir die verslae gehoor haas ongelooflik.

  Vandaar die feit dat deutero-Jesaja se bediening as "pastoraal" getipeer kan word, met die kenmerkende eienskappe van ondersteuning, bemoediging en oorreding.

- **Uitverkiesing en verbond**

  Die gebedstyl in die Judaïsme, waarvan die klaagpsalms (bv. Psalm 22) voorbeelde is, eindig telkens in 'n uitspraak waarin vertroue dat die gebed verhoor is, en verlossing verkry is, uitgespreek word. Die prediking van deutero-Jesaja vind hierby aansluiting deurdat die profeet, in die uitsigloosheid van die ballingskap, verlossing aankondig. Die tersaaklike Skrifgedeelte is dus eie aan die Judaïstiese geloofsbelewenis en is gegrond in die uitverkiesing (soos in vers 8 aangedui). God verlos sy eiendom *omdat* hy hulle uitverkies het. Hierdie uitverkiesing word verder vergestalt deur die verbond waarin God die immergetroue verbondsparty is en dit telkens bevestig, soos in vers 13: *"Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand…"*

- **Angs**

  Die verbondsgemeenskap is tydens die ballingskap met bestaansangs gekonfronteer en die profeet se profeties-pastorale bemoediging is telkens: *"Moenie bang wees nie"* (verse 13 en 14). Dit is 'n oproep tot Godsvertroue. Natuurlik verskil die angs van die bannelinge van dié van iemand met veralgemeende angsversteuring, omdat die bedreiging waarin die bannelinge hulself bevind het *werklik* was. Soos egter in hoofstuk 8 aangedui sal word, is die kognitiewe en affektiewe vestiging van Godsvertroue noodsaaklik vir die terapeutiese proses. Die Skrifgedeelte is dus relevant omdat die oproep van die profeet om nie bang te wees nie ook: *"a cry which banishes fear"* (Westerman 1969:71*)* is. Frey (Ongedateerd:59) vat die strekking van die vorige paragrawe effektief saam as hy sê: *"Verkiezing plaatst op rotsbodem, maar onttrekt niet aan het kommervolle heden, en bespaart niet twijfel en aanvechting. Verkiezing is niet een toezien zonder strijd, maar eist de strijd des geloofs. Geloof moet altijd kiezen tussen twee werelden: belofte en verkiezing aan de ene, de zichtbare werkelijkheid aan de andere kant. Sluit het geloof de ogen en luistert het naar de verkiezing dan is het veilig. Ziet het op de onzichtbare werkelijkheid, dan verkeert het in angst. Geloof is het omkeren, zich toekeren naar God, zich afwenden van wat voor ogen is, inkeren in de geborgenheid en zich afkeren van vrees."*

- **Hulp en verlossing**

  "Ek help jou, sê die Here jou verlosser, die Heilige van Israel." Verse 17 tot 20 skets 'n toekomstige scenario van ongekende ingryping deur God om "onmoontlike" veranderinge aan die situasie van die bannelinge te bring. Dit skets 'n nuwe skepping, 'n breuk met die verlede en 'n nuwe begin.

  Daar is reeds gewys op die gevaar dat tekste in die pastoraat lukraak en buite verband op situasies toegepas word. Met die gebruik van Jesaja 41:1-20 bevind ons ons binne die konteks van die Ou Testamentiese verbond. Vir die Nuwe Testamentiese gelowige, die uitverkorene in die nuwe verbond, is dit belangrik om te verstaan dat al die beloftes van die ou verbond nie direk op

hom/haar van toepassing is nie. Die wanaanwending van Skrifgedeeltes kan tot mistasting lei. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die gebruik van *"positive confession"* om byvoorbeeld eiendom of vooruitgang te "*claim"* en dus neerkom op geloof in my geloof. (Hagin 1980:4).

Met hierdie versigtigheid in gedagte, is dit egter belangrik om daarop te let dat ons in die nuwe verbond steeds met dieselfde God as dié van die Ou Testament handel. Hy is immers so betroubaar en getrou aan sy karakter as destyds. 'n Skrifgedeelte soos dié onder bespreking is dus gepas as dit gebruik word om God se gesindheid jeens sy eiendomsvolk aan te toon en 'n kliënt daarmee te begelei na 'n Skrifgetroue Godsbeeld en die vertroue wat daaruit voortspruit. In praktiese terme gestel: Die Here is by die angstige kliënt, ook *in* sy/haar angs teenwoordig, en kan vertrou word dat Hy ook die proses van hulpverlening kan gebruik om nuwe insigte en groei by die individu teweeg te bring.

Dit is nou raadsaam om enkele Nuwe Testamentiese voorbeelde van nuttige Skrifgedeeltes te bespreek.

6.6.2 'n Nuwe Testamentiese perspektief

Daar word oorsigtelik op enkele Nuwe Testamentiese uitsprake oor angs en vrees ingegaan, ten einde die Bybelse geloofsimperatief tot Godsvertroue aan te toon. Die verskil tussen legitieme en patologiese angs word egter deurentyd in gedagte gehou – laasgenoemde het 'n irrasionele basis, terwyl die uitsprake oor angs of vrees in die Bybel gewoonlik met werklike bedreiging verband hou. Dit moet desnieteenstaande in gedagte gehou word dat veralgemeende angs vir die angstige kliënt nie minder werklik is as in die geval van werklike gevaar of bedreiging nie. Die angstoestand is in sigself bedreigend. Dit sou byvoorbeeld in 'n narratiewe aanpak selfs sinvol wees om die toestande by wyse van *eksternalisering* as a leeu, reus, vyand of oorlog te konkretiseer (Payne 2000: 10-11). In so 'n konteks sou paslike Skrifgedeeltes weereens van toepassing gemaak

kon word, mits dit ook op eksegeties-verantwoordbare wyse gedoen word. Vier Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes word nou kortliks onder die loep geneem.

6.6.2.1 Die sorge van die lewe: Matteus 6:25-34

Veralgemeende angs is in wese eksistensiële angs, aangesien die angstige kliënt ervaar dat sy/haar bestaan op die een of ander wyse bedreig word. Vrese vir byvoorbeeld mislukking of gebrek word, al is dit irrasioneel, vir die persoon 'n ondraaglike las. Die bogenoemde bekende Skrifgedeelte handel met eksistensiële angs en moedig eweneens Godsvertroue aan.

Die Skrifgedeelte vorm deel van die bergrede (5:1–7:28) waarin Joodse luisteraars, as lede van die verbondsgemeenskap, aangespreek word. Die konteks is dié van eksklusiewe betrokkenheid by diens aan God, waarin verganklike en aardse rykdom of sekuriteit op die agtergrond skuif (Hill 1977:143). Hierdie betrokkenheid impliseer dan dat bekommernis *("anxiety")* oor praktiese kwessies van oorlewing aan God oorgelaat kan word. Hierin lê die relevansie van die gedeelte vir die gelowige, dog angstige kliënt: Wie sy/haar lewe aan God oorgegee het, kan op sy teenwoordigheid en versorging reken. Verdere beklemtoninge in die gedeelte is:

- Die hoë waarde wat God aan sy mense heg: *"Is julle nie baie meer werd as hulle (die voëls) nie?"* (vers 26c).

- Die nuttelоosheid van bekommernis (vers 27).

- Bekommernis oor ons bestaan is 'n vorm van kleingelowigheid (verse 30 en 32).

- Die verwysing na die aktiwiteit van voëls in vers 26 besweer egter passiwiteit en impliseer dat onverantwoordelikheid of luiheid nie geoorloof is nie.

Dat hierdie Skrifgedeelte wel op legitieme sowel as op veralgemeende angs van toepassing gemaak kan word, is duidelik te sien uit Louw en Nida (1989:313) se verklaring van wat in die Afrikaans met "bekommernis" vertaal word: " *… a feeling of apprehension or distress in view of possible danger or misfortune – anxiety, worry, anxious concern… The term may refer to either unnecessary worry or legitimate concern."*

6.6.2.2 Die dapper gees: 2 Timoteus 1:7

Veralgemeende angs gaan dikwels met 'n gevoel van onmag gepaard. Die gewaande bedreiging oorweldig die individu. Twyfel aan die eie vermoë om die bedreiging te hanteer lê prominent in die gemoed – selfs 'n gevoel van onvermoë om die gemoedstoestand die hoof te bied, of met terapie deur te druk. Paulus se woorde aan Timoteus in hierdie inleidende paragraaf tot 'n pastorale brief dien die doel om Timoteus, as 'n relatief jong man, aan te spoor om onder moeilike omstandighede voort te gaan om sy roeping te volvoer. Hierdie aanmoediging word vergesel van die aanduiding dat die gelowige, in diens van God, 'n dapper gees ontvang – nie dié van vreesagtigheid of lafhartigheid (δειλία) nie. Vir die gelowige is hierdie gees 'n gegewene en dien as bron vir die oorkoming van aanvegting. Hierdie robuuste gees word verder gekenmerk deur krag, liefde en die vermoë tot gesonde oordeel (σωφρονισμός = verstandigheid; besonnenheid). Die gelowige kan dus daarop reken dat hierdie bron genoegsaam is om hom/haar deur moeilike tye te dra. 'n Eduktiewe element, soos deur Clinebell (1984:25-46) in sy "*Holistic Liberation–Growth"* model beskryf word, kom dus hier in die terapie ter sprake, naamlik om die kliënt te begelei na die ontdekking (ontmoeting) en ontginning van hierdie bron.

Oor die vraag of die tersaaklike gedeelte na 'n geestesingesteldheid of die Heilige Gees verwys, kies Groenewald (1977:97) in sy kommentaar op die pastorale briewe vir laasgenoemde. Dit weerspreek egter nie wat hierbo oor die implikasie van die gedeelte vir 'n eduktiewe ontwikkeling ten opsigte van die kliënt gesê word nie: *"Dit gaan immers om die Heilige Gees wat aan die kerk gegee is en wat*

in die gelowiges woon om daar in hulle harte 'n nuwe geestesingesteldheid te laat ontluik" (my onderstreping).

6.6.2.3 Vreeslose vergenoegdheid: Hebreërs 13:5 en 6

In die laaste hoofstukke van die Hebreërbrief wend die skrywer hom van 'n diepgaande uiteensetting van die versoening en verlossingsleer (hoofstukke 7 tot 10), na riglyne vir die praktiese Christelike lewe. In die tersaaklike hoofstuk spreek hy kortliks kwessies soos liefde, gasvryheid en die huwelik aan en wy dan twee verse daaraan om vergenoegdheid teenoor geldgierigheid te stel en vertroue in die voorsienigheid van God aan te moedig. Die voorkoms van geldgierigheid hang ten nouste saam met die vestiging van sekuriteit. Besittings, geld, voorspoed en sukses vorm 'n skild teen die bedreigings van gebrek en blootstelling. Dit bly egter 'n menslike en slegs gedeeltelik suksesvolle poging tot selfbehoud wat dikwels deur vrees gemotiveer en deur 'n materialistiese samelewing aangemoedig word. Die angstige kliënt vrees juis die ontneming van sekuriteit en word deur 'n sekuriteitsgebrek gedryf. Die twee tekste spreek hierdie optrede aan deur klem te lê op vergenoegdheid en Godsvertroue. Laasgenoemde wek sekuriteit en besweer angs. Die Hebreër-skrywer sluit dus aan by die algemene leer van die Nuwe Testament en van Jesus wat self in Lukas 12 vers 15 aangehaal word: "*Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van geldgierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."* Daar is ook kontinuïteit met die Psalms en die hele Ou Testament wat aantoon dat God homself deur eeue heen as die betroubare God geopenbaar het.

Die keuse van 'n sekuriteitsbron lê dus, eenvoudig gestel, tussen God en goed. In die tersaaklike verse wys die skrywer op die feit dat Godsvertroue bevryding van vrees bring en dit staan in skerp kontras teenoor die alternatief wat deur Bruce (1981:393) as volg uitgedruk word: "*The chief pang which pierces the heart of the lover of money is gnawing anxiety."* Vir die angstige gelowige beklemtoon die genoemde verse dat hulle "*… moet onthou dat in alles, ook wat besittings betref, die Here hulle nooit sal verlaat nie. Hy sal altyd vir hulle sorg*" (Fensham 1981: 136). In aansluiting by die kwessie oor Godsbeeld wat in hoofstuk 5 van hierdie

navorsingstuk aangespreek word, is dit interessant om daarop te wys dat die woord "helper" in vers 6 vertaal is van die Griekse woord **(** βοηθός **)** wat volgens Louw en Nida (1989:459) ook die betekenisnuanse van "beskermheer" het. God is dus die beskermheer ("*patron")* van sy eiendom.

6.6.2.4 Die nederige se waarborg: 1 Petrus 5:6 en 7

In samehang met materiële sekuriteit, staan die sekuriteit wat in status en selfgelding lê. Beangstheid gaan gevolglik dikwels oor gevreesde verlies aan bogenoemde as sekuriteitsbron. Die knaende vrees dat 'n persoon se posisie in die samelewing bedreig word, al is dit 'n gewaande bedreiging, spreek dus luid van 'n sekuriteitsgebrek. Die eerste brief van Petrus is gerig aan 'n vervolgde geloofsgemeenskap van Christene wat, juis as gevolg van hulle lojaliteit aan Christus, veel verlies gely het. Hy moedig gelowiges aan om gehoor te gee aan "*….the governing principle of willing and active submission"* (Stibbs & Walls 1979*:*170*).* Hierdie beginsel hou die belofte in dat God daaruit weer verheffing van die individu sal bewerkstellig. Dit sluit aan by die feit dat lyding in die lewe van 'n gelowige geloofs- en persoonlikheidsgroei, sowel as volwassewording in die hand werk. Tog het lyding angs tot gevolg en hieroor sê Petrus dat die gelowiges hulle bekommernisse op God moet werp – Godsvertroue moet beoefen. Andersins word die moontlike groei deur angs gearresteer: *"Anxiety tends to so distract and to divide the mind that it prevents wholehearted devotion"* (Stibbs & Walls 1979:171). Die kliënt moet dus begelei word tot 'n herontmoeting met die God wat sorg en opnuut in Hom sekuriteit vind.

Hoewel vele ander Skrifgedeeltes ter sprake gebring sou kon word, word met hierdie vier voorbeelde volstaan, aangesien dit die Nuwe Testamentiese hantering van angs in die lewe van die gelowige genoegsaam illustreer. Daar word vervolgens enkele opmerkings gemaak oor die gebruik van die Skrif in 'n narratiewe konteks.

6.7 SKRIFGEBRUIK IN 'N NARRATIEWE BENADERING TOT TERAPIE

Alhoewel die narratiewe benadering in die algemeen 'n postmoderne aanpak verteenwoordig en die verhaal van die individu sterk op die voorgrond staan, kan dit in die pastoraal-terapeutiese gebeure nuttig aangewend word. Die voorwaarde in die konteks van hierdie navorsingstuk, bly egter soos reeds in hoofstuk 1 (1.6) aangetoon is, dat die mensteks en God se teks as *"grand narrative",* mekaar ontmoet. Die realisering hiervan steun swaar op Skrifgebruik. Die effektiewe gebruik van die Skrif sal dan grootliks bydra tot die bereiking van die volgende uitkomste:

- **Geloofsekerheid**

  Uit die praktyk (vergelyk hoofstuk 9) is dit duidelik af te lei dat die gelowige, maar angstige kliënt, dikwels verder belas word deur gedagtes rakende 'n wanverhouding met God. Hierdie gedagtes manifesteer byvoorbeeld as gevoelens van skuld, sondigheid of gebrek aan geloof. By die kliënt wat nog nie tot geloof gekom het nie, kan dit uitmond in verwerping van God, ambivalensie jeens Hom of die bevraagtekening van Sy goedheid en regverdigheid. Die bevraagtekening van, en opstand teen, die Christelike leer kan ook hiermee gepaard gaan en dergelike gevoelens word hedendaags ook sterk deur die tydsgees aangemoedig. Hierdie tydsgees is goed weerspieël in die godsdiensdebat wat in 2003 in dagblaaie gevoer is en waar die Suid-Afrikaanse sanger, Steve Hofmeyer, opgemerk het: *"Ek distansieer myself van God wat in 2 Konings twee bere stuur om 46 kinders te verskeur. Dit kan jou God wees as jy wil, maar dit kan onmoontlik nie my God wees nie. As dit van my 'n ateïs maak dan is dit nou maar so"* (De Bruin, 2 Januarie 2003).

  Met beide die gelowige en ongelowige kliënt moet die pastorale terapeut met deernis en verantwoordelikheid omgaan. 'n Twisgesprek is geen terapie nie. Deur die kliënt wyslik voor te stel aan die kernwaarhede van die Skrif, beywer die terapeut hom daarvoor om geloofsekerheid sonder dwangmatigheid te bevorder. Geloofsekerheid is in sigself sekuriteitversterkend; die besef dat hy/sy in God mag rus, vorm 'n stewige basis vir die teenwerking van angs.

- **Identifikasie en "*re-storying"***

  By die kliënt se ontdekking van die feit dat sy/haar storie en God se storie sterk by mekaar betrokke is, word die herskrywing van sy/haar verhaal moontlik. Dit is juis die gesprekke wat tot hierdie ontdekking lei, wat die pastorale terapie as essensieel pastoraal onderskei. Hiersonder bly die narratiewe gebeure grootliks horisontaal of sekulêr, al sou 'n ander vorm van spiritualiteit daarby betrek word. Die "*re-storying"* word veral gerugsteun deur die identifikasie van die kliënt met gebeure, figure en temas uit die heilsgeskiedenis. Die kliënt vereenselwig hom/haar dus met die geloofsgemeenskap wat God deur eeue heen beleef het en bevestig die wete dat die Skrif ook op hom/haar van toepassing is. Hierdie vereenselwiging versterk verder die wete dat die Here se beloftes ook vir hom/haar geld en kan dus tot die punt kom waar die individu die immer waarwordende belofte van God se teenwoordigheid op persoonlike ervaringsvlak kan beleef. Laasgenoemde belewenis is eweneens sekuriteitversterkend en 'n teenvoeter vir angs.

  Die narratiewe aanpak tot pastorale terapie hoef nie ander gedragswetenskaplike tegnieke uit te sluit nie. Die terapeut mag ook kies om sinteties-eklekties te werk te gaan. Juis wat Skrifgebruik betref, kom 'n element van rasioneel-emotiewe gedragsterapie (REGT) sterk na vore, naamlik die ontmaskering van gewaande vrese as synde rustend op onwaarheid (Ellis & Grieger 1986:123-125). Veralgemeende angs is in wese 'n perseptuele fout en word gekenmerk deur die konstante aanwesigheid van 'n gevoel van dreigende onheil *("apprehension")* sonder dat werklike bedreiging aanwesig is. Pastorale terapie aan die angstige kliënt sal dus as besonder geslaagd beskou kan word as die Skrifgebruik daartoe bydra dat daar op 'n rasioneel-emotiewe vlak 'n drastiese inhoudelike aanpassing aan die gedagtewêreld van die kliënt gemaak kan word. Oor wat in hierdie paragraaf bespreek is, sal daar meer breedvoerig in hoofstuk 8, wat oor voorgestelde terapeutiese ingrepe handel, ingegaan word.

6.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Skrif die fenomene van angs en vrees geensins geringskat of simplisties hanteer nie, maar dit juis op veral twee maniere hanteer, naamlik:

- In God se teenwoordigheid mag die gelowige sy angste verwoord en sy nood bekend maak. Hierdie optrede word nie verbied of gesmoor nie, maar juis aangemoedig, soos duidelik uit veral die Psalms gesien kan word.

- Die Here staan nie afsydig of ongevoelig teenoor ons angste nie, maar antwoord duidelik daarop deur middel van sy teenwoordigheid en die mededelinge wat hy in die Skrif daaroor aan ons maak. Sy antwoord besweer angs.

Die bostaande verteenwoordig 'n dialoog tussen God en mens; 'n ontmoeting waarin die mens beleef dat God homself voorstel en die mens Hom leer ken en liefkry (Hoofstuk 1:1.6). Binne hierdie verhouding word die mens se storie van angs herskryf na 'n verhaal van Godsvertroue. Die rol van die pastorale terapeut is om die kliënt te begelei na die ontwikkeling van die vermoë om Godsvertroue toe te pas en te beleef. Per slot van rekening is die oproep tot Godsvertroue in die Skrif 'n bevel – die geloofsimperatief: *"Moenie vrees nie!"*

GODSBEELD, VADERBEELD EN ANGS

Childhood is like a mirror which reflects
in later life the images presented to it.
- Samuel Smiles

7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk verteenwoordig die sintese wat gemaak word tussen die insigte wat enersyds uit die gedragswetenskaplike ondersoek (Hoofstukke 2 en 3) en die teologiese ondersoek (Hoofstuk 4, 5 en 6) andersyds, bekom is. Die hipotese van hierdie navorsingstuk en die verband wat dit met beoogde terapeutiese optrede het, berus grootliks op hierdie sintese.

Uit die gedragswetenskaplike ondersoek is insigte ten opsigte van die terrein van angsversteurings bekom, en in die teologiese ondersoek is die rol van die vadermetafoor in relasie tot vader- en Godsbeeld onder oë geneem. Daar moet egter aangetoon word dat daar 'n verband tussen enersyds, die vader- en Godskonsepte van individue en die simptomatologie van veralgemeende angsversteuring andersyds, bestaan. Om hierdie rede word daar in die betrokke hoofstuk ingegaan op die rol van vaders in die opvoeding van kinders, sowel as op laasgenoemde se godsdienstige vorming. Die effek van die vaderlike rol op die ontwikkeling van 'n gevoel van eksistensiële sekuriteit by die kind kom dan ter sprake. Laasgenoemde word met die voorkoms van veralgemeende angsversteuring in verband gebring. Sodoende word die gebruik van die vadermetafoor in pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring begrond.

Die skopus van die hoofstuk sluit insigte uit die ontwikkelingsielkunde en die opvoedkunde in, maar hierdie dissiplines word nie omvangryk bespreek nie – slegs insigte wat op die hipotese van die navorsingstuk betrekking het, word aangetoon. Daar word verder ook gebruik gemaak van onderhoude met kundiges wat op bepaalde terreine betrokke is by kinders en volwassenes wat ontwrigte gesinsverhoudinge beleef, óf psigiatriese behandeling ontvang. Met

hierdie onderhoude word gepoog om die verband tussen 'n gevoel van eksistensiële insekuriteit en angsverwante gedrag verder te ondersoek. Die insigte uit die genoemde sintese lei dan tot 'n insiggewende korrelasie tussen die manifestasies van 'n gevoel van eksistensiële insekuriteit en die simptomatologie van veralgemeende angsversteuring.

7.2 DIE GESLAGSUNIEKE ROL VAN VADERS BY DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS

7.2.1 Die devaluering van die vaderlike rol

Blankenhorn (1995:65-200) skets die konstrukte wat in die laaste helfte van die vorige eeu in die VSA ten opsigte van die rol van vaders gemaak is, en toon aan dat die persepsies oor die nodigheid, al dan nie, van vaders by die opvoeding van kinders eerder 'n negatiewe as 'n positiewe wending geneem het. Daar is vlugtig by 4.4.4 na sy beskrywing van hierdie konstrukte verwys en dit word hier in ietwat meer besonderhede aangetoon. Die persepsies oor vaders neem volgens sy beskrywing enige van die volgende vorms aan:

"The Unnecessary Father": Verwysend na Mott (1992) se navorsing toon Blankenhorn (1995:70-71) aan dat daar groot moeite gedoen is om die indruk te wek dat die rol van vaders tot 'n groot mate ontbeerlik is.

"The Old Father": Hiermee bedoel Blankenhorn (1995:54-55) die karikatuur wat gemaak word van die gemiddelde Amerikaanse vader van die vyftigerjare van die vorige eeu. Hierdie vaderfiguur is streng, misterieus en oud. Dit verteenwoordig die persoon wat bedags as broodwinner en saans as straffende ouer bedrywig was en van wie niemand hou nie.

"The New Father": Hierdie figuur is die man wat in pas is met 'n meer liberale konsep van vaderskap en 'n soort tweede moeder is, die "*like-a-mother-father*". Blankenhorn (1995:97-101) toon dan aan dat hoewel die betrokkenheid van vaders by alledaagse aktiwiteite van die versorging van kinders positief is, hierdie konsep van vaderskap die essensie daarvan negeer en in 'n sin 'n "*missing father"* tot gevolg het.

"Deadbeat Dad": Hiermee word die gewelddadige en onbetroubare vader bedoel. Hy is daarvoor berug dat hy nie onderhoud betaal nie. Hy en die "*New Father"* deel egter een eienskap: Hulle is nie regtig nodig nie (1995:124-125).

"The Visiting Father": Blankenhorn (1995:168) beskryf hierdie figuur as volg: *"The Visiting Father is hard to see. He is a shadow dad, a displaced man trying not to become an ex-father. He is a father who has left the premises. He still stops by but he does not stay. He is on the outside looking in. No longer the man of the house, he has been largely de-fathered. He is a father once removed. He has become a visitor."*

"Sperm Father": Hiermee bedoel Blankenhorn (1995:173 en 184) die biologiese aandeel van die vader by konsepsie met 'n daaropvolgende permanente afwesigheid. Hierdie soort vader moet in die lewe van 'n kind "weg verduidelik" word. Sy afwesigheid het nadelige gevolge vir die kind en is, vir die samelewing, 'n vorm van vadermoord.

"The Stepfather and Nearby Guy": Beide hierdie figure is plaasvervangende vaders wat Blankenhorn (1995:185) die *"twin by-products of the trend toward fatherlessness"* noem. Die probleem met hierdie vorm van vaderskap is die hoër moontlikheid van diskontinuïteit met gevolglike vertrouensteleurstelling vir kinders.

Bogenoemde konstrukte verteenwoordig die toenemende geringskatting van die rol van vaders. Sodanige geringskatting berus op 'n ontkenning van 'n vader se essensiële teenwoordigheid in die lewe van 'n kind. Vaders vervul 'n rol wat 'n geslagsunieke bydrae tot opvoeding verteenwoordig.

7.2.2 Die positief-opbouende rol van die vader

Die vaderlike benadering tot ouerskap en die rol van die moeder is wedersyds komplementerend. Benewens komplementariteit wys McDowell (1996:25-158) daarop dat vaders 'n bepalende rol speel in die ontwikkeling van edele karaktereienskappe by die kind.

- Die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding deur die vader, wat gepaardgaan met die waardering vir die kind se waarde as mens, eerder as prestasie, dra daartoe by dat die kind se gevoel van eiewaarde en bekwaamheid positief ontwikkel.

- Die betoning van liefde deur die vader verminder, veral by dogters, die kans op die ontwikkeling van premature seksuele verhoudings.

- Morele integriteit by die vader verhoog die waarskynlikheid dat kinders, wat hom as rolmodel waarneem, met integriteit sal leef. Tesame hiermee leer kinders vertroue (wat implikasies vir geloof het) as die vader homself as betroubaar bewys.

- 'n Vader wat ondersteunend en vertroostend optree bevorder die ontwikkeling van emosionele geborgenheid by kinders. So 'n vader word verder ook as 'n toevlug beleef en beide hierdie en eersgenoemde optrede het positiewe implikasies vir die ontwikkeling van 'n gesonde geloof.

- Die toepassing van gesonde dissipline deur 'n vader verhoog 'n kind se belewenis van sekuriteit.

- Vergewensgesindheid van 'n vader bemiddel 'n kind se begrip vir genade.

- Die betoning van respek deur en teenoor die vader bevorder die ontwikkeling van hierdie onmisbare element in die karaktervorming van kinders.

Bogenoemde opmerkings, wat in breë en algemene trekke uitgedruk word, impliseer hoegenaamd nie dat moeders nie in elk van die genoemde opsigte bemiddelend tot die ontwikkeling van edele karaktereienskappe is nie. Die verskil tussen die rolle van ouers lê egter by die geslagsunieke bydrae van elk van die geslagte.

As voorbeeld van laasgenoemde wys Popenoe (1998:39-40) op die geslagsunieke benadering van vaders tot spel met kinders. Terwyl moeders

tydens spel met kinders neig om die spel op die vlak van die kind te bedryf, is spel met kinders deur vaders meer fisiek stimulerend en opwindend. Spel deur vaders word gewoonlik op so 'n wyse bedryf dat kinders waagmoed en selfstandigheid leer. Eenvoudige handelinge, soos om die kind hoër op 'n swaai te laat ry, of 'n kind te wys hoe om iets te doen, verryk die kind se selfvertroue en die ingesteldheid om volle potensiaal te wil bereik.

Met seuns is die rol van die vader, ideaal gesproke, dié van rolmodel en handhawer van dissipline. Terselfdertyd stimuleer die vader ook die ontwikkeling van selfbeheersing en empatie teenoor ander (Popenoe 1998:61). Daar sou aangevoer kon word dat moeders eweneens die voorafgenoemde eienskappe by seuns sou kon stimuleer, en om hierdie rede voer Eldredge (2001:62) aan dat die geslagsunieke rol van vaders in die vorming van manlike identiteit by seuns haas onontbeerlik is: *"Masculinity is **bestowed**. A boy learns who he is and what he's got from a man, or the company of men. He cannot learn it in any other place. He cannot learn if from boys and he cannot learn it from the world of women… Femininity cannot bestow masculinity*." Volgens dieselfde skrywer is 'n seun wat nie hierdie bevestiging van manlikheid van sy vader, of ander betekenisvolle manlike figure, ontvang nie of erger nog, die ontkenning van sy manlikheid deur so 'n figuur beleef, "verwond" en gekenmerk deur selftwyfel wat, óf deur oorkompensasie en ongesonde gedrewenheid, óf onderprestasie uitgeleef word (2001:69-75).

Hierdie siening is ook gedeeltelik deur Biller (1976:18) uitgespreek deur op te merk dat 'n seun met 'n afwesige vader meer afhanklik is, minder bedrewe in portuurgroep-verhoudinge is en neig om 'n *"unmasculine self-concept"* te hê. Stoop (2004:122 en 140) se onderstaande opsomming van die effekte van vaderafwesigheid op seuns sluit by die voorafgaande bespreking aan:

Father Absence in the Elementary School Years

1. *He may not learn how to be appropriately aggressive and often takes a passive approach to challenges.*

2. *He may idealize his absent father and often seeks a substitute - who is, inevitably, unsatisfactory.*

3. *He is often fearful of intimacy with women. His insecurity may prompt him to become "clingy," or it may drive him to keep his distance in relationships.*

4. *He is typically unable to express anger in healthy ways, either repressing it or giving it free rein.*

5. *He often has difficulty at work. He may expect too much from his superiors, whom he has cast in the role of substitute father. Or hy may remain detached and unfocused toward his work, seeing it as nothing more than a means of paying for his amusements.*

Father Absence in Adolescence

1. *He may lose the battle against his own passivity. This may lead to such problems as drug and alcohol abuse, compulsive gambling, sexual promiscuity, and a general feeling of being out of touch with his emotions.*

2. *He may expereince a diminished sense of achievement in school and at work. He may shrink from taking responsibility for his own advancement.*

3. *He may become a perpetual adolescent, a "flyboy," acting like a teenager with regard to sport, sex, or high risk activities.*

4. *He may be unable to commit to a woman, fearing that she will control him or limit his options.*

5. *He may struggle with authority and authority figures. He may become predominantly passive, passive-aggressive, or rebellious in orientation.*

6. *He is unable to receive the "father's blessing" when he emerges from adolescene into adulthood.*

Ten opsigte van dogters word die vader, ideaal gesproke, die rolmodel waaruit hulle leer hoe om in 'n relasie tot 'n manlike persoon op te tree: *"They learn from their fathers about heterosexual trust, intimacy, and difference. They learn to appreciate their own femininity from the one male who is most special in their lives. Most important, through loving and being loved by their fathers, they learn that they are love-worthy"* (Popenoe 1998:14). Boston (1993:55-58) bevestig die belangrikheid van die vader-dogter verhouding in die vorming van die dogter se seksuele identiteit en verwys in hierdie verband na haar belewenis van onbeholpenheid ten opsigte van die hantering van verhoudings met persone van die manlike geslag – hetsy romanties of platonies. Sy verwys verder na die gebrek aan 'n besef van eiewaarde en 'n behoefte aan goedkeuring wat uit haar vaderloosheid spruit en in haar eie ervaring na haar huweliksverhouding oorgespoel het. Stoop (2004:133) sluit hierby aan en gee die volgende opsomming van moontlike vaderafwesigheid by dogters:

Father Absence in Adoloscence

1. *She is more susceptible to eating disorders such as anorexia or chronic overeating.*

2. *She may take on a premature and superficial "maturity" in which she looks and acts grown up, but is still confused and immature on the inside.*

3. *She may become fearful of her sexuality, either repressing her sexual feelings or acting them out with men in naïve ways.*

4. *She may exhibit depression, delinquent behaviour, problems at school, or greater vulnerability to peer pressure.*

5. *She typically romanticizes her absent father, creating an idealized image of him that no other male could hope to live up to.*

6. *She is unable to receive "father's blessing" when she emerges from adolescence into adulthood.*

Shulman *et al.* (1997:84) toon verder dat vaders wat betrokke is by dogters sonder om 'n besitlike of dominerende rol te speel, daartoe bydra dat dogters tot volle selfstandigheid in hul volwasse lewe ontwikkel: *"During adolescence, through their increased involvement, fathers assisted their daughters to separate from their mothers and pursue their own interests. The differentiated closeness to the fathers enabled the daughters to combine both relatedness and autonomy, and to consolidate these patterns as a model for later life."* Pleck (1997:97) bevestig hierdie bevinding deur aan te toon dat dogters wat konstruktiewe vaderlike teenwoordigheid geniet, 'n hoër mate van *"self-direction"* toon.

Wat positiewe vaderbetrokkenheid oor die algemeen betref, verwys Pleck (1997:97) voorts na 'n studie van kinders tussen vyf en agtien jaar oud waarin bevind is dat hierdie betrokkenheid die volgende eienskappe by kinders aanwakker:

- Hulle kom oor die algemeen makliker met ander mense oor die weg.

- Daar is minder dissiplinêre probleme op skool.

Shulman *et al.* (1997:31) voeg hierby dat daar by seuns ook aansienlik laer vlakke van gewelddadigheid voorkom. Biller en Kimpton (1997:146-155) wys verder daarop dat kinders wat positiewe vaderbetrokkenheid geniet 'n positiewe selfpersepsie het en dat daar by seuns 'n merkbare kognitiewe voorsprong en beter akademiese prestasie is. Hierdie voordele neem in die geval van vaderafwesigheid en egskeiding af.

Positiewe vaderbetrokkenheid het ook 'n direkte korrelasie met die huwelikskwaliteit van die ouers tot gevolg. Cummings en O'Reilly (1997:52-54) verwys daarna dat vaderbetrokkenheid afneem met 'n verslegting van huwelikskwaliteit. Negatiewe huweliksomstandighede lei tot 'n toename in vlakke van aggressie en stres by kinders, maar daarenteen bevorder gesonde

huweliksomstandighede vermoëns tot konflikhantering by kinders, sowel as die vermoë om liefde te betoon. Kinders in gesonde gesinsomstandighede toon ook merkbaar hoër vlakke van emosionele sekuriteit.

Hoewel die implikasies van vaderafwesigheid vir die ontwikkeling van 'n angstoestand weldra by 7.6 bespreek sal word, is dit uit die voorafgaande opmerkings reeds duidelik dat dit geen denksprong verg om die ondertoon van sekuriteit te bemerk wat uit positiewe vaderbetrokkenheid spruit nie. Insgelyks is die afwesigheid van sodanige betrokkenheid by implikasie aanduidend van 'n endemiese belewenis van insekuriteit by die kind.

Terugverwysend na Eldredge se opmerkings oor die vader se rol in die vestiging van manlike identiteit by 'n seun, is dit nie vergesog om te postuleer dat die afwesigheid van sodanige bevestiging van identiteit en die gevolglike vertwyfeling oor eie vermoë by 'n seun 'n aanleidende faktor tot gevoelens van eksistensiële insekuriteit kan wees nie. Hierdie verband is betekenisvol in die ondersoek na paslike vorme van terapie aan mans met veralgemeende angsversteuring. Wat verder vir hierdie navorsing van belang is, is Eldredge (2001:103 en 106) se opmerkings oor hoe die selftwyfel te bowe gekom kan word. Hy is van mening dat 'n ontmoeting met God as *Vader* die gewenste "inisiasie" te weeg kan bring en verwoord dit as volg: *"The history of a man's relationship with God is the story of how God calls him out, takes him on a journey and gives him his true name"* en verder: *"God is fiercely committed to you, to the restoration and release of your masculine heart."* In die geval van beide geslagte is die herstel van 'n gesonde vader- en Godsbeeld 'n groot bydraende faktor tot die ontwikkeling van vertrouensvolle selfstandigheid by die individu.

Vir terapie aan beide geslagte is die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van die bogenoemde vermoë van groot belang. Juis vir sodanige ontwikkeling is daar ruimte vir individuasie tydens die ontwikkeling van die persoon as kind nodig. Shulman *et al.* (1997:24) toon in hierdie verband aan dat gesonde vaderbetrokkenheid hierdie ruimte skep, deur in die laat-adolessente jare van die kind nie noodwendig altyd teenwoordig te wees nie, maar wel *beskikbaar.*

Hy noem hierdie vorm van betrokkenheid 'n *"incentive for separation",* wat vir seuns sowel as dogters geld.

Opsommenderwys kan dus aangevoer word dat die geslagsunieke bydrae van die vader tot die ontwikkeling van kinders daarin geleë is, dat dit die vermoë van die kind om te ontwikkel tot 'n volwassene wat gebalanseerd en selfstandig kan leef, aansienlik verhoog. Friedrich (1980:61) wys in hierdie verband daarop dat die betrokkenheid van die vader bevorderlik is vir die kind se ontwikkeling na vryheid en verantwoordelikheid en dat hierdie inlywing tot die volwasse lewe meebring dat die kind in sy of haar latere lewe die vrymoedigheid ontwikkel om met waagmoed te leef.

Van Niekerk (1978:30) toon die teenpool hiervan aan deur daarop te wys dat 'n kind met 'n afwesige vader 'n verskraalde ervaringswêreld het. Dit kan lei tot die voorkoms van angsbelewenisse by die kind, wat weens 'n gevoel van ongeborgenheid en onveiligheid 'n ontoereikende waaghouding openbaar. Dit is betekenisvol dat die simptome van veralgemeende angsversteuring daarop dui dat dit juis die vermoë tot vertrouensvolle selfstandige funksionering is, wat grootliks by hierdie gemoedsversteuring ontbreek.

7.3 VADERS, HUL KINDERS EN GELOOF

Sentraal tot die hipotese van hierdie navorsingstuk, staan die vermoede dat vaders 'n bepalende rol in die vorming van 'n Godsbeeld by kinders speel. Hoewel hierdie vermoede, veral in Westerse kulture, intuïtief sinvol voorkom, is dit noodsaaklik om dit te substansieer. Enkele perspektiewe vanuit die opvoedkunde en die teologie – veral waar daar op 'n teologie van die kind gefokus word – is gevolglik nuttig.

So vroeg as 1936 het Smith (1936:61) die betekenisvolle opmerking gemaak dat: *"… the religious development of the child begins to be determined in those attitudes of faith and fear which are built up in the earliest experiences of nursery life."* In hierdie verband wys Mumford (1979:43) op voorbeelde van belewenisse wat in die vroeë lewensjare 'n invloed op die religieuse vorming van die kind het. Dit word as volg aangedui:

Foundation Experience → Possibility of Understanding

Experience of consistent caring in a community in which people matter	Judaeo/Christian concept of God
This is basic to: trust between persons, a child's sense of security, → the release of a responding concern and of motive power.	The idea of God as personal, to be trusted, consistent and not capricious in his dealings with men, one whose love is to be utterly relied on.
This gives assurance of care that continues despite naughtiness, disobedience, joy in awareness that things → have been put right again after misunderstanding.	Assurance of a divine love that endures despite disappointment. Forgiveness, reconciliation, atonement.
This gives awareness of being valued as a person, that people matter. It encourages respect for → differences, engenders compassion, tolerance.	The idea of a God who cares for each one ('not a sparrow falls to the ground . . .')
This requires conscious and reasoned choice of action to be made as → abilities develop.	The idea of a God who seeks a free response of love, responsible choice of action in the light of that love, not coercive but respecting human choice.

In sy teologie vir die kind, gaan Hendricks (1980:21-38) van die standpunt uit dat dit belangrik is om by kinders 'n begrip van werklikheid tuis te bring. Kinders is bewus van die werklike bestaan van mense, diere, plante en ander konkrete voorwerpe. Hoewel hy geen ouderdomspesifieke beperkings stel nie, voer hy aan dat die kind weldra moet leer wat die verskil tussen verbeelding of

fantasie en geestelike werklikheid is. Dit is daarom belangrik om dit tuis te bring dat daar benewens die konkreet-fisiese, ook 'n geestelike werklikheid bestaan. Desnieteenstaande word daar aan die figure uit die geestelike werklikheid sekere fisiese beskrywings gegee, aangesien kinders nie in suiwer abstraksie dink nie. Die beweging van gedagtes is dus vanuit die konkrete na die geestelike. Klink (1972:83) bevestig hierdie uitgangspunt deur daarop te wys dat jonger kinders God in terme van menslike beskrywing verstaan. Sy illustreer haar kontensie deur aanhalings van wat kinders oor God sê, byvoorbeeld:

- Vierjarige meisie: "*Who is God then?*"
  Moeder: "*It is difficult to say because God is so big*."
  Meisie: "*Is God as big as Daddy?"*

- Driejarige meisie: *"God is father, just like Daddy, but God."*

(Klink 1972:29-30)

Die indruk moet egter nie gewek word dat die vader alleen tot die vorming van 'n Godsbeeld by kinders bydra nie. Klink (1972:83) wys daarop dat beide vader en moeder verteenwoordigers van God in die lewe van die kind is. Hoewel sy van 'n meer tradisionalistiese siening uitgaan, is dit nuttig om daarop te let dat sy die invloede van ouers onderskei: Die moeder verteenwoordig byvoorbeeld omhelsing en rustigheid, terwyl die vader leierskap en krag verteenwoordig. Hoewel hierdie onderskeid, veral uit die feministiese perspektief aanvegbaar is, verteenwoordig dit die kernwaarheid dat die kind in die geborgenheid van die teenwoordigheid van ouers sekuriteit beleef. Die afwesigheid van een van die ouers sou dus 'n verarming van 'n sekuriteitgewende boodskap aan die kind verteenwoordig. Indien dit die vader is wat afwesig is, is dit die geslagsunieke bydrae van die vader tot sekuriteitsgewing wat ontbreek.

Vanweë hierdie geslagsunieke bydrae van die vader en die identifikasie tussen vaderskap en God, merk Klink (1972:28) dan op: *"How can a person come to trust in God without the experience of trust in men and being accepted into their fellowship?"* Die belewenis van sekuriteit en geborgenheid is dus van

belang vir die ontwikkeling van gesonde vertroue en geloof in God (Hough 1986:89). Die verband tussen vaderbeeld en Godsbeeld word ook deur Langeveld (1966:133) as volg verwoord: "*Het is daarom na mijn mening natuurlik juist, dat in het godsbeeld van vele kinderen trekken terug te vinden zijn van wat hun vader voor hum subjektieve gevoel betekende*." Du Plessis (1989:26) handhaaf 'n soortgelyke siening: *"Vir die kind is dit wel moontlik om in 'n wesenlik positiewe verhouding te staan tot sy ouer, spesifiek sy pa… Die pa-kind verhouding word 'n analogie vir die verhouding van die gelowige tot God."*

Indien die vaderbeeld vaag is, of ontbreek, kan dit lei tot sodanig gebrekkige Godsbeeld: *"An untrue picture of the father is not likely to be a good foundation for a true picture of God"* (Lee 1965:131). Stoop (2004:233) deel hierdie sentiment wanneer hy sê: *"If we have mistaken understandings of fatherhood, we have an even more distorted understanding of God our Father … Many, perhaps most, of our ideas about God come from what we see and experience in the natural realm with our earthly father. When that realtionship is flawed - as it inevitably is - we tend to project those flaws onto God, assuming (often without thinking about it, or even realizing that we are doing it) that he must be like our father in these respects."*

Mowday (1990:39-47) bevestig hierdie siening met spesifieke verwysing na die Godsbeeld van dogters: *"A daughter without a dad may have a hard time experiencing God as the Father as her spiritual Father. Her poor relationship with her earthly father may have polluted all her images of what a father is."* Hierdie vertroebeling, meen Mowday, vind byvoorbeeld plaas as die vader onder andere wreed of emosioneel gedistansieerd is. Sy gaan dan voort om aan te toon dat heling van sodanige gebrekkige Godsbeeld juis daarin geleë is dat 'n dogter (of vrou) begelei word om die hemelse Vader as plaasvervangende vaderfiguur te ontmoet en merk hieroor op: *"It takes time and effort, but realizing that God is in her life and is in the role of Father is a beginning"* (1990:40). Boston (1993:56) se outobiografiese opmerking ten opsigte van haar vaderlose kinderjare bevestig die voorafgaande: *"One reason, for instance, why I could never work up a strong religious belief may*

well have been because I had no earthy figure of fatherhood to model my idea of a heavenly one."

Die effek van die vaderfiguur in die vorming van 'n Godsbeeld het noodwendig ook implikasies vir die wyse waarop die vader homself as gesagsfiguur projekteer. Hough (1986:91-92) wys byvoorbeeld op die ongesonde invloed van oormatige beklemtoning van die bose deur ouers in a poging om dissipline te handhaaf. Deur byvoorbeeld te sê: *"Die Here sal jou straf*", en dan vaderlike tug as afskrikmiddel te gebruik, kweek ongesonde vrees en 'n negatiewe Godsbeeld by die kind wat ook onvanpaste skuldgevoelens mag meebring. Die rol van die vader as dissiplinerende figuur mag nie hierdie element in die hand werk nie. Die teendeel hiervan is dat dit vir sekuriteitgewing belangrik is dat kinders ook die goedkeuring en aanmoediging van vaders sal beleef. Shulman *et al.* (1997:65) illustreer dit deur te wys op die Ou Testamentiese voorbeelde van die seën van vaders wat oor hulle kinders uitgespreek is. Die seën van die vader bevestig in die gemoed van die kind die feit dat hy/sy die geleentheid gegun word om die eie lewe met vertroue voort te sit.

Uit die voorafgaande bespreking blyk duidelik dat die rol van die vader 'n bepalende invloed op die vorming van die Godsbeeld van 'n individu het, sowel as op die ontwikkeling van die vermoë om die lewe met vertroue en geloof aan te durf.

7.4 DIE EFFEK VAN VADERAFWESIGHEID

Met die begrip *vaderafwesigheid* word daar nie alleen verwys na die verlies van 'n vader deur die dood nie, maar ook na die afwesigheid of relatiewe afwesigheid van 'n vaderfiguur in die lewe van 'n kind. Hierdie afwesigheid kan as gevolg van egskeiding wees, of dui op emosionele afwesigheid vanweë verskeie omstandighede. Vaderafwesigheid of vaderloosheid kan dus op verskeie maniere omskryf word, soos byvoorbeeld Adams *et al.* (1984:81) se benoeming van die soorte van vaderloosheid:

- Kinders wat nooit 'n vader geken het nie:

    - Vader sterf baie vroeg in die kind se lewe.
    - Ouers is geskei/huisverlating deur vader baie vroeg in die kind se lewe.
    - Ouers ongetroud en nooit in 'n verbintenis.
    - Vader bevind hom baie vroeg in die kind se lewe ver van die huis af, byvoorbeeld in die gevangenis of militêre verpligtinge.
    - Vader altyd onbetrokke en emosioneel verwyderd.

- Kinders wat 'n vader geken, maar verloor het:

    - Vader kom te sterwe na 'n periode van twee of meer jare.
    - Egskeiding/huisverlating nadat vader vir 'n periode teenwoordig was.
    - Vader bevind hom ver van die huis af, tydens kind se tweede lewensjaar.
    - Vader selde tuis, byvoorbeeld sport-aktiwiteite.

Visser (1988:89-93) onderskei 'n verdere kategorie, naamlik dié van tydelike vaderafwesigheid, byvoorbeeld as gevolg van sakereise, kursusse of militêre diensplig. Hy het bevind dat seuns dan geneig is tot oordrewe afhanklikheid van die moeder, toename in aggressiewe gedrag, skuldgevoelens, vrees vir verwerping en groter soeke na sekuriteit. Hierdie verskynsels is meer intens as die seun onder die ouderdom van 5 jaar is. Dié vorm van vaderafwesigheid word nie verder in hierdie navorsingstuk ondersoek nie.

Blankenhorn (1995:1) wys daarop dat soveel as veertig persent van kinders in die VSA teen 1995 geleef het sonder daaglikse kontak met hulle vaders en beskou hierdie syfer van vaderafwesigheid as 'n epidemiese proporsie met verreikende gevolge. Hierdie gevolge manifesteer op ekonomiese, emosionele, maatskaplike en opvoedkundige terrein.

Wat ekonomiese gevolge betref, wys Popenoe (1998:37) daarop dat die inkomste van 'n gemiddelde Amerikaanse gesin ná egskeiding met nagenoeg

een-en-twintig persent afneem, wat onder andere lei tot 'n afname in toegang tot onderwys van goeie gehalte. Die moontlikheid dat kinders uit 'n enkelouergesin nie 'n hoërskoolloopbaan voltooi nie, is byvoorbeeld twee keer meer as by gesinne waar beide ouers teenwoordig is. Hierdie omstandighede dra by tot 'n toekomstige ekonomiese agterstand vir die kind.

Emosionele gevolge van vaderloosheid is veelvoudig. Volgens Gallagher (1998:61) is die emosionele gevolge van egskeiding in die lewe van die betrokke kinders oor 'n langer termyn sigbaar as by die geskeide ouers. Een van hierdie gevolge is 'n vertwyfeling oor die kanse op sukses van 'n eie toekomstige huwelik (*"apprehensiveness about marriage"*). Onderliggend aan hierdie vertwyfeling lê, volgens Callagher (1998:164), die feit dat: *"The real problem, from the child's point of view; is not just 'fatherlessness' but father abandonment; not simply the absence of fathers in the home but the presence somewhere close by of a father who does not seem to care."*

Bogenoemde belewenis lei verder tot wat deur dieselfde skrywer (1998:165) as *"father hunger"* gedefineer word, en hy as volg treffend verwoord: *"It's an ache in the heart, a gnawing anxiety in the gut. It's a longing for a man, not just a woman, who will care for you, protect you, and show you how to survive in the world. For a boy especially, it's the raw, persistent, desperate hunger for dependable male love, and for an image of maleness that is not at odds with love."*

Dit verg ook geen denksprong om te besef dat die pasbeskrewe ekonomiese en emosionele gevolge van vaderafwesigheid bydraende faktore kan wees tot gevoelens van eksistensiële insekuriteit by die kind nie. Sodanige gevoelens is eie aan wat in hierdie navorsingstuk as 'n "sekuriteitsgebrek" beskryf word, en as 'n etiologiese faktor by angsversteurings in ag geneem moet word. 'n Deel van die genoemde sekuriteitsgebrek is juis die onvermoë om met vertroue te leef en Friedrich (1980:60) wys daarop dat die afwesigheid van die vader as die een met wie daar 'n vertrouensverhouding gevestig word, tot 'n onvermoë om te vertrou, aanleiding mag gee.

Op maatskaplike terrein manifesteer die effekte van vaderafwesigheid hoofsaaklik in terme van wangedrag en kriminaliteit. Popenoe (1998:38-41) beskryf kinders wat vaderafwesigheid ervaar as *"notoriously prone to trouble"* en wys daarop dat misdaadstatistiek in die VSA teen die einde van die vorige eeu die volgende feite weerspieël het: Geweldsmisdaad het sedert 1960 met 550% gestyg en arrestasies van jeugdiges vir moord het tussen 1983 en 1992 met 128% gestyg. Verder is 60% van alle verkragters, 72% van adolessente moordenaars en 70% van langtermyn gevangenes persone wat uit vaderlose huishoudings kom. In die lig van hierdie statistiek verwys hy na die afname in effektiewe dissipline in huishoudings waar slegs 'n moeder teenwoordig is.

Die maatskaplike implikasies van gebrekkige dissipline word op 'n insiggewende wyse prakties toegelig deur Dennis en Erdos se grondige ondersoek na die onluste wat in September 1991 in Meadow Well, Noord Tyneside (Brittanje) uitgebreek het en internasionaal nuuswaardig was. Hoewel die onluste deur kenners aan sosio-ekonomiese faktore, soos veral werkloosheid, toegeskryf is, toon die genoemde navorsers aan dat die meerderheid van inwoners wat by die geweld betrokke was inderdaad nie werkloos was nie, maar dat vaderafwesigheid en verbrokkelde rolmodellering 'n gemenedeler by diegene was en merk op: "….*'Unemployment' was indeed the key to the Tyneside riots of 1991. But not unemployment in the sense of the absence of opportunities to work as a paid employee…. it was unemployment in the sense of the weakening or complete disappearance of the expectation that a young man should prepare himself for the larger emloyment… in a partnership of mutual support of a mature man and a mature woman"* (Dennis & Erdos, 1992:117).

Terwyl kriminaliteit tot 'n groter mate by vaderlose seuns voorkom, is een van die maatskaplike gevolge van vaderafwesigheid by dogters 'n toename in tienerswangerskappe. Popenoe (1998:41) noem dit die "tweeling nagmerrie" van kriminaliteit en wys daarop dat daar, ten spyte van die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels, jaarliks nagenoeg een miljoen tienerswangerskappe in die VSA voorkom - die hoogste syfer in die ontwikkelde wêreld. Hierdie hoë voorkomssyfer suggereer nie slegs die invloed van morele faktore nie,

maar ook die hunkering na manlike liefde by dogters wat vaderafwesigheid beleef.

Uit 'n opvoedkundige perspektief wys Friedrich (1980:63) in hierdie verband daarop dat die vader 'n onontbeerlike bydrae lewer as die persoon met wie die kind in 'n gesagsverhouding staan. Indien hierdie gesagsverhouding gebrekkig is, kan die kind nie toenemend verantwoordelikheid verwerf nie, aangesien hy/sy in 'n mindere mate aangesproke is deur die vader as gesagvolle opvoeder en kan hy/sy nie paslik op behoorlikheidseise antwoord nie. Gesonde dissipline word in die Christelike godsdiens hoog op prys gestel en die afwesigheid daarvan verwring ook die Godsbeeld van die kind, in dié opsig dat hy/sy nie tot 'n begrip van God kom as iemand teenoor wie daar in verantwoordelikheid geleef word nie. Om hierdie rede wys McDowell (1996:128) op die belangrikheid van die Christelike vader se rol in die uitoefening van dissipline met verwysing na die vorming van 'n Godsbeeld: *"The man who offers wise correction and appropriate discipline to his son or daughter is reflecting the nature and character of God. It is for that reason that God's word extols the wisdom of fathers who discipline their children... and discribe tragedy in the lives of those who do not."*

Verbandhoudend met die opvoedkundige perspektief, is die duidelike afname van skolastiese prestasie, hoofsaaklik weens vaderafwesigheid, wat spesifiek by seuns manifesteer. In 'n onlangse studie is bevind dat 66% van leerlinge wat bykomende aandag in spesiale skole moet kry, seuns is. Seuns ly ook tot tien keer meer aan aandagafleibaarheid as meisies. Dit het tot gevolg dat 75% van kinders wat Ritalin gebruik, seuns is. Seuns moet ook tussen vyf en tien keer meer as meisies gedissiplineer word. Voorts skryf al hoe minder seuns vir gevorderde kursusse in, of voltooi dit nie. Hoewel 'n veeltal redes vir die toedrag van sake aangevoer kan word, het die studie bevind dat 'n al hoe groter afwesigheid van vaders, wat sukkel om 'n balans te vind tussen broodwinner en ondersteuner vir hul seuns, as 'n belangrike oorsaak geag kan word (Rademeyer, 26 Junie 2003). Aansluitend hierby, het 'n studie wat onder 17 000 Britse kinders gedoen is, en waarvan die bevindinge in Februarie 2003 gepubliseer is, eweneens die sleutelrol van die vaderfiguur by die opvoedkundige ontwikkeling van die kind onderskryf. Die studie het

daarop gewys dat kinders wat 'n sterk vaderfiguur het, wat met hulle gespeel en vir hulle slaaptydstories gelees en 'n aktiewe rol in hul opvoeding gespeel het, 'n beter kans het om universiteitstoelatingseksamens te slaag. Vaderbetrokkenheid kan dus 'n belegging in hul kinders se naskoolse akademiese sukses verteenwoordig. Dit geld ook kinders van geskeide pare of kinders wat stiefvaders het (Sapa-DPA, 8 Februarie 2003).

Met die voorafgaande betragting van die effekte van vaderafwesigheid moet daar egter teen veralgemening gewaak word. Die samelewing bevat talle individue wat in enkelouergesinne, waar slegs 'n moeder teenwoordig was, opgegroei het en as gebalanseerde volwassenes leef. Die indruk moet dus nie gewek word dat vaderafwesigheid *noodwendig* al die genoemde negatiewe gevolge sal hê, of dat geen moeder die vermoë het om met wysheid as enkelouer op te tree nie. Dat vaderafwesigheid wel negatiewe effekte kan hê, is vir hierdie navorsingstuk van belang en is om dié rede ondersoek. Die gesprekke, wat onder die volgende opskrif aan die orde kom, dien as bevestiging hiervan.

7.5 GESPREKKE MET KUNDIGES

Aangesien die effek van vaderafwesigheid in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is gesprekke met kundiges gevoer wat werksaam is by instellings wat versorging bied aan kinders wat nie in hulle ouerhuise woon nie. Verder is daar ook gesprek gevoer met 'n kundige wat hoofsaaklik met volwassenes in die konteks van psigiatriese versorging werk. Beplanning vir die genoemde gesprekke was as volg:

- Relevante instellings is geïdentifiseer en genader ten einde ontvanklikheid vir beoogde gesprek vas te stel en te bepaal welke personeellid vir die gesprek geskik sou wees.

- In ooreenstemming met 'n narratiewe benadering tot gesprekvoering, is die verloop van die gesprekke egter nie vooraf op 'n gestruktureerde wyse, met byvoorbeeld die gebruik van voorafbepaalde vrae, lyste of *proforma* skedules, beplan nie. Dit impliseer egter nie dat daar nie van

narratiewe vraagstelling gebruik gemaak is nie - die navorser het hom by die gespreksgenoot aangepas en vraagstelling geskoei op die rol wat vraagstelling in die narratiewe proses vervul. Daar is ook nie van die gespreksgenote gevra om statistiek en ander kliniese feite gereed te hê nie. Die benadering was veel eerder om die belewenis van die gespreksgenoot na vore te laat kom. Om hierdie rede is die skopus van die studie in breë trekke verduidelik en die gespreksgenoot het sy/haar ervarings ten opsigte van die onderwerp vryelik weergegee.

- Daar is wel vrae gevra oor die betrokkenheid al dan nie, van vaders, sowel as oor angsverwante gedrag by die inwoners van die betrokke instelling.

- Die gesprekke is so volledig moontlik genoteer.

Die inhoud van die gesprekke word vervolgens kortliks weergegee en afgesluit met enkele konkluderende opmerkings.

7.5.1 Tutela Sentrum

Hierdie Sentrum in Pretoria, vroeër bekend as Tutela Plek van Veiligheid, is 'n fasiliteit waar kinders van skoolgaande ouderdom ingevolge 'n hofbevel op grond van die Kinderwet (74 van 1983) geplaas kan word. Daar is geriewe vir huisvesting van negentig kinders met die oog op korttermyn krisisversorging. Wetlik mag kinders nie vir langer as ses maande gehuisves word nie, maar die gemiddelde verblyf is tussen ses maande en twee jaar.

Op 20 Julie 2004 is gesprek gevoer met me. RMJ Compaan, wat as maatskaplike werker by die Tutela Sentrum werksaam is. Tydens die gesprek het die volgende inligting en waarnemings van die kundige na vore gekom:

- Plasing van kinders by die Sentrum is hoofsaaklik as gevolg van fisiese mishandeling, seksuele molestering of dissiplinêre probleme wat in die algemeen as "onbeheerbaarheid" getipeer word. Laasgenoemde verteenwoordig ongeveer 50% van die plasings. Tesame met

onbeheerbaarheid, wat op dissiplinêre wanfunksionering in die gesinsopset dui, word daar dikwels alkohol en/of dwelmmisbruik en misdadige optrede by die kinders aangetref. Dit is egter opvallend dat onbeheerbaarheid drasties afneem sodra die kinders in die roetine en struktuur van die Sentrum opgeneem word.

- In die oorwegende meerderheid van gevalle is die ouers nie by die kinders betrokke tydens hulle verblyf by die Sentrum nie en word hulle ook nie deur ouers besoek nie. Indien daar wel ouerbetrokkenheid is, is dit hoofsaaklik moeders wat poog om kontak met kinders te behou. Van die negentig kinders wat ten tye van die gesprek by die Sentrum gehuisves is, was slegs vier se vaders wel betrokke. Die betrokkenheid is egter deur me. Compaan as negatief beoordeel, aangesien sy van mening was dat daar steeds vorme van manipulasie en misbruik deur die vaders aanwesig was.

- Die maatskaplike werker bemerk verder dat dit opvallend is dat daar ‘n behoefte aan ‘n vaderfiguur by die kinders is, en dit is daarom te betreur dat slegs twee van die ses-en-dertig kinderversorgers wat by die Sentrum werksaam is, mans is. Haar waarneming is verder dat die seuns nie met hulle vaders identifiseer nie, en dat dogters hoofsaaklik negatiewe assosiasies met hulle vaders of ander volwasse mans het en dat dit veral aan geweld of molestering toegeskryf kan word.

- ‘n Verdere opvallende kenmerk by die gedrag van die kinders is die gebrek aan ‘n toekomsverwagting, hoop of ambisie. Hiermee gepaardgaande is daar ‘n apatiese houding jeens die lewe en ‘n gebrek aan lewensin. As illustrasie hiervan word melding gemaak van vier huidige inwoners van hoërskoolouderdom (almal seuns) wat botweg weier om skool toe te gaan. Hierdie verydeling van potensiaal is vir die personeel besonder ontmoedigend.

- Wat angsverwante gedrag betref is dit opmerklik dat nagmerries, bednatmaak en paniekaanvalle dikwels voorkom.

- Ten opsigte van godsdienstige belewenis is die waarneming van die maatskaplike werker dat daar min of geen godsdienstige oriëntasie by die kinders is nie. Hulle het min inhoudelike kennis van die Bybel, of van die kernwaarhede van die Christelike geloof. Aangesien eredienste deur verteenwoordigers van verskeie kerke aangebied word, lei dit soms ook tot godsdienstige verwarring.

Vanuit die Sentrum word kinders soms in pleegsorg geplaas, maar uitplasing is gewoonlik na nywerheidskole waar hulle tot op agtienjarige ouderdom mag bly. Indien hulle egter 'n skoolloopbaan wil voltooi, mag hulle tot mondigwording bly.

7.5.2 Jakaranda Kinderhuis

Op dieselfde datum is gesprek gevoer met me. T Geldenhuis, maatskaplike werker by die Jakaranda Kinderhuis in Pretoria. Hierdie fasiliteit is opgerig as 'n vierde Abraham Kriel Kinderhuis, onder toesig van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid van die Noord-Transvaalse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Tans word dit deur die Jakaranda Kinder- en Gesinsorgmaatskappy bedryf. Daar is huisvesting vir 252 kinders in dertien huise wat elk eie huisouers het. Die professionele span by die tehuis sluit vier maatskaplike werkers en 'n leraar in. Sorgbehoewende kinders word ingevolge Artikel 14 van die Kinderwet hier geplaas, indien daar nie geskikte pleegouers vir hulle gevind kan word nie. Die omstandighede waaronder die kinders verkeer het en wat genoemde plasing regverdig, is meesal verwaarlosing, mishandeling of die onopspoorbaarheid van ouers. Plasing kan ook plaasvind indien die ouers gevangenisstraf uitdien, of nie finansieel daartoe in staat is om die kinders te versorg nie. Verder geskied plasing ook vanweë ongesonde omstandighede, soos seksuele molestering.

Enkele negatiewe en positiewe waarnemings is deur me. Geldenhuis uitgespreek:

- Die kinders se selfbeeld is dikwels swak, wat soms vererger word deur etikettering by die skole waar hulle ingeskryf is.

- Daar is gevoelens van verwerping wanneer daar nie "naweekouers" vorendag kom en by die kinders betrokke raak nie.

- Diegene wat tydens skoolvakansies wel hulle eie ouers besoek is dikwels besorg oor hulle eie veiligheid aldaar.

- Daar kom gevoelens van ontbering by die tehuis na vore, aangesien daar min voorsiening vir geringe luukshede is.

- Slaapversteurings, depressie en algemene bekommernis kom redelik algemeen by die kinders voor.

- Slegs ongeveer twintig persent van die vaders toon enige belangstelling in die wel en weë van die kinders.

- Alhoewel daar by die meeste kinders 'n toekomsgerigtheid is, is daar kommer oor bronne vir verdere studie, of oor beperkte werkgeleenthede.

Daar is ook positiewe waarnemings:

- Sommige ouers bly wel betrokke en kinders kan hulle elke tweede naweek besoek.

- Die huisvader, as plaasvervangende vaderfiguur, het 'n positiewe effek op die emosionele welsyn van die kinders. Dit is daarom ontmoedigend dat ongeveer 'n kwart van die huise ten tyde van die gesprek nie oor 'n huisvader beskik het nie.

- Indien daar "naweekouers" is, wat kinders ondersteun, is daar gewoonlik 'n verbetering in akademiese- en sportprestasie.

- Ernstige dissiplineprobleme kom slegs by ongeveer vyftien persent van die kinders voor.

- Die Christelike inslag van die tehuis het ‘n positiewe effek op die kinders en hulle het goeie rapport met die leraar wat deel van die span is.

Op 27 Julie 2004 is daar ‘n gesprek gevoer met die leraar, ds. Chris Malan, wat voltyds by die tehuis werksaam is. Hy is gevra om ‘n mening uit te spreek oor die kinders se vaderbeeld en Godservaring. Volgens hom kan die mees algemene belewenis van die kinders ten opsigte van hulle vaders deur die kinders se eie opmerkings verwoord word:

- *“My pa is iemand wat my weggegooi het/my nie wil hê nie.”*

- *“Ek het my pa nog nooit ontmoet nie.”*

- *“My pa beskou dit nie as die moeite werd om met my kontak te maak nie.”*

Daarbenewens beleef kinders wat wel nog met hulle vaders kontak het dat hulle:

- Drank of dwelms misbruik en dikwels tydens hulle interaksie met hom onder die invloed daarvan is;

- aggressief of hardhandig met hulle werk; of

- baie outoritêr en onredelik optree.

Wat Godsbelewenis aanbetref, meen ds. Malan dat die bogenoemde belewenis van vaders tot ‘n verarmde Godsbeeld bydra. Weens sporadiese kontak met die vader mag kinders ten opsigte van God ook die beeld ontwikkel dat Hy (soos pa) af en toe nader kom, iets doen (hetsy goed of sleg) en dan weer verdwyn. Hierdie belewenis wek by die kind die gevoel dat hy/sy alleen op ‘n eiland is en af-en-toe vir ‘n verbygaande skip wuif. Vanweë die Christelike inslag van die tehuis is daar by die kinders ‘n Godsbewustheid, maar is die Godsbelewenis oor die algemeen dié van ‘n veraf God. Dit is ook vir heelwat kinders moeilik om God as liefdevol en betroubaar te ervaar, veral as die eie

vader as vernielend ervaar is. Gevolglik staan hulle skepties teenoor die verkondiging van God se liefdevolle betrokkenheid. God is vir hulle dikwels nog een van die baie "*fleeting figures*", soos pleegouers, naweekouers en huisouers wat kom en gaan. Ds. Malan bewoord hierdie Godsbelewenis in tienertaal: "*Dis nice as Hy pitch*." Die situasie ten opsigte die verkryging van godsdienstige kennis word verder bemoeilik deur die feit dat 'n hoë persentasie van die kinders swak leesvaardighede het en gevolglik in spesiale-baan skole is.

Sover dit angsbelewenis by die kinders betref, meld die leraar dat hy dit veral identifiseer in terme van afhanklike gedrag (soos vasklou aan 'n persoon) by die kleiner kinders en bravade by die ouer kinders. Veral twee momente wek ook by die kinders angs. Eerstens, vanaf ongeveer twee weke voor die skoolvakansie is daar angstigheid by diegene wat wel huis toe kan gaan; enersyds, vanweë 'n vrees vir die onbekende (soos veranderde huislike omstandighede) en andersyds, vanweë die bekende (soos drankmisbruik of ander onaangename gedragspatrone in die gesin). Hulle gedrag toon dan aggressie of lusteloosheid en het 'n negatiewe invloed op eksamenprestasie. Tweedens, is daar by skoolverlaters baie angs en onsekerheid oor die toekoms. Soos ook deur me. Geldenhuys genoem is, word kommer verhoog deur beperkte geleenthede vir werk of verdere studie. Waar daar egter wel die een of ander ondersteuningsnetwerk is, is die gevoelens van kommer minder.

7.5.3 Weskoppies Hospitaal

Op 3 Augustus 2004 is gesprek gevoer met ds. Pieter de Wet, wat as hospitaalleraar by hierdie psigiatriese hospitaal werksaam is en die pastorale werk aldaar in samewerking met die professionele span doen. Hy is na 'n plaaslike gemeente beroep met die opdrag om hierdie funksie te verrig. Hy is ook as voorligtingsielkundige gekwalifiseer. Die hospitaal beskik oor 850 beddens en ongeveer 300 van die pasiënte word permanent gehospitaliseer.

Die pastorale werk by die hospitaal sluit die volgende in:

- Saalrondtes, waar die leraar saam met die terapeutiese span beweeg.

- ‘n Erediens op Sondae.

- Persoonlike berading na aanleiding van verwysings, of op versoek van pasiënte of hulle familielede (buitepasiënte ingesluit).

- Huisgodsdiens in sale waar langtermyn pasiënte is.

- Koördinering van dienste wat deur omliggende kerke en vrywilligersgroepe gelewer word.

- ‘n Deernisbediening wat die bedryf van ‘n klerebank insluit.

Wat terapeutiese werk betref, meld ds. de Wet dat hy persoonlik aanklank by die narratiewe benadering vind, maar dat dit in sekere omstandighede nodig is om veel meer direktief op te tree. Hy vind dat dogmatiese vraagstukke nie baie dikwels deur pasiënte geopper word nie, maar wel waar daar die een of ander vorm van geestelike misbruik was (soos blootstelling aan ekstremistiese godsdienstige sieninge of praktyke). Die behoefte aan troos spruit uit die feit dat pasiënte die waarheid daarvan, dat hulle waarskynlik lewenslank met ‘n siektetoestand sal moet saamleef, in die oë moet staar. Daarom is dit ten opsigte van Godsbelewenis sy waarneming dat die meeste pasiënte ‘n intense behoefte aan troos het. ‘n Lewenslange proses van saamleef met ‘n psigiatriese toestand is veeleisend vir die pasiënt en sy/haar familie. Hierdie scenario word onderstreep deur die feit dat ongeveer 50% van al die pasiënte by die hospitaal vir die een of ander vorm van skisofrenie behandel word (‘n verdere ongeveer 25% is weens gemoedsversteurings gehospitaliseer en die res weens persoonlikheidsproblematiek). Voortspruitend uit die behoefte aan troos, is daar ‘n sterk behoefte aan sekuriteit en is dit daarom belangrik dat pasiënte in hulle Godsdiensbelewenis daarvan verseker word dat hulle nie deur God verwerp word nie.

Hoewel slegs ongeveer 25% van pasiënte weens gemoedsversteurings (waaronder angsversteurings ressorteer) gehospitaliseer word, is dit die waarneming van die leraar dat daar by heelwat van hierdie pasiënte negatiewe of geskende Gods- en vaderkonsepte bestaan. As redes hiervoor word,

byvoorbeeld molestering, verwerping deur ‘n stiefpa of vader wat onhaalbare eise stel, genoem. Die vaderbeeld is dikwels dié van ‘n teisterende vader, of ‘n swak een wat nie ‘n sekuriteitgewende rol in die lewe van die pasiënt gespeel het nie. Daar is ook die waarneming dat die meerderheid van pasiënte uit ouerhuise kom waar egskeiding plaasgevind het.

Dit dien ook gemeld te word dat persone met veralgemeende angsversteuring nie dikwels gehospitaliseer word nie, maar as buitepasiënte medikasie op ‘n gereelde basis ontvang. Ds. de Wet wou hom gevolglik nie in fynere besonderhede uitlaat oor algemene waarnemings ten opsigte van hierdie pasiënte nie.

7.5.4 Konklusies uit gesprekke met kundiges

Enkele konkluderende opmerkings wat vir hierdie navorsingstuk relevant is, kan uit die voorafgaande gesprekke gemaak word:


- Hoewel die kundiges op grond van algemene indrukke en waarnemings gepraat het, is dit duidelik dat, al sou dit indirek wees, daar ‘n verband is tussen vaderafwesigheid (of ‘n negatiewe vaderbeeld) en ‘n veelvoud van negatiewe gedrags- en gemoedsverskynsels. Elkeen van die sake wat in hierdie hoofstuk as verbandhoudend tot vaderafwesigheid genoem is, het ook in die gesprekke met die betrokke kundiges ter sprake gekom. Hieronder tel kriminaliteit, swakker skolastiese prestasie, aggressie, angsverwante gedrag en gemoedsversteuring.

- Die gesprekke bevestig die navorsingsvermoede van hierdie navorsingstuk, naamlik dat ‘n negatiewe of geskende vaderbeeld as ‘n oorsaaklike faktor by die ontwikkeling van angsversteurings aanwesig kan wees. Gevoelens van insekuriteit het verskeie kere in die genoemde gesprekke ter sprake gekom wat impetus verleen aan die vermoede dat ‘n versteurde vaderbeeld tot ‘n eksistensiële sekuriteitsgebrek kan bydrae en die teelaarde vir angsversteurings kan help skep.

- Verdere navorsing oor bogenoemde verbande sal baie tot die verstaan van die etiologie van angsversteurings bydra. Die beswaar sou geopper kon word dat die weergawes ten opsigte van die belewenis van kinders soos dit in die voorafgaande paragrawe geskryf is, gebaseer is op gesprekke *oor* hulle, terwyl daar nie as mede-navorsers *met* hulle gepraat is nie. Hierdie navorser het laasgenoemde metode van kwalitatiewe ondersoek in hierdie geval daar gelaat. Die rede hiervoor is dat daarteen gewaak wou word om deur sodanige betrokkenheid nie slegs nog een van die "*fleeting figures*" in hulle lewens te wees wat vir 'n klein rukkie belangstelling toon en dan weer van die toneel verdwyn nie. Hierdie sentiment is deur die betrokke kundiges ondersteun. Hierbenewens sou sodanige ondersoek deur hierdie navorser strydig wees met die keuse vir 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie soos by 1.7.1 genoem is, en by 8.3 gemotiveer word. Kwalitatiewe navorsing rakende die kinders se vaderbeeld sou nietemin sinvol voortgesit kon word deur 'n navorser wat op 'n meer standhoudende grondslag by die kinders betrokke kon wees.

7.6 VADER- EN GODSBEELD IN KORRELASIE MET GEVOELENS VAN EKSISTENSIëLE INSEKURITEIT EN VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING

By 7.2.2 is veral gewys op die positiewe effek van die geslagsunieke bydrae van vaders op die ontwikkeling van kinders. Enkele implikasies daarvan vir die geloofsbelewenis van die kind is ook aangedui. Op laasgenoemde is verder by 7.3 uitgebrei. Die gevolgtrekking uit die genoemde paragrawe, ten opsigte van die ontwikkeling van die kind, kan breedweg as volg uitgebeeld word:



By 7.4 is die effekte van vaderloosheid of vaderafwesigheid aangedui en daar is klem gelê op die feit dat dit gevoelens van insekuriteit in die hand werk. Opmerkings soos die volgende ondersteun hierdie waarneming: Cooper-Smith (1959:32) vind 'n oorsaaklike verband tussen vaderafwesigheid en 'n verlies

op die terrein van 'n gevoel van eiewaarde by die kind. Hy konstateer dan dat hierdie verlies ten grondslag van angsbelewenisse lê. Smith en Danielsson (1982:41) meld verder, in die konteks van 'n studie van twee groepe kinders (onderskeidelik van 4-6 jaar en 7-15 jaar oud), wat die bevinding met die tegniek van *"hero duplication"* was. In hierdie tegniek, waar 'n heldefiguur grafies voorgestel word, identifiseer die kind sy eie self-verteenwoordiging in 'n bedreigende situasie met dié van die held. By veral jonger kinders is bevind dat angsvolle reaksies (soos die toeknyp van oë) aangetref word, sodra die held uit die voorstelling verwyder word. Die ontbering van die teenwoordigheid van 'n sekuriteitgewende figuur hou dus met angsbelewenisse verband.

Verder blyk daar 'n insiggewende korrelasie tussen die negatiewe vergestaltings van vaderafwesigheid en gevoelens van eksistensiële insekuriteit te wees, asook tussen laasgenoemde en die simptome van veralgemeende angsversteuring. Hierdie korrelasies kan deur middel van die volgende voorbeelde aangetoon word:

- **Die korrelasie tussen vaderafwesigheid en gevoelens van eksistensiële insekuriteit**

Voorbeeld 1

Vaderafwesigheid		Effek op kind		Gevoelens van eksistensiële insekuriteit
Verlaagde inkomste as gevolg van egskeiding	→	Verminderde toegang tot akademiese geleenthede met gevolglike verminderde inkomstepotensiaal	→	"Hoe gaan ek oorleef?" "Sal ek 'n goeie werk kan kry met swak of geen kwalifikasies"

Voorbeeld 2

Vaderafwesigheid		Effek op kind		Gevoelens van eksistensiële insekuriteit
Emosionele onbetrokkenheid of afkeurende houding van vader teenoor seun.	→	Lae selfvertroue; swak selfbeeld, met gevolglike gebrek aan selfstandigheid	→	"Ek staan nie 'n kans nie" "Die wêreld oorweldig my"

Voorbeeld 3

Vaderafwesigheid		Effek op kind		Gevoelens van eksistensiële insekuriteit
Liefdeloosheid van, of geen kontak met vader ten opsigte van dogter	→	Gevoel van verraad, wantroue of dat sy nie werd is om lief-gehê te word nie.	→	"Hoe kan ek iemand vertrou wat in 'n verhouding of huwelik met my betrokke is"

Hierdie voorbeelde toon 'n oorsaaklike verband tussen die rol of optrede van die vader en die voorkoms van gevoelens van eksistensiële insekuriteit. Die verband word verder uitgebrei deur te wys op die korrelasie tussen laasgenoemde en die simptome van veralgemeende angsversteuring.

- **Die korrelasie tussen gevoelens van eksistensiële insekuriteit en veralgemeende angsversteuring**

Voorbeelde

Gevoelens van eksistensiële insekuriteit		Veralgemeende Angsversteuring
- "Ek staan nie 'n kans nie"	→	- Katastrofering oor werk of loopbaan
- "Hoe kan ek iemand in 'n verhouding vertrou?"	→	- Katastrofering oor huwelik en mense-verhoudings
- Gevoel van bedreigdheid of van onveiligheid	→	- *"Apprehensive expectation"*; rusteloos-heid; slaapversteurings; moeilik om kommer te beheer; *"keyed up or on edge"*
- Gevoel van onbevoegdheid vir 'n spesifieke taak of situasie	→	- Outonomiese hiper-aktiwiteit; bewerigheid; sweet; hartklopping; spierspasma en swak konsentrasie

Die korrelasies wat deur bogenoemde voorbeelde aangetoon word, ondersteun die hipotese van hierdie navorsingstuk dat daar 'n oorsaaklike of etiologiese verband tussen vader- en Godsbeeld enersyds, en veralgemeende angsversteuring andersyds, is. (Die verband is ook skematies by 3.9 aangetoon). Die genoemde korrelasies het verder belangrike implikasies vir pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring en sal in hoofstuk 9 weer opgeneem word. Enkele implikasies verdien egter hier vermelding:

- Pastorale terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring moet ‘n verkenning van die vaderbeeld van die kliënt insluit. Hierby is ‘n narratiewe sowel as ‘n sistemiese benadering en ‘n tegniek, soos die geneagram, van groot nut.

- Vanuit ‘n narratiewe aanpak sal aanduidings van gevoelens van eksistensiële insekuriteit by die kliënt insiggewend wees.

- Die terapeutiese proses sal baat by ‘n verkenning van die Godsbeeld van die kliënt. Dit sou byvoorbeeld aan die hand van Louw (1993:299-305) se semantiese differensiaal-analise en verhaal-analise (vergelyk 9.2.2) gedoen kon word.

- Hoewel dit nie die taak van die pastorale terapeut is om psigopatologie te diagnoseer nie en veral in ‘n narratiewe aanpak daar nie sodanige “etikettering” plaasvind nie, sal dit van nut wees om daarop te let of die diagnostiese kriteria vir veralgemeende angsversteuring aanwesig is en of dit in korrelasie met gevoelens van eksistensiële insekuriteit by die kliënt staan.

- ‘n Weg sal gevind moet word om die effekte van vaderafwesigheid (of negatiewe vaderbeeld) te *“re-story”* en die kliënt tot die ontdekking en belewenis van die vaderskap van God te begelei.

- Kognitief-inhoudelike, sowel as teologiese kwessies aangaande die vaderskap van God, moet opgeklaar word.

- Die lewensterreine waarop die verhaal van die kliënt angsbelaaid is, moet voorkeur geniet. Hipoteties gesproke sal dit korreleer met die aspekte van die Gods- en vaderbeeld van die kliënt waar daar die meeste negatiewe effek of distorsie was.

7.7 KWELVRAE OOR VADERKONSEPTE IN TERAPIE

Na aanleiding van die voorafgaande kom daar noodwendig enkele vrae na vore ten opsigte van die terapeutiese implementering van vaderkonsepte. Die volgende drie vrae sou uitgesonder kon word:

- Hoe sou 'n terapeut te werk kon gaan by terapie aan persone wat hoegenaamd geen vader het nie? Trouens, sommige kinders se vaders sterf vroeg, of word by 'n homoseksuele/lesbiese ouerpaar groot. Daar bestaan dus onkunde oor die inhoud van vaderskap.

- Sou die vadermetafoor enigsins heilsaam gebruik kon word waar persone gevoelens van aggressie of apatie jeens hulle vaders koester?

- Sal persone met 'n swak of negatiewe vaderbeeld noodwendig 'n eksistensiële sekuriteitsgebrek en gepaardgaande angsversteuring ontwikkel?

Die antwoord op die eerste twee bogenoemde vrae lê aan die kern van hierdie navorsingstuk. Die klem op die gebruik van die vadermetafoor vir God word veral gelê met die oog daarop dat daar in die narratiewe proses 'n alternatiewe vaderbeeld geskep word. Die karakter van God as Vader is in hoofstuk 4 aangesny sodat daar inhoudelike duidelikheid oor die betekenis daarvan gegee kan word. Die narratiewe proses word benut om die fases van die ontdekking van 'n alternatiewe vader te fasiliteer. Die kliënt moet 'n ander vader ontmoet en leer ken. Vir diegene wat vanweë vaderafwesigheid 'n haas inhoudlose vaderkonsep het, is die inhoud van die konsep van God as vader dus van belang. Vir andere, wat gevoelens van aggressie of apatie teenoor vaders beleef, is die metaforiese tweekantigheid van die feit dat God ook nie soos aardse vaders is nie, van groot belang. Daar word by 9.2, waar die verskeie momente van die diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel ter sprake kom, weer op hierdie aangeleenthede teruggekom. In 9.3 word enkele aspekte van die problematiek wat pas genoem is, ook in 'n praktiese toepassing van die ontmoetingsmodel aangetref.

Ten opsigte van die laaste vraag wat hierbo genoem word, spreek dit vanself dat daar geen oorsaaklike *noodwendigheid* bestaan wat sou beteken dat iemand wat met vaderafwesigheid opgroei uiteindelik met die een of ander angsversteuring te kampe sal hê nie. Die hipotese wat in hierdie navorsingstuk ondersoek word, is dat sodanige vaderafwesigheid wel 'n oorsaaklike uitwerking *mag* hê en by 7.6 is sodanige korrelasie aangedui. Desnieteenstaande is daar vele ander faktore wat by die vorming van 'n individu in die spel kom en is dit daarom geen saak van noodwendigheid dat 'n persoon met 'n afwesige of destruktiewe vader aan angsversteurings sal ly nie. Die mens beskik trouens oor 'n inherente veerkragtigheid waardeur heelwat individue daarin slaag om ten spyte van uiters negatiewe omstandighede te ontwikkel tot gesonde en wel-aangepaste lede van die samelewing.

7.8 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die geslagsunieke rol van vaders by die ontwikkeling van kinders dra by tot die vermoë tot vertrouensvolle selfstandigheid, gevoelens van sekuriteit en 'n toereikende waaghouding in die latere volwasse lewe. Hoewel daar nie veralgemeen moet word nie, is die effek van vaderloosheid of vaderafwesigheid oor die algemeen negatief en is op verskeie lewensterreine, soos skolastiese prestasie, dissipline, selfbeskouing en geloofsbelewenis van die kind sigbaar. Vaderafwesigheid of die negatiewe invloed van vaders dra dan by tot gevoelens van eksistensiële insekuriteit, wat ook na die volwasse lewe oorgedra word. Sodanige gevoelens korreleer met die simptomatologie van veralgemeende angsversteuring. Deur die pasgenoemde verbande te identifiseer, word daar 'n sintese gemaak uit die insigte wat in die gedragswetenskaplike ondersoek na angsversteurings en 'n teologiese ondersoek van die vadermetafoor bekom is.

By die pastorale terapie aan persone met die genoemde gemoedsversteuring sal daar aandag aan die vader- en Godsbeeld van die kliënt gegee moet word, sodat daar helende aanpassings in die verhaal van die kliënt gemaak kan word. Hierdie terapeutiese werkswyse vergestalt die wyse waarop die hipotetiese verband tussen Gods-/vaderbeeld en veralgemeende

angsversteuring aangespreek kan word. Dit word in die volgende hoofstuk in metodologiese verband ondersoek en in hoofstuk 9 in die praktyk nagevors.

DIE ONTMOETINGSMODEL IN METODOLOGIESE VERBAND

We do not need many researchers today;
what we need are searchers.
-Louis N. Katz

8.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 1 aangetoon, vorm hierdie en die volgende hoofstuk deel van die derde invalshoek waaruit ondersoek vir hierdie navorsingstuk aangepak word. Daar is by 1.2.4.1 melding gemaak van die invloed van die modernisme en die postmodernisme op die vakgebied van die praktiese teologie. Ten einde die posisie van 'n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel binne die kader van die spanning tussen 'n modernistiese en postmoderne benadering aan te toon, word daar in hierdie hoofstuk in nadere besonderhede op beide begrippe ingegaan met beklemtoning van metodologiese implikasies. Verder word daar aandag gegee aan die aard van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, ten einde die posisie van die genoemde model aan te toon en die keuse vir 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie te begrond.

Aangesien die model in die volgende hoofstuk by wyse van 'n narratiewe gesprek ondersoek sal word, word daar ook hier aandag aan die narratiewe proses met kenmerkende elemente, soos dekonstruksie en die rol van vraagstelling, aandag gegee. Die gebruikmaking van die narratiewe gesprek as ondersoekmetode is eie aan deelnemende of resiprokale navorsing waar dit gebruiklik is om die individue, wat saam met die navorser by die gesprek betrokke is, as medenavorsers of gespreksgenote te benoem. Hoewel hierdie gebruik metodologies korrek is, word daar hier enersyds, ter wille van eenvormigheid en andersyds, in ooreenkoms met die titel van die navorsingstuk

van die term *kliënt* gebruik gemaak, terwyl die terme *terapeut* en *navorser* afwisselend vir die ondersoeker gebruik word.

8.2 DIE ONTMOETINGSMODEL BINNE DIE SPANNING TUSSEN MODERNISME EN POSTMODERNISME

Daar ontstaan 'n inherente spanning as daar enersyds, vir 'n gereformeerde paradigma en 'n deduktiewe epistemologie (1.4.1 en 1.4.2) gekies word en andersyds, hoofsaaklik met 'n narratiewe werkswyse, wat in wese 'n postmoderne benadering is, te werk gegaan word. Om hierdie rede word daar kortliks ingegaan op die metodologiese onderskeide tussen modernisme en postmodernisme, asook tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, sodat die posisie van 'n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel binne die genoemde spanning omskryf kan word.

8.2.1 Navorsingsmetodiek en modernisme

Die modernisme (ook positivisme genoem) kan in die ontwikkeling van die wetenskap na die tydperk van die Renaissance teruggevoer word. Prominente begrippe in hierdie perspektief op die versameling van kennis is, byvoorbeeld rede, absolute waarheid en wetenskaplike onfeilbaarheid. Kennis, volgens hierdie perspektief, is dan 'n objektiewe waarheid met 'n eie bestaan, onafhanklik van die individu met sy talle interpretasies daarvan (Du Toit 1988:36).

Wat die mens-georiënteerde wetenskappe aanbetref, word kennis volgens die modernisme, op grond van waarneming gegenereer. Hierdie kennis ontwikkel dan tot teorie, wat op sy beurt verduideliking bied vir dit wat deur "objektiewe" navorsing waargeneem is. Hierdie proses beteken dan dat objektiewe kennis, wat in geformuleerde teorieë neerslag vind, 'n verklaringsbeginsel vir menslike probleme bied, sowel as die behandelingsprosedures van defekte belig (Payne 2000:20). Die fokus in hierdie proses val eerder op mikro-kosmiese detail (byvoorbeeld intra-psigiese dinamiek), as op makro-kosmiese (byvoorbeeld sistemiese of ekosistemiese) kontekste. Die terapeutiese hoofstrominge van die

vorige eeu was tekenend van sodanige fokus, byvoorbeeld die intra-psigiese vertrekpunt van die psigo-analitiese beweging in die beginjare van die twintigste eeu. Die konflikterende reaksies van die psigiese komponente van die individu is bestudeer, terwyl die impak van die breër sosiale konteks nie in berekening gebring is nie. In dieselfde tydvak het die behaviorisme eweneens die stimulus-reaksie siklusse van die individu geanaliseer, met onderwaardering vir die emosionele en sosiale konteks waarbinne die individu se gedrag voorkom. Hoewel die vroeë familieterapeutiese teorieë, soos die sisteemteorie, groter waarde aan die kontekstuele aspekte van gedrag gegee het en van die psigoanalise af wegbeweeg het, was daar steeds nie genoegsame klem op die groter kulturele en historiese kontekste nie (Doherty 1991:39).

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat veral twee aspekte voorop staan in die kennisaansprake van die modernisme (Dill & Kotzé 1997:3):

- Wetenskaplike kennisaansprake is objektief.

- Die metode van wetenskaplike kennisverwerwing is *rasioneel*.

- Die wetenskap beskryf die werklikheid presies soos dit is.

Sedert die tagtigerjare van die vorige eeu het die modernistiese benadering egter al meer kritiek ontlok (vergelyk 1.2.4). Die verwagting dat die moderne wetenskap tot die daarstelling van objektiewe en algemeen-geldende kenniswerwing sou lei, kon dus nie verwesenlik word nie (Dill & Kotze 1997:7). Wat navorsingsmetodologie betref, het die modernisme dus nie daarin geslaag om die kontekstuele, sistemiese en filosofiese aspekte van die ondersoek van problematiek en toepassing van terapie ten volle in berekening te bring nie.

8.2.2 Navorsingsmetodiek en postmodernisme

Die ontnugtering met die sosiale, religieuse, ekonomiese en politieke sisteme van die moderne era het stelselmatig bygedra tot die postmoderne denkkader

waarin geloof in absolute waarheid nie meer bestaan nie. Die bestaande sisteme, hetsy religieus of ideologies, word hoogstens as sosiale konstruksies aanvaar. Weens die afwesigheid van absolute waarheid, kan daar in 'n postmoderne denkraamwerk slegs *gesigspunte* wees wat 'n organiserende funksie vir die mens en sy omgewing vervul (Doan 1998:380-381).

Snyman (1998:12) omskryf die inhoud van die postmoderne denkraamwerk omvattend en dit kan as volg opgesom word:

- **Postmoderniteit** dui op 'n era waarin die geloof in vooruitgang deur kennis nie meer gehandhaaf word nie.

- **Postmodernisme** (as konsep) verwys na die verskyning van kulturele narratiewe, soos dit uitdrukking vind in taal, kuns of argitektuur wat 'n veelheid van perspektiewe huisves.

- **Postmodernistiese denke** is die proses waardeur hierdie perspektiewe as diskoerse oor die kultuur, of ander elemente van die postmoderne era, na vore gebring word. In die praktyk vergestalt dit as 'n proses van dialoog waarin betekenisse, teks en realiteite gedekonstrueer word, maar ook waarin die vesel, wat betekenisse, teks en realiteite met mekaar verbind, mede-gekonstrueer word.

Postmodernistiese denke word voorts deur Lax (1992:69-70) as volg beskryf: *"Writings on postmodernism… is often characterized by the following emphases: the self is conceived not as a reified entity, but as a narrative; text is not something to be interpreted, but, is an evolving process; the individual is considered within a context of social meaning rather than as an intrapsychic entity; and scientific knowledge… yields to narrative knowledge with emphasis placed more upon communal beliefs about how the world works."*

Die eendimensionele siening van realiteit, wat eie is aan die modernisme, maak dus plek vir 'n kommunale, kontekstuele en multi-perspektiewelike siening, wat

in die postmoderne denke manifesteer in die ontwikkeling van die kubernetika, konstruktivisme en sosiale konstruksionisme (wat elkeen hieronder kortliks bespreek word).

Hierdie alternatiewe metodologieë het aanduidend geword van die evolusionêre verandering na postmodernisme (McLean 1997:10) en het 'n ingrypende invloed op navorsingsmetodiek gehad.

In die *kubernetiek,* die studie van sisteme en hulle invloed op mekaar, word onderskeid getref tussen eerste- en tweede-orde kubernetiese verandering. Eersgenoemde dui op verandering wat binne 'n sisteem plaasvind en laasgenoemde op verandering van die sisteem self. Tweede-orde verandering is dus van 'n hoër klas as eerste-orde verandering. 'n Terapeut wat byvoorbeeld iemand met veralgemeende angsversteuring nouteties aanspreek om op grond van sekere Skrifgedeeltes nie meer angstig te wees nie, sal dus na verwagting min of geen sukses behaal nie, aangesien dit slegs poog om eerste-orde verandering teweeg te bring. Die fokus moet eerder op die interaktiewe prosesse tussen die persoon, die angstoestand en die sosiale netwerk wees. Sodanige terapeutiese arbeid behoort dan tweede-orde verandering teweeg te bring (Joubert 1987:109).

Wat die *konstruktivisme* betref, is die uitgangspunt dat kennis in der waarheid menslike konstruksies is en nie die weerspieëling van 'n eksterne of objektiewe werklikheid nie. Kotzé (1992:62) wys daarop dat hierdie uitgangspunt die weg daarvoor baan dat die individu keuses kan maak ten opsigte van die konstruksie van kennis. Menslike verantwoordelikheid, in plaas van menseregte en vryheid, tree ten opsigte van hierdie keuses sterk op die voorgrond. Die konstruktivisme dui verder aan dat die wyse waarop die individu die sosiale kontekste skep, waarin geleef word, geskied deur die betekenisse wat aan ervarings gegee word. Mense heg dus betekenisse aan die sosiale toneel wat hulle self beskryf en tree in ooreenkoms met daardie beskrywing op. Die konstruktivisme staan hier in kontras met die modernistiese aanname dat die werklikheid onafhanklik

van die individu se interpretasies daarvan bestaan. Vir die terapeut is die uitdaging dan daarin geleë om die individu te verstaan in terme van sy/haar interpretasies en persoonlike konstruksies van die werklikheid (Van der Watt 1993:76).

Vir navorsingsmetodiek op die terrein van die menswetenskappe is die fokus nie die waarneming van objektiewe, meetbare kwantiteite nie, maar eerder om die konstruksies, wat deur individue aan hulle bestaan gegee is, te begryp.

Vir diegene wat gesprekvoering as terapeutiese metode gebruik, bied die sosiale *konstruksie diskoers* 'n betekenisvolle epistemologie. Kotzé en Kotzé (1997:27) wys daarop dat, volgens hierdie benadering, kennis as die resultaat van 'n sosiale konstruksieproses gesien word, en nie as die objektiewe beskrywing van eksterne waarneembare realiteite nie. Aangesien die wêreld die arena van veelvuldige realiteite is, is dié realiteite sosiaal gekonstrueer, konteksgebonde, bestaan dit in taal en word dit deur taal gekommunikeer. Kogan en Gale (1997:102) wys daarom op die feit dat laasgenoemde die rede is waarom diskoers-gebaseerde metafore vir die verstaan van die sosiale omgewing gebruik word. Hierdie feit impliseer ook dat probleme net in taal bestaan, sou dit sodanig (as probleem) deur die individu geformuleer word (Grobler 1991:51). Hierdie siening het bepaalde gevolge vir Skrifgebruik in terapie, soos in Hoofstuk 6 aangetoon is. Die individu is egter, anders as by die modernisme, nie die subjek van ondersoek nie. Die selfidentiteit van die individu tree uit die diskoers na vore en die individu is self aktief by die insluiting, reproduksie en ontwikkeling van die kontekste waaraan deelgeneem word, betrokke. Die individuele ervarings staan dus nie los van die kontekste en gesprekke wat aan ervarings betekenis en rigting gee nie (Kogan & Gale 1997:103).

Na hierdie bondige oorsig van die basiese benaderings tot navorsing vanuit 'n modernistiese en postmodernistiese paradigma, kan daar nou kortliks op die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gelet word.

8.2.3 Kwantitatiewe teenoor kwalitatiewe navorsing

Wetenskapsbeoefening kan nie sonder navorsing geskied nie. Hoewel hierdie navorsingstuk nie oor navorsingsmetodologie handel nie, is dit ter wille van die plasing van die genoemde model binne 'n spesifieke metodologie belangrik om in breë trekke verskeie benaderings tot navorsingsmetodologie in oënskou te neem.

Neuman (1997:60-86) wys daarop dat daar hoofsaaklik vyf benaderings tot navorsing onderskei kan word, te wete:

- **Positivisties**, waar 'n georganiseerde metode gebruik word met 'n kombinasie van deduktiewe logika en presiese empiriese waarneming om kousale wetmatighede te bepaal, waarvolgens patrone van menslike gedrag omskryf kan word (vergelyk 8.2.1).

- **Interpretatief**, wat die sistematiese analise van sosiale aktiwiteit deur middel van die gedetailleerde waarneming van mense in 'n natuurlike milieu behels, ten einde 'n begrip te vorm van hoe mense hulle sosiale wêrelde skep en in stand hou.

- **Krities**, wat 'n proses behels waar die navorser verder as dit wat op die oppervlak waarneembaar is, wil ondersoek, ten einde die werklike strukture in die materiële wêreld bloot te lê sodat mense bygestaan kan word om hulle omstandighede tot groter welsyn te verander.

- **Feministies**, waar 'n verskeidenheid van navorsingsmetodologieë gebruik word, maar vanuit 'n feministiese perspektief.

- **Postmodern** (vergelyk 8.2.2).
  Na gelang van epistemologiese keuse, sou elk van die bogenoemde benaderings 'n metodologiese keuse inhou, wat óf kwantitatiewe, óf

kwalitatiewe navorsing tot gevolg sal hê. By eersgenoemde sal die ondersoek van kwantitatiewe data plaasvind met die klem op meetbaarheid, geldigheid en betroubaarheid.

Daar sal byvoorbeeld eksperimenteel te werk gegaan word met groepe of individue as subjekte, of deur middel van monsterneming ("*sampling"*), of met opnames. Hierdie eksperimentele arbeid sal dan uitmond in konkrete bevindinge wat standaardisering in die vorm van, byvoorbeeld skale of indekse, moontlik maak. 'n Kwantitatiewe werkswyse is dus 'n poging om feite en tendense te identifiseer en deur middel van veral getalle of statistiek weer te gee (Neuman 1997:133).

By 'n kwalitatiewe werkswyse daarenteen word daar volgens Neuman (1997:30) eerder van woorde en prente (*data enhancers*) gebruik gemaak om inligting te belig (of duideliker te maak) en ondersoekmetodes, wat gebruik word sou tegnieke, soos "*field research"* of histories-vergelykende studie kon insluit (1997:343-384). Hy tabuleer dan die verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing as volg:

Kwantitatief	Kwalitatief
Meet objektiewe feite	Konstrueer sosiale realiteite/kulturele betekenis
Fokus op veranderlikes	Fokus op interaktiewe prosesse/gebeure
Betroubaarheid is sleutel	Egtheid is sleutel
Waardevry	Waardes is teenwoordig en eksplisiet
Onafhanklikheid van konteks	Situasie gebonde
Statistiese analise	Tematiese analise
Navorser hou afstand	Navorser is betrokke

Met hierdie benaderings tot navorsingsmetodiek, sowel as die keuses van paradigma en epistemologie wat in 1.4.1 en 1.4.2 aangedui is in gedagte, is dit

nou nodig om nadere aandag aan die posisie van ‘n diakoniologies-integrerende model in hierdie konteks te gee.

8.2.4 Die metodologiese posisie van ‘n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel

Die reedsgenoemde spanning waarin die model bestaan, spruit uit die feit dat dit vanuit die drie invalshoeke wat in hoofstuk 1 genoem is, ondersoek word. Dit word teologies ondersoek en in dié ondersoek is vir ‘n deduktiewe epistemologie gekies sodat die standpunt gehandhaaf kan word dat kennis oor God uit die openbaring spruit.

Dit word ook vanuit die psigopatologie ondersoek, wat in wese ‘n modernistiese aanpak het en derdens, soos dit in die volgende hoofstuk behandel word, op fenomenologiese wyse, deur middel van ‘n narratiewe gesprek, wat in wese ‘n postmoderne aanpak is. (Die narratiewe proses word wel in hierdie hoofstuk onder 8.4 bespreek). Die integrerende aard van die model bestaan onder andere juis daarin dat dit in die “spanningsruimte” tussen hierdie genoemde navorsingsmetodologieë funksioneer.

‘n Integrerende werkswyse veronderstel nie dat ‘n deduktiewe aanpak met ‘n hermeneutiese benadering vervang word nie. Daar word dus nie van die veronderstelling uitgegaan dat die waarheid nooit objektief kan bestaan nie, maar slegs - soos by die postmodernisme - kontekstueel gevind of bepaal moet word. Janse van Rensburg (1999:159) toon duidelik aan dat ‘n hermeneutiese werkswyse nie eksklusief tot ‘n postmoderne epistemologie behoort nie.

‘n Deduktiewe epistemologie, soos deur hierdie navorser verkies is, laat ruimte vir ‘n direktiewe element in die terapeutiese proses en verteenwoordig, vir die rol van die terapeut, meer as ‘n ingesteldheid van “*not knowing*” waar hy/sy


bloot deur die dekonstruksie van narratiewe moet help vasstel watter "waarheid" vir die kliënt die beste is.

'n Deduktiewe epistemologie staan nie noodwendig *teenoor* 'n induktiewe pastorale grondhouding nie (Janse van Rensburg 1999:161). Louw (1997:117-131) se pastoraat as vertolking en ontmoeting, maak byvoorbeeld van 'n hermeneutiese model gebruik sonder om ontrou te wees aan 'n deduktiewe epistemologie.

Hieruit konkludeer Janse van Rensburg (1999: 161-162) dat *"…dit nie nodig is om die keurslyf van 'n postmoderne epistemologie aan te trek ten einde 'n hermeneutiese model in die pastorale etiek te postuleer nie… Dit was inderdaad nooit die bedoeling dat 'n deduktiewe benadering 'n induktiewe sensitiwiteit uitgesluit het nie… Daarmee word die beskuldiging vanuit 'n postmoderne epistemologie, dat 'n deduktiewe en direktiewe pastoraat eksklusief vanuit 'n subjek-objekskema opereer, afgewys. 'n Direktiewe pastoraat sluit hoegenaamd nie die fasilitering van 'n intersubjektiewe relasie uit nie."*

Wat dus met 'n vertolkingsmodel vanuit 'n postmoderne epistemologie bereik word, kan ook aan 'n deduktiewe benadering inherent wees. Hierdie navorser behou gevolglik met vrymoedigheid die keuse vir 'n deduktiewe epistemologie en maak met dieselfde vrymoedigheid van hermeneutiese werkswyses gebruik, maar verwys na 'n "spanning" tussen navorsingsmetodologieë ten einde aan te toon dat sodanige integrering wel metodologies begrond moet word, soos hierbo aangetoon is.

Hiermee word die opmerkings wat in hoofstuk 6 oor ko-konstruktivisme gemaak is, bevestig (vergelyk 6.2). Die bestaan van die model in 'n "spanningsruimte" kan ten beste grafies gekonseptualiseer word, soos hieronder aangedui. Die voorstelling berus op dieselfde drie invalshoeke waarvandaan hierdie navorsingstuk uitgaan, soos by 1.7.1 aangetoon is.



Elemente wat in hierdie navorsingstuk onder elk van die invalshoeke ter sprake kom (soos skematies aangetoon):

Invalshoek 1


a. Gedragswetenskappe
b. Psigopatologie (as middel tot omskrywing van probleemterrein)
c. Insigte uit psigoterapeutiese tegnieke

Hoofsaaklik modernistiese ondersoek

Invalshoek 2

d. Diakoniologiese aanpak
e. Die Skrif as openbaringsbron vir teologiese kennis
f. Verantwoordelike Skrifgebruik
g. God se Verhaal (Groot Verhaal)
h. Die Bybelse Vadermetafoor
i. Die Bybelse Geloofsimperatief

Teologiese ondersoek



Elk van die elemente in die grafiese voorstelling word kortliks omskryf (letters dui die posisie van elk in die grafika aan):

- **Invalshoeke 1, 2, en 3**
  Die invalshoeke, as vlakke van navorsing, **omgrens die ruimte** waarbinne die model bestaan en die terapeutiese proses sigself afspeel. Die vlakke moet as weerkaatsend gesien word, aangesien insigte uit elk van die invalshoeke na mekaar reflekteer en so die integrerende aard van die model totstandbring.

- **Invalshoek 1: Gedragswetenskaplike ondersoek**
  Die **gedragswetenskappe** (a) word in hierdie navorsingstuk hoofsaaklik aangewend as bron om 'n omskrywing van die terrein van die problematiek van angsversteurings en spesifieke inligting aangaande veralgemeende angsversteuring te bekom. Die **psigopatologiese** (b) benoeming van die terrein impliseer nie dat die terapeutiese proses wat in die ontmoetingsmodel gevolg word, modernisties van aard is nie, al word enkele oorwegende modernistiese **psigoterapeutiese tegnieke** (c), soos REGT daarby betrek. Hierdie invalshoek het 'n oorwegende modernistiese karakter en is in hoofstukke 2 en 3 behandel.

- **Invalshoek 2: Teologiese ondersoek**

  Hierdie deel van die ondersoek is in hoofstukke 4, 5 en 6 van die navorsingstuk bespreek. Daar word in die genoemde model van die openbaring as epistemologiese bron vir teologiese kennis uitgegaan. Om hierdie rede word 'n **diakoniologiese aanpak** (d) tot die vakgebied van die praktiese teologie gevolg. Die **Skrif as openbaringsbron** (e) staan sentraal in die bekoming van kennis oor God se Verhaal. Hieruitvoortspruitend word **verantwoordelike Skrifgebruik** (f) in die pastorale terapie bepleit om **God se Verhaal** (g) by die terapeutiese proses te betrek. In hierdie verhaal word onder andere die **Bybelse Vadermetafoor** (h) gebruik om die aard van God se betrokkenheid by die lewe van die individu te verwoord. Die Skrif roep die individu ook op om ooreenkomstig die **Bybelse geloofsimperatief** (i) God in die aanwesigheid van angs te vertrou.

- **Invalshoek 3: Fenomenologiese ondersoek**

  Hierdie gedeelte van die navorsing dra 'n oorwegend postmoderne karakter en word in hierdie en die volgende hoofstuk weergegee. Die metode om die voorgestelde model in die praktyk na te vors is **fenomenologies** (j) van aard en geskied ooreenkomstig 'n **kwalitatiewe** (k) navorsingsmetodologie in die vorm van 'n **enkelgevalstudie met 'n dieptesnit-ontwerp** (l). Hierdie studie vind plaas deur 'n gesprek met 'n **narratiewe terapeutiese proses** (m). Die narratiewe werkswyse is 'n **hermeneutiese** (n) proses waar die individu se verhaal aan die orde kom.

  Die drie invalshoeke verteenwoordig drie lyne wat in die terapeutiese proses konvergeer en sodoende 'n **ontmoeting** voorstel en te ryme is met 'n konvergensie model wat in 1.2.3.7 bespreek word.

- Die terapeutiese proses (o) word in die grafiese voorstelling aangetoon as 'n sfeer (bal) wat na bo beweeg. Hierdeur word die evolusionêre aard van die proses aangedui en gesuggereer dat dit in wese ook eduktief is, deurdat dit die groei en ontwikkeling van die individu in die proses bevorder. Die

momente van die terapeutiese proses in die genoemde ontmoetingsmodel naamlik, *Voorstelling*, *Leer Ken, Liefkry* en *Voortleef* sal in die volgende hoofstuk omskryf word.

- Heil (p) verteenwoordig die feit dat die ruimte waarbinne die navorsings- sowel as terapeutiese proses sigself afspeel, belig word deur die *heil* wat verbondmatig as 'n belofte van God figureer en in die proses deur die individu ontdek en beleef word.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat die integrerende aard van die betrokke model verder daarin geleë is dat die aanwesigheid van insigte uit al drie invalshoeke, wat verteenwoordigend van verskillende paradigmas is, voortdurend na mekaar reflekteer sowel as konvergeer en dat 'n verskeidenheid van tegnieke aanwesig is. Dit dui dus op 'n proses van voortdurende integrering. Daarom word dit nie 'n *geïntegreerde* model genoem nie, omdat sodanige benoeming op 'n afgehandelde proses sou dui. Die voorafgaande paragrawe lê die grondslag vir die bespreking van die keuse vir 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie wat eie is aan fenomenologiese navorsing.

8.3 DIE GEBRUIKMAKING VAN 'N KWALITATIEWE ENKELGEVALSTUDIE AS NAVORSINGSMETODE EN DIEPTESNIT-ONTWERP

Vir die doel van hierdie studie het die navorser besluit op 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering met benewens literatuurstudie (Barrett 1995:21), ook 'n enkelgevalstudie as navorsingsmetode. Die unieke karakter en eie-aard van hierdie benadering en metode het na deeglike ondersoek geblyk die mees toepaslike te wees ter bereiking van navorsingsdoelwitte. Dit bied ook die nodige ruimte vir die ontplooiing van 'n narratiewe terapeutiese proses. Van die belangrikste oorwegings wat hierdie standpuntinname gerugsteun het, is die volgende:

- Die interaksionistiese perspektief, ingebed in die sosiale konstruktivisme, wat primêr neerslag vind in gesprekvoering tussen navorser en navorsingsobjek (Noakes & Wincup 2004:7), is 'n belangrike komponent in die kwalitatiewe benadering (Yegidis & Weinbach 2002:17), in die enkelgevalstudie (Yegidis & Weinbach 2002:285) en die narratiewe beradingsproses (Morgan 2000:4).

- Daar is gemenedelers aanwesig, byvoorbeeld in terme van doel en aard, wat onderling komplementerend is tot mekaar en tot die navorsingsproses in geheel - in die sin dat beide kwalitatiewe navorsing (Rossman & Rallis 2003:4) en die enkelgevalstudie (Yegidis & Weinbach 2002:285) daarop gerig is om tot kennis te kom, ten einde 'n verandering/verbetering in menslike gedrag, omstandighede en/of persepsie teweeg te bring.

- Beide wat die enkelgevalstudie en die kwalitatiewe navorsingsbenadering betref, is daar duidelik sprake van 'n sistematiese navorsingsproses. Dit beteken dat die navorser 'n doelbewuste proses van besluitneming volg rakende die data ter sprake - spesifiek met betrekking tot die versameling van die data en die betekenis daarvan, wat gedeeltelik gekonstrueer word deur interaksie met die navorsingsobjek. Die resultaat van 'n sistematiese navorsingsondersoek is die daarstelling van nuwe informasie. Wanneer hierdie informasie gebruik word om die mens se situasie te verbeter, word dit geag as kennis te wees wat gegenereer is (Rossman & Rallis 2003:11-12).

Atkinson *et al.* (2003:15) se standpunt in hierdie verband kan dus met reg onderskryf word: *"Contemporary qualitative research is, therefore, a highly variegated domain. The range of actual methods deployed is diverse. The methods that are routinely discussed include not just participant observation and interviewing, but also the collection and analysis of life histories, biographies and autobiographies, the recording and analysis of spoken discourse…"*

Die bespreking tot dusver toon dus aan dat dit sinvol sou wees om die genoemde ontmoetingsmodel as werkwyse op 'n fenomenologiese wyse te ondersoek. Dit is daarom nodig om enkele opmerkings oor die gebruikmaking van 'n enkelgevalstudie as ondersoekmetode te maak. Die enkelgevalstudie pas in die kader van 'n fenomenologiese navorsingsmetodiek, aangesien die beleefde ervaring van die kliënt die onderwerp van ondersoek word. Kwalitatiewe enkelgevalstudies verskil van kwantitatiewe enkelgevalstudies deurdat daar gepoog word om die kunsmatigheid wat met kwantitatiewe enkelgevalstudies (wat 'n eksperimentele karakter dra), gepaard gaan, te vermy. Om hierdie rede word daar ook gepoog om die omgewing waarbinne die navorsing plaasvind so natuurlik as moontlik te hou. Deur so naby as moontlik aan die kliënt (of mede-navorser) te kom, word toegang tot sy/haar subjektiewe inligting soos gedagtes, gevoelens en behoeftes, vergemaklik. Omdat die navorsingsgebeure emosioneel betekenisvolle gebeure insluit, is dit noodsaaklik dat daar tyd met die opbou van 'n vertrouensverhouding geneem sal word en dat goeie luistervaardighede deur die navorser aangewend word (Pauw 1997:55). Hierdie vorm van navorsing kan ook as deelnemende of resiprokale navorsing omskryf word, aangesien die kliënt as mede-navorser optree en die navorser nie na die kliënt as 'n navorsingsobjek verwys nie. Die navorser staan nie as "kundige" teenoor die kliënt ten einde 'n eksperiment te voltooi nie, maar is meer betrokke in die proses waaruit insigte na vore kom. Volgens Wilson (1995:70) verskil die enkelgevalstudie van gevallestudies wat retrospektiewe verslae oor waarnemings ten opsigte van individue is.

'n Enkelgevalstudie het nie alleen toepassingsmoontlikhede in terme van 'n enkele individu as mede-navorser nie, maar ook in terme van die ondersoek van byvoorbeeld 'n enkele sisteem in 'n wyer sin van die woord, byvoorbeeld 'n gesin, groep, gemeenskap of politieke stelsel. Dit kan ook in 'n verskeidenheid van dissiplines soos die sosiologie, sielkunde of staatsleer aangewend word. Die primêre doelwit van 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie is om die uniekheid en kompleksiteit van 'n enkelgeval te verstaan en die aard en funksionering daarvan te begryp (Pauw 1997: 56-57).

Die voordele verbonde aan die gebruik van 'n enkelgevalstudie, soos toegepas op narratiewe berading, is volgens Besa (1994:324) die volgende:

- Die werkswyse behels direkte maatreëls, soos gedragsomskrywing, eerder as indirekte maatreëls, soos vraelyste.

- Die terapeut en kliënt is mede-navorsers wat deelneem aan 'n proses van die identifisering en analise van 'n probleem.

- Elke gesprek kan aangepas word by die unieke aspekte van die situasie van die individu.

- Die navorsingsontwerp kan tydens die proses na gelang van omstandighede aangepas word.

Wat die uitkoms van die proses betref, merk Besa (1994:323-324) op dat die meting van verandering dan deur die persepsies van die kliënt (as gespreksgenoot) bepaal word en nie deur objektiewe "realiteit"-gebonde meetinstrumente nie.

Vir die doeleindes van hierdie navorsingstuk is daar benewens die keuse vir 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie verkies om van 'n dieptesnit-ontwerp gebruik te maak. Volgens Fife-Schaw (1995:100) is laasgenoemde te onderskei van 'n dwarssnit-ontwerp en 'n tyd-serie opname. 'n Dwarssnit-ontwerp impliseer die betrokkenheid van meer as een individu by navorsing oor 'n enkele onderwerp op 'n gegewe tydstip, terwyl 'n tyd-serie opname die moontlikheid van 'n lang tydsverloop toelaat (Neuman 1997:28).

Die dieptesnit-ontwerp behels teoreties gesproke die neem van 'n enkel monster, waarvan die reaksies by meer as een geleentheid waargeneem word; dit laat dus die moontlikheid oop vir 'n onbeperkte aantal opvolgkontakte met

die navorsingsterrein of individu. Hierdie ontwerp is gevolglik veral dienlik wanneer die impak van lewensgebeure nagevors word.

Kwalitatiewe navorsing en die gebruikmaking van 'n enkelgevalstudie met 'n dieptesnit-ontwerp as uitgangspunt, kom metodologies ooreen met 'n fenomenologiese navorsingsmetodiek. Hierdie fenomenologiese ondersoekmetode rym op sy beurt weer met 'n narratiewe werkswyse, juis omdat laasgenoemde nie kwantitatief of modernisties is nie, maar afgestem is op die belewenis van die individu. Daar sal dus by die praktiese toepassing van die ontmoeting op 'n hoofsaaklik narratiewe wyse te werk gegaan word. Waar die narratiewe proses hier as 'n metode van ondersoek voorgehou word, is dit nou nodig om hierdie proses as sodanig in oënskou te neem.

8.4 DIE NARRATIEWE GEBEURE AS METODIEK

As deel van die derde invalshoek waarmee ondersoek in hierdie navorsingstuk gedoen word, word die diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel in die konteks van 'n narratiewe gesprek onder die loep geneem. Daar is etlike elemente wat uniek tot die narratiewe proses behoort en wat in die pastorale terapeut se voorbereiding onder die knie gekry moet word, alvorens dit betekenisvol aangewend word. Die hooftrekke daarvan kom vervolgens aan die orde.

8.4.1 Die narratiewe proses

Soos deur die term *narratief* aangedui, sentreer hierdie benadering tot terapie rondom die verhale van individue. Laasgenoemde skep betekenis in hulle verhale en hierdie betekenisgewing geskied deur middel van taal en 'n gegewe sosiale konteks (Miller & de Shazer 1998:369). Hierdie persoonlike verhale stel individue in staat om hulle ervarings te verstaan en te organiseer (Larner 1996:425). Vanweë die feit dat die individu se verhaal sentraal in die

beradingsproses staan, gaan ‘n narratiewe benadering van die volgende vertrekpunt uit:

- Die kliënt is die kundige van sy eie lewe en die terapeut streef na ‘n eerbiedige en nie-beskuldigende posisie.

- Probleme word as losstaande van die individu gesien.

- Die lewensverhaal van die individu word deur herstrukturering en herinterpretasie verander totdat dit in ‘n storie ontwikkel in terme van ‘n samehang tussen verlede, hede en toekoms (Müller 1996: 101).

- Daar is nie ‘n enkele “korrekte” roete vir die ontwikkeling van die terapeutiese proses nie, maar baie moontlike rigtings waarin dit kan ontwikkel. Die kliënt speel ‘n deurslaggewende rol in die bepaling van die rigting waarin die gesprek ontwikkel (Morgan 2000:4).

Die ontmoeting tussen die kliënt en terapeut is die gevolg daarvan dat die kliënt by ‘n vasgeloopte punt in ‘n probleemversadigde storie, of te wel ‘n “dun”-beskrywing van sy/haar verhaal is. Carlson (1997:271) toon aan dat mense se basiese oortuigings oor hulle lewensverhale mettertyd hulle dominante stories word. Bepaalde oortuigings oor hulleself word geïnternaliseer, terwyl ander ervarings, wat nie by die dominante oortuigings inpas nie, geïgnoreer word. Die dominante stories word dan die lens waardeur daar na die lewe gekyk word, sowel as die bloudruk waarop die eie lewe en die interaksie met ander gekonstrueer word. Kennis rondom oortuigings word oorgedra deur stories wat in gesprekvoering uitgeruil word (Wright *et al.* 1986:19).

In die gesprek met die terapeut deel die kliënt nie net ervarings mee nie, maar ‘n reeks daarvan wat by die dominante storie inpas. Die probleem wat opdoem is (as probleemversadigde storie) die weerspieëling van die dominante waarde wat aan sekere momente gegee is. Dit is van belang om te besef dat die kliënt

nie objektief of neutraal verslag lewer nie, maar eerder 'n argument of bewys vir of teen iets wil lewer. Die herinneringe waaruit die verhaal saamgestel word, is dié van aktiewe rekonstruksie eerder as letterlike waarheid (Efran *et al.* 1990:81-82).

Volgens McLeod (2001:112-113) het die vertel van 'n verhaal tydens die terapeutiese proses veral vier funksies:

- Die vertelling van die storie verskaf kontinuïteit in persoonlike ervaring van die verteller en vervul die funksie van 'n opdatering.

- Die terapeut tree as gehoor op wat deur aandag en emosionele deelname nabyheid en intimiteit fasiliteer - die kliënt ervaar dus 'n vorm van sosiale integrasie.

- Die gesprek dien as 'n wyse om van angsgevoelens ontslae te raak en 'n mate van beheer te ervaar.

- Daar is 'n mate van wensvervulling aanwesig aangesien die storie gestruktureer is rondom sentrale emosionele probleme waaroor daar die begeerte bestaan dat dit opgelos kan word.

Met die aanmelding van die kliënt by die terapeut reflekteer sy/haar storie gewoonlik die dominante verhaal, wat onopgemerkte en vergete elemente ignoreer en daarom as 'n probleemversadigde storie of "dun" beskrywing getipeer kan word (Payne 2000:10). Carlson (1997:272) wys tereg daarop dat, weens die feit dat die dominante verhaal deur die persoon geïnternaliseer is, dit daartoe lei dat hy/sy glo dat die probleem in hom-/haarself gesetel is. Hierdie toedrag van sake toon die nodigheid vir die dekonstruksie van die verhaal.

8.4.2 Die dekonstruksie van narratiewe

Die doel van dekonstruksie is om die individu daarvan bewus te maak dat die manier waarop 'n mens leef en dink aan 'n mens se bestaan vorm gee. Hierdeur word die individu daartoe in staat gestel om keuses uit te oefen, om op ander wyses te dink en te leef, sodat dominante verhale omver gewerp word. Sodoende word die mites wat as waarheid gesien word en wat die persoon se lewe beheer, ontmagtig (Crafford & Kotzé 1997:108). Elemente wat tot sodanige dekonstruksie bydra is:

- Eksternalisering.

- Totstandkoming van unieke uitkomste en alternatiewe verhale.

- Herskrywing van verhale sodat bemagtiging kan plaasvind.

Die primêre doel van eksternalisering is om die kliënt by 'n punt te bring waar hy/sy ervaar dat die probleem buite hom/haar lê en gevolglik meer in beheer van die probleem voel. Dit is dus anders as by die dominante verhaal waar die probleem geïnternaliseer word. Twee begrippe wat met eksternalisering in verband gebring word, is objektifisering en personifisering. Objektifisering word gefasiliteer deur die kliënt te nooi om 'n naam of 'n kort frase te gebruik om 'n probleem te benoem. Die probleem word gepersonifiseer na mate dit tydens die terapeutiese proses in 'n eie persoonlike identiteit met 'n leefwyse, motiewe en strategieë ontwikkel wat losstaande van die individu is. Sodoende kom die wese van eksternalisering tot sy reg, naamlik om die kliënt se aanvanklike oortuiging dat die probleem en die self 'n eenheid vorm, uit te daag. Hierdie proses moet binne die kliënt se unieke leefwêreld en taalkonstruksie plaasvind (Carlson 1997:273).

Besa (1994: 312) skryf die volgende voordele aan eksternalisering toe:

- Wanneer die probleem buite die kliënt gestel word, word hy/sy van blaam onthef.

- Geestestoestande of persoonlikheidsafwykings is abstrakte, wydlopende begrippe. 'n Geobjektiveerde probleem daarenteen, is makliker om te identifiseer en te oorkom.

- Die kliënt, familielede en die terapeut kan 'n verenigde front teen die probleem vorm.

Die volgende element van dekonstruksie, naamlik die totstandbrenging van unieke uitkomste en alternatiewe verhale, is belangrik in die narratiewe proses. Die individu word daarvan bewus dat hy/sy geleentheid het om samewerking met, of toegewing aan, die probleem te weier. Sodoende verloor die dominante storie sy mag en die individu word vry om alternatiewe stories ten opsigte van eie identiteit, voorkeure en waarhede te ontwikkel. Met die vooropstelling van alternatiewe stories ontvou 'n nuwe realiteit wat die magspraktyke van die voorheen dominante verhaal ontmasker (McLean 1997:19). Die totstandkoming van alternatiewe stories lê dus veral op wat White (1995:31), die *landskap van betekenis* noem.

Bogenoemde totstandkoming van unieke uitkomste lei uiteindelik tot 'n herskryfde verhaal van bemagtiging, waarin die individu ontwikkel het na 'n bekwame persoon wat 'n bepalende invloed op die intriges, temas en uitkomste van sy/haar lewensdrama uitoefen (Besa 1994:313). Die ou, probleemversadigde storie en die nuwe storie staan naas mekaar en die individu kan besluit welke soort gedrag by welke storie tuishoort. So sal, byvoorbeeld 'n gevoel van waardeloosheid of onmag by die ou storie hoort en gevoelens van sterkte by die nuwe. Morgan (2000:72) wys daarop dat dit in hierdie stadium van die terapeutiese proses belangrik is dat die individu gehelp sal word om aan 'n nuwe storie verbind te bly. Die nuwe storie moet dus bevestig word en dit kan aangehelp word deur byvoorbeeld die nuwe storie met 'n groter gehoor te

deel. Die terapeutiese proses kan as voltooid beskou word wanneer die individu self besluit dat die nuwe dominante storie genoeg substansie het om voort te bestaan. Hierdie vestiging kan ook gefasiliteer word deur hulpmiddels, soos dokumente wat sertifikate van voorneme of verklarings van die een of ander aard insluit (Besa 1994:313), of rituele en feesvierings waar die prestasie, verandering of nuwe lewensingesteldheid bevestig word (Crafford & Kotzé 1997:108).

8.4.3 Die rol van vraagstelling in die narratiewe proses

'n Spesifieke benadering tot vraagstelling tydens die terapeutiese gesprek is eie aan die narratiewe proses. Die filosofiese standpuntinname en terapeutiese houding wat hierdie vraagstelling onderlê, word deur Kotzé (1995:52) as volg saamgevat:

- Die terapeut beskou hom-/haarself nie as die een wat oor unieke informasie beskik nie – dit impliseer egter nie die afwesigheid van intensionaliteit nie.

- Die kliënt kan nooit ten volle verstaan word nie.

- Die terapeut moet meer te wete kom oor wat die kliënt sê, wat nie gesê word nie en wat nog nie gesê is nie.

Met vraagstelling is die intensie van die terapeut nie om inligting te bekom nie, maar om ervarings by die kliënt te genereer en ook dat die kliënt in reaksie op die vraagstelling sy/haar dominante probleemstories sal dekonstrueer en 'n alternatiewe storie, wat 'n nuwe voorkeurrigting verteenwoordig, sal ontwikkel (Friedman & Combs 1996:113-118). Die gesprekvoering bring dus tussen terapeut en kliënt 'n verhouding van mede-outeurskap tot stand wat 'n gemeenskaplike soeke na nuwe moontlikhede en betekenis op tou sit (White 1988:45). Die kategorieë van vrae wat hieronder genoem word, dien

hoegenaamd nie as 'n formule vir die narratiewe proses nie, maar toon wel aan op welke gebiede die vraagstelling die proses help moontlik maak.

8.4.3.1 Kategorieë van vrae in narratiewe terapie

Die volgende soorte vrae help om aan die narratiewe proses sy beslag te gee:

- **Vrae oor probleemkonstruksie en eksternalisering:** Aangesien daar oor die probleem as die objek gedink word en daaroor gepraat word as 'n aktiewe agent in die lewe van die kliënt, word dit as sodanig benoem. Zimmerman en Dickernson (1996:303) noem die volgende vrae as voorbeelde van eksternaliserende vrae, wat die konstruk van die probleem verwoord: *"Wat sou jy hierdie probleem noem?" "Wat is jou belewing wanneer hierdie probleem teenwoordig is?"*

- **Vrae oor beïnvloeding:** Hierdeur word die kliënt uitgenooi om die invloed wat die probleem op sy/haar lewe het te beskryf asook watter invloed die kliënt op die lewensgang van die probleem het. Dit bied die kliënt ook die geleentheid om 'n nuwe beskrywing van die probleem te gee (White 1988:37). Voorbeelde van sulke vrae is:
  - *"Wat vertel die probleem jou?"*
  - *"Hoe beïnvloed dit jou lewe?"*
  - *"Wat laat die probleem jou doen?"*
  - *"Steel die probleem iets van jou?"*

- **Dekonstruksievrae:** Zimmerman en Dickernson (1996:304) noem die volgende van hierdie soort vrae (die probleem word ook net 'n ge-eksternaliseerde naam benoem):
  - *"Dink jy die probleem loods sy aanvalle net op jou, of word jou vriende en familie ook geteiken?"*
  - *"Wanneer die probleem te voorskyn tree, hoe neem dit oor?"*

- *"Watter tegnieke gebruik die probleem on 'n vastrapplek in jou lewe te kry?"*

Die vrae is dus daarop gemik om die persoonlike en kulturele stories, wat 'n bydra tot die versterking van die probleem maak, uit te daag en sodoende ook die persoonlike voorkeure van die kliënt, wat deur die probleem verdwerg word, na vore te bring.

- **Vrae wat toetredingspunte vir unieke uitkomste belig:** Hierdie vrae dra daartoe by om die kliënt se verhouding met die probleem te herdefinieer. Dit belig toetredingspunte vir unieke uitkomste wat reeds latent in die historiese konteks van die kliënt gesetel is, of in die terapeutiese proses na vore kom. White (1988:41-42) noem enkele voorbeelde:
  - *"Kan jy die geleenthede onthou toe jy nie toegegee het aan die eise van die probleem nie?"*
  - *"Was daar tye in jou lewe dat jy so vasbeslote was om nie die probleem in jou lewe toe te laat nie, dat jy byna daarin geslaag het om sy magsgreep te breek?"*

- **Vrae oor unieke rekenskap:** Hierdie vrae handel oor die *landskap van aksie* en die uitgangspunt is om aan die kliënt die gevoel van beheer te gee deur op gebeure te wys wat tot voorkeurgedrag gelei het. Zimmerman en Dickernson (1996:305) noem die volgende voorbeelde:
  - *"Toe die probleem probeer het om vandag se sessie te voorkom, hoe het jy dit hanteer?"*
  - *"In die mate dat jy meer gevegte teen die probleem wen, hoe gaan jou lewe in die toekoms daar uitsien?"*

- **Unieke herbeskrywingsvrae:** Hierdie vrae handel oor die *landskap van bewussyn* en is gerig op die ontginning van intensies, begeertes, waardes, oortuigings en algemene voorkeure wat die kliënt bemagtig om op die nuut verkose manier te leef. Voorbeelde in hierdie verband, volgens Zimmerman en Dickernson (1996:306) is:

- *"Nou dat jy sien dat jy meer gevegte teen die probleem wen, hoe dink jy nou oor jouself as mens?"*
- *"Wat sê hierdie oorwinnings oor jouself?"*
- *"Hoe dink jy moet ek dit beskryf as ek ander mense van jou sukses sou vertel?"*

- **Vrae oor unieke moontlikhede:** Met hierdie vrae word die kliënt uitgenooi om te spekuleer oor sy/haar nuwe toekoms en hou verband met unieke rekenskap- en unieke herbeskrywingsvrae wat hierbo genoem is. Nuwe en gewaardeerde bestemmings en doelwitte word sodoende ontgin en spesifieke riglyne oor hoe hierdie moontlikhede kan realiseer, word verken. White (1988: 44) noem die volgende voorbeelde van sulke vrae:
  - *"Watter verskil gaan dit wat jy nou van jouself weet, maak aan die volgende stappe wat jy beplan om te neem?"*
  - *"Aangesien jy waardering het vir die nuwe beeld wat jy van jouself het, hoe gaan jy hegter daarmee identifiseer en dit versterk?"*
  - *"Jy weet nou wat ek van jou weet. Watter moontlikhede, dink jy, kan ek vir jou in die nabye toekoms open?"*

- **Vrae binne die herbeskrywingskonteks (reflektering en sirkulasie):** Dit is van belang dat waardering vir die nuwe storie van die kliënt deur andere, wat vir die kliënt betekenisvolle figure is, soos vriende, geliefdes of familie, uitgespreek word. Die vrae in hierdie kategorie poog om diesulkes te betrek, byvoorbeeld:
  - *"Wie gaan jou verbintenis tot 'n nuwe toekoms saam met jou vier?"*
  - *"As jou ouers (of ander betekenisvolle figure) nou hier kon wees, wat dink jy sou hulle kommentaar op jou oorwinning oor die probleem wees*?" (Zimmerman & Dickernson 1996:306).

8.5 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die wetenskapsbeoefening vereis ‘n verantwoordbare metodologiese basis vir die versameling van inligting en die verkryging van kennis of insig. Metodologie word bepaal deur epistemologiese, sowel as paradigmakeuses. Die integrering van verskeie paradigmas en epistemologieë vir die ondersoek van ‘n gegewe onderwerp is nie onaanvaarbaar nie, mits dit metodologies begrond is en die aard van die integrering aangedui word. Die bipolêre model vir die beoefening van die praktiese teologie (vergelyk 1.2.3.4) is ‘n voorbeeld van ‘n poging tot sodanige integrasie. Die integrerende proses, soos dit op die keuse vir ‘n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel van toepassing is, is in hierdie hoofstuk aangedui deur die metodologiese oorwegings te bespreek en dit grafies te illustreer.

Met inagneming van verskeie metodologiese benaderings, word die keuse vir ‘n kwalitatiewe enkelgevalstudie met ‘n dieptesnit-ontwerp, in die vorm van ‘n narratiewe proses as ondersoekmetode, gemaak. Hierdie keuse is metodologies verantwoordbaar vanweë die gebruik van verskeie invalshoeke in hierdie navorsingstuk en is van pas vir die begronding van ‘n integrerende model. Die weg is sodoende gebaan vir die volgende hoofstuk waarin die momente van die ontmoetingsmodel bespreek en die narratiewe gebeure weergegee word.

DIE ONTMOETINGSMODEL IN PRAKTYK

A good conversation is like good scenery –
continuous, yet constantly varying, and
full of the charm of novelty and surprise.
- Randolph S. Bourne

9.1 INLEIDING

In die lig van die teoretiese begronding wat in die vorige hoofstuk behandel is, word daar in hierdie hoofstuk voortgegaan om die toepassing van die voorgestelde ontmoetingsmodel in die praktyk te ondersoek. Hierdie model word in 'n diakoniologies-integrerende verband toegepas en om dié rede word daar allereers 'n meer breedvoerige uiteensetting van die verskeie momente van die ontmoetingsmodel, soos by 1.6 vermeld, gegee om die voorneme en gesindheid van die navorser te verduidelik. Aangesien die werkswyse integrerend is, word daar van ander tegnieke en teorieë as slegs die narratiewe melding gemaak en word as hulpmiddels by sommige van die momente behandel. Sodanige tegnieke en teorieë is rasioneel-emotiewe gedragsterapie (REGT), die sisteemteorie, asook die gebruik van geneagramme en visualisering.

Benewens die bespreking van die momente van die ontmoetingsmodel word daar dan 'n weergawe van 'n reeks gesprekke met 'n kliënt gegee. Grepe uit elk van die gesprekke word verbatim weergegee en telkens gevolg deur die waarnemings van die navorser. Sodoende word die praktiese toepassing van die ontmoetingsmodel op fenomenologiese wyse ondersoek, sodat die bevindinge in die slothoofstuk weergegee kan word.

9.2 DIE PROSES VAN DIE ONTMOETINGSMODEL IN 'N DIAKONIOLOGIES-INTEGREREnde WERKSWYSE

Soos reeds aangetoon is, word 'n ontmoetingsmodel met 'n sterk (maar nie eksklusiewe) narratiewe karakter voorgestel. Hierdie model is integrerend omdat dit 'n eklektiese werkswyse moontlik maak. Die hoofmomente in hierdie model verteenwoordig nie 'n volgorde vir die terapeutiese proses nie, maar word ter wille van duidelikheid van mekaar onderskei. Die momente sal dus nie noodwendig in 'n chronologiese volgorde voorkom nie, maar deur die proses heen in wisselwerking met mekaar wees, tog wel op so 'n wyse dat daar progressie is. Vervolgens word aangetoon watter narratiewe en ander terapeutiese elemente by elk van die momente in die spel kom. Soos by 1.6 aangetoon, is die momente van die voorgestelde ontmoetingsmodel:

- Voorstelling.
- Leer ken.
- Liefkry.
- Voortleef.

9.2.1 Die voorstellingsmoment

By hierdie moment stel die kliënt hom/haar in die situasie van nood voor, deur sy/haar verhaal. Die terapeut begin deur hermeneuties hierop te reageer. Dit gaan hier dus primêr om die kliënt se eie storie. Hierdie storie is, soos by 8.4.1 aangedui, die heersende of dominante verhaal van die individu en sal na alle waarskynlikheid 'n probleemversadigde storie of "dunbeskrywing" van sy/haar persepsie van ervarings wees (dit is per slot van rekening waarom die kliënt die terapeut wil spreek). Waar daar van veralgemeende angsversteuring sprake is, word die verhaal dan heel waarskynlik gekenmerk deur 'n gevoel van magteloosheid teen 'n byna allesoorheersende angstigheid oor sy/haar lewe. Soos by 3.4 aangetoon is, word die persoon se leefwêreld gekenmerk deur (meesal gewaande) vrese oor:

- Die mislukking van verhoudinge, of
- professionele mislukking.
- Naderende onheil ten opsigte van hom-/haarself of geliefdes, of
- fisiese bedreiging in terme van gevaar of siekte.
- Vrees vir sielkundige ineenstorting, of
- finansiële katastrofe.
- Oënskynlik onbenullige aangeleenthede wat angs ontlok.

Hierby is daar ook kommer oor die angs in sigself. Soms hou die angs met werklike situasies verband, maar meesal is daar die gedurige gevoel van angstigheid ("*apprehensiveness"*). Laasgenoemde kan nie noodwendig aan 'n werklike situasie toegeskryf word nie, maar dit laat die kliënt byna voortdurend voel asof iets verkeerd gaan loop, of dat 'n bedreiging net anderkant die horison lê. Hierdie toestand word, in die konteks van die hipotese van hierdie navorsingstuk, 'n sekuriteitsgebrek genoem.

Indien die kliënt 'n gelowige is, gaan die gevoel van angs dikwels met godsdienstige skuldgevoelens gepaard, wat op een van die volgende wyses manifesteer:

- Die kliënt voel skuldig oor sy/haar "kleingelowigheid".
- Daar kan gevrees word dat die gewaande komende onheil die straf op sonde is.

Hierdie gevoelens kan een van die redes wees waarom 'n kliënt juis 'n pastorale terapeut of leraar spreek en bied 'n unieke geleentheid om God se verhaal by die gesprek te betrek. Dit is ook opvallend dat die angstige kliënt dikwels voel dat daar "iets fout" met hom of haar is – die probleem word dus geïnternaliseer en as 'n swakheid, sonde of "afwyking" beskou. By sommige kliënte met 'n Christelike agtergrond kan die angs ook as die werk van die bose beleef word. Die magteloosheid daarteen verhoog die angsvlakke omdat die individu dan óf

kan dink dat God passief bly, óf dat sy/haar geloof as individu nie sterk genoeg is nie.

Tydens hierdie stadium van die terapeutiese proses is dit belangrik dat die probleemkonstruksie so volledig as moontlik verwoord word en dat die pastorale terapeut sal let op die dominante temas wat na vore kom. Dit is nie wys om hierop met vermaning, Skrifaanhalings of pedantiese toesprake te reageer nie.

9.2.1.1 Die geneagram

Een van die mees bruikbare hulpmiddels in hierdie stadium van die terapeutiese proses is die geneagram. Indien die geneagram op die regte oomblik in die proses voorgestel word, dien dit onder meer die volgende doel:

- Die fokus van die gesprek verskuif van die individu na die breër konteks. Hierdie is een van die eerste geleenthede waar die kliënt kan begin om 'n afstand tussen hom-/haarself en die probleem te kry en daar 'n mate van objektiwiteit kan intree, sodra hy/sy kan besef dat daar meer rolspelers betrokke is.

- Vanweë die genetiese en gesinsistemiese elemente in die oorsaaklikheid van veralgemeende angsversteuring (soos in hoofstuk 3 bespreek is), is dit waarskynlik dat by die teken van die geneagram die kliënt 'n patroon in sy/haar familiegeskiedenis sal waarneem. Aangesien die geneagram 'n grafiese uitbeelding bied, kan die kliënt dan makliker tot die besef kom dat die probleem ook 'n objektiewe dimensie het en hierdeur word die moontlikheid vir eksternalisering reeds geopen. Dit word verder vergemaklik deur die feit dat die geneagram lig werp op die individu se posisie in die gesinstruktuur eerder as op die eie persoonlikheidsamestelling (Friedman 1985:25). (Die sisteemteorie, soos op gesinsterapie toegepas, word onder 'n volgende subopskrif bespreek).

Vrae wat in hierdie stadium van die proses gepas sou wees, is vrae oor relatiewe beïnvloeding, byvoorbeeld: "*Wat laat die probleem jou doen?*" of "*Wat vertel die probleem jou?*" Indien die hantering van die geneagram die moontlikheid vir eksternalisering genoegsaam geopen het, kan eksternaliseringsvrae ook gevra word, soos: "*Wat sou jy hierdie probleem noem?*"

Die gebruik van die geneagram as hulpmiddel stel die terapeut sowel as die kliënt in staat om die verhoudinge van die kliënt tot ander persone te eksploreer; dit word trouens grafies aangetoon (Kotzé 1991:644-651).

In die konteks van hierdie navorsingstuk is dit van belang om tydens hierdie stadium van die proses te let op die kliënt se verhouding met sy/haar vader en ander betekenisvolle manlike figure. Hierdie verkenning sal die moontlike aanwesigheid van 'n sekuriteitsgebrek aan die lig bring. 'n Paslike vraag sou wees: *"Ons het net nou die lyne geteken wat oor jou verhouding met jou pa gaan, wil jy my meer van hom vertel?"*

Die terapeut moet egter noukeurig daarop let of die verhouding met die vader wel so 'n sekuriteitsgebrek aandui, aangesien alle gevalle van die voorkoms van veralgemeende angsversteuring nie noodwendig hiermee verband hou nie, en die terapeut daarop bedag moet wees om nie alle kliënte in die kader van 'n gunsteling hipotese te wil inforseer nie! Indien daar wel sprake van 'n ongunstige verhouding met die vader is, moet dit verder verken word. Insgelyks moet 'n positiewe verhouding met die vader ook verken word. Sodanige verhouding kan op twee wyses deur die terapeut benut word:

- Daar kan metaforiese aanknoping met die vaderfiguur gevind word, ten einde die kliënt tot vertroue in 'n hemelse Vader te begelei. Verskeie regterbreinstrategieë kan hiervoor benut word. In hierdie verband gaan Van Rensburg (1998:65-77) van die standpunt uit, dat aangesien die mens

'n eenheidswese is sodanige strategieë met 'n pastorale werkswyse te versoen is en noem die volgende voorbeelde:

- Inbeelding: Die rol van die verbeelding word aangewend in die persepsionalisering van die werklikheid. Die verbeelding maak dit vir die persoon moontlik om meer raak te sien as wat voor hande is in die omstandighede waarin hy/sy verkeer. Kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossing, katarsis, presipitering van positiewe emosies en die transendering van die self kan sodoende gefasiliteer word.

- Die narratief: Verhale gryp die verbeelding aan en skep moontlikhede wat kreatief in die terapeutiese proses benut kan word.

- Musiek: Hiermee kan 'n gunstige atmosfeer waarin die kliënt ontspan, geskep word en probleemoplossende gesprekvoering vergemaklik.

- Tuisopdragte: Hierdie opdragte moet 'n deel van die pastorale proses vorm en kan daar, deur byvoorbeeld skryf- of tekenwerk, groter betrokkenheid van die individu by die pastorale proses bewerkstellig word.

- Metafore, wat 'n belangrike rol in die internalisering van nuwe inligting speel.

- 'n Positiewe vaderfiguur bring by die kliënt herinneringe van bestendigheid en suksesvolle krisishantering deur die vader.

Die gebruik van die geneagram het dikwels 'n bevrydende en verhelderende effek op die kliënt se insig oor die probleem. Hierdie effek is groter indien die

kliënt vroeër hulp vanuit 'n mediese benadering gesoek het en daar farmakoterapie toegepas is, sonder dat die probleem in 'n breër konteks ondersoek is. Tydens die voorstellingsmoment van die terapeutiese proses is dit ook van belang om te wete te kom wat die kliënt se reaksie op farmakoterapie was. Dikwels is daar 'n element van wantroue aanwesig wat verwoord word deur opmerkings soos die volgende:

- *"Ek is bang vir pille, my ma was verslaaf daaraan."*
- *"Die pille laat my soos 'n zombie voel."*
- *"Die medisyne help net vir 'n tydjie."*

Die voorstellingsmoment van die ontmoetingsmodel dien ook die doel dat die kliënt die verligting beleef, wat daarin geleë is om sy/haar probleem ter tafel te lê en sodoende reeds spanning te help verlig.

9.2.1.2 Die nut van die sisteemteorie by die voorstellingsmoment

Met sy oorsprong in die biologie, verteenwoordig die sisteemteorie 'n benadering tot die studie van sisteme, soos byvoorbeeld individue en groepe, wat deur die volgende uitgangspunte gekenmerk word:

- Alle sisteme beskik oor dieselfde algemene struktuur, hoewel die inhoud kan verskil. Alle funksionerende sisteme word dus gekenmerk deur invoer, transaksies of prosesse wat in die sisteem plaasvind, asook lewering en die noodsaak van terugvoering.


- Alle sisteme vorm 'n hiërargie van sisteme wat toeneem in kompleksiteit.

- Veranderings aan enige komponent het 'n invloed op die hele sisteem.

Dit impliseer dus dat beide navorser en terapeut deel van die sisteem vorm wat deur hulle bestudeer word en dat hulle ook mede-verantwoordelik is vir die aard

daarvan. Die sisteem-teoretiese benadering word veral in gesinsterapie toegepas (Plug *et al.* 1997:340).

Vanuit die denkraamwerk van die kubernetiek, wat in breë terme die studie van die invloed van sisteme op mekaar behels, is daar in die gesinsterapie-skool die gedagtegang ontwikkel dat die gesin 'n emosionele sisteem vorm (Kerr & Bowen 1978:7). Voortvloeiend hieruit spruit die teorie dat gesinslede, as individue in die sisteem, deur die interaksie binne die sisteem beïnvloed word en dat 'n individu simptome mag ontwikkel wat nie noodwendig aan die een of ander gebrek in die individu self toe te skryf is nie – wel aan die inter-reaktiwiteit binne die sisteem. As voorbeeld hiervan kan gewys word op Kerr en Bowen (1978:134-140) se beskrywing van verhoudingsdriehoeke wat immerteenwoordig is in gesinsisteme. In so 'n driehoek kan een persoon byvoorbeeld in 'n goeie verhouding tot 'n tweede en 'n derde staan, terwyl die tweede en derde nie met mekaar in 'n goeie verhouding is nie. Dit kan lei tot verhoudingspanning in die sisteem, of tot simptomatiek by een van die persone. Dit kan skematies as volg voorgestel word:



Terwyl bogenoemde enkele aspekte van die teoretiese onderbou van die sisteemteorie toelig, is Müller (2002:9) se toepassing van die teorieë van die gesinsterapie-benadering 'n goeie voorbeeld van die praktiese nut en bevrydende potensiaal daarvan: *"Een van die redes waarom mense so huiwerig is om te erken dat hulle 'n probleem het, is dat probleme geïndividualiseer word. Min mense het nog geleer om sistemies na probleme te kyk. Die skuld vir 'n probleem word gewoonlik by 'n individu gesoek. Ons verstaan nie dat*

daar ook tussen mense, en in die interaksie tussen mense, probleme kan ontwikkel wat nie net één se skuld is nie."

Die sleutelterme in die sistemiese benadering van die gesinsterapie-skool is volgens Friedman (1985: 25-33) die volgende:

- **Homeostase:** 'n Gesinsisteem sal voortdurend neig om in sigself tot balans te kom. Eerder as om 'n individu psigopatologies te diagnoseer, word 'n probleem beskou as 'n wanbalans wat in die netwerk van verhoudinge in die sisteem ontstaan het.

- **Differensiasie:** Die individue binne 'n sisteem moet oor die vermoë beskik om elkeen 'n bewussyn te hê van hulle eie posisie binne die sisteem en sodoende 'n element van objektiwiteit en self-identiteit behou. Hoe minder die persoon gedifferensieer is, hoe groter die moontlikheid dat daar probleme sal ontwikkel. Kerr (1984:10) merk op: *"The greater the undifferentiation, the more thinking is undefined and awash in emotionality."*

- **Uitgebreide gesinsveld:** Spesifieke patrone herhaal binne 'n gesinsisteem as dit oor 'n paar geslagte heen waargeneem word. Die verhoudingspatrone in die familie van herkoms is dus relevant in die hantering van die huidige problematiek.

- **Verhoudingsdriehoek:** Hierdie begrip is reeds vroeër vermeld. Friedman (1985:33) voeg daaraan toe: *"… when two parts of a system become uncomfortable with one another, they will 'triangle in' or focus on a third person, or issue, as a way of stabilizing their own relationship with one another."*

- **Geïdentifiseerde pasiënt:** Hierdie sleutelterm van die sistemiese benadering is in die narratiewe proses van belang. Dit wys daarop dat die

simptomatiese persoon die een is by wie die wanbalans of "siekte" van die *sisteem* sigbaar word.

Dit is daarom van belang om die kliënt te begelei om ook die sistemiese konteks van sy/haar probleem te begryp. Om hierdie rede dien 'n sistemiese perspektief 'n nuttige doel by die voorstellingsmoment sowel as by die konstruksie van die individu se dominante storie.

Met inagneming van die laasgenoemde sleutelterm, word daar vanuit 'n sistemiese benadering nie van psigopatologiese terme vir probleme gebruik gemaak nie. Om hierdie rede gebruik Kerr en Bowen (1978:113-133) eerder die term "chroniese angs" om na angstoestande te verwys. Veralgemeende angsversteuring sou dus hierby ingesluit wees. Chroniese angs word dan as volg beskryf: *"… the principle generators of chronic anxiety are people's reaction to a disturbance in the balance of a relationship system."* Die "oordraaglike" aard van angstoestande word dan soos volg beskryf: *"Anxiety 'rubs off' on people, it is transmitted and absorbed without thinking"* en *"Due to the 'infectious' nature of anxiety it permeates the atmosphere, a child tends to develop a baseline level of chronic anxiety…" (*1978:113*).* Hierdie opmerkings bevestig die noodsaaklikheid daarvan dat veralgemeende angsversteuring deur beide die terapeut en die kliënt in 'n breër konteks gesien moet word.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat 'n gesinsisteem nooit staties bly nie, maar voortdurend verander. Daar moet gevolglik bepaal word in welke fase van hierdie verloop, 'n betrokke gesin hulle bevind. Carter en McGoldrick (1989:13 – 18) wys op voorbeelde van sulke fases:

- Die samevoeging van mense in 'n nuwe gesin.
- 'n Gesin in die tydperk wanneer daar jong kinders in die huis is.
- 'n Gesin waarin adolessente teenwoordig is.
- Die fase wanneer jong volwassenes die huis verlaat.
- 'n Gesin in die latere lewensfase.

Elkeen van hierdie fases het 'n eie dinamika waarop die terapeut bedag moet wees.

Die sisteemteoretiese benadering van die gesinsterapie-skool, met die gepaardgaande gebruik van geneagramme, het tans 'n integrale deel van die narratiewe benadering tot terapie geword. McGoldrick (1985:1) definieer die geneagram as volg: *"A genogram is a format of drawing a family tree that records information about family members and their relationships over at least three generations. Genograms display family information graphically in a way that provides a quick gestalt of complex family patterns and a rich source of hypotheses about how a clinical problem may be connected to the family context and the evolution of both problem and context over time."*

Die geneagram bied dus reeds in die voorstellingsmoment 'n geleentheid aan die kliënt en die terapeut om 'n multi-generasionele perspektief op die probleem te kry. Die kliënt kry die geleentheid om hom-/haarself in 'n breër konteks te sien wat dan tot dekonstruksie en eksternalisering meehelp. Die geneagram kan met goeie gevolg in 'n diakoniologies-geïntegreerde model aangewend word.

9.2.2 Die leer ken-moment

In hierdie navorsingstuk word dit bepleit dat die kliënt ook aan God se storie voorgestel word, met die doel dat hierdie Groot Verhaal op sy/haar verhaal betrekking en effek sal hê. Hierdie moment in die ontmoetingsmodel sal nie noodwendig vroeg in die terapeutiese proses ter sprake kom nie – die momente volg nie 'n bepaalde volgorde nie.

Die terapeut moet sensitief wees om die godsdienstige element, wat die Vaderskap van God insluit, op die regte tydstip te berde te bring - verkieslik wanneer die kliënt self die gesprek in daardie rigting stuur, of wanneer daar reeds met die dekonstruksie van die kliënt se dominante verhaal gevorder is. Die vergete en geïgnoreerde elemente in sy/haar verhaal word dan ontgin en

een van die dekonstruksievrae, wat die deur na die godsdienstige element open, sou byvoorbeeld kon wees: "*Waar dink jy pas God in hierdie hele prentjie?"*

Louw (1993:299-305) werp nuttige lig op die vasstelling van 'n persoon se Godskonsep en die pastorale terapeut moet moeite doen om die Godskonsep van die kliënt te verken. Louw vermeld twee metodes wat vir hierdie doel aangewend kan word, naamlik die verhaal-analitiese en semantiese differensiaal-analise. Wat eersgenoemde betref, toon hy aan dat mense gesonde en ongesonde belewenisse van God se teenwoordigheid in hulle verhale het. Die volgende voorbeelde word genoem:

- Die **romantiese storie**, waar God as die ideale oplossing vir menslike probleme gesien word en godsdiens as 'n kitsformule beskou word. Só 'n beskouing het nie gunstige gevolge nie.

- **Ironiese stories**, waar gefokus word op onreg wat beleef is en 'n beroep op die regverdigheid en almag van God gedoen word.

- **Komiese stories**, waar aangename assosiasies met God se teenwoordigheid aanwesig is, ten spyte van die kontraste van die lewe wat nie verklaar of opgelos kan word nie. Hierdie soort stories dui gewoonlik op 'n gesonde Godsvoorstelling.

- **Terapeutiese stories**, waar die persoon poog om met behulp van sy/haar geloof werkbare oplossings te soek.

- **Tragiese stories**, waarin die verband tussen God en lyding ter sprake kom. Hierdie soort stories dui op 'n ongesonde Godsvoorstelling wanneer God as kragteloos ervaar word, maar op 'n gesonde Godskonsep as Hy figureer as die een wat saam ly.

Die semantiese differensiaal-analise berus op die hipotese dat begrippe 'n affektiewe en dus ook eksistensiële betekenis het. Gevolglik kan pare van kontra-adjektiewe gebruik word om vas te stel of die persoon se assosiasies met God opbouend of remmend is. Louw (1993: 305) pas hierdie analise dan aan die hand van die onderstaande tabel toe. Indien die tellings by a, b en c na die positiewe kant neig, dui dit op 'n positiewe assosiasie met God, na die middel is dit neutraal. Sou dit na die negatiewe kant neig, dui dit op die krisisvlakke van die kliënt se verstaan van God.

PASTORALE SEMANTIESE DIFFERENSIAAL-ANALISE (PSD)

GOD

Skaal: +3 : +2 : +1 : 0 : -1 : -2 : -3 :

(a) OPBOUEND	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	REMMEND
regverdig								onregverdig (partydig)
betroubaar								veranderbaar
liefdevol								vyandig
duursaam								wisselvallig
genadig								onbarmharig (hardvogtig)

(b) STERK	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	SWAK
almagtig								magteloos
medelydend								onsimpatiek
kenbaar (wil)								onbekend

(c) AKTIEF	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	PASSIEF/ ONBETROKKE
teenworodig (nabyheid)								afstand/afwesig (ver)
verlos								verwerp
sëen (gee gawes)								vloek (weer-hou gawes)
Hulp (bystand)								onttrek

Die aanduidings wat uit bogenoemde analises verkry word, help die terapeut om te besluit hoe om God se storie in die proses te betrek. Dit sal ook lig werp op watter aspekte van die Godsverhaal voorkeur moet geniet. Die doel is om die kliënt te vergesel op die reis na 'n aangepaste Godsbeeld en God se betrokkenheid in sy of haar lewe te "*re-story".* Dit is egter duidelik dat hier op 'n meer kognitiewe vlak beweeg sal moet word en ietwat meer direktief te werk gegaan sal word (sien onderstaande bespreking van REGT). Dit spruit uit die diakoniologiese vertrekpunt dat God se storie in sy selfopenbaring te vind is. Hierdie selfopenbaring moet dus by die terapeutiese proses betrek word.

Dit is belangrik dat die kliënt tot kognisie sal kom van die verband tussen vader- en Godsbeeld. Om dit te bewerkstellig kan voorbeelde uit die kliënt se belewenis van 'n vader vergelyk word met bevindinge uit die pasvermelde analises sodat ooreenkomste vir die kliënt duidelik is. Dit is ook belangrik om in hierdie verband te wys op die feit dat God wel soos 'n vader is, maar ook anders as aardse vaders is (soos reeds aangetoon in die bespreking van metafore by 5.4.1).

Die skeefgeloopte Godsbeeld van die kliënt kan verskeie oorsake hê. Hierdie elemente is opgeneem in die dominante storie en moet dus gedekonstrueer word. Oorsake van 'n verwronge of ongesonde Godsbeeld kan onder andere die volgende wees van:

- 'n Ongesonde vaderbeeld wat onaangename en onjuiste persepsies van 'n vader na God projekteer.

- Onkunde oor teologiese waarhede en onvolwasse geloofsinhoud.

- Blootstelling aan ongesonde leerstellige onderrig.

- Ongegronde aannames oor God se rol of betrokkenheid in sy/haar lewe.

In ‘n narratiewe benadering word die kliënt se waarheid as sy/haar geldige waarheid aanvaar. Vanuit ‘n diakoniologiese perspektief kan daar egter nie dekonstruksie sonder korreksie plaasvind nie en laasgenoemde kan, vanuit ‘n gereformeerde epistemologie, slegs uit die openbaring geput word. Dit moet dus kognitief en inhoudelik benader word – wat onwaar is moet as sodanig ontmasker word. Vir die realisering hiervan word die gebruik van ‘n tegniek wat nie met die narratiewe benadering geassosieer word nie, bepleit. Die integrerende aard van die model wat in hierdie navorsingstuk voorgehou word, maak die integrering van verskeie terapeutiese benaderings moontlik. Dit is eie aan ‘n eklektiese werkswyse en die plooibaarheid van die narratiewe model maak dit inderdaad moontlik.

Hier word dus aan die hand gedoen dat REGT betrek word. Dit het raakpunte met die narratiewe benadering en wel in die opsig dat dit waarde heg aan die *interpretasie* wat deur die individu aan gebeure gegee word en dat hierdie interpretasie die persoon se beoordeling daarvan beïnvloed. Die beoordeling van die gebeure beïnvloed die persoon se dominante storie en die storie het ‘n invloed op gedrag.

9.2.2.1 Rasioneel-emotiewe gedragsterapie (REGT) as hulpmiddel by dekonstruksie

Aangesien REGT binne die breër kategorie van gedragsterapie resorteer en ‘n sterk kognitiewe element het, deel dit die volgende doelstellings van gedragsterapieë:

- Ontdekking en ontginning van moontlike bronne van versterking teen vreesagtige gedrag.
- Analise en korreksie van foutiewe interpersoonlike patrone.
- Herstrukturering van kognitiewe patrone om gevoelens van hulpeloosheid teen te werk (Walen, *et al*. 1977:198).

Dieselfde temas word steeds in resente werk oor kognitiewe terapie en angsversteurings aangetref, byvoorbeeld Liebgold (2004):

- "*Faulty thought process*" (175-196).
- "*Destructive beliefs*" (197-217).

REGT berus op die aanname dat die individu veel groter beheer oor sy/haar eie omstandighede en emosies het, en nie aan passiewe hulpeloosheid onderworpe hoef te wees nie. Irrasionele aannames word dan teengespreek deur REGT. Emosionele toestande kan dus onder die persoon se eie beheer gebring word (Walen *et al.* 1977:202 en 208). Gevolglik is REGT van toepassing gemaak oor 'n wyse spektrum van problematiek, byvoorbeeld:

- Patologiese dobbelary.
- Chroniese pyn.
- Die gevolge van traumatiese belewenisse.
- Prestasie-angs *("Performance anxiety"*).
- Verskeie fobies.
- Verskeie vorme van afhanklikheid.

Die grondbeginsels van REGT is volgens Ellis (1993:1-12) die volgende:

- Die onttroning van die voorrange van absolutistiese "moets", byvoorbeeld: "*Ek moet suksesvol wees want die samelewing verwag dit van my*."

- Die uitdaging van irrasionele aannames, in terme daarvan of dit waar is of nie.

- Die opklaring van versteurings oor versteurings, byvoorbeeld dat iemand meer angstig word juis weens sy kommer oor die aanwesigheid van 'n angsversteuring of meer depressief raak weens 'n diagnose van depressie.

Robin (1993:172-173) beskryf die werkswyse van REGT veral in terme van die fokus daarop dat irrasionele gedagtes in dispuut gebring moet word, en wel op die volgende wyses:

- **Empiries:** Byvoorbeeld, "*Is dit iewers as 'n onbetwisbare wet geskryf dat jy suksesvol moet wees?"* Hierdeur word die sinneloosheid van irrasionele aannames of "gelofies" blootgelê.

- **Pragmaties:** Daar word byvoorbeeld gevra: *"Wat sal die gevolge wees as jy vanweë jou angs nie meer kan werk of oefen nie?"* Sodoende word die kliënt begelei om meer pragmaties oor realistiese eerder as die gewaande gevolge van omstandighede te besin.

- **Filosofies:** Deur byvoorbeeld te vra: *"As die ergste gebeur, is dit regtig die einde van alles?"* Die logiese konsekwensies van gebeure word sodoende van die element van katastrofe ontneem.

Die volgende tegnieke word deur Robin (1993:174-183) onderskei:

- Ontspanning deur asemhalingsregulering.

- Visualisering van hoe 'n gevreesde situasie oorkom kan word.

- Belewenis-oefeninge, om byvoorbeeld 'n "asof" scenario te skep waar die gewaande bedreiging afwesig is, of gevreesde persone ("awesome others") te ont-"demoniseer".

Oefeninge word gewoonlik in reekse bevestigende uitsprake in kort sinne opgestel wat deur middel van herhaling op die probleemsituasie toegepas word sodat die kliënt hom-/haarself in die verandering van gedagtepatrone kan inoefen.

Die dekonstruksie van 'n persoon se dominante verhaal word moontlik wanneer ander geïgnoreerde of vergete elemente van sy/haar verhaal na vore gebring word. Daarbenewens is daar misverstande wat deel van die dominante verhaal word en die ontmaskering daarvan bevorder dekonstruksie. Op die gebied van sodanige ontmaskering is REGT van nut.


'n Kort oorsig oor die uitgangspunte en metodiek van REGT is hier van pas. Albert Ellis (1962:36), die vader van hierdie psigoterapeutiese benadering, stel die kernuitgangspunt dat die mens 'n denkende en oordelende wese is, voorop en verduidelik die invloed van denke op die emosie as volg: "*The central theme of RET is that man is a uniquely rational, as well as a uniquely irrational, animal; that his emotional or psychological disturbance are largely a result of his thinking illogically or irrationally; and that he can rid himself of most of his emotional or mental unhappiness, ineffectuality, and disturbance if he learns to maximize his rational and minimize his irrational thinking. It is the task of the psychotherapist to work with individuals who are needlessly unhappy and troubled, or who are weighted down with intense anxiety or hostility, and to show them (a) that their difficulties largely result from distorted perception and illogical thinking, and (b) that there is a relatively simple, though work-requiring, method of reordering their perceptions and reorganizing their thinking so as to remove the basic cause of their diffitulties.*"

Emosionele problematiek is dus die gevolg van irrasionele denke. Irrasionele denke weer, word bevorder deur omgewingsfaktore en deur selfsuggestie waardeur die individue hom-/haarself voortdurend herindoktrineer deur selfspraak met irrasionele inhoud wat uiteindelik 'n integrale deel van sy/haar lewensfilosofie (en verhaal) uitmaak.

Hierdie irrasionele kognisies is absolutisties van aard, berus op foutiewe of ongeldige aannames en word gekenmerk deur oorveralgemenings, katastrofering, ongeldige gevolgtrekkings en negatiewe selfbeoordeling (al hierdie elemente is ook by veralgemeende angsversteuring teenwoordig). Dit lei

tot langdurige en herhalende ongunstige emosies en inhibeer die individu se verwesenliking van lewensdoelstellings.

Die teoretiese uitgangspunt van REGT, wat deur Ellis (1995:11-14) beskryf word, word dan in die bekende ABC-model verpraktiseer wat skematies as volg voorgestel kan word:



Toegepas op die verband tussen vader- en Godsbeeld tot angs, sou REGT in die konteks van hierdie navorsingstuk as volg toegepas kon word.

A
Negatiewe ervarings ten opsigte van vader

B
Lewensbeskouing: God is soos my pa
Ek is nie veilig en geborge nie

C
Gevoelens van angs. Veralgemeende
Angsversteuring
Sekuriteitsgebrek

Dit is dus op die terrein van die lewensfilosofie (B) dat daar in die terapeutiese proses verandering te weeg gebring moet word.

Wat die pastorale terapie op unieke wyse van ander vorme van terapie onderskei, is dat dit die geleentheid bied om God se verhaal en die verhaal van die individu by 'n punt van ontmoeting te bring. In terme van die uitgangspunt van die voorgestelde ontmoetingsmodel, is dit dus noodsaaklik dat daar in die Leer ken-moment van die model kognitief en inhoudelik met relevante temas uit die selfopenbaring van God gewerk sal word. Die lewensfilosofie (dominante verhaal) van die individu moet sodanig gedekonstrueer word dat die persoon in die proses God as Vader sal ontdek en leer ken. Die tegnieke eie aan REGT kan dus hier as hulpmiddel dien.

Daar is reeds van melding gemaak dat daar in hierdie Leer ken-moment meer direktief gewerk sal word. Daar is dus 'n kerugmatiese element aanwesig (wat nie voorskriftelik of prekerig toegepas word nie), wat daarop afgestem is dat die kliënt self tot sekere ontdekkings aangaande God en sy betrokkenheid by sy/haar lewe sal kom. Sodoende word onwaarhede en ongeldige aannames ontmasker. In die praktyk kan daar van die volgende strategieë gebruik gemaak word:

- Verduideliking van Bybelse en teologiese begrippe.

- Opklaring van misverstande, onbybelse opvattings en diepgewortelde godsdienstige wanpersepsies, insluitende dié oor werkgeregtigheid, sonde, straf en vergifnis.

- Parafrasering van Bybelse inhoud met aanmoediging aan die kliënt om dit op persoonlike omstandighede toe te pas.

- Selfstudie van paslike Skrifgedeeltes deur die kliënt.

- Memorisering van Skrifgedeeltes.

- Die skryf van 'n eie verhaal waar God op positiewe wyse geïnkorporeer word (Oor die gebruik van die Skrif in die terapeutiese gesprek is reeds meer breedvoerig in Hoofstuk 6 gehandel).

Die effek van hierdie tegnieke is dat dit die onwaarhede waarop 'n lewensuitkyk gegrond is en hooftemas in 'n prominente verhaal geword het, tweeledig aangespreek word - dit word ontmasker en dit word vervang. In aansluiting hierby kan die vrae van herbeskrywing en vrae oor unieke moontlikhede wat in 8.4.3.1 bespreek is, soos volg aangewend word, byvoorbeeld: *"Watter implikasies het hierdie ontdekkings vir jou hantering van die probleem?"*

'n Integrerende model maak dit moontlik om tegnieke vanuit verskeie psigoterapeutiese benaderings te gebruik. Dit mag egter strydig voorkom dat REGT binne 'n narratiewe konteks gebruik word, aangesien dit van 'n modernistiese vertrekpunt uitgaan. Ellis (1994:405-407) lewer self kommentaar oor die plek van REGT binne 'n postmoderne wêreldbeskouing en sê: *"…I originally created it on the basis of logical positivism"* en gee dan toe dat REGT nie 'n algemene teorie mag word nie, deur te verduidelik: *"(It) <u>may</u> work this time and many times, but not at <u>all</u> times; and it will <u>possibly</u> work for this client at this time but hardly for <u>all</u> clients at all times."*

9.2.3 Die liefkry-moment

In die voorafgaande onderafdeling is daar klem op die rasionele aspek van menslike gedrag gelê. Dit is egter noodsaaklik dat kognitiewe inhoude ook affektief geïnternaliseer sal word, aangesien emosionele probleme per slot van rekening 'n sterk gevoelsmatige karakter het. Internalisering moet dus ook affektief beleef en ingeoefen word. In die konteks van hierdie navorsingstuk beteken dit dat die kliënt God as Vader sal liefkry en 'n verhouding van vertroue met hom sal aanknoop. Die gewenste effek wat in die Liefkry-moment van die ontmoetingsmodel in die vooruitsig gestel word, is dat:

- God die Vader ‘n plaasvervangende vaderfiguur word.

- ‘n Positiewe Godsbeeld neerslag vind in die *belewing* van God as ‘n nabye vader.

- Die onderliggende sekuriteitsgebrek plek maak vir gevoelens van veiligheid en geborgenheid.

Vir die inoefening van belewenis word daar op visualiseringsoefeninge gesteun. (Die konsep van visualisering word in ‘n volgende sub-paragraaf bespreek). Die tegnieke wat by die Liefkry-moment ondersoek word, is die volgende en word wel in chronologiese volgorde toegepas:

- In ‘n ontspanne atmosfeer, (daar kan vooraf van ‘n ontspanningsoefening gebruik gemaak word), word die kliënt gevra om sy/haar beskrywing van God te gee; nie soos hulle mag dink dat die terapeut van hulle verwag nie, of soos hulle meen die Bybel hom beskryf nie, maar ‘n eie Godsvoorstelling.

- Met inagneming van die inligting wat tydens die Leer ken-moment bekom is, word die kliënt begelei om ‘n alternatiewe, meer gesonde en toeganklike Godskonsep voor te stel. Hiermee word bedoel dat die eienskappe van God, soos sy liefde en teenwoordigheid, op konkrete wyse in die lewe van die kliënt voorgestel word, in terme van beelde waarmee die kliënt gemaklik is. Teologies gesproke is dit moontlik aanvegbaar omdat die Bybel leer dat God nie gesien kan word nie (Kolossense 1:15), maar terselfdertyd bied die antropomorfiese Bybelse uitsprake oor God tog geleentheid om hom in menslike taal en beeld te konseptualiseer. Die kliënt word dan genooi om God in sekere betekenisvolle momente van sy/haar lewe in te dink, veral in situasies waar ‘n eie vader krenkend of teleurstellend opgetree het. ‘n Vraag wat dan gevra kan word is: *“Hoe dink jy sou God as ‘n liefdevolle en belangstellende pa opgetree het?”* Die kliënt word dan aangemoedig om

hierdie optrede te visualiseer. Hierdie plaasvervangende visualisering is nie teologies onverantwoordbaar nie. Iemand met 'n negatiewe vaderbeeld is in 'n sin 'n weeskind en die Here het homself geopenbaar as 'n Vader vir die wees (Psalm 68:6).

- Die pasbeskrewe oefening word ten opsigte van ander betekenisvolle situasies herhaal en die kliënt word aangemoedig om verskeie scenarios van God se positiewe teenwoordigheid te visualiseer. Vervolgens word die kliënt dan begelei om hierdie visualisering na die terrein van sy/haar angs te verplaas en God as teenwoordig in situasies van angs te visualiseer. Die angsprobleem, wat geëksternaliseer is en deur naamgewing gepersonifiseer is (tydens die voorstellingsmoment), word dan voorgestel as vlugtend of magteloos in die teenwoordigheid van God.

- Die kliënt word aangemoedig om ook buite die terapeutiese gesprek soortgelyke tonele te skep.

Die Liefkry-moment in die voorgestelde ontmoetingsmodel versterk dus uiteindelik 'n plaasvervangende vaderbeeld en 'n gesonder, meer Skrifgetroue Godsbeeld. Hierdeur word die sekuriteitsgebrek, wat die teelaarde vir veralgemeende angsversteuring vorm, teengewerk en gevoelens van sekuriteit aansienlik versterk.

9.2.3.1 Visualisering as konsep

Daar word na visualisering ook as "*Guided Imagery"*, of wanneer daar spesifiek op die affektiewe aspek daarvan gefokus word, as "*Guided Affective Imagery"* verwys. Die konsep berus op die aanname dat ontspanning en die aanwending van die verbeelding 'n helende invloed op die gemoed en liggaam van die mens kan hê. Dit kan deur 'n individu self (byvoorbeeld deur die gebruik van oudiokassette) toegepas word, of met die begeleiding van 'n terapeut. Dit dra

daartoe by dat die individu 'n sterker belewenis van bemagtiging en beheer oor negatiewe omstandighede ontwikkel.

Die proses behels dat die individu vooraf gelei word om baie ontspanne te raak (deur byvoorbeeld 'n ontspanningsoefening) en daarna vind visualisering plaas. Die visualisering wentel dan om die persoon se hantering van ongunstige omstandighede. Die oefeninge kan aangewend word om te ontspan, om genesing aan te help, pyn te beheer of vir 'n veeleisende taak voor te berei. Daar is reeds heelwat navorsing oor die gebruik van visualisering vir die bogenoemde, sowel as oor die aanwending daarvan in spesifieke siektetoestande, gedoen. Enkele voorbeelde is:

- Die verbetering van verhoudinge en menslike interaksies (Johnstone 2000:36-40).

- Pynvermindering en angs (Ackerman & Turkoski 2000:524-530).

- Behandeling van kankerpasiënte (Burns 2001:51-65).

- Behandeling van pasiënte met hartversaking (Klaus, Beniaminovitz & Choi 2000:101-104).

Aangesien angsversteurings meesal ook 'n fisiologiese komponent het, soos verhoogde bloeddruk en hartritme, is dit insiggewend om te let op die perspektief, vanuit 'n mediese oogpunt, dat die gedagtewêreld 'n sterk invloed op die gesondheidstoestand van 'n individu het. Simonton en Henson (1992:6), wat ekstensiewe navorsing oor die gebruik van visualisering by die behandeling van kankerpasiënte gedoen het, merk op: *"While scientific proof of the body-mind connection still makes headlines, doctors working with individual patients have observed such a connection since the beginning of recorded medical history."*

Oor die posisie van die gebruik van visualisering binne die psigologiese dinamiek van die individu, meld Leuner (1983:3): *"As a mental imagery technique, guided affective imagery starts from two premises: (1) that human experience, even if it is only in fantasy…. results in an intensive self-confrontation; and (2) that this confrontation, which is conveyed through fantasy, can be considered in accordance with the empirically gained insights of depth psychology*…." Met 'konfrontasie' word die onmiddellike belewenis in die interaksie van die persoon met sy omstandighede bedoel.

Visualisering het 'n legitieme plek in erkende mediese en psigologiese praktyk en is dus 'n aanvaarbare tegniek in die behandeling van angsversteurings.

9.2.4 Die voortleef-moment

Narratiewe vrae wat veral in hierdie moment van die voorgestelde ontmoetingsmodel relevant is, is vrae oor unieke moontlikhede en vrae rondom die herskrywingskonteks, byvoorbeeld*: "Hoe gaan jy vorentoe met hierdie nuwe insigte te werk gaan?"* Die doel met die voortleef-moment is dat die kliënt nuwe lewenspatrone vestig wat spruit uit 'n herskryfde dominante verhaal. Enkele dissiplines moet deur die kliënt gehandhaaf word, naamlik:

- Daar moet volgehou word met die visualisering van gunstige scenarios.
- Op kognitiewe vlak moet daarmee voortgegaan word om nuutgevonde waarheid te gebruik om irrasionele gedagtes te ontmasker en teen te werk.
- Probleemoplossingsvaardighede moet aangeleer en toegepas word.
- Gememoriseerde Skrifgedeeltes moet telkens in herinnering geroep word.
- In ooreenkoms met die Bybelse geloofsimperatief (vergelyk hoofstuk 6) moet die kliënt besluit om met vertroue te leef.

Aangesien veralgemeende angsversteuring 'n hardnekkige en langdurige karakter het, is dit van belang dat die kliënt realistiese verwagtinge oor die uitkoms van die terapeutiese gesprek sal hê en sal besef dat dit moontlik nodig mag wees om, ter wille van die instandhouding van die herskryfde verhaal, van tyd tot tyd verdere gesprekke met die pastorale terapeut te voer. Dit is egter van groot belang dat die kliënt selfstandig moet kan optree en daar nie 'n afhanklikheidsverhouding met die terapeut sal ontwikkel nie. Inteendeel, indien die vooraf vermelde momente betekenisvol hanteer is, is die moontlikheid groter dat die belewenis van God as Vader by die kliënt versterk is, dat die vadermetafoor ten opsigte van God vir hom/haar inhoudelik aansienlik uitgebrei is, en dat daar gevolglik 'n sekuriteitgewende en –versterkende dividend uit voortvloei.

Na die voorafgaande bespreking van die proses van die voorgestelde ontmoetingsmodel, word die toepassing daarvan in 'n reeks gesprekke met 'n kliënt nou ondersoek.

9.3 DIE TERAPEUTIESE GESPREK: 'N PRAKTIESE TOEPASSING

In die lig van die voorafgaande en met inagneming van die teoretiese begronding wat in hoofstuk 8 uiteengesit is, word daar nou voortgegaan met die bespreking van 'n reeks gesprekke met 'n kliënt wat in Maart en April 2004 plaasgevind het. Hierdie gesprekke was gewoonlik een week uitmekaar op Vrydagmiddae. Tydens die gesprekke is notas geneem. Die hooftrekke van die gesprekke word verbatim weergegee en telkens met waarnemings wat daaruit gemaak is, gevolg. Met hierdie deel van die navorsing word daar gepoog om die ontwikkelingsgang van die gesprek weer te gee en te ondersoek watter relevansie dit vir die hipotese van hierdie navorsingstuk het. Die volgende inligting ten opsigte van die navorsingsproses is ter sake:

- Die rede waarom daar van 'n enkelgevalstudie gebruik gemaak word, is by 8.3 aangedui.

- Vrae is nie vooraf beplan nie, aangesien dit strydig met 'n narratiewe werkswyse wou wees. Vraagstelling is egter hanteer volgens die beginsels wat by 8.4.3. en 8.4.3.1 aangedui is en eie is aan die narratiewe proses.

- Rekordhouding van gesprekke is gedoen deur met die toestemming van die kliënt aantekeninge tydens sessies te maak. Hierdie aantekeninge is as verbatimverslae geskryf waarvan die essensie in hieropvolgende paragrawe aangewend is.

Die kliënt, Freek, is 'n vier-en-twintigjarige Afrikaanssprekende man. Hy is getroud en het twee kinders van voorskoolse ouderdom. Freek is in die boubedryf werksaam en spandeer die meeste van sy werksure in die buitelug. Hoewel hy tot dusver kerklik nie baie betrokke was nie, het hy die plaaslike gemeente se gebedsbediening geskakel en navraag gedoen oor die moontlikheid om iemand te spreek. Hy is deur die gebedsbediening na hierdie navorser verwys. Sy toestemming is verkry vir die gebruik van die gesprekke as navorsingsmateriaal.

9.3.1 Die eerste gesprek

Navorser: **Freek, hoe het dit gekom dat jy navraag gedoen het om iemand te wil sien?**
Freek: Ek sukkel met angstigheid, Anton, ek weet nie of daar fout is met my en of die duiwel met my werk nie. Ek weet nie wat ek verkeerd gedoen het dat ek so moet sukkel nie.

Navorser: **Wat bedoel jy met angstigheid?**
Freek: Ek raak vreeslik bekommerd, veral oor my bloeddruk. Ek is bang dit word te hoog en dan kry ek nie meer werk nie. Ons het 'n groot kontrak by M ('n stadsgebied), en ek is so bang ons verloor dan die kontrak of so iets.

Navorser: **So, jy's bekommerd dat jou gesondheid jou werk gaan benadeel.**
Freek: Ja, ek werk vir my skoonpa, hy's baie goed vir my en ek wil hom nie teleurstel nie. Alles kom nou so mooi reg met die besigheid.

Navorser: **Wil jy my meer vertel van jou bekommernis?**
Freek: Ja, ek is oor baie goed bekommerd – en dan is ek mislik met my vrou ook – verdink haar en so, en ek weet ek kan haar vertrou. En ook as ek ry, dis partymaal baie erg op die "*highway"* as ek in die bakkie is. Ek raak angstig want sê nou ek maak 'n ongeluk. Dan word ek benoud. Die dokter sê dis paniekaanvalle.

Navorser: **O, jy was al by 'n dokter, het hy raad daarmee?**
Freek: Sy't vir my goed gegee, "Azor" of iets, dit help 'n bietjie maar as ek dit nie drink nie is ek maar altyd gespanne.

Navorser: **Altyd?**
Freek: Ja, ek kan nie ontspan nie, ek dink altyd daar gaan iets gebeur of verkeerd gaan. As ek besig is, is dit beter, maar as ek saans gaan sit om TV te kyk of so, dan bekommer ek my. Ons moes laas naweek my skoonouers se huis oppas. Ek het niks geslaap nie, want ek is bang daar gebeur iets. Dink jy die duiwel kan 'n mens so maak?

Navorser: **Is dit in orde as ons mettertyd oor die duiwel praat?**
Freek: Ja, maar kan jy iets vir my doen?

Navorser: **Dis 'n paadjie wat ons saam sal moet loop, is jy bereid dat ons tyd neem en alles mooi deurpraat?**
Freek: Ja, ek wil hê dit moet regkom.

'n Opvolggesprek word vir 'n week later gereël.

Hierdie eerste gesprek pas in die voorstellingsmoment van die voorgestelde ontmoetingsmodel en die volgende oorwegings is van belang.

- Die kliënt se beskrywing van sy probleem laat 'n sterk vermoede ontstaan dat daar veralgemeende angsversteuring teenwoordig is. Daar is ook die moontlikheid van ko-morbiditeit met angsaanvalle of engtevrees. Dit is egter nie die taak van die pastorale terapeut om 'n kliniese diagnose te maak nie, maar in die konteks van hierdie navorsingstuk kan simptome van veralgemeende angsversteuring wel herken word.

- Uit sy opmerkings blyk dit dat die kliënt homself as die probleem sien en hy wonder ook oor die rol van die bose. Die navorser was van mening dat dit nie paslik sou wees om reeds in hierdie stadium die spirituele aspekte te bespreek nie, aangesien daar nog nie vordering met eksternalisering gemaak is nie.

- Die kliënt het moontlik juis vanweë sy vermoede dat die bose betrokke is, die inisiatief geneem om by 'n kerklike ampsdraer aan te klop en wou weet of dié meer as die geneesheer sou kon doen.

- Dit is ook duidelik dat die kliënt bereid is om doelgerig iets te doen ter oplossing van die probleem.


Die terapeut het besluit om vanuit die hipotese van hierdie navorsingstuk te werk te gaan en die kliënt se verhouding met sy vader te ondersoek.

9.3.2 Die tweede gesprek

Aan die begin van hierdie gesprek rapporteer die kliënt dat die gevoel van angstigheid steeds aanwesig is. Die geneeskundige het intussen 'n spierverslapper voorgeskryf vir nekspierspasmas wat die kliënt aan die angstigheid toeskryf.

Na enkele algemene opmerkings word die geneagram aan die kliënt bekendgestel en geteken. Vanuit die geneagram word dit duidelik dat daar 'n goeie verhouding tussen die kliënt en sy moeder is, maar 'n swak en spanningsvolle verhouding met sy vader. Die kliënt meld ook dat sy pa self 'n gespanne mens is.

Geneagram van die kliënt (name is ter wille van vertroulikheid verander):



Die gesprek verloop verder as volg:

Navorser: **Wil jy my sê hoekom jy dink, na jou mening, kom jy en jou pa nie goed klaar nie?**

Freek: Dis van kleins af so, ek was bang vir hom. As hy smiddae by die huis kom, dan was die werk wat hy my gegee het om te doen nooit goed genoeg

gedoen nie. As ek die blare moes vee en daar lê een blaartjie op die werf, dan is hy kwaad en slaan my.

Navorser: **So, meen jy hy't jou onnodig geslaan?**
Freek: Ja! Partymaal het hy my met 'n sambok geslaan en van dat ek so twaalf of dertien was, sommer met die vuis.

Navorser: **En toe jy ouer word?**
Freek: Hy't my nooit vertrou nie. Altyd sy drank vir my toegesluit en so… Kyk, ek het gedrink toe ek jonger was, maar ek sou nie syne steel nie.

Navorser: **Was drank 'n *issue.***
Freek: Ja, hy't redelik baie gedrink.

Navorser: **So, as ek jou reg verstaan, voel jy jou pa is iemand wat onredelik was, wat jou nie vertrou nie en vir wie jy as kind bang was.**
Freek: Ja.

Navorser: **En deesdae?**
Freek: Ons sien mekaar nie baie nie. Ek en my skoonpa kom goed klaar en ek dink my pa is jaloers daarop – hy skimp daaroor. Ek gaan kuier nog partymaal.

Navorser: **Jy't vroeër gesê jou pa is onredelik en streng, is hy godsdienstig ook?**
Freek: Hy't nooit eintlik veel kerk toe gegaan nie. My ma het nog probeer dat ons gaan, maar ons was nooit juis kerkmense nie. Dis maar nou dat ek getroud is, dat ek saam met my skoonouers begin kerk toe gaan. Maar ek glo in die Here.

Navorser: **Wat glo jy basies oor Hom?**
Freek: Hy is daar vir ons, maar hy straf ons as ons verkeerd doen.

Navorser: **Voel hy vir jou naby?**
Freek: Nee, nie eintlik nie.

Navorser: **Sou jy vir my kon beskryf hoe hy vir jou lyk?**
Freek: (Stilte)…… Nee.

Navorser: **O.K., sou jy tussen nou en volgende week 'n bietjie gaan dink oor hoe jy graag sou wou hê dat jou pa moes wees en my dan kom vertel.**
Freek: Dis reg so, maar wanneer praat ons oor die angstigheid?

Navorser: **Ons moet kyk of dit alles nie dalk 'n prentjie maak nie.**

'n Verdere gesprek word vir die volgende Vrydag gereël.

Die vermoede dat die kliënt 'n negatiewe vaderbeeld het, is in die gesprek bevestig. Daar is nie baie oor sy Godsbelewenis gepraat nie, maar sy opmerkings dui daarop dat hoewel sy Godsbeeld nie volledig negatief is nie, dit wel vaag is en dat die element van straf 'n beduidende rol speel. Tydens die gesprek het die navorser die geleentheid gesien om 'n voorbereidende vraag te vra om die geleentheid tot die bespreking van 'n positiewe Godsbeeld te open. Tydens die gesprek was die kwessie van angstigheid nie op die voorgrond nie en die kliënt se laaste opmerking toon 'n mate van teleurstelling of frustrasie hiermee. Die terapeut wou egter eers die basis vir bespreking daarvan in 'n breër konteks lê. Die gesprek hoort ook tuis in die voorstellingsmoment van die ontmoetingsfase van die ontmoetingsmodel.

9.3.3 Die derde gesprek

Na aanvang van die gesprek meld die kliënt dat hy 'n vraag het om te vra.

Freek: Ek het baie gedink oor wat ons laas oor my familie en my pa gepraat het. Nou wil ek weet, dit lyk my, my angstigheid het te make met ander goed as net 'n probleem in myself. Is dit die oorsaak van my probleem?

Navorser: **Hoe dink jy?**
Freek: Dit lyk my die dinge het 'n effek op my gehad en nou sukkel ek met die gevolge.

Navorser: **Ek dink dis goed as jy nie net na binne kyk nie. Dink jy jou verhouding met jou pa het iets daarmee te doen?**
Freek: Ja, ek het gevoel ek is nooit goed genoeg nie.

Navorser: **Ek het laas gevra dat jy 'n bietjie gaan dink oor hoe jy graag wou hê dat jou pa moes wees. Kon jy kans kry daarvoor?**
Freek: Ja, ek sou wou hê dat hy regverdig moes wees, dat hy my nie voor ander mense moes verneder nie. Ek sou wou hê dat ek en hy saam dinge moes gaan doen, soos visvang of speel of iewers heen ry. Dit sou lekker gewees het as hy partymaal sê ek het goed gedoen.

Navorser: **En hy het nie.**
Freek: Nee.

Navorser: **Miskien is dit nou die tyd om oor iets interessants te praat. Hulle sê dat hoe 'n mens jou pa beleef 'n invloed het op hoe jy God beleef. Jy't voorheen gesê jy glo in die Here, hoe dink jy is hy?**
Freek: Ek weet Hy's daar vir ons, ek weet Hy's goed, maar ek dink Hy's kwaai ook. Maar ek dink Hy verhoor ons gebede en help ons in diep donker tye.

Navorser: **Dink jy Hy kan jou met dié probleem ook help?**
Freek: Ja, maar ek weet nie hoe nie.

Navorser: **Het jy al ooit gedink oor wat dit beteken dat die Bybel spesifiek van Hom as Vader praat?**
Freek: Nee, nie regtig nie, Hy's bo in die hemel en almagtig….

Navorser: **Gee jy om as ons 'n bietjie daaroor praat; as ek vir jou 'n paar dinge uitwys?**
Freek: Nee….

Navorser: **(Enkele Skrifgedeeltes en Bybelse gebeure word kortliks deur die navorser bespreek). Dink 'n bietjie, ons bid "Ons Vader". Een Psalm sê "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here hom oor ons." In Hosea sê God "Ek het Efraim leer loop, hom op my arms gedra". Dink mooi, klink dit nie soos 'n liefdevolle pappa nie? Hoe sou dit vir jou voel om regtig te beleef dat hy vir jou, Freek, self so 'n pa is?**
Freek: Dit klink goed.

Navorser: **Ek sal netnou die tekste vir jou saamgee, dan gaan lees jy dit en dink 'n bietjie daaroor. Daar's tog iets anders wat ek jou wil vra; die dinge wat die angstigheid jou wysmaak, dink jy dis alles waar?**
Freek: Nee, die dokter sê my bloeddruk is glad nie so hoog dat dit my 'n hartaanval kan laat kry nie. Ek het op die internet ook gekyk oor paniekaanvalle, niemand is daaraan dood nie.

Navorser: **En oor jou vrou en jou werk en sulke dinge.**
Freek: Nee, my skoonpa is baie tevrede met my werk en gee vir my verantwoordelikhede by. Die Ontwikkelaar vir wie ons nou bou het ons al klaar oor 'n volgende werk genader – dit gaan eintlik baie goed. Wat my vrou betref, weet ek ek is heeltemal onredelik om te dink sy sal my verkul.

Navorser: **As jy sou hoor dat een van die subkontrakteurs iemand is wat baie lieg, sal jy hom glo?**
Freek: Nee.

Navorser: **Lieg die angstigheid nie ook vir jou nie?**
Freek: Ja, maar ek glo hom.

Navorser: **Hom, kan ons hom 'n naam gee, iets soos .....**
Freek: Liegbek (Lag).

Navorser: **Ja, Liegbek klink reg. Dink jy jy't 'n keuse om vir Liegbek te glo of nie?**
Freek: Ja, definitief.

Navorser: **Dink jy hy het die reg om jou lewe so te beïnvloed?**
Freek: Nee!

Navorser: **Wie dink jy is die sterkste, jy of Liegbek?**
Freek: Ek is, ek weet nie hoekom besef ek dit nie.

Navorser: **Wie dink jy gee die meeste vir jou om, Liegbek of die Here as Hy is soos ons netnou oor Hom gepraat het.**
Freek: Natuurlik die Here, al voel dit nie altyd so nie.

Navorser: **Ek wonder of jy nie 'n lysie moet gaan maak van al die dinge wat Liegbek jou wysmaak nie; dan dink jy daaroor en skryf langs elkeen wat die waarheid eintlik is.**
Freek: Ek sal dit doen, moet ek dit volgende keer saambring?

Navorser: **Dit sal goed wees.**

'n Verdere opvolgafspraak word gereël.

Die kliënt het self gevorder met dekonstruksie deur te besef dat die probleem ook aan faktore buite homself toe te skryf is. Dit het die deur geopen vir personifikasie. Die navorser het doelbewus die bespreking oor God as Vader

geïnisieer, ten einde God se verhaal by die terapeutiese gesprek te betrek. Hier was dus 'n direktiewe element teenwoordig. Verder is daar ook 'n element van REGT betrek deur onjuiste denke te ontmasker en te begin om die dissipline te kweek om dit teen te staan. Die gesprek is vergemaklik deur die goeie insig van die kliënt. Hierdie gesprek sou as deel van die Leer ken-element van die voorgestelde ontmoetingsmodel getipeer kon word.

9.3.4 Die vierde gesprek

By die aanvang van hierdie gesprek was die terapeut van mening dat dit gepas sou wees om 'n visualiseringsoefening te doen, ten einde die kliënt te bemagtig om die nabyheid van God op affektiewe vlak te beleef. Die kliënt rapporteer ook dat hy in die afgelope week beter gevoel het en homself dophou om nie te glo wat Liegbek sê nie. Hy gebruik nie meer van die medikasie nie. Dit het opgeraak en hy het nie gemeen dat dit nodig was om 'n herhaalvoorskrif te kry nie.

Nadat 'n ontspanningsoefening gedoen is, versoek die navorser die kliënt om homself in aangename omstandighede, in 'n rustige plek voor te stel. In hierdie plek is God teenwoordig. Alles is rustig en kalm. Liegbek staan 'n ent weg en lyk bang en baie ontevrede dat hy nie nader kan kom nie. Hy waag dit nie om iets te doen nie omdat God die Vader by Freek sit. Hierna word die kliënt gevra om te vertel waar en hoe die plek is wat hy hom ingedink het. Hy gee 'n beskrywing daarvan en sê dat dit vir hom baie lekker was en dat hy ontspanne voel. Hy word aangemoedig om hierdie toneel telkens op te roep, waar hy hom ook al bevind.

Navorser: **Terloops, hoe lyk Liegbek?**
Freek: Hy's 'n nare klein mannetjie wat kwaad steek. Hy't die vermoë om dinge so te vertel dat jy hom glo.

Navorser: **O, hy's klein né. Wat dink jy kan jy alles met Liegbek doen?**

Freek: Ek kan hom agter op die bakkie laat ry sodat hy my nie pla as ek bestuur nie (lag). Ek kan vir hom sê hy moet my uitlos. Ek kan vir hom sê hy lieg, of ek kan sê: "Pas die bakkie op" dan kan ek myself geniet (lag).

Navorser: **Dink jy dat hy dan nie meer soveel invloed op jou lewe sal hê nie?**
Freek: Ja, ek is baas, nie hy nie.

Navorser: **Noudat ons oor Liegbek gepraat het, wat dink jy nou oor die duiwel se rol in jou situasie.**
Freek: Nee, ek dink nie die duiwel is in my nie. Miskien het hy die situasie partymaal gebruik om my by te kom.

Navorser: **En God, wat doen hy?**
Freek: Ek weet Hy's by my en as Hy by my is hoef ek my nie aan Liegbek te steur nie.

Navorser: **Ek wonder of ons oor iets anders kan praat. Dink jy daar kan iets goeds kom uit alles wat gebeur het?**
Freek: Ja, ek kan die hele ding omswaai in my eie gesin.

Navorser: **Sal jy 'n bietjie gaan dink oor hoe jy dit gaan regkry?**
Freek: Ja.

Daar word 'n opvolgafspraak gereël.

Hierdie gesprek pas in die Liefkry-moment van die ontmoetingsmodel. Die kliënt het daarmee kennis gemaak om God as 'n werklike en teenwoordige Vader te ervaar, wie se teenwoordigheid 'n verandering in sy situasie meebring. Die kliënt het ook bewus geword van sy vermoë om in beheer van sy situasie te kom. Eksternalisering het verder gevorder en unieke uitkomste, wat in die voortleef-moment nodig is, het in die gesigsveld gekom.

9.3.5 Die vyfde gesprek

Weens die Paasnaweek het hierdie gesprek twee weke na die vorige een plaasgevind. Die kliënt rapporteer dat hy baie minder angstig voel en dat hy dit regkry om Liegbek op sy plek te sit. Hy het wel 'n enkele keer benoud gevoel in die bakkie, maar dit gaan beter.

Navorser: **Wat het jy toe gedink oor of daar iets goeds kan kom uit alles wat gebeur het?**
Freek: Ek dink ek kan 'n boodskapper van die Here wees.

Navorser: **Hoe so?**
Freek: Ek het baie gedink oor hoe 'n pa ek vir my kinders kan wees. Ek speel met hulle en my laaitie gaan baie keer saam met my na plekke toe. Saans lees ek vir hulle. As ek vergeet dan kom sê my laaitie: "Pappa, lees". Ek breek die ketting, soos toe ons op daardie diagram gekyk het, dit gaan nie met my gesin ook so wees nie, nie daardie patroon nie. Ek gaan 'n sukses maak.

Navorser: **Nou praat jy! En Liegbek, hoe gaan dit met hom?**
Freek: Ons het Paasnaweek gaan kamp, die hele familie. Die een aand sit ons daar om die vuur en ek sien in my gedagte dat die Here daar by ons sit. Ou Liegbek staan daar eenkant en lyk bedremmeld omdat hy nie deel van die geselskap kan wees nie (lag).

Navorser: **Miskien moet ons daarvan probeer werk maak om hom heeltemal uit die prentjie te kry.**
Freek: Ek sal bel as ek dink ons moet weer praat.

Die kliënt het vaste voornemens wat inpas in die voortleef-moment van die ontmoetingsmodel. Hy voel klaarblyklik bemagtig en in beheer van die situasie sowel as positief oor die toekoms. Dit is moontlik om hierdie redes dat hy die reeks gesprekke self getermineer het. Dit is opvallend dat hy besondere

inherente vermoëns tot vasbeslotenheid het en dit het baie bygedra tot die goeie verloop en uitkomste van die terapeutiese proses. Die ervaring van die navorser was dat die kliënt self ten nouste by die helingsproses betrokke was. Die navorser is van mening dat die positiewe rol van die kliënt se skoonvader op 'n indirekte wyse tot die terapeutiese proses bygedra het, omdat hy 'n positiewe alternatiewe vaderfiguur is met wie die kliënt kan identifiseer.

'n Aspek van die reeks gesprekke wat nie verbatim weergegee is nie, het gehandel oor die kwessie van skuldgevoelens en straf. Die kern van die Evangelie en die feit dat Jesus ons straf plaasvervangend gedra het, is tydens een van die gesprekke bespreek. Dit was vir die kliënt baie bevrydend.

Hierdie reeks gesprekke is vir insluiting in hierdie navorsingstuk besonder gunstig, onder andere vanweë die feit dat dit opvallend vlot verloop het. Dit blyk dus dat sommige individue tot 'n meerdere mate oor inherente karaktereienskappe beskik om die omstandighede wat hulle benadeel het, te oorstyg. Dit is beslis die geval met die kliënt in die voorgelegde reeks gesprekke.

Dit sou goed wees as die proses wat hier weergegee is, voortgesit kon word en Liegbek heeltemal uit Freek se lewe kon verdwyn. Die navorser kon in hierdie reeks gesprekke iets beleef van wat Gerkin (1997:324-327) met die *"Incarnational model"* tot die pastoraat bedoel. In sekere opsigte het God meer werklik vir Freek geword – Hom in sy eie lewe vergestalt gesien, soos Gerkin sê: *"Gods grace is more than a promise; it is a reality present in human experience to be recognized and appropriated as it appears in a myriad forms incarnate in the events and relationships of our lives."*

9.4 BESKRYWING DEUR DIE KLIëNT

Die kliënt het na afloop van die laaste gesprek vrywillig aangebied om 'n kort oorsig van sy belewenis te skryf. Daar is geen suggestie deur die terapeut gegee oor watter elemente in die oorsig genoem moet word nie. Dit is twee

maande later ontvang. Die beskrywing deur die kliënt word hieronder weergegee.

My angsverhaal

Ek het toe ek graad 1 toe gegaan het op skool al probleme gehad, dat ek die heeltyd geglo het my ore gaan afval en ek gaan doodgaan en my ma gaan doodgaan by die huis ensovoorts. Ek het toe ná dit weggegaan het weer so op 12 jaar oud 'n probleem ontwikkel wat ek gedurig bang was vir die dood. Toe kom bid die pastoor vir my. Toe gaan dit weer weg tot nou. Ek is nou amper 25 jaar oud.

Op 'n dag het ek van die werk af bestuur (dit was ± 2 jaar terug) om die oom af te laai wat saam met my gewerk het. Toe ek by die een robot stop toe voel ek baie snaaks, dit het gevoel of ek gaan "uitpass". Gelukkig het ek my bewussyn behou maar het net snaaks gevoel. My spiere was styf en ek het snaakse visie in my oë gehad. Ek het toe die naweek dokter toe gegaan en kon niks fout kry nie, behalwe dat my bloeddruk bietjie hoog was. Ek was toe op medikasie gesit vir bloeddruk.

Van daar af het ek party dae reg gevoel dan party dae sleg gevoel, toe besluit ek om 'n ander dokter te gaan sien by die Mediese Sentrum. Ek het aan hom my dinge beskryf en hy het gesê dit kan engtevrees wees waaraan ek ly. Ek het toe ook H.F. Verwoerd Hospitaal toe gegaan vir skildklier toetse, al die toetse se uitslae was goed en normaal. Toe besluit ek om by 'n sielkundige uit te kom. Hy het my oor my kinderdae gevra. Ek het hom vertel dat my pa altyd met my baklei het, soms oor 'n simpel ding – my nooit vryheid toegelaat nie. Hy wou my vriendinne kies en het hulle my so een na die ander gelos omdat my pa so is. Ek kon nie met hom oor my probleme praat nie. Hy het altyd op ons geskree en gevloek as 'n ding nie vir hom reg was nie. Hy het my ma gevloek en sleg gesê voor ons kinders. Toe ek matriek klaar het, het ek begin werk en ná 'n jaar

het ek vir my ander blyplek gesoek. Ek en my pa het tot nou toe nog nie 'n baie hegte verhouding nie, ons het baie meningsverskille.

Ek het toe maar nog steeds so angstig gevoel soos toe ek die sielkundige gaan sien het maar dit het beter geraak. Ek het ook geleer om nie so selfbewus meer te wees nie en om minder besitlik op my verloofde te wees, ek was baie agterdogtig gewees en my oor baie dinge bekommer wat ook nou verbeter het. Nou het ek twee kinders ook in my lewe en ek kon nie aan die begin dink hoe om vir hulle vaderlike liefde te gee nie en wat ek moes doen as 'n vader nie, maar ek kom al mooi reg daarmee en raak die kinders al liewer vir my. Dit is baie te danke aan my skoonouers en die sielkundige.

Ek het by ds. Anton uitgekom en 'n bietjie met hom gesels. Ek het my verhaal vir hom vertel en hy het vir my 'n manier gewys wat ek kan toepas tydens angstigheid en baie ander dinge vertel. Van daar af was die angs vir amper twee maande weg nadat ek ds. Anton weer ophou sien het maar nou het dit my weer liggies gevang (Na my pa se optrede op Moedersdag) maar ek kom reg daarmee.

Ek wil net vra dat as enige iemand nog verder wil weet van my probleem, of as ek iemand wat ook daarmee sukkel kan help, hulle welkom is om my te bel.

9.5 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

In hierdie hoofstuk is hoofsaaklik twee aangeleenthede ondersoek. In die eerste plek is die verskeie momente van die diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel van naderby beskryf en ook aangetoon hoe enkele ander psigoterapeutiese tegnieke daarby betrek kan word. Hierdie model is getrou aan 'n deduktiewe diakoniologiese epistemologie, maar benut terselfdertyd die voordele van 'n hermeneutiese pastorale grondhouding. Tweedens, is die toepassing van die model ondersoek aan die hand van 'n reeks gesprekke met 'n kliënt waartydens daar met elemente van veralgemeende angsversteuring gehandel is. Die navorsingshipotese van hierdie navorsingstuk, naamlik dat 'n

negatiewe vader- en Godsvoorstelling bydraend is tot die ontwikkeling van bogenoemde versteurings, het geblyk van toepassing op die omstandighede van die kliënt te wees. Die positiewe uitkoms van die reeks gesprekke versterk die vermoede dat die hipotese van hierdie stuk houdbaar is en kan nuttig in die volgende hoofstuk, waar finale bevindinge en konklusies geformuleer word, geïnkorporeer word.

BEVINDING

Human science is an uncertain guess.

- **Matthew Prior**

Die werkswyse wat in hierdie navorsingstuk gebruik is, neig om by eerste aanblik die indruk van teenstrydigheid te wek: Die blote gebruik van die term "angsversteuring" mag voorkom as synde 'n assosiasie met 'n modernistiese denkraamwerk te wees, terwyl die gebruik van 'n narratiewe terapeutiese *modus operandi* na die teendeel mag lyk. Terselfdertyd mag die gebruik van terme soos "hipotese" of soos in hierdie geval, "bevinding", weereens die modernisme in gedagte bring. Die intensie is egter om bloot tot konklusie te kom van 'n ondersoekende reis en die uitkoms daarvan te verwoord. Die bevinding word hier dan beskou as die beligting van enkele aspekte van 'n toneel wat hierdie navorser in sy ondersoek in oënskou kon neem.

10.1 BEVINDING TEN OPSIGTE VAN KERN-ELEMENTE VAN DIE NAVORSING

In hierdie navorsingstuk is aandag gegee aan epistemologiese oorwegings, 'n paradigmakeuse, die terrein van die praktiese teologie, die gedragswetenskappe, taalfilosofie en bibliologiese dissiplines. Daar is egter enkele kern-elemente van die navorsing ten opsigte waarvan die bevindinge daaromtrent nader aan die oorspronklike hipotese-vraagstelling lê. Dit kan soos volg aangedui word:

- **Die narratiewe proses**

  Dit blyk duidelik dat die narratiewe proses dit vir die navorser moontlik gemaak het om die vader- en Godsbeeld van Freek, die kliënt (mede-

navorser), tot 'n bevredigende mate te verken. Van groter belang egter, is dat die proses dit vir Freek moontlik gemaak het om tot 'n herbeskrywing van sy vader- en Godsbeeld te kom en in dieselfde proses betekenisvol met sy angsbelewenis te handel.

Die narratiewe proses as terapeutiese werkwyse kan dus aangetoon word as 'n werkbare instrument by terapie vanuit die vadermetafoor aan persone met 'n belewenis van veralgemeende angs. Narratiewe uitganspunte maak dit moontlik om die kragtige effek van metaforiese taal en konsepte, wat in die Skrif oor God as Vader gevind word, in die terapeutiese proses te integreer. Die verhaal van die kliënt ontwikkel tydens die proses gevolglik na 'n verhaal van 'n persoon met 'n nuwe of eintlike vader. Die keuse vir 'n narratiewe werkwyse is dus ideaal vir die internalisering van 'n Skrifgetroue vader- en Godsbeeld.

Verder leen die narratiewe proses sigself suksesvol tot die ontwikkeling van die momente van aanmelding, ontmoeting, liefkry en groei wat in die diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel aangetoon is. Die soorte narratiewe vrae korreleer genoegsaam met die genoemde momente van so 'n ontmoetingsmodel.

- **'n Diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel**

  Die diakoniologiese elemente van hierdie model maak dit moontlik om op 'n verantwoordelike wyse met die Skrif om te gaan. Die Skrif, as betroubare getuienis van God se selfopenbaring, bied 'n unieke vader- en Godskonsep wat besonder gunstig op die terrein van angsvalligheid van toepassing gemaak kan word. Die inhoudelike substansie van sodanige konsepte het by die kliënt nuwe horisonne van belewenis en van geborgenheid geopen.

  Die integrerende element van die ontmoetingsmodel het dit vir die navorser moontlik gemaak om insigte uit die gedragswetenskappe by

die ondersoek te betrek en enkele gedragswetenskaplike tegnieke in die narratiewe proses te integreer. Vir Freek het dit die geleentheid gebied om nuwe denkpatrone te vorm en op effektiewe wyse te internaliseer. Hierdeur is die belewenis van bepaalde emosies gewysig, sodat 'n bevrydende en bemagtigende uitkoms bereik kon word.

Die keuse vir die ontwikkeling van 'n diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel leen sigself dus op baie nuttige wyse tot pastorale terapie en is toepaslik vir terapie aan persone wat met veralgemeende angsversteuring saam leef.

- **Die hipotese**

  Aanvanklik is van die vermoede uitgegaan dat 'n negatiewe of gebrekkige vaderbeeld by 'n individu tot 'n soortgelyke Godskonsep aanleiding kan gee. Hierdie konsepte kan op hulle beurt tot 'n eksistensiële sekuriteitsgebrek bydra wat dan in 'n angsversteuring tot uiting kan kom. Die korrelasie tussen vader- en Godskonsepte enersyds, en die simptomatologie van veralgemeende angsversteuring andersyds, is duidelik in hoofstuk 7 aangetoon. Hierdie ooreenkomste is ook opsigtelik waar te neem in die gesprekke met Freek. Hierdie navorser is gevolglik van mening dat die hipotese, naamlik dat die vader- en Godsbeeld van die individu 'n oorsaaklike faktor by die ontwikkeling van veralgemeende angsversteuring kan wees, as korrek bewys is. Gevolglik is die narratiewe herbeskrywing van die vader- en Godsbelewenis van die individu 'n geldige benadering tot terapie aan persone met veralgemeende angsversteuring.

10.2 DIE EFFEK VAN DIE NAVORSING OP BETROKKE INDIVIDUE

Die twee individue wat ten nouste by hierdie navorsing betrokke was, is beide op 'n betekenisvolle wyse daardeur beïnvloed.

- **Die kliënt of medenavorser**

  In die lig van die feit dat daar aan die hand van 'n literatuurstudie aangetoon is dat psigo- en farmakoterapie dikwels nie blywende beterskap vir veralgemeende angsversteuring bring nie, is dit betekenisvol dat Freek tydens die terapeutiese proses besonder positief gereageer het. Die eksternalisering van die probleem en die personifisering daarvan in die "Liegbek"-figuur, was 'n bevrydende gebeurtenis. Terselfdertyd het geestelike groei uit 'n hernude verhouding met God as vader gespruit en het emosionele en persoonlike bemagtiging duidelik geword uit die feit dat hy sy eie rol as eggenoot en vader in positiewe terme beskryf en vir homself 'n sinvolle en heilsbemiddelende rol vir die toekoms sien.

  Hierdie waarnemings bevestig die voordele van die aanvanklike keuses in hierdie navorsingstuk; om die religieuse aspek van die terapeutiese arbeid te verreken, maak 'n wyer spektrum van uitkomste moontlik as wat by eksklusief psigo- of farmakoterapeutiese werkswyses moontlik sou wees.

- **Hierdie navorser**

  Terwyl eie ondervinding in pastorale werk vroeër by hierdie navorser die vermoede laat ontstaan het dat daar 'n oorsaaklike verband tussen die Godskonsep en angsversteurings kon wees, was dit 'n verrykende ervaring om op 'n gestruktureerde wyse ondersoek hierna in te stel. Bybelse- en geloofswaarhede wat opnuut relevant geword het, en die belewenis daarvan om dit op 'n sinvolle wyse in die terapeutiese proses geïntegreerd te sien, was in sigself bevredigend. Van net soveel nut egter, was die verbreding van insig en ontwikkeling van nuwe insigte, asook aanpassing en korreksie van gekoesterde sienswyses. Die navorsing is as 'n ontdekkingsreis beleef, wetende dat so 'n reis geen finale bestemming het nie, maar steeds nuwe horisonne aanbring.

10.3 GEïDENTIFISEERDE LEEMTES EN GELEENTHEDE VIR VERDERE NAVORSING

Geen navorsingsproses kan volledig wees nie. Tydens die navorsingsproses is leemtes geïdentifiseer ten opsigte waarvan daar in toekomstige navorsing gekonsentreer sou kon word.

Dit was nie sonder 'n mate van ongemak dat daar deurgaans van psigopatologiese terminologie gebruik gemaak is nie. Die element van etikettering en stigmatisering wat hiermee gepaard gaan, is vreemd aan 'n narratiewe werkswyse. Soos aangetoon is, was die gebruik van die terminologie hoofsaaklik vanweë die behoefte aan die een of ander vorm van benoeming. Dit is wenslik dat daar vanuit 'n sistemiese of narratiewe invalshoek ander terme ontwikkel kan word, wat vry is van die bogenoemde bagasie. Hoewel eksternalisering en personifisering in 'n mate aan hierdie behoefte voldoen, vergemaklik dit nie die pastorale terapeut se interaksie met persone wat in ander helpende beroepe opgelei is en in 'n oorwegend modernistiese denkkader opereer nie.

Met die literatuurstudie was dit opvallend dat daar 'n leemte is, ten opsigte van literatuur wat religieuse kwessies met angsversteuring in verband bring. Die leemte is selfs groter in sover dit die psigologiese en emosionele impak van vader- en Godskonsepte betref. Daar is gevolglik ruim geleentheid op die terrein van die teologie, die gedragswetenskappe en die opvoedkunde om verdere navorsing in hierdie verband te doen. Die Suid-Afrikaanse samelewing met die geskiedenis van trekarbeid en militêre diensplig, sowel as die hoë voorkomssyfers vir egskeiding en die toenemende getal Vigswesies, sou by sodanige navorsing kon baat vind. Terwyl daar in hierdie navorsingstuk wel van ander angsversteurings kennis geneem is, is daar hoofsaaklik op veralgemeende angsversteuring gekonsentreer. Daar is dus 'n behoefte om die effek van vader- en Godsbeeld op die ontwikkeling van ander angsversteurings te ondersoek.

By die voltooiing van die navorsing, en gemotiveer deur die bevindinge wat daaruit gemaak is, is die wens van hierdie navorser:

MAG DIE HARTE VAN DIE VADERS TERUGKEER
TOT DIE KINDERS
♥

BYLAAG 1

Hamilton Anxiety Scale

I. Symptom Rating Scale (0 = Not present, 4 = Disabling)
  A. Anxious Mood
    1. Worries
    2. Anticipates worst
  B. Tension
    1. Startles
    2. Cries easily
    3. Restless
    4. Trembling
  C. Fears
    1. Fear of the dark
    2. Fear of strangers
    3. Fear of being alone
    4. Fear of animal
  D. Insomnia
    1. Difficulty falling asleep or staying asleep
    2. Difficulty with *Nightmares*
  E. Intellectual
    1. Poor concentration
    2. Memory *Impairment*
  K. Gastrointestinal symptoms
    1. *Dysphagia*
    2. *Nausea* or *Vomiting*
    3. *Constipation*
    4. Weight loss
    5. Abdominal fullness
  L. Genitourinary symptoms
    1. Urinary frequency or urgency
    2. *Dysmenorrhea*
    3. *Impotence*
  M. Autonomic Symptoms
    1. *Dry Mouth*
    2. *Flushing*
    3. Pallor
    4. Sweating
  F. Depressed Mood
    1. Decreased interest in activities
    2. Anhedonia
    3. *Insomnia*
  G. Somatic Complaints: Muscular
    1. Muscle aches or pains
    2. Bruxism
  H. Somatic Complaints: Sensory
    1. *Tinnitus*
    2. Blurred vision
  I. Cardiovascular Symptoms
    1. Tachycardia
    2. *Palpitations*
    3. *Chest Pain*
    4. Sensation of feeling faint
  J. Respiratory Symptoms
    1. Chest pressure
    2. *Choking* sensation
    3. *Shortness of Breath*
  N. Behavior at Interview
    1. Fidgets
    2. Tremor
    3. *Paces*

II. Interpretation
  A. Above 14 symptoms are graded on scale
    1. Not present: 0
    2. Very severe symptoms: 4
  B. Criteria
    1. Mild Anxiety (minimum for *Anxiolytic*): 18
    2. Moderate Anxiety: 25
    3. Severe Anxiety: 30

Date				
Anxious mood				
Tension				
Fears				
Insomnia				
Intellect				
Depressed mood				
Somatic general (muscular and sensory)				
Cardiovascular system				
Respiratory system				
Gastro-intestinal system				
Genito-urinary system				
Autonomic system				
Behaviour at interview				

General comments:

Grades
0 is none
1 is mild
2 is moderate
3 is severe
4 is very severe, grossly disabling

"The Assessment of Anxiety States by Rating," by M. Hamilton, 1959, *British Journal of Medical Psychology, 32,* pp. 50–55. © The British Psychological Society.

BYLAAG 2

Liebowitz Social Anxiety Scale

Pt Name: _____ **Pt ID #:** _____

Date: _____ **Clinic #:** _____ **Assessment point:** _____

Fear or Anxiety:	Avoidance:
0 = None	0 = Never (0%)
1 = Mild	1 = Occasionally (1–33%)
2 = Moderate	2 = Often (33–67%)
3 = Severe	3 = Usually (67–100%)

	Fear or Anxiety	Avoidance	
1. Telephoning in public. (P)			1.
2. Participating in small groups. (P)			2.
3. Eating in public places. (P)			3.
4. Drinking with others in public places. (P)			4.
5. Talking to people in authority. (S)			5.
6. Acting, performing, or giving a talk in front of an audience. (P)			6.
7. Going to a party. (S)			7.
8. Working while being observed. (P)			8.
9. Writing while being observed. (P)			9.
10. Calling someone you don't know very well. (S)			10.
11. Talking with people you don't know very well. (S)			11.
12. Meeting strangers. (S)			12.
13. Urinating in a public bathroom. (P)			13.
14. Entering a room when others are already seated. (P)			14.
15. Being the center of attention. (S)			15.
16. Speaking up at a meeting. (P)			16.
17. Taking a test. (P)			17.
18. Expressing a disagreement or disapproval to people you don't know very well. (S)			18.
19. Looking at people you don't know very well in the eyes. (S)			19.
20. Giving a report to a group. (P)			20.
21. Trying to pick up someone. (P)			21.
22. Returning goods to a store. (S)			22.
23. Giving a party. (S)			23.
24. Resisting a high pressure salesperson. (S)			24.

Score	
55–65	Moderate Social Phobia
65–80	Marked Social Phobia
80–95	Severe Social Phobia
95+	Extreme Social Phobia

"Social Phobia," by M. R. Liebowitz, 1987, *Modern Problems in Pharmacopsychiatry,* 22, pp. 141–173.

Achtemeier, E 1993. Why God is not a mother. Christianity Today, 17-23, 16 August.

Ackerman, C J & Turkoski, B 2000. Using guided imagery to reduce pain and anxiety. Home Healthcare Nurse, 18(8):524-530.

Ackerman, D M 1985. Liberation and practical theology: A feminist perspective on ministry. Journal of Theology in South Africa, 52:21-36.

Ackerman, D M 1985. Women and ministries: A feminist perspective. Pretoria: UNISA (M.Th Dissertation).

Ackerman, D M 1993. Critical theory, communicating actions and liberating praxis: Views of a feminist practical theology. Journal of Theology in South Africa, 82:21-36.

Adams, J E 1970. Competent to counsel. Grand Rapids: Baker Book House.

Adams, J E 1972. Christian living in the home. Phillipsburg: Presbyterian & Reformed Publishing Company.

Adams, P L, Milner J R & Schrepf, N A 1984. Fatherless children. New York: John Wiley & Sons.

Aden, L & Ellens, J H (eds.) 1988. The Church and pastoral care. Grand Rapids: Baker Book House.

Anderson, A A 1972. The new century Bible commentary. The book of Psalms. Vol. 1 (1-72). Grand Rapids: W B Eerdmans Publishing Company.

Anderson, H & Goolishian, H A 1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. Family Process, 27(4):371-393, December.

Andrews, G, Crino, R, Hunt, C, Lampe, L & Page, A 1994. The treatment of anxiety disorders. Cambridge: Cambridge University Press.

Atkinson, P, Coffey, A & Delamont, S 2003. Key themes in qualitative research: Continuities and change. New York: Alta Mira Press.

Aulén, G 1931. Christus victor. London: SPCK.

Barlow, D H 1988. Anxiety and its disorders. New York: The Guilford Press.

Barlow, D H & Durand M V 1995. Abnormal psychology. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Barker, P 1985. Using metaphors in psychotherapy. New York: Brunner & Mazela.

Barr, J 1988. Abba isn't "daddy". Journal of Theological Studies, 39:28-47, April.

Barr, J 1988. Abba, Father and the familiarity of Jesus' speech. Theology, 91:173-179, May.

Barrett, M 1995. Practical and ethical issues in planning research. (In Breakwell, G M, Hammond, S & Fife-Shaw, C (eds.), Research methods in psychology. London: Sage Publications.)

Barth, K 1958. Church dogmatics. Vol.14. The doctrine of reconsiliation. Part 2. Edinburgh: T & T Clark.

Barton, J 1998. Historidal-critical approaches. (In Barton, J (ed.), The Cambridge Companion to Biblical Interpretation. Cambridge University Press: Cambridge.)

Bavinck, H 1928. Gereformeerde dogmatiek. Kampen: J H Kok.

Beck, J G, Stanley, M A & Zebb, B J 1996. Characteristics of generalized anxiety disorder in older adults. Behavior Research and Therapy, 34:225-234.

Becker, E S, Roth, W T, Andrich, M & Margraf, J 1999. Explicit memory in anxiety disorders. Journal of Abnormal Psychology, 108(1):153-163.

Becvar, D S & Becvar, R J 1996. Family therapy: A systemic integration. Boston: Allyn & Bacon.

Ben-Noun, L 1998. Generalized anxiety disorder in dysfunctional families. Journal of Behavior Therapy and Experimental Psychiatry, 29(2):115-122.

Berkhof, L 1939. Systematic theology. Edinburg: The Banner of Truth Trust.

Berkhof, H 1979. Christian faith: An introduction to the study of the faith. Grand Rapids: W B Eerdmans Publishing Company.

Berkouwer, G C 1975. Holy scripture. Grand Rapids: W B Eerdemans Publishing Company.

Besa, D 1994. Evaluating narrative family therapy using single-system research designs. Research on Social Work Practice, 4(3):309-325.

Biller, H B 1976. Father absence and the development of the black child. Developmental Psychology, 2(2):16-19.

Biller, H B & Kimpton, J L 1997. The father and the school-aged child. (In Daniels, C R 1998. Lost Fathers. London: Macmillan.)

Bird, P A 1991. Sexual differentiation and divine image in the Genesis creation texts. (In Borresen, K E (ed.), Image of God and gender models in Judaeo-Christian tradition. Oslo: Solum Forlag.)

Blankenhorn, D 1995. Fatherless America: Confronting our most urgent social problem. New York: Basic Books.

Bloesch, D G 1985. The battle for the Trinity: The debate over inclusie God-language. Ann Arbor: Vine Books.

Bons-Storm, R 1998. Dominant practical theology and feminist perspective. (In Meyer-Wilmes, H *et al.* (eds.), Feminist perspectives in pastoral theology. Leuven: Peeters.)

Borkovec, T D, Abel, J L & Newnan, H 1995. Effects of psychotherapy on comorbid conditions in generalized anxiety disorder. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 63:479-483.

Børresen, K E 1991. God's image, man's image? Patristic interpretation of Genises 1:27 and 1 Corinthians 11:7. (In Børresen, K E (ed.), Image of God and gender models in Judaeo-Christian tradition. Oslo: Solum Forlag.)

Børresen, K E 1991. Imagio Dei as inculturated doctrine. (Børresen, K E (ed.), Image of God and gender modules in Judaeo-Christian tradition. Oslo: Solum Forlag.)

Boston, A 1993. Growing up fatherless. (In Owen, V, Fathers: Reflections by daughters. London: Viagro.)

Breitholtz, E, Johansson, B & Ost L G 1999. Cognitions in generalized anxiety disorder and panic disorder patients: A prospective approach. Behaviour Research & Therapy, 37(6):533-544, June.

Brown, T A 1999. Generalized anxiety disorder and obsessive compulsive disorder. (In Millon T, Blaney, P H & Davis, R D (eds.), Oxford Textbook of Psychopathology. New York: Oxford University Press.)

Brown, T A, Barlow, D H & Liebowietz, M R 1994: The empirical basis of generalized anxiety disorder. The American Journal of Psychiatry, 15(9):1272-1280.

Browning, D S 1985. Introduction to pastoral counseling. (In Wicks, R J, Parsons, R D & Capps, D E (eds.), Clinical handbook of pastoral counseling. New York: Paulist Press.)

Bruce, F F 1981. The new international commentary on the New Testament: The epistle to the Hebrews. Grand Rapids: W B Eerdmans Publishing Company.

Burns, D S 2001. The effect of the bonny method of guided imagery and music on the mood and life quality of cancer patients. Journal of Music Therapy, 38(2):51-65.

Cameron, D 1990. Why is language a feminist issue? (In Cameron, D (ed.), The feminist critique of language: A reader. London: Toutledge.)

Capps, D 1998. Living stories: Pastoral counselling in congregational context. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Carey, G 1977. I believe in man. London: Hodder & Stoughton.

Carlson, T D 1997. Using art in narrative therapy: Enhancing therapeutic possibilities. The American Journal of Family Therapy, 25(3):271-283.

Carrol, R P 1998. Poststructuralist approaches, new historicism and postmodernism. (In Barton, S (ed.), The Cambridge companion to Biblical interpretation. Cambridge University Press: Cambridge.)

Carter, B & Mc Goldrick, M 1989. The changing family cycle. Boston: Allyn & Bacon.

Christenson, L (ongedateerd). Die Christengesin. Soutrivier: Sunday School Centre Publikasies.

Cilliers, O J 2004. Skrifgebruik in die pastoraat. Pretoria: UNISA (M.Th Verhandeling).

Clinebell, H 1984. A holistic liberation-growth model of pastoral care and counseling. *(*In Clinebell, H, (ed.), Basic types of pastoral care and counseling: Resources for the ministry of healing and health. London: SCM Press.)

Clinebell, H 1984 Basic types of pastoral care and counseling: Resoures for the ministry of healing and growth. Nashville: Abingdon Press.

Cloete, D de M & Cloete, M L 2005. Gemoedsgenesing, bevryding en oorwinning deur gebedsterapie. Pretoria: Deur outeur gepubliseer.

Collins, G R (ed.) 1988. Christian counseling: A comprehensive guide. Nashville: Word Publishing.

Compaan, R M J (Maatskaplike werker by Tutela Sentrum) 2004. Onderhoud gevoer met navorser. Pretoria: 20 Julie.

Coopersmith, S A 1959. Method for determining types of self-esteem. Journal of Abnormal Psychology, 25-34.

Coryell, W & Winokur, G 1991. The clinical management of anxiety disorders. New York: Oxford University Press.

Cox, M J & Theilgaard, A 1987. Mutative metaphors in psychotherapy. London: Tavistock Publications.

Crafford, J D & Kotze D J 1997. 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. Acta Theologica, 1:99-119.

Cummings, E M & O'Reilly, A W 1997. Fathers in family context: Effects of marital quality on child adjustment. (In Daniels, C R 1998. Lost Fathers. London: MacMillan.)

Dahood, M 1965. The Anchor Bible. Psalms 1-50. New York: Doubleday & Company.

Daly, M 1974. Theology after the demise of God the Father: A call for the castration of sexist religion. (In Hageman, A L (ed.), Sexist religion and women in the Church: No more silence! New York: Association Press.)

De Bruin, P 2003. Steve se God van genade. Beeld: 2 Januarie.

De Jongh-Van Arkel, J T 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. Pretoria: UNISA (D.Th Dissertation).

De Jongh-Van Arkel, J T 1991. Ekosisteemdenke as metateorie in die praktiese teologie. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 6(1):61-75.

De Jongh-Van Arkel, J T 2000. Caring for all: Exploring the field of pastoral work. Pretoria: UNISA.

De Klerk, J J 1978. Herderkunde. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Wet P W (Hospitaalleraar by Weskoppies Hospitaal) 2004. Onderhoud gevoer met navorser. Pretoria: 3 Augustus.

Dennis N & Erdos G 1992. Families without fatherhood. London: IEA Health and Welfare Unit.

Dill, J 1996. 'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Ph.D Proefskrif).

Dill, J & Kotze, D J 1997. Verkenning van postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. Acta Theologica, 1:1-25.

Doan, R E 1998. The king is dead; long live the king: Narrative therapy and practicing what we preach. Family Process, 37(3):379-385.

Doherty, W J 1991. Family therapy goes postmodern. Networker, 37-42, September/October.

Douglas, J D 1991. The image of God in women as seen by Luther and Calvin. (In Børresen, K E, (ed.), Image of God and gender models in Judaeo-Christian tradition. Oslo: Solum.)

Duck, R C 1991. Gender and the name of God: The Trinitarian Baptismal formula. Cleveland: The Pilgrim Press.

Dugas, M J, Gagnon, F, Ladouceur, R & Freeston, M H 1998. Generalized anxiety disorder: a preliminary test of a conceptual model. Behaviour Research and Therapy, 36(2):215-225.

Du Plessis, J C 1989. Die kind se plek by God en in die kerk. (In Vos, C & Müller J (reds.), Geboorte en kindwees. Pretoria: Orion.)

Du Toit, B 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Du Toit, C 1988. Aspekte van die postmodernistiese idioom in die teologie. (Voordrag gelewer tydens die vyfde twee-jaarlikse SAVAL-hoofkongres), Umhlanga: 7-9 April.

Edelman, R J 1992. Anxiety: Theory, research and intervention in clinical and health psychology. Chichester: John Wiley & Sons.

Efran, J S, Lukens, R J & Lukens, M D 1990. Language, structure and change. New York: Norton.

Eldredge, J 2001. Wild at heart: Discovering the secret of a man's soul. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

Ellis, A 1962. Reason and emotion in psychotherapy. New York: Brunner/Mazel Publishers.

Ellis, A 1993. Fundamentals of RET for the 1990's. (In Dryden W & Hill L K (eds.), Innovations in RET. Newbury Park: Sage Publications.)

Ellis, A 1994. Reason and emotion in psychotherapy. Revised and updated. New York: Coral Publishing Group.

Ellis, A 1995. Better, deeper and more enduring brief therapy: The rational emotive behavior approach, New York: Brunner/Mazel Publishers.

Ellis, A & Grieger, R 1986. Handbook of rational emotive therapy (RET). New York: Springer Publishing Company.

Emmelkamp, P M G & Scholingh A 1994. Behavioral interpretations. (In Wolman B J & Stricker, G (eds.), Anxiety and related disorders: A handbook. New York: John Wiley & Sons.)

Eybers, I H 1978. Gods woord in mensetaal: Die ontstaan, inhoud en boodskap van die "geskrifte" in die Hebreeuse kánon. Deel III. Durban: Butterworths.

Fatum, L 1991. Image of God and glory of man: Women in the Pauline congregations. (In Børresen, K E 1991 (ed.), Image of God and gender models in Judaeo-Christian tradition. Oslo: Solum Forlag.)

Fensham, F C 1981. Die Brief aan die Hebreërs. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Ferguson, S B & Wright, D F (eds.) 1988. New dictionary of theology. Leicester: Intervasity Press.

Ferreira, A 2000. Eenmaal iets dappers: 'n Pleidooi om verandering onder Afrikaner-gelowiges. Hermanus: Pyramid Uitgewers.

Fife-Schaw, C 1995. Surveys and sampling issues. (In Breakwell G M, Hammond, S & Fife-Schaw, C, Research methods in psychology. London: Sage Publications.)

Firet, J 1977. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: J H Kok.

Fischer, W F 1988. Theories of anxiety. Second edition. Washington DC: University Press of America.

Fohrer, G 1968. Introduction to the Old Testament. Nashville: Abington.

Fourie, C J van der L 2001. Die rol van metafore in spiritualiteitsvorming. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (D.Th Proefskrif).

Freek (Gespreksgenoot van kwalitatiewe enkelgevalstudie) 2004. Onderhoude met navorser. Pretoria: Maart-April.

Freeman, A & DiTomasso, R 1994. The cognitive theory of anxiety. (In Wolman B J & Stricker, G (eds.), Anxiety and related disorders: A handbook. New York: John Wiley & Sons.)

Frey, H (ongedateerd). Gods wereldpolitiek: Verklaring van de hoofdstukken 40-55 van het boek Jesaja. Franeker: T Wever Uitgeverij.

Friedman, E H 1985. Generation to generation: Family process in church and synagogue. New York: The Guilford Press.

Friedman, J & Combs, G 1996. Narrative therapy: The social construction of preferred realities. New York: W W Norton & Company.

Friedrich, W J 1980. Die afwesige vader as etiologiese faktor by kinders met leerprobleme. Pretoria: UNISA (D.Ed Proefskrif).

Gadamer, H G 1995. On the truth of the Word. (In Schmidt, L K (ed.), The specter of relativism: Truth, dialogue and phronesis in philosophical hermeneutics. Evanston: University Press.)

Gallagher, M 1998. Father hunger. (In Daniels C R, Lost fathers. London. Macmillan.)

Geldenhuis, T (Maatskaplike werker by Jakaranda Kinderhuis) 2004. Onderhoud met navorser. Pretoria: 20 Julie.

Gergen, K J 1994. Realities and relationships: Soundings in social construction. London: Harvard University Press.

Gerkin, C V 1986. Introduction: Widening horizons by redefining the task: pastoral care and practical theology. *(*In Gerkin, C V, Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society. Philadelphia: Westminster Press.)

Gerkin, C V 1997. Crisis experience in modern life. Nashville: Abingdon Press.

Gerstenberger, E S 1997. The paternal face and the maternal mind of Yahweh. Word and World. XVII/4:365-375.

Gorsman, R M, Warshaw, M G & Keller, M B 1999. Psychological treatment prescriptions for generalized anxiety disorder, panic disorder and social phobia. The American Journal of Psychiatry, 156(11):1819-1821.

Grobler, H D 1991. Uitkomsnavorsing en gesinsterapie: Vrae en vooruitsigte. Pretoria: UNISA (MA Verhandeling).

Groenewald, E P 1977. Die pastrorale briewe. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Hagin K E, 1980. Having faith in your faith. Tulsa: Faith Library.

Halkes, C J M 1977. Feministische theologie I, II en III. (In Halkes C J M & Buddingh D (eds.), Als vrouwen aan het woord komen: Aspecten van de feministische theologie, Kampen: J H Kok.)

Handelman, S A 1982. The slayers of Moses: The re-emergency of Rubbinic interpretation in modern literary theory. Albany: State University of New York Press.

Hartwell, H 1964. The theology of Karl Barth. London: Gerald Duckworth & Company.

Heidelbergse Kategismus. (In Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Tweede uitgawe. 1988. Goodwood: NG Kerk-Uitgewers.)

Heitink, G 1977. Pastoraat als hulpverlenging: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen: J H Kok.

Held, B S 1995. Back to reality: A critique of postmodern theory in psychotherapy. New York: W W Norton & Company.

Hendricks, W L 1980. A theology for children. Nashville: Broadman Press.

Heppe, H 1950. Reformed dogmatics. Grand Rapids: Baker Book House.

Heyns, J A 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Heyns, J A 1988. Inleiding tot die dogmatiek aan die hand van die Nederlandse geloofsbelydenis. Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Heyns J A & Jonker W D 1977. Op weg met die teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, L M & Pieterse H J C 1990. A primer in practical theology. Pretoria: Gnosis.

Hill, D 1977. New Century Bible: The gospel of Matthew. London: Oliphants.

Hiltner, S 1949. Pastoral counseling. Nashville: Abingdon Press.

Hiltner, S 1958. Preface to pastoral theology: The ministry and theory of shepherding. New York: Abingdon Press.

Hopko, T 1993. God and gender: Articulating the orthodox view. St. Vladimir's Theological Quarterly, 37(2/3):141-183.

Hough, E C H 1986. Perspektiewe op die godsdienstige ontwikkeling van die kind vanaf die kleuter – tot die peurale fase. Universiteit van Stellenbosch (M.Ed. Verhandeling).

Houts, M G 1993. Language, gender and God: How traditionalists and feminists play the inclusive language. Ann Arbor: UMI Dissertation Services.

Illman, J 2004. Use your brain to beat panic & anxiety: The complete guide to understanding and tackling anxiety disorders. London: Octopus Publishing.

Jansen, J *et al.* 1994. Images of God in adolescence. The International Journal for the Psychology of Religion, 4(2):105-121.

Janse van Rensburg, J 1987. 'n Kritiese ondersoek na die moontlike gebruik van hipnose in die psigo-pastorale arbeid. Pretoria: UNISA (D.Th Proefskrif).

Janse van Rensburg, J 1996. Verbond en pastoraat: Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. Ned Geref Teologiese Tydskrif, 39(1):152-165.

Janse van Rensburg, J 1998. Regterbrein-strategieë vir pastorale terapie. Ned Geref Teologiese Tydskrif, 39(1&2): 65-77.

Janse van Rensburg, J 1999. Etiek en pastoraat in hermeneutiese konteks. Tydskrif vir Geestes-wetenskappe, 39(2):158–167.

Janse van Rensburg, J 2000. The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik.

Jasper, D 1998. Literary readings of the Bible. (In Barton, J (ed.), The Cambridge companion to Biblical interpretation. Cambridge University Press: Cambridge.)

Johnson, W B 1993. Father uninvolvement: Impact, etiology and potential solutions. Journal of Psychology and Christianity, 12(4), 301-311.

Johnstone, S 2000. Guided imagery: a strategy for improving relationships and human interaction. Australian Journal of Holistic Nursing. 7(1):36-40.

Jonker, W D 1994. Bevrydende waarheid: Die karakter van die gereformeerde belydenis. Wellington: Hugenote Uitgewers.

Jordaan, W 1996, Postmodernisme in die huwelik. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 11(2):1-15.

Josuttis, M 1980. Praxis des Evangeliums zwischen Politik und Religion: Grundprobleme der Pratischen Theologie. München: Kaiser.

Joubert, M F 1987. Sistemiese verklaring van verandering in egpaarsisteme. Johannesburg: RAU (D.Litt et Phil Proefskrif).

Kaplan, H I, Sadock, B J & Grebb, J A 1994. Synopsis of psychiatry. behavioral sciences, clinical psychiatry. Baltimore: Williams & Wilkins.

Kerr, M E 1984. Theoretical base for differentiation of self in one's family of origin. (In Munson, C (ed.), Family of origin applications in clinical supervision. New York: The Haworth Press.)

Kerr, M E & Bowen, M 1978. Family evaluation: An approach based on the Bowen theory. New York: W W Norton and Company.

Kidner, D 1973. Psalms 1-72. Leicester: Inter Varsity Press.

Klaus, L, Beniaminovitz, A & Choi, L 2000. Pilot study of guided imagery use in patients with severe heart failure. American Journal of Cardiology, 86(1):101-106.

Klink, J L 1972. Your child and religion. London: SCM Press.

Knight, G A F 1982. The Daily Study Bible: Psalms. Vol 1. Edinburgh: Saint Andrew Press.

Kogan, S M & Gale, J E 1997. Decentering therapy: Textual analysis of a narrative therapy session. Family Process, 36(2):101-123.

König, A 1975. Hier is ek: Gelowig nagedink oor God. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1978. Teologie. (In Eybers, I H, König, A & Stoop, J A (red.), Inleiding in die teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.)

Kotzé, D 1991. Van geslag tot geslag: Die geneagram en die ontwikkeling van die narratiewe pastoraat. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 32(4), 644-651.

Kotzé, D J 1992. Verantwoordelikheid as antropologiese essensie. Pretoria: Universiteit van Pretoria (DD. Proefskrif).

Kotzé, E 1995. The social construction of a family therapy training programme. Johannesurg: RAU (Thesis: D.Litt et Phil.).

Kotzé, D J & Botha, A 1994. Die fasilitering van huweliksgroei by egpare met behulp van familie-van-oorsprong-werk. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 35(5):389-399.

Kotzé, E & Kotzé D J 1997. Social construction as a postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. Acta Theologica, 1:27-50.

Kraus, H J 1978. Biblischer kommentar: Altes testament. München: Neukirchener Verlag.

Kraus, H J 1992. Theology of the Psalms. Minneapolis: Fortress Press.

Lakoff, R 1975. Language and woman's place. Grand Rapids: Harper Torch Books.

Lakoff, G & Johnson, M 1980. Methaphors we live by. Chicago: The University of Chicago Press.

Landman, C 1993. Tant Alie of the Transvaal – her concepts of God. Theologia Evangelica, XXVI(2):45-54.

Landman, C 1994. The piety of Afrikaans women. Pretoria: UNISA.

Landman, C 1996. Christian women in South African historiography: An overview. (In Landman, C (ed.), Digging up our foremothers: Stories of women in Africa. Pretoria: UNISA.)

Langeveld, M J 1966. Kind en religie. Tweede druk. Utrecht: Ervan Bijleveld.

Larner, G 1996. Narrative child family therapy. Family process, 35(4):423-433, December.

Lax, W D 1992. Postmodern thinking in a clinical practice. (In McNamee, S & Gergen, K J (eds.), Therapy as social construction. London: Sage Publications.

Lee, R S 1965. Your growing child and religion. Harmondsworth: Penguin Books.

Leeds, J 1994. Existential theories. (In Wolman B J & Stricker, G (eds.), Anxiety and related disorders: A handbook. New York: John Wiley & Sons.)

Liebgold, H 2004. Overcoming anxiety, phobias and panic. New York: Kensington Publications.

Leuner, H 1983. The position of guided affective imagery within the framework of psychotherapeutic procedures. (In Leuner, C, Horn, G & Klessman, E, Guided affective imagery in children and adolescents. New York: Plenum Press.)

Lewis, C S 1948. Priestesses in the church? (In Hooper W 1970 (ed.), God in the dock: Essays on theology and ethics. Grand Rapids: W B Eerdmans Publishing Company.)

Lòpez-Corvo, R E 1997. God is a woman. Northvale: Jason Aranson.

Louw, D A (red.) 1989. Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Louw, D J 1983. Die volwasse huwelik. Durban: Butterworth.

Louw, D J 1993. Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN Uitgewery.

Louw, D J 1996. Metaphoric theology and god images in a hermeneutics for pastoral care and counselling, Skrif en Kerk, 17(1):114-138.

Louw, D J 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D J 1997. Hoe teologies is die praktiese teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 12(2):43-63.

Louw, P L & Nida, E A 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol.1. Cape Town: Bible Society of South Africa.

MacArthur, J F *et al.* 1994. Introduction to Biblical counseling. Nashville: Word Publishing.

Malan C N (Predikant verantwoordelik vir geestelike versorging by Jakaranda Kinderhuis) 2004. Onderhoud gevoer met navorser. Pretoria: 27 Julie.

Maser, J D & Cloninger, C R (eds.) 1986. Comorbidity of mood and anxiety disorders. Washington DC: American Psychiatric Press.

Masi, G *et al.* 1999. Symptomatology and comorbidity of generalized anxiety disorder in children and adolescents. Comprehensive Psychiatry, 40(3):210-215, May-June.

May, R 1977. The meaning of anxiety. New York: W W Norton & Company.

Mays, J L 1978. Proclamation commentaries: The Old Testament: Witness for preaching - Ezekiel, Second Isaiah. Philadelphia: Fortress Press.

Mays, J L 1994. The Lord reigns. A theological handbook to the Psalms. Louisville: John Knox Press.

McClung, F 1985. God se vaderhart. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

McDowell, J 1996. The father connection. Nashville: Broadman & Holman Publishers.

McFague, S 1997. Super, natural Christians: How we should love nature. Minneapolis: Fortress Press.

McGoldrick, M 1985. Genograms in family assessment. New York: W W Norton & Company.

McLean, B A 1997. Co-constructing narratives: A postmodern approach to counselling. Dunedin: Otago (M.Ed Dissertation).

McLeod, J 2001. Qualitative research in counselling and psychotherapy. London: Sage Publications.

McMinn, M R 1996. Psychology, theology and spirituality in Christian counseling. Wheaton: Tyndale House Publishers.

Meyer-Wilmes, H 1998. Fact to face: Feminist and practical theology in discussion. (In Meyer-Wilmes, H *et al.* (eds.), Feminist perspectives in pastoral theology. Leuven: Peeters.)

Michelson, L & Ascher, L M (eds.) 1987. Anxiety and stress disorders. Cognitive-behavioral assessment and treatment. New York: The Guilford Press.

Miller, C & Swift, K 1976. Words and women. New York: Anchor Press.

Miller, G & de Shazer, S 1998. Have you heard the latest rumor about….? Solution-focused therapy as a rumor. Family Process, 37(3):363-377.

Mills, L O L 1990. Pastoral care. *(*In Hunter, R J (ed.), Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville: Abingdon Press.)

Mims medical specialities 2003, 43(2), Pinegowrie: Johnnic Publishing: February.

Morgan, A 2000. What is narrative therapy? Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Morton, N 1974. Preaching the Word. (In Hageman, A L (ed.), Sexist religion and women in the church: No more silence! New York: Association Press.)

Mott, F L 1992. The impact of father's absence from the home on subsequent cognitive development of younger children: Linkages between socio- emotional and cognitive well-being. (Paper presented at the annual meeting of the American Sociological Association), August.

Mowday, L 1990. Daughters without dads. Nashville: Oliver Nelson.

Mowery, R L 1994. The disappearance of the father: The references to God the Father in Luke-Acts, Encounter, 55(4):353-358.

Müller, B A 1981. Skrifgebruik in die pastoraat. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Müller, J 1996. Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie. Pretoria: RGN Uitgewery.

Müller, J 2002. Gesinne van binne. Bloemfontein: Barnabas

Mumford, C 1979. Young children and religion. London: Edward Arnold.

Nel, M 2003. Re-pastoring in a Dutch Reformed congregation: New meaning to old narratives. Pretoria: UNISA (M.Th Dissertation).

Neuman, W L 1997. Social research methods: Qualitative and quantitative approaches. Third edition. Boston: Allyn & Bacon.

Noakes, L & Wincup, E 2004. Criminological research: Understanding qualitative methods. London: Sage Publications.

Oates, W E 1974. What makes counseling pastoral? (In Oates, W E, Pastoral counseling. Philadelphia: Westminster Press.)

Olesen, V 1994. Feminisms and models of qualitative research. (In Denzin, N K & Lincoln Y S, Handbook of qualitative research. Thousand Oaks: Sage Publications.)

Pannenberg, W 1993. Feminine language about God? The Asbury Theological Journal, 48(2):27-29.

Patton, J 1990. Pastoral counselling. (In Hunter, R J, (ed.) Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville: Abingdon Press.)

Patton, J 1993. Pastoral care in context. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Pauw, A 1997. Die benutting van die enkelgevalstudie in Suid-Afrika. Bloemfontein: UOVS (MA Verhandeling).

Payne, M 2000. Narrative therapy: An introduction for counsellors. London: Sage Publications.

Philipi, P 1963. Christozentrische diakonie. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.

Phiri, I A 2004. African women's theologies in the new millennium. Agenda: Empowering women for gender equity, 61:16-23.

Pieterse, H J C 1991. Die wetenskapteoretiese grondslag van die praktiese teologie. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 6(1):38-51.

Pleck, J H 1997. Paternal involvement: Levels, sources and consequences. (In Lamb M E (ed.), The role of the father in child development. New York: Wiley & Sons.)

Plug, C *et al.* 1997. Verklarende en vertalende sielkunde woordeboek. Johannesburg: Heinemann.

Popenoe, D 1998. Life without father. (In Daniels C R, Lost fathers. London: Macmillan.)

Powlison, D 1994. Biblical counselling in the twentieth century. (In MacArthur, J F *et al. 1*994. Introduction to Biblical counselling. Nashville: Word Publishing.)

Rademeyer, A 2003. Meer seuns as meisies vaar sleg op skool, drink medisyne. Beeld: 26 Junie.

Rakoczy, S 2004. Religion and violence: the suffering of women. Agenda: Empowering women for gender equity, 61:29-35.

Rice, J R 1941. Sword of the Lord. Murfreesboro: Sword Publications.

Ricoeur, P 1976. Interpretation theory: Discourse and the surplus of meaning. Fort Worth: Texas Christian University Press.

Ricoeur, P 1978. The rule of methaphor: Multi-disciplinary studies of the creation of meaning in language. London: Routledge.

Ridderbos N H 1962. Korte verklaring van de Heilige Schrift: De Psalmen. Kampen: J H Kok.

Robin M W 1993. Overcoming performance anxiety using RET. (In Dryden, W & Hill L K (eds.) 1993. Innovations in RET. Newbury Park: Sage Publications.)

Rossman, G B & Rallis S F 2003: Learning in the field: An introduction to qualitative research. Second edition. London: Sage Publications.

Rossouw, H W 1980. Wetenskap, interpretasie, wysheid. Gasvoorlesing, UPE. Seminare, simposia en lesings B7.

Reuters 2005. Onwrikbaar ortodoks. Beeld: 20 April.

Ruether, R R 2003. Reader's companion to US women's history: Feminist theology. (Available on the Internet) http://college.hmco.com (Date of access: 3 April 2004).

Russel, L M 1976. The liberating Word: A guide to nonsexist interpretation of the Bible. Philadelphia: The Westminster Press.

Russel, S & Carey, M 2003. Feminism, therapy and narrative ideas: Exploring some not so commonly asked questions. International Journal of Narrative Therapy and Community Work, 2:1-33.

Sapa-DPA 2003. Slaaptyd-stories kan vir grade sorg. Beeld: 8 Februarie.

Sarles, K L 1994. The English Puritans: A paradigm for Biblical counselling. (In MacArthur, J F *et al.* 1996. Introduction to Biblical counselling. Nashville: Word Publishing.)

Sawyer, D F 2002. God, gender and the Bible. London: Routledge.

Schoen L 1990. Anthropomorphic concepts of God. Religious Studies, 26:123-139.

Shawver, L 2000. So, what is postmodernism and what does it have to do with therapy? *New* Therapist, 6:7-9, March/April.

Shulman, S & Syffge-Krenke, I 1997. Fathers and adolescents: Developmental and clinical perspectives. London: Routledge.

Siegelman, E Y 1990. Metaphor and meaning in psychotherapy. New York: The Guilford Press.

Simonton, O C & Henson, R M 1992. The healing journey. New York: Bantam Books.

Smith, G J W & Danielsson, A 1982. Anxiety and defensive strategies in childhood and adolescence. New York: International University Press.

Smith, J W D 1936. Psychology and religion in early childhood. London: Christian Movement Press.

Snyman, S H 1998. Deconstructing a multi-verse of psychotherapy: A text seen through Western and African lenses. Pretoria: University of Pretoria (D.Phil Thesis).

Soskice, J M 1985. Metaphor and religious language. Oxford: Clarendon Press.

Stafford, T 1989. Abba isn't daddy, Journal of Theological Studies, 39(1):29-47.

Starcevic, V G, Bogojevic, G 1999. The concept of generalized anxiety disorder: Between the too narrow and too wide diagnostic criteria. Psychopathology, 32(1):5-11.

Stears, L 1990. Contemporary fatherhood and early childhood educare: A sociological perspective. Nou-Blad Natalse Onderwysersunie, 21(2):1-14.

Stibbs, A M & Walls A F 1979. Tyndale New Testament commentaries: 1 Peter. Leicester: Inter Varsity Press.

Stolt, B 1996. Martin Luther on God as a Father. Lutheran Quarterly, 8:385-395.

Stoop, D 2004. Making peace with your father. Ventura: Regal Books.

Stucky-Abbot, L 1993. The impact of male imagery on female identity meaning. The Journal of Pastoral Care, 47(3):240-251.

Sue, D, Sue D & Sue, S 1994. Understanding abnormal behavior. Boston: Houghton Mifflin Company.

Suinn, R M 1994. Generalized anxiety disorder. (In Turner, S M (ed.), Behavioral theories and treatment of anxiety. New York: Plenum Press.)

Tennis, D 1985. Is God the only reliable father? Philadelphia: The Westminster Press.

Terburgh, E I 1997. The significance and therapeutic application of metaphor. Pretoria: UNISA Uitgewery.

The Columbia Electronic Encyclopedia 2000. Feminism: History. Columbia University Press. (Available on the Internet) http://infoplease.com (Date of access: 2 April 2004).

Thurneysen, E 1957. Die Lehre von der Seelsorge. Zürich: Theologischer Verlag.

Townsend, M H 1999. Compulsive behavior in generalized anxiety disorder and obsessive-compulsive disorder. Journal of Nervous and Mental Disease, 187(11):697-699.

Tracey, S A, Charpita, B F, Douban, J & Barlow, D H 1997. Empirical evaluation of DSM-IV generalized anxiety disorder criteria in children and adolescents. Journal of Clinical Child Psychology, 26(4):404-414.

Tyrer, P 1999. Anxiety: A multidisciplinary review. London: World Scientific.

Urmson, J O (ed.) 1976. The concise encyclopedia of Western philosophy and philosophers. Johannesburg: Hutchinson Group.

Van Aarde, A G 2005. Interdissiplinêre module OTW 451: Teologiese Hermeneutiek. Ongepubliseerde studiegids. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Ven, S A 1988. Practical theology: From applies empirical theology. Journal of Empirical Theology, 1(1):7-77.

Van der Walt, J L 1997. Postmodernisme en onderwys vir kulturele pluralisme, Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 37(1):13-22.

Van der Watt, D 1993. Constructions of constructivism. Pretoria: UNISA. (MA Dissertation).

Van Dijk, M P 1971. Angst en moed: Een pastorale handreiking. Franeker: Uitgeverij T Wefer.

Van Jaarsveld, F J 2001. Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstrukteoretiese benadering. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Ph.D Proefskrif).

Van Niekerk, A 1998. Postmodernisme en NG sending in die nuwe Suid-Afrika, Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 39(4):367-378.

Van Niekerk, P A L 1978. Vergelykende studie na die uitwerking van afwesigheid van die vader deur egskeiding of sterfte op die skolastiese prestasie en persoonlikheid van die jong adolescent. Pretoria: UNISA (MA Verhandeling).

Van Uchelen, N A 1986. De prediking van her Oude Testament: Psalmen. Deel 1. Nijkerk: Callenbach.

Van Zyl, A H 1975. Gods woord in mensetaal: Die ontstaan en boodskap van die eerste vyf boeke van die Bybel. Deel 1. Durban: Butterworths.

Verity, C 2004. Women reclaiming their spiritual spaces. Agenda: Empowering women for gender equity, 61:42-52.

Visser, A M 1988. Skeidingsprobleme by seuns van wie die vader tydelik afwesig is. Pretoria: Universiteit van Pretoria (MA Verhandeling).

Walin S *et al.* 1977. Clinical guide to behaviour therapy. Baltimore: Williams & Wilkins Company.

Walker, M 1989. The Challenge of feminism to the Christian concept of God. Journal of Theology for Southern Africa, 66:5-19.

Walsh, F (ed.) 1993. Normal family process. New York: The Guilford Press.

Warren, R & Zgourides, G D 1991. Anxiety disorders: A rational emotive perspective. New York: Pergamon Press.

Watson, J 2000. Biblical counseling for today: A handbook for those who counsel from Scripture. Nashville: Word Publishing.

Weiser, A 1962. The Psalms: A commentary. London: SCM Press.

Wells, A & Carter, C 1999. Preliminary tests of a cognitive model of generalized anxiety disorder. Behaviour Research and Therapy, 37(6):585-594.

Westerman, C 1969. Isaiah 40-66: A commentary. London: SCM Press.

White, M 1988. The process of questioning: A therapy of literacy merit? Dulwich Centre Newsletter, 37-46, Winter.

White, M 1995. Reauthoring lives. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, C & Denborough D 1998. Introducing narrative therapy. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M & Epston, D 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York: W W Norton & Company.

Whitelam, K W 1998. The social world of the Bible. (In Barton, S (ed.), The Cambridge companion to Biblical interpretation. Cambridge University Press: Cambridge.)

Wiener, N 1969. Cybernetics. (In Collier's Encyclopedia, USA: Crowel-Collier Educational Corporation, 7:598.)

Wilson, S L 1995. Single case experimental designs. (In Breakwell G M, Hammond, S & Fife-Schaw,C (eds.), Research methods in psychology. London: Sage Publications.)

Wise, C A 1989. The meaning of pastoral care. Revised edition. Bloomington: Meyer-Stone Books.

Wolfaardt, J A 1978. Praktiese teologie. (In Eybers, I H, König, A & Stoop, J A (reds.), Inleiding in die teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.)

Woodman, C L, Noyes, R, Black, D W, Schlosser, S & Yagla S J 1999. A 5-year follow up study of generalized anxiety disorder and panic disorder. Journal of Nervous and Mental Disease, 187(1):3-9.

Wootton, J H 2000. Introducing a practical feminist theology of worship. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Wright, L M, Watson, W L & Bell, J M 1986. Beliefs: The heart of healing in families and illness. New York: Basic Books.

Yegidis B L & Weinbach R W 2002. Methods for social workers. Fourth edition. Boston: Allyn & Bacon.

Zimmerly, W 1978. Old Testament theology in outline. Edinburgh: T & T Clark.

Zimmerman, J L & Dickernson, V C 1996. If problems talked: Narrative therapy in action. New York: The Guilford Press.

TITEL: PASTORALE TERAPIE VANUIT DIE VADERMETAFOOR AAN KLIëNTE MET VERALGEMEENDE ANGSVERSTEURING

deur

ANTON JORDAAN

Promotor: Prof Dr J. Janse van Rensburg

FAKULTEIT: TEOLOGIE

Departement: Praktiese Teologie

Graad waarvoor proefskrif ingedien is:

Ph D in Pastorale Terapie

Veralgemeende angsversteuring en aanverwante ersteurings het 'n hoë voorkomssyfer in die gemeenskap. Terwyl daar vanuit die gedragswetenskappe heelwat navorsing oor die genoemde versteurings gedoen is, is daar 'n behoefte aan 'n verantwoordbare pastoraal-terapeutiese benadering tot terapie aan individue wat daarmee saamleef. Alhoewel psigo- en farmakoterapie nie oor die hoof gesien kan word nie, kan daar vanuit die pastorale terapie, wat die religieuse aspekte van die leefwêreld van die individu verreken, 'n bydrae tot die behandeling van veralgemeende angsversteuring gemaak word. In hierdie navorsingstuk word daar veral ondersoek ingestel na die verband tussen die vader- en Godsbeeld van die individu en die invloed wat dit op die ontwikkeling van veralgemeende angsversteuring het. Deur 'n narratiewe herskrywing van die individue se vader- en Godskonsepte word gunstige dividende verkry om die versteuring aan te spreek.

In hoofstuk 1 word die vakgebied van die praktiese teologie verken. Daar word aan epistemologiese kwessies en die keuse van 'n paradigma aandag gegee en gevolglik 'n keuse vir 'n deduktiewe teologiese epistemologie binne 'n Gereformeerde teologiese paradigma uitgeoefen. Daar word verder 'n keuse vir 'n diakoniologiese benadering tot die vakgebied gemaak en 'n diakoniologies- integrerende ontmoetingsmodel vir pastorale terapie ter ondersoek voorgehou.

Opsomming

Die tweede hoofstuk behels 'n oorsig oor die terrein van angsversteurings ten einde 'n geheelbeeld van die etiologiese en simptomatologiese aspekte daarvan te bekom. Hierdie psigopatologiese verwysingsraamwerk impliseer egter nie 'n modernistiese benadering tot terapie nie maar het ten doel om die benoeming van verskeie vorme van angsbelewenis te vergemaklik. In hoofstuk 3 word die verkenning voortgesit met besondere aandag aan veralgemeende angsversteuring. Die feit dat hierdie versteuring langdurig is en bekende vorme van terapie nie blywende effek het nie, is betekenisvol vir die pastoraal-terapeutiese benadering daartoe.

Aangesien die verband tussen vader- en Godsbeeld 'n sentrale tema in hierdie navorsingstuk is, word daar in hoofstuk 4 vanuit teologiese perspektief aandag aan die vadermetafoor gegee. Die benoeming van God as Vader is eie aan die Skrif en is betekenisvol vir die godsbelewing van die individu. In hoofstuk 5 word feministiese kommentaar op manlike taal oor God onder oë geneem en, hoewel die gebruik van vroulike of geslagsneutrale terme vir God nie ondersteun word nie, word daar van belangrike korrektiewe op tradisionele spreekwyses oor God kennis geneem. Hierdie kennisname noop die pastorale terapeut tot inhoudelike noukeurigheid by die aanwending van die vadermetafoor. Die teologiese ondersoek word in hoofstuk 6 gekonkludeer met oorwegings aangaande Skrifgebruik in die pastorale terapie sowel as die geloofsimperatief wat die individu ook tydens angsbelewenis tot vertroue aanspoor.

In hoofstuk 7 word vader- en Godsbeeld met die simptomatologie van veralgemeende angsversteuring in verband gebring. Gevoelens van eksistensiële insekuriteit, wat tot 'n sekuriteitsgebrek by die individu aanleiding gee, word enersyds met 'n negatiewe vaderbeeld, wat distorsie van die Godsbeeld tot gevolg het, geassosieer. Die sekuriteitsgebrek vervul dan die rol van 'n oorsaaklike faktor by veralgemeende angsversteuring.

Die ontwikkeling van 'n verantwoordbare terapeutiese model word in hoofstuk 8 behandel en metodologies begrond. Die diakoniologiese aard van die model is te wyte aan die keuse vir 'n deduktiewe epistemologie terwyl die integrerende aard daarvan die moontlikheid skep om insigte vanuit ander

dissiplines sowel as die aanwending daarvan in ‘n narratiewe werkswyse moontlik maak. In hoofstuk 9 word die praktiese toepassing van sodanige diakoniologies-integrerende ontmoetingsmodel aan die hand van ‘n narratiewe proses in die konteks van ‘n kwalitatiewe enkelgevalstudie ondersoek.

Die bevinding in hoofstuk 10 toon dat die navorsingshipotese, dat die vader- en Godsbeeld van ‘n individu in oorsaaklike verband tot die ontwikkeling van veralgemeende angsversteuring kan staan, verantwoordbaar is en dat die heling van eersgenoemde konsepte narratief gefasiliteer kan word wat ‘n bydrae lewer tot terapie aan individue met hierdie versteuring.

TITLE: PASTORAL THERAPY USING THE FATHER METAPHOR FOR CLIENTS WITH GENERALIZED ANXIETY DISORDER

by

ANTON JORDAAN

Promoter: Prof Dr. J Janse van Rensburg

FACULTY: THEOLOGY

Department: Practical Theology

Degree the thesis is submitted for:

PH D in Pastoral Therapy

Generalized Anxiety Disorder and related disorders frequently occur in the community. While the behavioural sciences have done much research on this, a justifiable pastoral therapeutic approach to a therapy for the individual who suffers from it, is needed. While psycho- and pharmacotherapy cannot be ignored, pastoral therapy - which takes into consideration the religious aspects of the individual's world - can make a contribution to the treatment of the disorder. In this study the correlation between the individual's father image and her/his image of God, as well as its influence on the development of Generalized Anxiety Disorder is researched. Favourable dividends to address the disorder are found through narrative rewriting of the individual's father and God concepts.

In chapter 1 the subject area of practical theology is explored. Attention is given to epistemological matters and the selection of a paradigm, resulting in the selection of a deductive theological epistemology within the reformed theological paradigm. Furthermore a diaconiological approach to the subject area is chosen and a diaconiological integrating encounter model is submitted for research.

The second chapter comprises a summary of the field of anxiety disorders in order to obtain a complete view of the etiological and symptomatological aspects thereof. This psychopathological frame of reference however does not imply a modernistic approach to therapy, but aims to simplify naming various forms of anxiety disorders. In chapter 3 the research continues with specific attention to Generalized Anxiety Disorder. That the disorder is long-term and that known forms of therapy have limited effect is meaningful for a pastoral therapeutic approach.

As the correlation between the father and God image is a central theme in this study, the father metaphor is explored from a theological perspective in chapter 4. Naming God as Father is inherent to Scripture and is meaningful for the way the individual experiences God. In Chapter 5 feministic commentary on masculine language concerning God is considered, and although feminine or gender neutral terminology for God is not supported, cognizance is taken of important correctives for traditional phrases of speech concerning God. This awareness sensitizes the pastoral therapist to accuracy concerning content in the application of the father metaphor. The theological research is concluded in chapter 6 with considerations regarding the use of Scripture in pastoral therapy as well as the faith imperative that encourages the individual to trust despite of anxiety.

In chapter 7 the coherence between father- and God images and the symptomatology of Generalized Anxiety Disorder is explored. A negative father image, which leads to a distortion of the individual's image of God, results in existential insecurity, which causes a lack of security within the individual. This deprivation of security is identified as a causal factor for Generalized Anxiety disorder.

The development of a therapeutic model is discussed and methodology justified in chapter 8. The selection of a deductive epistemology results in the diaconiological nature of the model while it's integrating nature makes the use of insights from other disciplines, as well as their application in a narrative *modus operandi*. In chapter 9 the practical application of the diaconiological integrating encounter model is researched using a narrative process in the context of a qualitative single case study.

The conclusion in chapter 10 shows that the research hypothesis namely that the father- and God images of an individual can be a causal factor in the development of

generalized anxiety disorder, is justified and that the healing of these concepts can be facilitated through narrative therapy, thus presenting a contribution to the therapy of individuals with this disorder.

KEY WORDS:

Theology
Diaconiology
Generalized Anxiety Disorder
Pastoral therapy
Father image
Concepts of God
Encounter model
Narrative therapy
Security deprivation
Use of Scripture